**‘n Kritiese ondersoek na *societas*, natuurreg en menseregte in die post-Thomistiese regsleer van Antonio Rosmini (1797-1855).**

**Nico Patrick Swartz**

**‘n Kritiese ondersoek na *societas*, natuurreg en menseregte in die post-Thomistiese regsleer van Antonio Rosmini (1797-1855).**

**Hierdie proefskrif is deur Nico Patrick Swartz voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad LL.D., in die Fakulteit Regsgeleerdheid, aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 2007.**

**Promotor en studieleier:** **Prof. A.W.G. Raath**
**Departement: Staatsreg en Regsfilosofie**
**Universiteit van die Vrystaat**
**Bloemfontein**

*AD MAJOREM DEI GLORIAM*

**TO THE GREATER GLORY OF GOD**

**TER WILLE VAN DIE GROTER HEERLIKHEID VAN GOD**

**Voorwoord**

**By die indiening van hierdie proefskrif is dit ‘n behoefte van die hart om my dank te betuig aan my studieleier en promotor, prof. A.W.G. Raath, vir die geduldige en toegewyde prinsipiële leiding, wat die studieveld wat ek moes dek, toeganklik en verrykend gemaak het.**

**Besondere dank gaan aan die volgende persone in die Regsfakulteit, Departement: Staatsreg en Regsfilosofie, wat hierdie proefskrif moontlik gemaak het: prof. J.L. Pretorius, prof. C. Ngwena, mnr. Shaun de Freitas, mnr. Christopher Mokhitli, me. Sharné van Rensburg en me. Sonnet Visser.**

**Baie dankie aan die dekaan van die Regsfakulteit, prof. J. Henning, me. Ina Malan, vir hulle belangstelling en onderskraging. Ek spreek ook my waardering uit teenoor prof. L.S. Venter van ERAS/UDRAW vir sy uitstekende bydrae ten opsigte van die vorming van my skryfstyl. Baie dankie ook aan dr. Manie Wolvaardt vir sy uitstekende bydrae ten opsigte van die proeflees en taalversorging van dié proefskrif.**

**Spesiale dank ook aan my vriende, Jacobus Van Staden[1], prof. Boelie Wessels, prof. D. Lubbe, prof. D. Britz, mnr. C. Steyn, mnr. F. Esterhuysen en me. D. Jonkers vir julle morele ondersteuning en aanmoediging.**

**Die U.V. Biblioteek-personeel se toegewyde diens was onontbeerlik. Dankie aan me. E. Pretorius, me. J. Hall, me. R. Pelser, mnr. Refentse Ramatong, me. Hesma van Tonder, me. Mariechen Jansen, me. Zenovia Welman, mnr. Keaobaka Mokae en mnr. Daniel McKennon.**

**Prof. L. Cilliers, dr. J. Cilliers en dr. D. Coetzee het my besonder ondersteun en aangemoedig.**

[1] Oorlede.

**Hiermee onderwerp ek ook al hierdie beskouinge aan die oordeel van die Rooms-Katolieke Kerk, wat hierdie studie help moontlik maak het.**

**Bowenal betuig ek my innige afhanklikheid aan God, die Allerhoogste, vir Sy genade om die Skrifgeloof te kan indra in my wetenskaplike arbeid.**

**Aan my ma en ouma, broers en susters en al die lede van die Swartz-gesin: ek dra hierdie werk aan julle op, met die bede dat die Katolieke waarhede, wat op 'n dieper dimensie as die rede geleë is, deur God se genade ook julle deel sal wees.**

## Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| | Inhoudsopgawe | i-vii |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Die lewe en werk van Antonio Rosmini | 3 |
| 1.2.1 | Die betrokkenheid van Rosmini in aangeleenthede betreffende die verhouding tussen kerk en staat | 3 |
| 1.2.2 | Die invloed wat Rosmini op sy volgelinge gehad het | 7 |
| 1.2.3 | Die belang van Rosmini se teologiese werke | 21 |
| 2. | Antonio Rosmini se Sosiale Filosofie | 37 |
| 2.1 | Inleidende opmerkings oor Rosmini se teorie oor die mens in die werklikheid | 37 |
| 2.2 | Rosmini oor die kosmologiese grondslae van die werklikheid | 40 |
| 2.3 | Rosmini se ontologiese grondslae | 43 |
| 2.4 | Natuurlike teologie | 45 |
| 2.5 | Rosmini oor die grondslae van die kenteorie | 51 |
| 2.5.1 | Objektiwiteit | 52 |
| 2.5.2 | Rosmini oor die kennis van die werklikheid | 54 |
| 2.6 | Rosmini se grondslae oor die antropologie | 59 |
| 2.6.1 | Antropologie as basis van morele handelinge | 63 |

| | | |
|---|---|---|
| **2.6.2** | **Antropologie as basis vir die etiek** | **66** |
| **2.7** | **Morele wette** | **68** |
| **2.8** | **Rosmini se samelewingsleer** | **70** |
| | | |
| **3.** | **Antonio Rosmini se Politieke Filosofie** | **75** |
| **3.1** | **Die oorsprong van die burgerlike *societas*** | **75** |
| **3.2** | **Politieke regeergesag en die wese van die burgerlike *societas*** | **77** |
| **3.3** | **Ideale burgerlike *societas*** | **80** |
| **3.4** | **Onreg en die burgerlike *societas*** | **82** |
| **3.5** | **Onreg deur persone wat oor burgerlike gesag beskik** | **83** |
| **3.6** | **Burgerlike gesag** | **84** |
| **3.7** | **Regte wat lei tot hervorming van die burgerlike *societas*** | **85** |
| **3.8** | **Hervorming van die burgerlike *societas*** | **89** |
| | | |
| **4.** | **Antonio Rosmini se Regsfilosofiese Grondslae** | **94** |
| **4.1** | **Die belang van geregtigheid en die regsfilosofie** | **94** |
| **4.2** | **Die onderskeid tussen regsfilosofie en ander wetenskappe** | **95** |
| **4.3** | **Die geskiedenis van die wetenskap van natuurlike regte** | **97** |
| **4.4** | **Die verdeling van natuurlike regte** | **98** |
| **4.5** | **Hulpmiddels by ’n studie van die regsfilosofie** | **99** |

5. Antonio Rosmini oor Geregtigheid, aard en implikasies van die Reg en Menseregte 103
5.1 Geregtigheid 103
5.2 Die aard en implikasie van die reg 106
5.2.1 Die natuurreg 106
5.2.2 Die positiewe reg 108
5.3 Die positiefregtelike verhouding tussen reg en plig 108
5.4 Die rol van regsplig 111
5.5 Menseregte 113

6. Individuele Regte 120
6.1 Natuurlike regte 120
6.1.1 Die aard en rol van natuurlike regte 121
6.1.1(a) Die sensistiese stelsel 121
6.1.1(b) Die ideologiese stelsel 122
6.2 Natuurlike regte, eiendomsreg en vryheid 123
6.2.1 Die beperking van natuurlike regte 126
6.2.2 Die aantasting van natuurlike regte 128
6.2.3 Aantasting van die vryheid van die mens 129
6.2.4 Aantasting van eiendomsreg as natuurlike reg 130
6.2.5 Die beskerming van natuurlike regte 132
6.3 Verkreë regte 135
6.3.1 Verkreë vryheid 136
6.3.2 Eiendomsreg 138

| | | |
|---|---|---|
| 6.4 | Die oordrag van regte | 141 |
| 6.4.1 | *Occupatio* | 141 |
| 6.4.2 | Kontrak | 144 |
| 6.5 | Aanpassings van regte | 148 |
| 6.5.1 | Die onskendbaarheid van regte | 148 |
| 6.6 | Die reg op beskerming | 160 |
| 6.6.1 | Beperking op die reg op beskerming | 164 |
| 6.7 | Die reg op bevrediging van behoeftes | 166 |
| 6.7.1 | Die reg op vergelding | 167 |
| 6.7.2 | Verskillende wyses van bevrediging van behoeftes | 167 |
| 7. | Sosiale Regte | 170 |
| 7.1 | Die begrip "samelewing" | 170 |
| 7.2 | Kategorieë van samelewings | 170 |
| 7.2.1 | Die kerklike *societas* | 171 |
| 7.2.2 | Die huislike *societas* | 172 |
| 7.2.3 | Die burgerlike *societas* | 174 |
| 7.3 | Die oorsprong van samelewings | 176 |
| 7.4 | Die belangrike aspekte van universele sosiale regte | 183 |
| 7.5 | Politieke en administratiewe regte | 185 |
| 7.5.1 | Die reg om te regeer | 185 |
| 7.5.2 | Die reg om te regeer wat op elke lid afsonderlik dui | 188 |
| 7.5.3 | Daardie deel van die administrasie wat op die meerderheid dui | 190 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.5.4 | Daardie deel van die administrasie wat op alle lede dui | 191 |
| 7.6 | Pligte van regeerders | 195 |
| 7.7 | Pligte van amptenare | 197 |
| 7.8 | Kommunale regte | 203 |
| 7.8.1 | Reg tot vryheid van assosiasie | 205 |
| 7.8.2 | Sosiale eiendomsreg | 207 |
| 7.9 | Regte in die gesin | 212 |
| 7.9.1 | Regte en pligte van gades | 212 |
| 7.9.2 | Gemeenskaplike regte en verpligtinge | 214 |
| 7.9.3 | Onderskeidende regte en verpligtinge | 218 |
| 7.9.4 | Aantasting van regte en vepligtinge | 221 |
| 7.9.5 | Die beginsel van absolute gelykheid in die gesin | 222 |
| 7.9.6 | Die reg om beskerming van die vrou | 223 |
| 7.10 | Die huweliksgemeenskap | 224 |
| 7.10.1 | Die regte en verpligtinge van die *patria potestas* | 224 |
| 7.10.2 | Die juridies-burgerlike verhouding | |
| | tussen ouers en kinders | 227 |
| 7.11 | *Regte in die kerk* | 228 |
| 7.12 | *Regte van die kerk* | 229 |
| 7.12.1 | Die kerk se reg tot bestaan | 229 |
| 7.12.2 | Die kerk se reg tot erkenning | 229 |
| 7.12.3 | Die kerk se reg tot vryheid | 230 |
| 7.12.4 | Die kerk se reg tot verkondiging | 230 |
| 7.12.5 | Die kerk se reg om eiendom te besit | 231 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.13 | Die regte van die mens relatief tot die kerk | 231 |
| 7.14 | Regte van die kerk relatief tot sy lede | 232 |
| 7.15 | Sanksies | 232 |
| 7.16 | Verkreë regte van die kerk | 233 |
| 7.17 | Regte in die burgerlike *societas* | 234 |
| 7.17.1 | Die wese an aard van die burgerlike *societas* | 234 |
| 7.17.2 | Die modaliteit van die reg | 236 |
| 7.17.3 | Omskrywing van die burgerlike *societas* | 237 |
| 7.17.4 | Die oorsprong van die burgerlike *societas* | 238 |
| 7.17.5 | Die reg van regeergesag | 239 |
| 7.17.6 | Eerste verkryging van gesag | 240 |
| 7.17.7 | Eiendomsreg as regeergesag | 240 |
| 7.17.8 | Aanspraak op vaderskap | 241 |
| 7.17.9 | Heerskappy | 243 |
| 8. | Toepassing | 246 |
| 8.1 | Rosmini se bydrae tot die samelewing en samelewingstrukture | 246 |
| 8.2 | Rosmini se bydrae aangaande die natuurreg | 274 |
| 8.3 | Rosmini se bydrae aangaande menseregte | 310 |
| 9. | Bibliografie | 350 |
| | Opsomming: 'n Kritiese ondersoek na *societas*, | |

**natuurreg en menseregte in die post-Thomistiese regsleer van Antonio Rosmini (1797-1855) 360**

**Summary: A critical investigation of *societas*, natural law and human rights in the post-Thomistic jurisprudence of Antonio Rosmini (1797-1855) 363**

**Key terms 366**

## 1. Hoofstuk 1

### 1.1 Inleiding

Met betrekking tot die natuurreg handhaaf Antonio Rosmini primêr 'n Thomistiese siening van die verhouding tussen die filosofie en die teologie. Hy was derhalwe daarvan oortuig dat die filosofie nie sonder bystand van die teologie kan funksioneer nie. Hy verklaar analogies met Thomas Aquinas: "... religion does not destroy but perfects nature; divine revelation does not cancel but completes and ennobles reason..."[2]

In sy ondersoek na die aard van die Christelike samelewing, die aard van die mens en die rol van die natuurreg en aangeleenthede wesenlik tot die teologie, meen hy dat dit nie in isolasie tot die filosofie bestudeer moet word nie. Rosmini se oogmerk en metode in sy teologiese en filosofiese werke berus op sy uitgangspunt dat hy wanopvattings wou teenwerk en die wysbegeerte nou wou beoefen sodat dit as grondslag vir die terrein van kennis kan dien.[3] Hy stel dit dus dat die teologie en die filosofie op mekaar aangewese is. Vanuit hierdie vertrekpunt benader Rosmini die idee van die syn as grondslag van sy menseregte-leer. Hiervolgens wil hy die basis vir 'n Christelike menseregte-leer vestig, deur raaklyne te smee tussen die Thomistiese *analogia entis* en partisipasie-leer met sy kenteorie en synsleer. Met betrekking tot die syn aanvaar Rosmini dat die mens deel (partisipeer) het aan die goddelike eienskappe. Op grond hiervan meen hy dat die individu nooit tot die status van blote middel gereduseer mag word nie. Om hierdie rede is 'n

---

2 Rosmini 2004: 36.
Sien D'Entréves 1965: xiii.

3 Parallelle lesing Rosmini 2004: 23, 43, 47, 78, 131.

**deeglike kennis oor regte en verpligtinge van die mens van deurslaggewende belang vir 'n studie van menseregte. So 'n studie moet egter aan die hand van die onderskeie sosiale gemeenskappe in die samelewing gedoen word. Rosmini se siening oor die mens se regte en verpligtinge is tot 'n groot mate van sy siening oor die aard van die burgerlike (politieke) *societas* afhanklik. Rosmini identifiseer drie verskillende sosiale gemeenskappe in die samelewing, naamlik die burgerlike (politieke) *societas*, die huislike *societas* en die kerklike *societas*.**

**Die vraag in hierdie proefskrif is om te probeer bepaal om welke redes Rosmini in staat was om 'n Christelike bydrae met betrekking tot die menslike samelewing te lewer.**

**Wat sy lewe betref, word daar aandag aan Rosmini se posisie binne die burgerlike *societas*, huislike *societas* en kerklike *societas* gegee, asook aan belangrike ooreenstemmende en diverse meningsvormings, wat 'n invloed oor sy denke gevorm het. Die teologiese, sosiale, politieke en juridiese grondslae van sy menseregte-leer gaan agtereenvolgens behandel word.**

## 1.2 Die lewe en werk van Antonio Rosmini

### 1.2.1 Die betrokkenheid van Rosmini in aangeleenthede betreffende die verhouding tussen kerk en staat

Antonio Rosmini is in 1797 in Rovereto gebore, 'n Italiaanse dorpie wat destyds deel van die Oostelike Hongaarse Ryk uitgemaak het. Die Rosmini-gesin het 'n gegoede lewenstyl gehandhaaf, vanweë hul betrokkenheid in die vervaardiging van sy.[4] Sy vader was Baron Pier Modesto Rosmini-Serbati, lid van 'n baie ou en vermoënde adellike familie. Sy moeder

[4] Davidson 1882: xxvii-xxviii.

**was Gravin Giovanne dei Formenti. Sy was afkomstig van Riva, aan die meer van Garda. Hulle was gekultiveerde, vrygewige en vrome mense, wat ywerig die belange van die kerk bevorder het. Hulle het vier kinders gehad: Margherita (wat 'n non geword het), Antonio, Guiseppe en Felice, die jongste, wat op vroeë ouderdom oorlede is.[5]**

**Rosmini voltooi sy tersiêre opleiding in die teologie aan die Universiteit van Padua en word in 1821 as priester gewy. Met sy besondere skryfaanleg het hy op aanmoediging van sy kollegas eerder teologiese boeke geskryf, as om sy verpligtinge as priester na te kom.[6] Deur sy publikasies het hy groot indruk in geestelike geledere, sowel as in filosofiese kringe gemaak. Sy aansien in kerklike kringe het dermate gestyg, dat Pius IX oorweeg het om hom tot kardinaal te verhef.[7]**

**Op daardie tydstip het die Piedmontse rewolusie, om redes wat nie in die literatuur verstrek word nie, dit egter onmoontlik gemaak dat Rosmini tot kardinaal verhef word.[8] Rosmini het, op versoek van Pius IX, hom na Gaeta vergesel, waar die pous in vrywillige ballingskap gaan leef het. Pius IX wou nie dat kerklike eiendom onder die toesig van die staat kom nie en hy het die nominasies van geestelikes deur die staat verwerp.[9] Ten einde samewerking tussen die kerklike en staatlike owerheid te bewerkstellig, is Rosmini deur die Piedmontse**

---

5 Davidson 1882: xxvii.

6 Leetham 1982: 125. Kardinaal Morozzo het Rosmini gemaan om nie sy aandag aan ander take te bestee nie, maar eerder moet besin oor wat Pius VIII aan hom (Rosmini) gesê het. Die Vikaar-generaal, Monseigneur Scavini, het die woorde van Pius VIII aan Rosmini soos volg aangehaal: "… that he should not undertake that part of the ministry, but that he should attend to the more important work of study and writing books for the benefit of religion and good morals."

7 Rosmini 1861: 125. Die voorneme van Pius IX is in die wiele gery deur sy selfopgelegde ballingskap na Gaeta. Pius IX sou later deur ander ongunstige invloede beweeg word om 'n ondersoek na Rosmini se werke te loods. Rosmini se bevordering tot die kardinalaat sou sodoende opgeskort word.

8 Sien Leetham 1982: xviii.

9 Sien Leetham 1982: 363.

**regering versoek om ‘n ooreenkoms tussen dié regering en die pous te inisieer. Die Piedmontse regering wou ‘n konfederasie van Italiaanse stadjies bewerkstellig, met die huis van Savoy as hoogste gesag.[10] Dié verbintenis sou voorrang oor die koninkryk van Italiaanse stede hê. Nadat Rosmini egter nie daarin kon slaag om sodanige verbintenis te kon inisieer nie, weens die Piedmontse regering se weiering om die pous as ere- president te aanvaar en ook weens dié regering se anti-geestelike houding, het die Piedmontse regering daarna wetgewing gepromulgeer met die doel om die kerk te onderdruk.[11] Met die onafhanklikwording van Italië van die Oostenrykse dominasie en die daaropvolgende opkoms van die Piedmontse regering het Rosmini gevrees vir die eensydige verwerping van ooreenkomste wat dié regering met die kerk gesluit het.[12]**

**Weens die impak van die Oostenrykse oorwinning in Italië en vanweë Pius IX se liberale hervormings, het Rosmini se invloed geleidelik getaan.[13]**

---

10 Rosmini 1861: 125. Rosmini was ten gunste van ‘n federasie van Italiaanse stede soos blyk uit sy werk, *La Costituzione secondo la Guistizia Sociale*, ‘n klein politieke traktaat wat hy in 1848 geskryf het.

11 Leetham 1982: 373-4.
Soos blyk uit sy mededeling in *Della missione a Roma… negli anni* 1848-49, 1881.
Rosmini 1998: i-clxxxiii.
Davidson 1882: xxvii.
Die weiering van die pous om aan die oorlog tussen Piedmont en Oostenryk deel te neem, kan ook een van die redes wees waarom die Piedmontse regering ‘n anti-kerklike houding ingeneem het. Rosmini, wat aanvanklik ten gunste van ‘n Italiaanse konfederasie was, het sekere gevare voorspel indien Piedmont die leiding sou neem. Hy het voorspel dat die Piedmontse regering die vryheid van die kerk sou onderdruk. So het dit ook gebeur. Rosmini is gevolglik nie toegelaat om sy werke te publiseer sonder die toestemming van die Piedmontse regering nie.

12 Leetham 1982: 127.

13 Leetham 1982: 372. Koning Charles Albert is deur die Oostenrykse regering verslaan en ‘n wapenstilstand is op 9 Augustus 1848 onderteken. Die Piedmontse regering het nie politieke of militêre sukses behaal nie. Hierdie mislukking is aan die koning en sy generaals toegeskryf. Die oorlog is dus nie opgeskort nie. Daar het ‘n bewuswording by die mense ontstaan om die idees van Gioberti om ‘n Italiaanse federasie te laat herleef. Rosmini is weens sy nasionale aansien en die hoë opinie wat hy van die pous geniet het, gekies om sodanige federasie moontlik te maak. Gioberti versoek dat Rosmini na Turyn moes kom om gesprekke met hom en met ander lede van die Piedmontse regering aan te knoop vir die vestiging van ‘n federale stelsel. Die informele gesprek sou later ontaard in ‘n kabinetsvergadering waartydens Rosmini die pous moes oorreed om aan ‘n oorlog tussen Piedmont en Oostenryk deel te neem. Rosmini het die sending geweier op grond

**Volgens Cleary, het Rosmini nie gehuiwer om standpunt in te neem teen staatsinmenging in kerklike aangeleenthede nie.[14] Volgens Leetham was Rosmini van mening dat binne die sfeer van kerklike aangeleenthede die pous die funksie van beide kerklike en politieke heerser kon uitoefen. Die samesnoering van sowel kerklike as politieke gesag in kerklike aangeleenthede sou, volgens Leetham, neerkom op die onbehoorlike uitoefening van politieke gesag in kerklike sake. Alhoewel die pous teen bloedvergieting in oorlogsituasies gekant was, sien Rosmini dit wel geregverdig indien 'n koning dit doen om die bevolking te beskerm.[15]**

**Weens die Oostenryks-Hongaarse onderdrukking van die amptenare van die kerk in Italië, het Rosmini twee godsdienstige ordes, naamlik die *Intituto dei Fratelli della Carita*[16] en die *Sisters of Divine Providence* gestig om sodoende aan sy teologiese en filosofiese standpunte beslag te gee.[17] Onder die Oostenrykse regering is biskoppe tot**

---

daarvan dat die pous afkerig was van oorlog. Rosmini gebruik egter die geleentheid om die Piedmontse regering vir hul anti-kerklike houding by te kom. Wat Rosmini egter die meeste ontstig het en wat sy Italiaanse patriotisme laat versuur het, was die Oostenrykse teenwoordigheid in die Italiaanse skiereiland.

Davidson 1882: xxxix. Rosmini het hom egter in Gaeta in 'n moeilike posisie bevind, sodat hy nie eens die pous kon adviseer nie. Met die pous se afwesigheid, het die mense 'n behoefte aan 'n leier ondervind, en was daar druk op die pous om 'n ministerie aan te stel. Die mense van Piedmont het geglo dat Rosmini die aangewese persoon vir dié betrekking was. Die pous het onwillig aan die mense se versoek gehoor gegee. Rosmini se invloed by die pous het sodoende afgeneem.

14 Cleary 1992: 13. Cleary toon aan dat Rosmini se teenstand teen die Oostenrykse regering in 'n pennestryd in sy *Trattato sulla coscienza morale*, verskyn.

Sien http://plato.stanford.edu/entries//antonio-rosmini/ 2005: 2.

15 Leetham 1982: 356. Só 'n oorlog was dié tussen Italië en Oostenryk. Hieroor sê Leetham: "… Rosmini suggests that the war was just, and that the princes should come to the aid of Piedmont."

Rosmini 1987: 67-132. Een van Rosmini se belangrikste werke, *Della Cinque Piaghe Della Santa Chiesa* (Of the Five Wounds of the Holy Church), handel juis oor die kerk/staat-verhouding binne die konteks van die destydse politieke en staatkundige verwikkelinge.

16 Davidson 1882: xlvi. "Institute of the Brethren of Charity."

17 Davidson 1882: xxx, xlvi-xlvii.

Sien Heidi Schlumpe and Joel Schorn 2001: 11.

**staatsamptenare gedegradeer, die seminare het staatskolleges geword en priesters moes eksamens aflê, wat deur dié regering (Oostenrykse regering) opgestel was. Die sensuur wat die Oostenrykse regering op die kerk gehef het, was van so 'n aard: "... (that) the number of candles that could be burned in church was limited, at one time even coffins were forbidden to the dead. Relics were no longer to be venerated, processions and pilgrimages needed a special permission. Sermons, which were controlled and censored, might contain *nihil de principe, parum de Deo* (nothing about the prince, not much about God)."[18]**

### 1.2.2 Die invloed wat Rosmini op sy volgelinge gehad het

**Gedurende sy leeftyd en selfs vir jare na sy dood was Rosmini 'n kontroversiële figuur in Italië. Ongeag sy reputasie in Italië, was hy in Europa relatief onbekend. Vanweë die omvang van sy werk en die belang van sy publikasies verdien die werke van Rosmini egter 'n uitgebreide ondersoek. Sy denke oor die teologie, die filosofie en fundamentele regte in die onderskeie sosiale verbande (sfere van die *societas*) verdien besondere aandag. Wat sy teologiese en filosofiese werke aanbetref, konsentreer Rosmini op tipies Thomistiese wyse op die idee van die syn.[19] Dit is veral met betrekking tot die natuurreg wat hy aansluiting by**

---

Die Oostenryks-Hongaarse regering het sy werke drasties gesensureer. Rosmini se *Panegyric for Pius VII* (1823) was só 'n voorbeeld.

18 Leetham 1982: 43. Die Oostenrykse regering het 'n politiek-morele kategismus uitgereik vir die Italiaanse skole. Dié regering se voorskrifte was die volgende: "… Thou shalt not send any money abroad for Masses. Thou shalt not appear at processions with costly flags, nor dressed with sashes or high feathers in thy hat, nor with music. Thou shalt not obtain any dignity of the court of Rome without permission of thy sovereign. Thou shalt not keep useless dogs. Thou shalt not plant tobacco without the permission of thy master."

19 Rosmini 2001: viii. In Rosmini se *New Essay on the Origin of Ideas,* lewer hy 'n uiteensetting van sy filosofiese teorie oor die oorsprong en aard van die syn. Die uiteensetting van die syn laat hom toe om twee denkskole te identifiseer: diegene wat deur middel van onkunde fouteer en daardie persone wat fouteer deurdat hulle meer poneer as wat nodig is vir die oplossing van probleme rakende die syn. Dié gedagte geniet later in dié studie verdere toeligting.

**die Thomistiese synsbegrip soek.[20] In die menslike samelewing van Rosmini word die Thomistiese synsbegrip as objek van natuurlike regte en menseregte behandel.[21] In hierdie verband het hy belangrike ontwikkelingswerk gedoen.[22]**

**In hierdie hoofstuk word die diverse interpretasies wat Rosmini se standpunte geniet het, bekyk. Die standpunte van diegene wat hom ondersteun het, word eerstens behandel. Daarna word sy kritici bespreek. Die doel hiervan is om te bepaal of hy onder die klassieke Thomisme of onder die neo-Thomisme gekategoriseer kan word. Alvorens tot so 'n gevolgtrekking gekom kan word, moet bepaal word of Rosmini 'n Thomis was al dan nie.[23]**

**W.J. (skuilnaam) meen dat die omvang van Rosmini se werk in sy redelike kort leeftyd aan hom 'n posisie tussen die groot denkers besorg het. Die omvang daarvan het aan hom deelgenootskap aan 'n klein groepie intellektuele persone besorg. W.J. plaas Rosmini gevolglik op dieselfde vlak as Aristoteles, Aquinas, Leibneitz, Kant en Hegel. Hy glo Rosmini se standpunte is van besondere belang en dat hy 'n "intellektuele wonder" was.[24] W.J. verklaar aangaande Rosmini: "... because he is alive, and writes for readers taught by all their Lockian and Protestant education to treat the kind of thing that Rosmini**

---

[20] Cleary 1992: 48. As voorbeeld strekkend die volgende aanhaling: "… he passed from studying the person… as we have seen, free, personal dignity depends ultimately upon our acknowledgement of what we know…"

[21] Rosmini se behandeling van regte in die burgerlike samelewing vorm die onderwerp van sy *Philosophy of Right.* Dit bestaan uit ses volumes, naamlik die *Essence of Right, Rights of the Individual, Universal Social Right, Rights in God's Church, Rights in the Family,* en *Rights in Civil Society*.

[22] Sien Rosmini oor syn en individuele regte, syn en sosiale regte, syn en regte in die gesin, syn en regte in die kerk, syn en die essensie van die reg, syn en regte in die burgerlike samelewing, syn en universele sosiale regte, ensovoorts.

[23] Rosmini se voorstanders sal argumenteer dat hy vernuwende denke in die Thomistiese tradisie wil bring. Hulle bekemtoon die neo-Thomisme. Rosmini se kritici sal die klassieke of tradisionele Thomisme handhaaf.

[24] W.J. (skuilnaam) 1885: 130.

**represents... thoroughgoing, concatenated, and systematic ontologizing and theologizing by the conceptions of principle and term, substance and essence and act..."[25]**

**Die skrywer, Thomas Davidson, het die werk van Rosmini baie hoog aangeslaan. Hy beskou Rosmini as die belangrikste filosoof van die negentiende eeu en vergelyk hom met antieke filosowe soos Plato en Aristoteles.[26] Volgens Davidson verdien Rosmini se werk groter blootstelling en studie, omdat dit 'n unieke bydrae tot die teologie, filosofie, fundamentele regte en die menslike samelewing maak.[27]**

**Vervolgens meen Davidson dat Rosmini se werk ook buite Thomistiese kringe van besondere belang is, nie net vir die teologie, filosofie en fundamentele regte nie, maar ook vir ander wetenskaplike dissiplines.[28] Volgens Davidson, bied Rosmini se intellektuele werksaamheid duidelike parallelle vir kulturele verbintenis vir Thomistiese sowel as nie-Thomistiese denktradisies.[29] Volgens Rosmini moet die menslike rede as brugbouer dien om die afstand tussen geloof en rede te oorkom. Davidson se opmerking ondersteun die gevolgtrekking dat die geloof en die rede nie strydig met mekaar is nie, maar dat hulle mekaar eerder aanvul.[30] Rosmini gaan egter verder as Aquinas, wanneer hy meen dat die**

---

25 Sien W.J. 1885: 130.

26 Sien Blau 1955: 525.

27 Een sodanige werk van Rosmini heet *Sistema Filosofico* (The Philosophical System of Rosmini) waarin Rosmini die teologie, filosofie, regte en menseregte en die onderskeie sosiale verbande behandel.

28 Davidson 1883: 616.

29 Davidson 1883: 614.

30 Davidson 1883: 146. Davidson verklaar aangaande teologie (lig van die rede of geloof) en die filosfie (rede) "... the Divinity is... itself an object of philosophy."
Rosmini 2001: vii. Navorsers soos John Henry Newman, Antonio Rosmini, Jacques Maritain, Etienne Gilson en Edith Stein beklemtoon die vrugbare verhouding tussen die teologie (geloof) en die filosofie (rede). Johannes Paulus II, bevestig die vrugbare verhouding in sy ensikliek, *Fides et Ratio*. Hy verklaar "The fruitfulness of his relationship is confirmed by the experience of great Christian theologians who also distinguished themselves as great philosophers, bequeathing to us writings of such high speculative value as to warrant comparison with the masters of ancient philosophy…"

**menslike rede subjektief en aan foute onderworpe is.[31] Die Britse empiriste en die Duitse Romantiese skool, wat die rede verabsoluteer het en die lig van die geloof buite rekening gelaat het, dien as voorbeelde.[32] Rosmini verklaar: "... but because reason, when enlightened and fortified by divine authority, can contribute to greater understanding of what is revealed and be a support, not an obstacle, to religious faith..."[33] Davidson is van mening dat Rosmini die gevare van die verabsolutering van die subjektiewe menslike rede ondervang deur verder op die "lig van die goddelike rede," wat objektief is, te fokus.[34]**

**Die skrywer, Beales, is van mening dat die onderskeid tussen die "lig van die rede" en die gebruik van die rede, in Rosmini se *Nuovo Saggio sull' Origine delle Idee* (New Essay on the**

---

31 Rosmini 2001: xii. Rosmini meen waarom die menslike rede aan dwaling onderworpe is, is omdat dit eerstens van 'n wilshandeling en nie die intellek nie ontspring.
Davidson 1882: 400-404. Davidson verklaar dat Rosmini die Kantiaanse vorm van die menslike rede as subjektief beskou, omdat dit materieel en nie vormlik is nie, *a posteriori* en nie *a priori* is nie. Deur middel van sy beginsel van die objektiwiteit van die eerste beginsel, het Rosmini 'n tweeledige stelsel teen kritisisme van Hegel en Fichte en die Engelse skool geformuleer. Die stelsels heet onderskeidelik sy leerstelling van self-bewussyn en sy teorie van persepsies. Deur middel van die twee stelsels kon Rosmini bepaal dat syn objek van die intellek is, die beginsel van waarneming – "that which is."

32 Rosmini 2001: viii. Rosmini meen die twee skole fouteer enersyds deur middel van onware veronderstellings en andersyds deur meer feite te postuleer as wat nodig is vir die oplossing van geskille. Rosmini meen Locke, Condillac en Thomas Reid verteenwoordig daardie denkskool wat foutiewe feite of veronderstellings poneer, terwyl Plato, Leibniz en Kant, oordrewe feite aanbied. Rosmini stel egter 'n middeweg deur die probleme wat die twee skole omtrent die rede en die lig van die rede ervaar op te los. Hy meen die idee van die syn is die noodsaaklike fondasie vir alle denke. Hy verklaar aangaande die syn: "… it is the final reason for every concept…" Die rede waarom Rosmini die goddelike rede of geloof beklemtoon, is weens die vernietigende individualisme van die post-moderne wêreld en die behoefte vir 'n teenmiddel vir die intellektuele kragteloosheid en kroniese onsekerheid van die post-modernisme. Die Westerse beskawing word deur intellektuele arrogansie gekenmerk. Die hooffaktor wat tot 'n gedisoriënteerde leefwyse lei, is die grootskaalse skeptisisme oor die waardigheid van die menslike rede. Waar die houding aanvanklik net in filosofiese kringe gevind is, het dit vandag tot objektiwiteit oorgespoel. Rosmini meen subjektiwiteit is nie in staat om 'n konsekwente leefwyse te vorm en om menslike verlange na vryheid en waardigheid te verseker nie. Rosmini se werk oor die kennis-probleem het veroorsaak dat hy eerder op die "lig van die rede" as die rede self fokus. Die "lig van die rede" stel die mens in staat om aanhoudend in sy verhewe eienskappe te deel. Die "lig van die rede" dien as die bron van die mens se waardigheid, pligte en regte. Dit is die basis van die menslike eenheid en broederlike liefde.

33 Rosmini 2004: vii. Die rede kan as hulp vir die teologie dien, veral teen die aanslae van die ateïstiese rasionalisme van die agtiende eeu. Rosmini glo die mens in sy natuurlike toestand is nie volledig nie, hy benodig die bo-natuurlike toestand vir sy vervolmaking.

34 Burns-Gibson 1882: 404.

**Origin of Ideas), 'n belangrike uitbouing van die Thomisme behels.[35] Rosmini en die Thomisme vertoon identiese benaderings ten opsigte van die idee van die syn as beginsel van alle kennis en kriteria vir sekerheid, sowel as die ingebore vorm van denke. Hieruit vloei die geheel van die Thomisme en die Rosminiaanse pedagogiek.[36]**

**Wat kommentatore op die werk van Rosmini betref, is Beales van mening dat Leetham se biografie van Rosmini al die ander studies van Rosmini in Engels oortref.[37] Hy glo dat die werk van Rosmini van besondere belang vir 'n studie van die teologie, filosofie, fundamentele regte en die menslike *societas* is. Beales wys ook daarop dat, vanweë die feit dat Rosmini soms in stryd met die Thomistiese tradisie geskryf het, hy ongewild in kerklike kringe geword het.[38] Later is twee van sy bekendste werke onder sensuur geplaas.[39] Ėén van die gesensureerde werke, *Delle Cinque Piaghe della Santa Chiesa* "The Five Wounds of the Holy Church" wat oor die kerk/staat-verhouding handel, dien as voorbeeld van Rosmini se kritiek teen die Thomistiese leer.[40]**

---

35 Sien Beales 1957: 91. Beales meen Rosmini se diep insig in die moderne uitkyk van die negentiende eeu het hom in staat gestel om die skeuring tussen die Christelike tradisie en die hedendaagse denke te heel.

36 Beales 1961: 116.

37 Sien Beales 1957: 91. Beales slaan Rosmini hoog aan. Hy meen Rosmini was die beste ervare filosoof en dat hy selfs filosowe soos Thomas Aquinas en ander oortref het.

38 Schlumpe et al 2001: 11. David McClaurin, beweer dat weens die publikasie van Rosmini se teologiese werk, *Delle Cinque Della Santa Chiesa*, daar vir jare, selfs, na Rosmini se dood, steeds minagting deur die Thomisme vir Rosmini gekoester is. Selfs tot vandag verduur Rosmini steeds vernedering. Schlumpe en Schorn stel Mc Claurin self aan die woord: "… (Rosmini's) posthumously published works were picked over…" asook "… in what must surely be one of Church history's most shameless acts of character assassination…"

39 Rosmini 1992: 14. Die werke wat op die Indeks geplaas is, heet *Delle cinque piaghe della santa chiesa* (Of the Five Wounds of the Holy Church) en *La Costituzione civile secondo la giustizia sociale* (Constitution on Social Justice).
Rosmini 1882: xxxvi-xxxvii, xxxix.

40 Rosmini 1987: 1-194. Rosmini behandel onder die vierde wond van die kerk, die staat se inmenging in kerklike aangeleenthede. Hy bepleit dat die nominering van biskoppe nie in die hande van die burgerlike owerhede moet wees nie. Die nominering van biskoppe is die eksklusiewe mandaat van die kerk.
Sien Leetham 1982: 362-71.

**Laasgenoemde werk is van besondere belang vir ons hedendaagse samelewing en het oplossings gebied vir vraagstukke van teologiese en filosofiese aard waarmee die kerk en die staat van vandag mee worstel.[41] Rosmini se werke wat van groot waarde vir teologiese en filosofiese waarhede is, is gevolglik op die *Index Librorum Prohibitorum* (Indeks van Verbode Boeke) geplaas, onder die aandrang van die Jesuïete wat skynbaar die klassieke Thomistiese leer van die Katolieke Kerk gehandhaaf het.[42]**

**Aubrey verklaar aangaande die Jesuïete se vyandigheid teenoor Rosmini: "... his works were placed on the Index at the instigation of the Jesuits, then apparently released, and have been a subject of controversy ever since as to their ecclesiastical standing..."[43]**

---

41 Rosmini 1861: 119-20.
Rosmini 1987: 67-132. Op 'n sinnebeeldige voorstelling analogiseer Rosmini die vyf wonde van Christus as tipiese voorbeelde vir die benadeling aan die kerk. Die vyf wonde van die kerk word gereguleer deur Rosmini se *Della cinque Piaghe della Chiesa* "Of the Five Wounds of the Church". Die wond wat spesifiek op die verhouding tussen kerk en staat dui, is die vierde wond. Die vierde wond handel oor die nominasies van biskoppe deur die staat. Staatlike nominasies van biskoppe lei tot die verslawing van die kerk aan die staat. Die kerk is 'n vrye gemeenskap en het die reg om sy eie amptenare te kies of te nomineer. Rosmini meen dat die geestelikes se persoonlike belange in so 'n mate beïnvloed is, dat hulle hul apostoliese werksaamhede verwaarloos het: "… it was not possible that having become the king's men they should have it equally present to their minds to remain the men of God." Die kerk bevind hom sodoende in alliansies met staatsamptenare (prinse) wat toegewinge beding wat tot nadeel van die kerk strek. Na aanleiding van die onbevredigende toestand of posisie van die kerk stel Rosmini die onmiddellike en algehele vrymaking van die kerk van alle vennootskap met die staat voor.
Leetham 1982: 368-370. Rosmini meen nominasies van biskoppe is vanaf die vyfde eeu na Christus "*per clerum et populum*" gemaak. Pouse kon tot en met die twaalfde eeu, volgens die formule, nominasies van biskoppe wat nie ooreenkomstig dié formule geskied het nie, ongeldig verklaar. Daarna het pouslike voorbehoud gevolg gedurende die Franse pouse se verblyf te Avignon. Gedurende die vyftiende eeu was die nominasies van biskoppe vanaf die geestelikes weggeneem en berus dit nou in die hande van die leek in alle Katolieke nasies.

42 Sien *Encyclopeadia Britannica* vol.19: 633.
http://web 3.epnet.com, 1.
Sien Britannica Biography Collection.
Sien http://www.jstor.org/view, 2

43 Sien Aubrey 1934: 369.

**Rosmini se Jesuïete-kritici het sy afwyking van kerklike standpunte gebruik ten einde sy werk te probeer diskrediteer.[44] Omdat die Jesuïete, een van die oudste ordes van die Katolieke Kerk, volgens Pesch steeds die strenge handhawing van die tradisionele Thomisme as die amptelike leer van die kerk beskou het, het hulle 'n beroep gedoen op die hersiening van die teologiese, filosofiese en regswerke oor die samelewingsleer van Rosmini. Rosmini se kritici se *modus operandi* was die handhawing van die klassieke of tradisionele Thomisme.[45] Hulle wens was dat Rosmini se werke weer op die Indeks van Verbode boeke geplaas moes word, nadat dit reeds daarvan verwyder was. Nadat Pius IX**

---

44 Pesch 1880: 424, Parkinson; Davidson 1883: 144-7. Pesch meen dat ongeveer 'n eeu gelede toe filosofie in Europa deur sensisme, kritisisme en die Hegelianisme aangeval is en ook deur die Jesuïete, wat op die kerk 'n vorm van materialisme afgedwing het Rosmini gestreef het om aan die rede sy waardigheid terug te besorg en dit tot basis van die godsdiens of teologie te verhef. Hy het dit gedoen deur op die tradisionele filosofie van die kerk - die Thomisme, te fokus. Pesch meen Rosmini was suksesvol in sy poging, dat die Jesuïete hom na hulle kant wou oorbring. Nadat hulle verneem het dat Rosmini 'n heel ander filosofiese en teologiese stelsel as hulle gebruik en dat hy (Rosmini) nie deur hulle vir hul eie gewin gebruik kon word nie, het die Jesuïete begin om Rosmini se werke te diskrediteer. As gevolg van hulle mislukking om Rosmini se werke op die Indeks te laat plaas, het die Jesuïete deur middel van private beswaddering die indruk probeer wek dat Rosmini se werke foutiewe leringe bevat het en het hulle die kerk sodoende oorreed om die Thomisme sodanig te herstel dat Rosmini se verbeteringe op die Thomisme uitgesluit moes word. Gedurende die pontifikaat van Pius IX was die Jesuïete onsuksesvol in hul poging om Rosmini se werke op die Indeks te laat plaas. Parkinson verklaar dat met die troonbestyging van Leo XIII, wat 'n meer soepele pous was, het die Jesuïete 'n remedie teen Rosmini se werke, in die vorm van die rehabilitasie van die Thomisme, as filosofie van die kerk, voorgestaan: "… and a distinct condemnation of its improved form (Rosminianism)." Hy meen Leo XIII kon egter nie die Thomisme herstel nie: "… because his hands were tied by a decree of the Congregation of the Index which had declared Rosmini's words free from censure." Parkinson verklaar dat die *Congregation of the Index* nooit die oordeel "*nihil censura dignum*" gegee het nie, maar wel "*dimittantur*." Parkinson meen die "*dimittantur*" het geensins as goedkeuring van Rosmini se werke gedien nie en dat hy meen dat 'n oordeel van die *Congregation of the Index* deur die pous herroeplik is. Volgens Parkinson was die pous se hande nie deur die oordeel van die *Congregation of the Index* gebind nie. Parkinson meen die Jesuïete het na die ensikliek, *Aeterni Patris*, die wêreld met boeke oorstroom om sodoende die leringe van die Thomisme as amptelike leer van die kerk te bevestig (*secundum principia S. Thomae Aquinatis*). Parkinson verklaar dat die Jesuïete se sienings meer in ooreenstemming met Rosmini as met die Thomisme was: "… the Jesuits are… emphasizing views that are often quite as much at variance with those of St. Thomas as with those of Rosmini, against which they were directed."
Davidson 1882: 146.

45 Burke 1877: 600. Burke meen in sy boekbespreking van Mc Cool dat laasgenoemde die behoud van die klassieke Thomisme gesteun het. Burke verklaar "… and Mc Cool points out, he was also crucial to the development of Thomism into a seedbed for pluralistic theology in the age of Vatican II." Die benadering van Burke is strydig met die neo-Thomistiese tradisie. Rosmini toon afkeur van die negentiende eeuse sekulêre rasionalisme, maar wil ook die klassieke Thomisme handhaaf en sodoende by nuwe veranderde omstandighede aanpas. Rosmini sou dus dien as oorgang tussen die klassieke Thomisme en die neo-Thomisme.

**nie aan die Jesuïete se eise gehoor wou gee nie, het Leo XIII, wat eersgenoemde opgevolg het, wel aan die eise van die Jesuïete toegegee.[46]**

**Pesch skryf: "... but hardly had a new and more pliable Pope ascended the throne, when they applied to him for a remedy against Rosminianism, in the shape of a rehabilitation of Thomism, pure and simple, as the philosophy of the Church..."[47] Leo het nou 'n desperate poging aangewend om die werke van Rosmini te hersien, om sodoende by die tradisionele Thomisme aanklank te vind, soos blyk uit sy ensikliek, *Aeterni Patris* in 1879.[48]**

**Boelaars verklaar Pius se voorliefde vir die tradisionele Thomisme soos volg: ".... *Paus Leo XIII verborg van de begin af zijn voorliefde voor de wijsbegeerte van den H. Thomas niet. Reeds enkele malen had hij er blijk van gegeven, toen den 4 Augustus 1879, als derde zijner encyclicken, de wereldbrief Aeterni Patris verscheen: De philosophia christiana ad mentem sancti Thomae Aquinatis Doctoris angelici in scholis catholicis instauranda; over het herstel van de christelijke wijbegeerte naar den geest van den engelachtigen leeraar, den H. Thomas van Aquino, in de katholieke intichtingen van onderwijs.*"[49]**

**Hiervolgens toon die ensikliek, *Aeterni Patris,* 'n nuwe wending in die Rosminiaanse konflik. Boelaars beweer dat Leo XIII in 'n ensikliek, getiteld *Dum Vitiatae,* van Junie 1880,**

---

46 Sien Pesch 1880: 425.
H. Boelaars 1948: 12. Pous Leo het in sy brief *Dum vitiatae* van 21 Junie 1880 verklaar dat die leer van Rosmini eerder vermy behoort te word. "*Dit werd in Italië zeer goed begrepen, want in meerdere adhaesiebetuigen van Italiaansche bisschoppen en seminarieprofessoren werd onder aanhaling van deze woorden de belofte gedaan de leer van den H. Thomas te onderwijzen volgens den uitleg van Cajetanus, Ferrariensis, Liberatore, Sanseverino, Zigliara, en de leer van Rosmini te vermijden.*"

47 Sien Pesch 1880: 752.

48 Sien Pesch 1880: 424-5.

49 Boelaars 1948: 9.

**aanbeveel het dat die leer van Thomas Aquinas volgens die uitleg van Cajetanus, Ferrariensis, Liberatore, Sanseverino, Zigliara gevolg word en dat Rosmini se leer vermy moes word.[50] Leo XIII se hersiening van Rosmini se werke het geeïndig met die veroordeling van veertig stellings uit Rosmini se nagelate werke.[51] Die dekreet, *Sacred Congregation of the Index*, is op 6 Junie 1849 deur Leo XIII bevestig. Die veroordelings deur die *Sacred Congregation of the Index* word gewoonlik in een van die volgende formules gegee, naamlik *prohibeatur, prohibeatur donec corrigatur aut expurgetur* en *dimittantur.*[52]**

**Rosmini se werke was deur middel van laasgenoemde formule, die *Dimittantu*r van 1854 van Pius IX, van sensuur onthef en kon nie weer gesensureer word nie.[53] Die *dimittantur* verontskuldig Rosmini se werke van kettery, maar maak dit duidelik dat dit gevaarlik of nadelig vir die belange van die kerk is: "... merely by their liability to misinterpretation in consequence of peculiar expressions and the particular temper of the times."[54] Na aanleiding van die vryspraak teen Rosmini se werke deur die *dimittantur* van Pius IX, kon Leo XIII slegs in sy dekreet, *Post Obitum* van 1887, verklaar dat veertig voorstelle van Rosmini se verbode werke uit die *Delle cinque piaghe della santa Chiesa* "The Five Wounds**

---

[50] Boelaars 1948: 12.
http://mb-soft.com/believe/txoneothomi.htm, 1. In die vroeë 19de eeu in Italië het sekere geleerdes in die Thomistiese denktradisie Aquinas se leringe as basiese beginsels beskou, wat die problematiek wat die Kantianisme, Hegeliaanse Idealisme, Britse empirisisme, rasionalisme, skeptisisme en liberalisme gelewer het, oplos. Gedurende 1850 is die neo-Thomisme en neo-Skolastisisme deur die werke van Gaetano Sanseverino in Napels, Matteo Liberatore in Rome, weerspieël. Hulle pogings was tot 'n hoogtepunt gevoer deur Leo XIII se *Aeterni Patris* in 1879, wat bekend gestaan het as die "charter of neo Thomism." Deur middel van opvolgende ensiklieke het Leo XIII die toepassing van Thomistiese idees as oplossings vir hedendaagse probleme beklemtoon. Daaropvolgende pouse, insluitende Johannes Paulus II, het die belangrikheid vir 'n Christelike filosofie, gebaseer op Thomistiese beginsels, beklemtoon.

[51] Boelaars 1948: 12.

[52] Rosmini 1861: 125. Die eerste formule, *prohibeatur*, word gebruik wanneer 'n boek weens ketterse en immorele leerstellings veroordeel word. Die tweede formule impliseer dat 'n boek, alhoewel nadelig, tog vir verandering vatbaar is. Sodanige boek moet egter nie afstootlik vir die Katolieke geloof wees nie. Die derde formule dui op die vryspraak of verontskuldiging van 'n boek.

[53] *Encyclopaedia Britannica*: 561.

[54] Rosmini 1861: 126.

**of the Holy Church" en die *Costituzione secondo la giustizia sociale* "Constitution on Social Justice" nie met Katolieke waarhede in ooreenstemming is nie "*catholicae veritati haud consonae videbantur.*"[55]**

**Reaksie teen die ensikliek, *Aeterni Patris*, is uit verskillende oorde ontvang. Die mees indrukwekkende argument teen die *Aeterni Patris* was dat die pous die beskawing na die Middeleeue wou terugneem. Boelaars meen die toespraak *Pergratus nobis* van 7 Maart 1880, van Leo XIII, is 'n refleksie van dié gedagtegang. Vervolgens word bespiegel dat Leo**

---

[55] Rosmini 1992: 69. Onder Leo XIII se dekreet, *Post Obitum*, is veertig van Rosmini se werke uit sy leeftyd en ook sy nagelate werke veroordeel. Onder die verdenking dat Rosmini se werke *catholicae veritati haud consonae videbantur* (skaars in ooreenstemming met Katolieke waarhede) is, is Rosmini se stellings veroordeel as *reprobandae, damnandae en proscribendae* (teregwys, veroordeel en verban). Ongeag dié negatiewe interpretasies wat aan Rosmini se werke geheg is, was sy werke nie as kettery veroordeel, beledigend vir die vrome oor, of op enige wyse verdoemlik beskou nie. Cleary meen daar was drie redes vir die veroordeling van Rosmini se werke. Eerstens, is die aanklag van die stellings as *catholicae veritati haud consonae*, teologies eerder as filosofies. Geen ander mening of verduideliking kan aan die frase "catholic truth" gegee word nie. Tweedens, is die eerste 24 stellings nietemin met filosofiese aangeleenthede gemoeid; veral die vraag oor die intellektuele verhouding tussen die mens en God. Dit is die mening van die *Sacred Congregation of the Index* dat Rosmini se siening van sodanige verhouding reg vanaf die begin ondermyn moes gewees het. Derdens, is die stelling van Rosmini wat uit sy *Teosofia* gehaal is, uit verspreide oordele gefokus, wat verskeie bladsye beslaan en uit meer as een volume van die boek geneem is. Rosmini se verwysing hieroor is duidelik: "Finite reality is not, but he (God) makes it be by adding limitation to infinite reality" (*Teosofia*, volume 1, no. 681). "Initial being... becomes the essence of every real being" (Ibid., no. 458). "Being, which actuates finite natures, joined with these by being cut off from God..." (vol. 3, no. 1425).

Cleary meen die praktiese onmoontlikheid om aan die woorde betekenis te gee sonder verwysing na hul konteks, is selfaanduidend van die moeilikhede wat die opstellers ervaar om te bewys dat Stelling 12 'n bewys is dat Rosmini van panteïsme beskuldig kan word. Cleary meen Rosmini se ware siening teen panteïsme kan op sy kommentaar oor die Evangelie van Johannes gesien word: "... when there is questions of the modes in which the divine subsistence is limited, we do not mean that the divine substance receives, or can receive limitations. However, the divine substance is being, and consequently being which, as its concept shows, is able to be in two modes, unlimited and limited. Unlimited and unchangeable being is proper to the divine substance; limited being is proper to the creature. The divine substance contains therefore the possibility of creatures because in it is to be found being which can be limited. But the creature is not present in the divine substance. What is present – because being is present, and being contains in its concept the possibility of limitation – is the reason underlying the creature's possibility of existence. The possibility proper to creatures is, however, twofold; logical and physical. The logical possibility is the idea, or the reason underlying creaturehood; the physical possibility is the power, or efficient cause of the creature, that is, the creative power. Absolute being, therefore, contains in its concept both the idea of limited being, that is, of the creature, and the power to produce the creature, that is, to render real and subsisting the limited being manifest in the idea. In a word, the absolute being possesses all that is needed to make itself creator, creator of limited being, of the creature, by making the creature real and subsistent."

Rosmini 1861: 125-6.

**XIII se voorliefde vir die Middeleeue daartoe gelei het dat ‘n afleiding gemaak kan word dat hy die nie-Christelike Aristoteles bo Christelike denkers, soos Augustinus en Thomas Aquinas wou verhef. Ondanks die aantygings teen Leo XIII het hy hom nadruklik vir die deurvoering van die Thomistiese wysgerige onderrig beywer.[56]**

**Na aanleiding van Leo XIII se heftige beywering vir ‘n Thomistiese tradisie in die kerk (op versoek van die Jesuïete), staan Rosmini se 40 stellings nie ‘n kans om deur hoofstroom Katolieke denkers aanvaar te word nie. Rosmini se leerstellinge was ook nie in staat om die wêreld te penetreer nie. Noudat houdings verander het as gevolg van die toegewyde werke van ‘n paar manne wat aan Rosmini se “system of truth” gedurende sy beswaddering of vervolging geglo het, is dit die hoop van dié navorsing dat Rosmini se werke die algemene aanvaarding sal geniet, wat dit wel verdien.[57]**

**Sheldon meen dat Giuseppe Morando van die veronderstelling uitgaan dat Leo XIII deur die druk wat deur die Jesuïete op hom toegepas is, beweeg is om sensuur op Rosmini se werke te plaas, wat hy andersins nie sou gedoen het nie. Sheldon glo ook dat die voorstelle van Rosmini wel in harmonie met gesonde teologiese en filosofiese leringe verkeer het en ooreenkomstig Katolieke standaarde is.[58]**

---

56 Boelaars 1948: 13.

57 Rosmini 1992: 71.

58 Sien Sheldon 1905: 583, 584. Sheldon meen dat Morando weens die ongeregtigheid van die verwerping van die Rosminiese filosofie, bereid was om kerklike gesag aan te veg. Hy gebruik drie bewerings vir die aanvegting van kerklike gesag. Sheldon verklaar eerstens dat daar verdeeldheid oor die verwerping van Rosmini se werke was. Terwyl Gregory XVI lof vir Rosmini se filosofiese werke uitspreek het, het die Jesuïete alles in hul vermoë gedoen om Rosmini se werke te laat sensureer. Daar blyk ook nie eenstemmigheid te wees tussen Pius IX en Leo XIII oor Rosmini se werke nie. Sheldon meen dat Pius IX van mening is dat die twee veroordeelde boeke van Rosmini, naamlik die *Delle cinque Piaghe della Santa Chiesa*, 1848, (Of the Five Wounds of the Church) en die *La Costituzione secondo la Giustizia Sociale*, 1848 (Constitution of Social Justice) geensins afbreuk aan die meriete van die teologiese en filosofiese stelsel van Rosmini gedoen het nie.

**Sheldon, meen Morando, 'n navolger van Rosmini, het Rosmini se filosofiese standpunte verdedig.[59] Hy is daarvan oortuig dat die verwerping van Rosmini se filosofie 'n ongeregtigheid daarstel. Hy spreek sy verontwaardiging uit teen die vyandige verwysings in handboeke waarin Rosmini se filosofie gediskrediteer is. Volgens Sheldon is Morando daarvan oortuig dat Rosmini geensins die Katolieke Kerklike leerstellings verontagsaam het nie. Sheldon verwys na 'n aanhaling van Morando waarin pous Gregorius XVI groot eerbied aan Rosmini getoon het: "...** ***virum excellenti ac praestanti ingenio praeditum, egregiisque animi dotibus ornatum, rerum divinarum atque humanarum scientia summopere illustrem.*****"[60]**

**Sheldon meen die verwerping van die leerstellinge van Rosmini in die pontifikaat van Leo XIII was die gevolg van onbehoorlike beïnvloeding op grond van politieke oorwegings deur die Jesuïete.[61] Sommige skrywers glo dat Rosmini se leringe met die standpunte van**

---

Volgens Sheldon sal die veroordeling van Rosmini se werke onder die pontifikaat van Leo XIII 'n geval wees van: "... pope and congregation being at variance with pope and congregation…"
Sheldon beweer, tweedens, dat Morando se minagting van kerklike gesag die gevolg is van foute wat deur die Inkwisisie begaan is en die pouse se ondersteuning van sodanige foute. Sheldon stel Morando self aan die woord: "… over against an Inquisition which has committed the two greatest possible errors in the field of physical science and in that of metaphysics, in condemning Galileo and Rosmini, the rebels of today are the truest Catholics of tomorrow."
Sheldon meen die derde bewering teen die gesag van die kerk en die rede waarom Morando nie berusting in die veroordeling van Rosmini se werke gevind het nie, is sy veronderstelling dat Rosmini se werke nie Katolieke leringe aangeval het nie. Morando verwerp die aanklag van panteïsme wat deur Rosmini se kritici teen hom gebruik is en beweer dat Rosmini nie van Katolieke dogma afgewyk het nie.

59 Sheldon 1905: 583. "… Professor Morando gives expression in the whole body of his work, namely, the conviction that the teaching of Rosmini offends against no genuine Catholic premise… he maintains, each of the forty condemned propositions can be justified as being in harmony with sound philosophy and theology, and agreeable to Catholic standards… Morando adequately refutes the charge of pantheism, which evidently was uppermost in the minds of the censors, and makes it plain that on most of the points embraced in the passages selected for reprobation Rosmini was not guilty of any serious divergence from Catholic dogma."

60 Sien Sheldon 1905: 583. Hy meen Rosmini was 'n uitmuntende persoon geseën met 'n uitnemende intellek. Hy is besiel en toegerus met 'n buitengewone gawe om goddelike dinge geduldig met die menslike wetenskap in verband te bring.

61 Sien Sheldon 1905: 583-4.

**Galileo in verband gebring kan word. Sheldon verklaar: "... over against an Inquisition which has committed the two greatest possible errors in the field of physical science and in that of metaphysics, in condemning Galileo and Rosmini, the rebels of today are the truest Catholics of tomorrow."[62]**

**Guiseppe verklaar voorts dat Rosmini se standpunte geensins in stryd met Katolieke uitgangspunte was nie. Guiseppe verklaar: "... each of the forty condemned propositions can be justified as being in harmony with sound philosophy and theology, and agreeable to Catholic standards."[63] Hy meen dat Rosmini derhalwe nie skuldig aan enige ernstige afwyking van kerklike dogma was nie.**

**Die skrywer, Blau, gaan verder deur Rosmini as moontlik die grootste denker van alle tye te beskou: "... (Rosmini) whom I hold to be the greatest thinker of modern times, perhaps the greatest of all times."[64] Blau beweer dat vir 'n volledige studie oor Rosmini daar van die standpunte van Davidson, wat tot die uitbouing van Rosmini se filosofie bygedra het, kennis geneem behoort te word.[65]**

---

62 Sien Sheldon 1905: 584.
63 Sien Sheldon 1905; 584.
64 Sien Blau 1955: 525.
65 Sien Blau 1955: 525. Blau meen die Skots-Amerikaanse opvoeder, Davidson, het 'n reeks artikels en boeke oor die filosofie en die ideale samelewing, wat die kern van Rosmini se lewe uitgemaak het, gepubliseer vir die Engelse oor, en dit vervolgens deel van sy eie lewe gemaak. Davidson se entoesiasme was gefokus op beide filosofie en die idee van die ideale samelewing (*societas*). Met verloop van tyd het die invloed van die filosofie van Rosmini op Davidson se denke getaan, maar het die ideale samelewing van Rosmini, byvoorbeeld die Domodossola-samelewing, vir Davidson 'n inspirasie en baken gebly, wat later sy aktiwiteite in Engeland en Amerika tot en met sy dood sou stimuleer. Blau verklaar dat Davidson nie vir Rosmini slaafs nagevolg het nie, maar dat hy wel Rosmini se idees aangepas het om oplossings vir die Anglo-Amerikaanse behoeftes te bied. Blau beweer dat Davidson op 'n tyd in 'n diepgaande studie oor Hegel gemoeid was. Hy verklaar aangaande Davidson se studie oor Hegel: "… but it was not his destiny to rest content with Hegel." Die studie oor Hegel het bloot Davidson se ontluikende individualisme aangewakker. Blau meen Davidson het verder gesoek na 'n filosofie wat sy bydrae tot die inherente en intrinsieke waarde van

**Die skrywer, Norman St. John-Stevas, beweer dat Rosmini se teologiese en filosofiese opvattings eendag die Thomisme, as die amptelike filosofie van die Katolieke Kerk, sal vervang.**[66]

**Daar word met besonderse eer gespreek oor Rosmini se bydrae tot die teologie, filosofie en die menslike samelewing. Van fundamentele belang is Rosmini se bydrae tot die teologie, die filosofie en die menslike samelewing, insluitende die rol van fundamentele regte.**

---

elke individu sou regverdig. In sy studie oor Hegel is Davidson met ander Duitse filosowe en uiteindelik met Plato en Aristoteles in kontak gebring. Blau meen dat Davidson meer baat gevind het by 'n studie van Aristoteles, waarby twee aansporings, die intellektuele en die filosofiese aanvoelings, by hom gestimuleer is. Hierdeur het Davidson 'n versterkte individualistiese en personalistiese idealisme getoon. Die tweede aansporing wat Davidson van Aristoteles verkry het, was 'n sin vir 'n godsdienstige begrip. Deur sy studie oor Aristoteles is Davidson se godsdienstige gevoel sodoende aangewakker. Davidson, wat gevoel het dat sy godsdienstige belange nie deur die Protestantse Christelikheid bevredig word nie, was vasberade om ander godsdienstige denominasies soos die Griekse Kerk en die Katolieke Kerk te ondersoek om sodoende sy godsdiensgevoel te bevredig. Blau glo dat Davidson nie deur die Griekse Kerk bevredig was nie. Hy stel Davidson self aan die woord: "… I was able to convince myself that the Greek Church at least was not the organ of the Divine." Davidson het vervolgens na Italië gegaan om die teologie en die filosofie van die Rooms-Katolieke Kerk te bestudeer. Blau meen dat Davidson sy antwoord oor die godsdiens en die teologie wel in sy studies oor die Katolieke Kerk kon vind. Davidson verklaar: "… in that whereupon the Church prides herself, her dogmatic system, which she calls her deposit of divine revelation, I could find nothing but dust and ashes, or at best mummies of spiritual things that had once been alive… But the Catholic Church has another side, and that side is her organized life… Here I found life of the most spiritual type… Here was the Divine without any doubt or question." Die filosofie wat Davidson voldoende gevind het vir 'n studie oor die Katolieke Kerk, was ongetwyfeld dié van Rosmini. Dit was Rosmini se regverdiging van die teorie van suiwer intelligensie wat Davidson van die meriete van sodanige filosofie oortuig het. Blau meen dit was gedurende die periode van noue kontak met die filosofie van Rosmini dat Davidson verskeie van Rosmini se werke uit die Italiaans in Engels vertaal het. In 1882 het Davidson, *The Philosophical System of Antonio Rosmini-Serbati*" gepubliseer. Davidson het ook vergelykende analises van Rosmini se denke met ander filosowe gemaak, gebaseer op sy eie grondige belesenheid. Wanneer Davidson die filosofie van Kant of Hegel in stryd met Rosmini se filosofie gebring het, het hy telkens bewys dat Rosmini se filosofie tot voordeel strek. Blau meen dat Davidson ook kritiese kommentare wat sy verskille met Rosmini openbaar uitgelig het. Hy verklaar: "… thus, for example, Davidson observed that Rosmini confounds the *is* of the copula with the entirely different *is* of existence.'" Dié waarneming het gelei dat Davidson die gelykstelling van die waarheid aan syn, wat 'n eienskap van Rosmini se logika is, aangeval het. Blau meen dat Davidson se verskil met Rosmini nie net filosofies nie, maar ook godsdienstig van aard was. Dit verklaar waarom Davidson nie die Katolieke geloof, wat vir Rosmini 'n inspirasie was, kon begryp nie. Davidson was egter diepgaande deur die filosofie van Rosmini en selfs meer deur Rosmini se Domodossola-gemeenskap beïnvloed.

66 John Stevens 1953: 83.

### 1.2.3 Die belang van Rosmini se teologiese werke

**In sy werke *Antropologia in Servizio*[67] en *Psicologia*[68], ondersoek Rosmini die goddelikheid van die menslike siel. Rosmini gaan van die veronderstelling uit dat die menslike siel uit twee komponente bestaan: 'n liggaamlike (natuurlike) sowel as 'n intellektuele (goddelike) siele-deel.[69] Hy meen dat die goddelike siele-deel die hoogste norm vir die onderskeid tussen goed en kwaad is.[70] Die siel word gevolglik as "opvangbak" vir alle morele oordele beskou.[71] Hierdie persepsie van die siel as die hoogste norm vir goed en kwaad werp lig op die etiese inhoud van die teologie en die filosofie enersyds, en die behandeling van menseregte, andersyds. Dit rig ook die menslike gedrag in die burgerlike *societas*, kerklike *societas* en die huislike *societas*. Dit is kenmerkend van die Thomisme om die teologie en die filosofie bymekaar uit te bring, omdat dié twee terreine mekaar wedersyds aanvul.[72]**

---

67 Rosmini 1991: titelblad. *Anthropology as an Aid to Moral Science*.

68 Rosmini 1999: titelblad. *Psychology*. Die werk van Rosmini bestaan uit vier volumes, wat respektiewelik in die volgende volgorde staan, naamlik *Essence of the Human Soul*, *Development of the Human Soul*, *Laws of Animality* en *Opinions about the Human Soul*.

69 Rosmini 1992: 21-2.
Rosmini 1991 (a): ix. "Intellect and reason on the one hand, and will and freedom on the other, are respectively the active and passive faculties that constitute the human spirit."

70 Vgl. Rosmini 1988: xii-xv. Rosmini behandel die eienskappe van die siel oor die boeg van die etiek. Hy verklaar dat die inhoud van die etiek in die volgende formule ingesluit is: "… do what is morally good, and avoid moral evil."

71 Rosmini 1988: 9.

72 Rosmini 2004: 36.
D'Entréves 1965: xiii. Die Thomisme handhaaf ook dat die terreine van die teologie en die filosofie fundamenteel in harmonie met mekaar moet verkeer: "*Gratia non tollit naturam sed perficit*."

**Rosmini se denke oor die teologie en die filosofie pas dus binne die kader van die klassieke Thomisme.**

**Rosmini meen dat, alhoewel die siel oor sowel ’n liggaamlike (natuurlike) as ’n goddelike aard beskik, dit ’n eenheid vorm wat tot volle wasdom in die mens kom.[73] Die mens is dus ’n eenheid wat oor sowel ’n liggaamlike (natuurlike) as ‘n goddelike element beskik, en is sodoende ’n etiese wese.[74] As etiese wese staan die mens onder die gelding van die morele wet, as natuurreg.[75]**

**Die teologies-filosofiese opvatting van die eenheid van die menslike siel, onderhewig aan die morele wet, impliseer dat die mens se etiese ontwikkeling van die nakoming van ‘n stel lewensreëls afhanklik is, wat uit die natuurreg voortspruit, plus daardie stel reëls wat uit die Goddelike (*lex aeterna*) ewige reg voortkom. Dié insig bied egter ook aanknopingspunte vir Rosmini se sienswyses van menseregte in die burgerlike (politieke) *societas*, juis omdat die menseregte effektief deur die handhawing van die natuurreg beskerm word.[76] Die natuurreg is daardie morele wette wat deur God in die harte van die mens ingegraveer is.[77] Rosmini veronderstel sodoende dat die goeie, die goddelike aard van die mens, die liggaamlike (natuurlike) uiteindelik sal oorwin en dat die mens sodoende deel (partisipasie) aan God, die Hoogste Syn verkry. Dié deelwording aan die Goddelike benodig egter ‘n strenge**

73 Rosmini 1991 (a): viii-ix. Rosmini verklaar: “The human being is ‘an animal subject endowed with the intuition of indeterminate, ideal being and with the perception of its own corporeal, fundamental feeling, and operating in accordance with animality and intelligence… intellect and reason on the one hand, and will and freedom on the other, are respectively the active and passive faculties that constitute the human spirit.’”

74 Rosmini 1991 (a): viii.

75 Rosmini 1988: 14.

76 Rosmini 1993 (a): vi-xii. Parallelle lesing.

77 D’Entréves 1957: 52. “The law of nature is implanted in man by God. It has therefore unquestionably a divine origin…”

**handhawing van die natuurreg. Die gedagte toon parallelle lesings met die Thomistiese *analogia entis* en partisipasie-leer.[78] Die standpunt vorm ook die basis van Rosmini se *teodisee* "geregtigheid van God."[79]**

**Rosmini meen die subjektiewe element (die liggaamlike of natuurlike sy) van die mens in die samelewing, moet nie buite rekening gelaat word nie omdat God die goeie, sowel as die sondige aard van die mens in die sosiale of burgerlike (politieke) *societas* toelaat.[80] Hy fundeer dié standpunt in die geregtigheid van God (teodisee).[81] In hierdie verband vind Rosmini aansluiting by Seneca. Seneca meen dat God teenoor goeie mense die gesindheid van 'n vader het. Hy (God) beproef hulle deur swaarkry en moeite, ten einde hulle vir die uitdagings van die lewe te versterk. Vervolgens meen Seneca dat voorspoed alleen nie die mens in staat stel om lewensaanslae te weerstaan nie, maar dat hy wat in 'n voortdurende stryd met teëspoed gewikkel is: "... ontwikkel eelte vanweë die onregte en swig nie voor**

---

78 Van der Vyver 1975: 66. Die begrip *analogia entis* is 'n uitvloeisel van pogings van die Thomisme wat God en sy skepping wou insluit. Die mees algemene begrip waarop die Thomisme besluit het, is die syn. Die ooreenkomste tussen God en die skepping is analoog. Die *analogia entis* dui dus daarop dat God en wêreld 'n gemeenskaplike grondslag in die syn vind, maar tog só dat God en wêreld van mekaar verskil. Op grond van die *analogia entis* het die mens deel aan die syn van God en dra hy iets goddeliks (die *transendentalia*) in hom om.

79 Rosmini 1912: vol. 1-3. Vir verdere lees oor die geregtigheid van God, wat sodoende 'n impak het op die mens se gedrag in die burgerlike *societas*.

80 Rosmini 1993 (a): viii. Die gedagte word by wyse van 'n aanhaling geïllustreer "… As we look around the world, near and far, we can only marvel at the contradiction between our interest in human rights and the appalling treatment meted out in practice to possessors of rights." Ondanks die verwaarlosing en misbruik van regte glo Rosmini dat die handhawing van regte nie in vergetelheid is nie. Hy meld die voorbeelde van die nie-gewelddadige omverwerping van kommunisme in Europa, die mens se agterdog teenoor tekens van totalitarisme waar dit ookal kop uitsteek en die behoud van die regstelsel, almal tekens dat menseregte nie aan die gewone mense vergete is nie.

81 Rosmini 1912: vol. 1-3. (Die verhandeling oor die geregtigheid van God, word in drie volumes in Rosmini se *Theodicy*, behandel). Die gedagte kan nie op 'n enkele bladsy vasgepen word nie. Die geregtigheid van God word in die konteks van al drie volumes, van die *Theodicy*, van Rosmini, (in)gelees.

**teëspoed nie, maar selfs al val hy, veg hy van sy knieë af."[82] Goeie mense sal, volgens Seneca, nie vir swaarkry en moeilikhede terugdeins nie en nie oor hul lot kla nie. Wat ookal mag gebeur, word alles in 'n goeie gees aanvaar en die slegte in die goeie omskep. Dié gedagte onderstreep die beginsel van *adiaphora* (kwaad is net sleg vir diegene wat dit sleg verduur).[83] Dieselfde is ook waar van God se geregtigheid. Dieselfde beginsel of standpunt van Seneca kan in Rosmini se *Theodicy* opgespoor word.[84]**

**God maak nie van 'n goeie mens 'n bedorwe brok nie. Hy stel die mens op die proef, Hy verhard die mens en maak die mens vir homself gereed: ".. *idem tibi de deo liqueat. Bonum virum in delicium non habet, experitur, indurat, sibi illum parat*..."[85] Hiervolgens tree God as vader-figuur in, omdat Hy sy volk juis versterk teen die aanslae van teëspoed. Daarom laat Hy juis die kwaad in die burgerlike (politieke) *societas* toe.[86] In sy *Teodicy* volg Rosmini dieselfde gedagtegang met betrekking tot God se toelating van die kwaad en onreg in die burgerlike (politieke) *societas*.[87]**

**Rosmini meen dat die siel die basis verskaf vir al die ander waarnemings wat binne ons plaasvind. Dit word uit twee elemente, die waarneembare en die gevoel, saamgestel, wat**

---

82 Sien Basore 1928: 8-9. "*Patrium deus habet adversus bonos viros animum et illos fortiter amat et 'Operibus,' inquit, 'doloribus, damnis exagitentur, ut verum colligant robur*..." (Teenoor goeie mense het 'n god die gesindheid van 'n vader en hy het hulle op 'n manlike wyse lief en hy sê, 'Laat hulle geteister word deur arbeid, swaarkry en skade sodat hulle ware krag opbou.')

83 Sien Basore 1928: 8-9. "*Scias licet idem viris bonis esse faciendum, ut dura ac difficilia non reformident nec de fato querantur, quicquid accidit boni consulant, in bonum vertant. Non quid sed quemadmodum feras interest.* (Goeie mense moet nie vir swarighede en moeilikhede terugdeins nie, en nie oor hul lot kla nie; en om wat ookal gebeur, iets in goeie gees op te neem en in iets goeds te omskep. Van belang is nie wat jy verduur nie, maar hoe jy dit verduur).

84 Rosmini 1912. Al drie volumes hanteer die gedagte van die geregtigheid van God.

85 Sien Basore 1928: 6-7. Laat dieselfde vir jou waar wees in verband met die godheid. Hy maak nie van 'n goeie mens 'n bedorwe brok nie, hy stel hom op die proef, hy verhard hom en hy maak hom vir homself gereed.

86 Sien Basore 1928: 8-9.

87 Sien Rosmini 1912: vol. i-iii.

ooreenkomste met die Aristoteles-Thomistiese vorm/materie-leer vertoon.[88] Dié vorm heet "die siel," alhoewel die ideale syn in geheel aan die menslike intelligensie toegeskryf word.[89] Rosmini meen God is die Hoogste Syn en ander syne (onder andere die mens) partisipeer aan dié Syn (God). Rosmini verduidelik: "... God is the infinite, real Being... what is real can be perceived only by means of feeling. Human beings possess feeling, but only a finite feeling which cannot therefore be the vehicle of the perception of an infinite reality such as God."[90] Uit hoofde hiervan beweer Rosmini dat die mens op respek aangewese is en dat die mens as doel behandel moet word, omdat hy deelhebber aan die goddelike Syn is. Dit behels dat die mens oor 'n fundametele waarde beskik, wat onvervreembaar is en deur almal gerespekteer moet word.[91] Dié fundamentele waarde wat die mens op grond van partisipasie aan God deelagtig maak, vorm die basis van Rosmini se menseregte-teorie. Die Thomistiese partisipasie-gedagte dien dus as uitloper vir Rosmini se menseregte-teorie.[92]

Sommige kritici van Rosmini huldig die beswaar dat sy godsbeskouing en filosofiese standpunte tot panteïsme aanleiding gee. Die skrywer, Thomas Davidson, is van mening

---

88 Rosmini 1992: 23. Rosmini, anders as die Thomiste, beweer dat die siel uit twee elemente saamgestel is, naamlik die waarneembare en die voelbare: "... the union between sentient principle and felt term is that proper to form and matter."
Rickaby 1950: 121. Elders, meen Rickaby, word daar drie elemente van die siel, naamlik die vegetatiewe, die waarnemende en die intelligente siel in die menslike liggaam voorgestel. Rickaby beweer dat Aquinas die onderskeie elemente van die siel van Plato, eerder as van Aristoteles, afgelei het. Dié drievoudige indeling van die siel is mettertyd deur Aquinas en Aristoteles aanvaar. Dit is drie fases wat één siel vorm. Rickaby verklaar "… but if in man there are several souls, they do not stand to one another as matter and form… if they are to be united to make one man , or one animal, there must be something to unite them… As we cannot proceed to infinity, we must come to something which is in itself one, and this of all things is the soul."
Ross 1924: c.

89 Rosmini 1992: 26.

90 Rosmini 1992: 50. Die benadering van Rosmini toon parallele met *analogia entis* en partisipasie: "… likeness or common element present between the form of finite beings and God." Rosmini veronderstel ook dat die begrip "natuurlike teologie" onderstreep word. Dit beteken dat ons van die idee van die syn uitgaan en by die noodsaaklikheid van die bestaan van God arriveer.

91 Sien Leetham 1982: 267, 297.

92 Rosmini se menseregte-teorie verdien by die bespreking van sy fundamentele regte in die burgerlike *societas* méér aandag.

**dat Rosmini afkerig teenoor die panteïsme staan. Davidson verduidelik sy standpunt: "*Rosmini's Philosophical System* repeatedly states that the utmost care had been taken that the system should not lead to Pantheism. Rosmini 'admits, indeed, that his ideal Being is an appurtenance of the Absolute Being and that if this being were to put forth its own activity, and so complete and terminate itself, we should see God; but he adds, 'until this happen ... we can only say ... that in this life, *certa, quamvis adhuc tenuissima forma cognitionis, attingimus Deum* (dat alhoewel kennis oor die beeldskap tot vandag nog eng is, sal daar sekerlik by God uitgekom word.)"[93] Volgens Davidson is dié klaarblyklike syn van Rosmini nie God nie. Winterton huldig egter die standpunt dat, ondanks Rosmini se ortodokse neiging, die gevoel ontstaan dat hy panteïsme onderstreep, maar hy doen inderdaad die teenoorgetselde: "... *ansam proebet Patheismo*" (sy (Rosmini) se stelsel beveg panteïsme).[94] Die Jesuïte-skrywer, F. Liberatore, beweer egter dat Rosmini se stelsel tot panteïsme aanleiding gee: "... gives a handle to Pantheism,"[95] en dat dit daarom verwerp behoort te word.**

**Vir sover Rosmini in enkele opsigte van die tradisionele Thomisme afwyk, open dit die moontlikheid vir kritiek dat Rosmini se standpunte panteïstiese implikasies het. Winterton meen egter dat daar geen voldoende meriete in die Jesuïete-veroordeling van die teologiese standpunte van Rosmini is nie.[96] Oor die pouslike verwerping van die werke van Rosmini, wys Winterton daarop dat dié pouslike dekreet die volgende stel: "...** ***veritati Catholicae***

---

93 Sien Winterton 1888: 622.

94 Sien Winterton 1888: 623. "It is impossible to convict Rosmini of Pantheism, after what he has written against that doctrine; but when, in spite of his evident orthodoxy, his system brings him to use such expressions as these, no wonder that people should suspect the system."

95 Sien Winterton 1888: 622.

96 Sien Winterton 1888: 624-5. Winterton verklaar: "… and the perceptions under which Rosmini succumbed, 'not without suspicion of poison (as Mr. Davidson informs us)' were hardly so undeserved as might at first sight appear."

***haud consonae videbatur*** **(dat die werke van Rosmini geensins in harmonie met Katolieke waarhede is nie)"[97] en as teologies irrelevant afgemaak is.**

**Die debat oor die vraag of Rosmini se godsbeskouing of teologiese standpunte tot panteïsme aanleiding gee al dan nie, is van wesenlike belang met die oog op die ondersoek na die vraag of Rosmini se sosiale en regsdenke eerder by die neo-Thomisme as dié tradisionele (klassieke) Thomisme aanklank vind. Met die oog hierop word spesifiek gelet op bepaalde leerstellinge van Rosmini. Stelling 20 van Rosmini se leerstellinge bepaal dat die menslike siel deur generasie vermenigvuldig: "...** ***non repugnat ut anima humana generatione multiplicetur.*****"[98] Dit wyk skynbaar af van die Thomistiese standpunt in die** ***Summa contra gentiles,*** **wat soos volg aangehaal word: "...** ***quod anima humana non traducatur cum semine*****."[99] Dit moet in gedagte gehou word dat Rosmini wil aandui dat die menslike siel deur ontwikkeling mettertyd met die** ***esse initiale*** **verenig. Op grond hiervan wyk Rosmini se standpunt (Stelling 20) af van die Aristoteles-Thomistiese leerstelling met betrekking tot die siel.[100]**

**Soos reeds vroeër genoem, beweer Rosmini in Stelling 22 dat daar twee siele-dele in die menslike liggaam teenwoordig is - die een liggaamlik (natuurlik) en die ander goddelik**

---

97 Sien Winterton 1888: 622-626. Die stelling dui bloot op 'n matige vorm van sensuur en word as teologies irrelevant beskou.

98 Die menslike siel vermenigvuldig nie deur generasie nie.

99 Omdat die menslike siel nie verplaas word met verwekking nie.

100 Sien Pasnau 2002: 110-111. Die lering oor die hylomorfisme lui dat die siel eers ingegiet word wanneer die fetus voldoende ontwikkel is. Rosmini se persepsie is dat lank na die bestaan van die siel en met sy verening daarna, dit eers onliggaamlikheid bereik. Die Aristoteles-Thomistiese persepsie blyk die juiste gevolgtrekking te wees. Rosmini bied nie 'n uitgewerkte sisteem vir die persepsie van onliggaamlikheid nie.

**(intellektueel).**[101] **In die menslike liggaam word dié twee siele-dele tot 'n eenheid saamgesnoer, sodat die mens net oor één siel beskik. Met verwysing na 'n aanhaling uit die werke van Rosmini toon Winterton aan dat Rosmini 'n voorstander is van die idee dat die twee onderskeibare siele-dele in die menslike liggaam verenig word: "... God might possibly separate the intellectual principle from the animated body, without the latter ceasing to be animate: 'but if animate, there must remain some sort of anima or other. Was it there before, or not? If not, where does it come from now? If so, then there were two souls in man, existing together."**[102]

**Die Aristoteles-Thomistiese teologiese standpunt oor die siel verskil van Rosmini s'n vir soverre dit die standpunt van drie siele-dele teenoor die twee siele-dele van Rosmini handhaaf. Sowel Rosmini as die Thomisme gaan dus van die standpunt uit dat die mens oor meer as één siele-deel beskik. Die hoofverskil tussen Rosmini en die Thomisme behels dus dat die Thomisme onder die invloed van Aristoteles en Plato drie siele-dele onderskei. Laasgenoemde vorm die leer van hylomorfisme, wat behels dat 'n vorige siel deur 'n latere meer ontwikkelde siel vervang word: "... generation requires corruption."**[103] **Thomas Aquinas beweer: "... when a more perfect form comes on, the prior is corrupted, but in such a way that the following form has whatever the first had, and still more."**[104] **Dit behels dat die vegetatiewe siele-deel verval en deur 'n meer ontwikkelde siel, die sensitiewe siele-deel vervang word, wat verder verval en weer deur 'n rasionele siele-deel vervang word.**[105]

---

101 Winterton 1888: 625. "… two souls, one sensitive and the other intellectual…"
Vgl. Rosmini 1991 (a): ix.

102 Winterton 1888: 625.

103 Pasnau 2002: 124.

104 Pasnau 2002: 125
*Summa Theologiae* I, q. 118, a. 2 ad 2.

105 Pasnau 2002: 122. "… the vegetative soul comes first, when the embryo lives the life of a plant. Then it is corrupted, and a more complete soul follows, at once both nutritive and sensory, and then

**Rosmini, soos volgens die Aristoteles-Thomistiese hylomorfisme-beginsel, veronderstel dat daar uiteindelik net één siel, die rasionele siele-deel, in die mens oorbly. Rosmini ondersteun egter nie dié hylomorfistiese gedagtestrekking nie. Hy handhaaf dat daar twee siele-dele in die mens in interaksie verkeer, die een siele-deel verval nie en word nie deur die ander gevolg nie, maar bestaan gelyktydig. Die hylomorfisme veronderstel verwekking en konstante verval.[106]**

**Volgens die skrywer, Winterton, bevat Rosmini se Stelling 23 implisiet 'n kwasi-ontkenning van die onsterflikheid van al daardie wesens wat tot die natuurlike orde behoort. Dit impliseer dat die menslike siel sterflik is: "... their soul would be plunged in a deep sleep, and be eternally as if it did not exist."[107]**

**Volgens Winterton is Rosmini se teologiese standpunt oor die siel verkeerd en moet die Thomistiese siening as die geldige aanvaar word, omdat dit deur die kerklike *magisterium* ondersteun word. Winterton meen dat teoloë dit eens is dat die mens nie slegs "*in statu naturali*" (in die natuurlike toestand) is nie.[108] Vanweë die onsterflikheid van die siel behoort die mens, benewens die natuurlike orde, ook tot die bo-natuurlike orde, na aanleiding van die *analogia entis* en die partisipasie-leer.[109] Die Thomistiese standpunt is in ooreenstemming met Rosmini se teologiese opvattinge: "... according to the Christian**

---

the embryo lives the life of an animal. But once this is corrupted, the rational soul follows, introduced from without."
Sien Rickaby 1950: 169.
Die diskoers oor die siel sal in Rosmini se samelewingstudie die basis van die etiek in die burgerlike *societas* uitmaak. Dit sal weldra in daardie betrokke hoofstuk behandel word.

106 Pasnau 2002: 123 "Aquinas,… contends that generation involves constant, radical discontinuity."

107 Winterton 1888: 625.

108 Winterton 1888: 625.

109 Sien Winterton 1888: 625. Volgens Winterton was Adam, sowel as sy afstammellinge, "*in statu supernaturali*" geskep.

**system, human beings belong also to a supernatural order, of grace."[110] Die teleologiese inslag van Rosmini se teologiese standpunte het ook belangrike sosio-politieke implikasies, waarin die natuurreg (*lex naturalis*) in die burgerlike *societas* 'n fundamentele rol moet speel.**

**Winterton meen Adam was geskep "*in statu supernaturali*" (in die natuurlike toestand) en so ook sy afstammelinge.[111] Die gedagte van "*in statu supernaturali"* (bo-natuurlike toestand) dui op die onsterflikheid van die siel, wat deur die Thomisme gehandhaaf is, maar wat in dié geval nie deur Rosmini ondersteun word nie.**

**Rosmini gaan in Stelling 24 van die veronderstelling uit dat die siel nie die substansiële vorm van die liggaam is nie, maar eerder die oorsaak daarvan. Winterton meen dié stelling is strydig met die Thomisme, wat die Aristoteles-Thomistiese vorm/materie-leer, waardeur die mens as die vorm van die siel getipeer word, aanbetref.[112]**

**Volgens Winterton is Rosmini se voorstelle nie binne konteks geïnterpreteer nie. Hy glo dat Rosmini weens politieke redes 'n onreg aangedoen is, en dat hy nooit die stellings soos dit**

---

110 Rosmini 1991 (a): 9.
Faure et al 1987: 141. "Die mens het nie slegs 'n natuurlike lewensdoel – die vervolmaking van sy redelike natuur nie – maar daarby ook nog 'n bonatuurlike einddoel, waardeur sy redelike natuur tot die sfeer van die genade verhef word."
D'Entréves 1965: xiv-xv.

111 Sien Winterton 1888: 625.

112 Winterton 1888: 626. Winterton beweer dat die stellings uit Rosmini se nagelate werke in 'n heelwat ander formaat geformuleer sou gewees het as Rosmini sou geleef het.
Winterton 1888: 625. Rosmini beweer in stryd met Katolieke dogma dat die siel nie die substansiële vorm van die liggaam is nie, maar eerder die oorsaak van daardie substansiële vorm. "*Forma substantialis corporis est potius effectus animae, atque interior terminus operationis ipsius: propterea forma substantialis corporis non est ipsa anima. Unio animae et corporis proprie consistit in immanenti perceptione, qua subjectum intuens ideam affirmat sensibile, postquam in hac ejus essentiam intuitum fuerit.*" (Die substansiële vorm van die liggaam is eerder die oorsaak van die siel, maar die interne werksaamheid van die siel is sy eie: daarom is die substansiële vorm van die liggaam nie die siel self nie. Eenheid van die liggaam en siel word spesifiek in groot omvang gevorm, waar dit onder dieselfde innerlike sintuiglike gewaarwording onderwerp word en daardie eenheid as wesenlikheid beskou word.)

later geblyk het, sou gepubliseer het nie.[113] Winterton verklaar die volgende aangaande Rosmini se denke: "... because (he) is a Catholic, a priest, and even an Inquisitor-General, it does not follow that he is led by no principles of justice in judging his fellow-man; especially if this fellow-man is known to have lived like a saint, austere for himself, charitable to others, and zealous for the good of his Church."[114] Winterton bevestig dus dat Rosmini die tradisionele Thomisme handhaaf en dat vyandige politieke invloede nie in berekening gebring moet word nie.

Volgens Blau het Davidson, 'n aanhanger van Rosmini, begeer om Rosmini se teologiese standpunte te begryp. Davidson is hiertoe deur 'n studie vanaf Hegel tot by Plato en Aristoteles gebring.[115] Rosmini het 'n groot invloed op Davidson, wat 'n nie-Thomis was, uitgeoefen. Davidson het hom sodoende tot 'n ondersoek na die Thomisme gewend.[116] Volgens Blau, kon Davidson nie bevrediging verkry uit die teologiese standpunte van ander denkstrome nie. Blau verklaar die volgende aangaande Davidson se belangstelling in Rosmini se teologiese standpunte *vis-á-vis* die Thomisme: "... whereupon the Church prides herself, her dogmatic system, which she calls her deposit of divine revelation, I could find nothing but dust and ashes, or at best mummies of spiritual things that had once been alive...But the Catholic Church has another side, and that side is her organized life... Here I found life of the most spiritual type... Here was the Divine without any doubt or question."[117]

113 Rosmini het heelwat vyande onder die Jesuïete gehad. Hulle kon weens die invloed wat Rosmini onder die geestelikes gehad het, deur jaloesie beïnvloed gewees het en daarom in die publikasie van Rosmini se werke na sy dood sy gedagtes verdraai het om Rosmini sodoende in stryd met die Thomisme te bring.

114 Winterton 1888: 626.

115 Blau 1955: 523.

116 Blau 1955: 524.

117 Blau 1955: 524-5.

**Hieruit blyk dat daar binne en buite die Thomisme sekere persone was wat waardering vir Rosmini se teologiese standpunte gehad het.**

**Volgens Thomas Guarino het Johannes Paulus II se naasmekaarplasing van die teologie en die filosofie van Rosmini met dié van neo-Thomiste soos Gilson en Maritain enersyds, en met ortodokse denkers soos Florensky en Lossky andersyds, ‘n probleem vir sommige geestelikes ingehou. Anders as Johannes Paulus II, wat Rosmini met die Thomisme wou versoen, het Leo XIII in sy ensikliek, *Aeterni Patris*, beweer dat Rosmini se teologiese standpunte afwykend van die Thomisme was.[118] Leo XIII (deur Ratzinger ondersteun) het, volgens Guarino, die volgende uitlating gemaak: "... the adoption of Thomism created the premises for a negative judgement of a philosophical and speculative position like that of Rosmini because it differed in its language and conceptual framework from the philosophical and theological elaboration of St. Thomas Aquinas."[119]**

**Guarino glo dat, volgens die afwykende of onregsinnige interpretasies van Rosmini se werk, Ratzinger van mening was dat sommige van Rosmini se uitsprake dubbelsinnig en verwarrend is. Volgens Guarino het Ratzinger Rosmini se teologiese standpunte as onbehoorlik en onvoldoende beskou en nie in ooreenstemming met die tradisionele (klassieke) Thomisme nie.[120] Ondanks Ratzinger se afkeur vir Rosmini se teologiese**

---

[118] Guarino 2003: 46. Volgens Guarino wat dieselfde opinie as Winterton deel, was daar nie middele om die presiese inhoud van Rosmini se nagelate werke te interpreteer nie. Dit behels dat daar afwykende of onregsinnige interpretasies aan Rosmini se nagelate werke gekoppel is: "… an apparatus capable of defining the precise meaning of the expressions and concepts used… this favored a heterodox interpretation of Rosminian thought as did the objective difficulty of interpreting Rosmini's categories, especially when they were read in a neo-Thomistic perspective."

[119] Guarino 2003: 45.

[120] Guarino 2003: 46. Ratzinger verklaar "… the philosophical-theological system of Rosmini was considered insufficient and inadquate to safeguard and explain certain truths of Catholic doctrine."

**standpunte, het Johannes Paulus II in sy ensikliek, *Fides et ratio*, verklaar dat Rosmini van die onlangse skrywers is wat 'n vrugbare verhouding tussen teologie en die filosofie bewerkstellig het. Hiermee bedoel Johannes Paulus II dat Rosmini geensins in stryd met die tradisionele (klassieke) Thomisme verkeer het nie, maar dat Rosmini se teologiese en filosofiese stelsels eerder dien tot uitbouing van die klassieke Thomisme. Hiervolgens bied Rosmini se teologiese stelsel nuwe moontlikhede aan die Thomisme, waarmee uitdagings wat deur die moderne denke gebied word, opgelos kan word. Johannes Paulus II bied sodoende in sy *Fides et ratio* ruimte vir die herstelling van Rosmini se teologiese standpunte. Volgens Guarino en Winterton sal dit oorbodig wees, omdat Rosmini se nagelate werke nie in konteks geïnterpreteer is nie. Volgens Guarino en Winterton het Rosmini die Thomisme gehandhaaf.[121] Dit is dus duidelik dat Rosmini se teologiese standpunte ondersteuners sowel as kritici gehad het.**

. **Die skrywer, John-Stevas, glo dat Rosmini se teologiese standpunte as teenwig vir laat-modernistiese invloede gedien het. John-Stevas meen dat negentiende-eeuse teoloë baie van Rosmini se teologiese standpunte kan leer. Hy verklaar dat Rosmini se teologiese standpunte dalk eendag as basis vir die moderne Thomisme kan dien: "... Rosmini, perhaps the greatest of modern Italian philosophers, whose idealist philosophy may one day replace Thomism as the 'official' philosophy of the Roman Church..."[122]**

---

121 Guarino 2003: 56. "Only now is it clear that there is no rationally compelling reason to reject Rosminian thought on the basis of the Church's two primary criteria, Scripture and tradition." Winterton 1888: 626. "And whether in Rosmini's particular case there is much need for indignation may well be doubted. He has accusers: of course he had… These accusers were unjust to him…"

122 Sien John-Stevas 1958: p. 83.

**In sy ensikliek, *Aeterni Patris*, het Leo XIII die Thomisme as die amptelike standpunt van die Katolieke Kerk gehandhaaf. Volgens Davidson het Rosmini die Thomistiese tradisie in die negentiende eeu voortgesit. Rosmini het die tradisionele (klassieke) Thomisme met moderne tendense in verband gebring. Volgens Davidson was die Thomisme egter nie altyd bo kritiek verhewe nie.[123] So het Rosmini se teologiese standpunte besondere aansien geniet, wat hom op dieselfde voet as die Thomisme geplaas het. Indien Thomas Aquinas en Rosmini se standpunte van mekaar verskil, meen Davidson, sal Rosmini se standpunte die korrekte wees. Die rede hiervoor is dat, volgens Davidson, die Thomisme nie 'n vasgestelde teorie gehandhaaf het nie.[124] Davidson verklaar aangaande die Thomisme: "... they speak as if St. Thomas had settled all his views, before he began to write. Consequently, when they find contradictions in his writings (and these are not rare), they try, by what they call a 'benign interpretation,' to explain them away. Unfortunately, a benign interpretation generally means a disingenuous interpretation, and how far such interpretations may be carried may be seen in a little work by Father Cornoldi on St. Thomas's views with regard to the *Immaculate Conception*, in which that zealous Jesuit tries to show that St. Thomas meant exactly the opposite of what he said. The Saint's views on the *Immaculate Conception* were anything but orthodox. It is but fair to say that Cardinal**

---

123 Davidson 1882: 616. "… *si quid enim est a doctoribus Scholasticis vel nimia subtilitate quaesitum vel parum considerate traditum, si quid cum exploratis posterioris aevi doctrinis minus cohaerens, vel denique quoquo modo non probabile, id nullo pacto in animo est aetati nostrae ad imitandum proponi…*" (As 'n skolastikus byvoorbeeld 'n te groot vraag stel, sal die antwoorde wat gegee is, oorweeg word. As daarna 'n klein verband met die ewige leer bespeur word, sal dit laastens nie aanvaarbaar wees, indien daar geen ooreenkoms met ons leeftyd wat as nabootsing dien, geld nie.)

124 Davidson 1882: 616. Na aanleiding van die frase: "… St. Thomas means exactly the opposite of what he said," kan die afleiding gemaak word dat die Thomisme nie 'n vasgestelde teorie gehandhaaf het nie.

**Zigliara, in the volume before us, shows no tendency to benign interpretations, and that he treats his opponents, when speaking of them individually, with becoming respect..."[125]**

**In samevatting, verskil Rosmini, in sommige opsigte van die standpunte van Thomas Aquinas. Soos reeds vermeld, is die Thomisme nie sonder gebreke nie. In hierdie verband is Rosmini nie beledigend teenoor die Thomisme nie, maar lewer hy 'n belangrike bydrae tot die uitbouing daarvan.**

**Deur sy strewe om sy teologiese standpunte met moderne politieke en wetenskaplike denke te versoen, het Rosmini ook 'n belangrike invloed op die Italiaanse *Risorgimento* uitgeoefen. Rosmini verwelkom dié Italiaanse nasionale beweging, maar staan krities teenoor die anti-Thomistiese sentimente wat dié beweging in hom omdra.**

**Rosmini het die staat se bemoeienis met interne kerklike aangeleenthede krities bejëen. Sy ontevredenheid in dié verband het as direkte aanleiding vir twee van sy belangrikste werke gedien, naamlik die *Delle Cinque Piaghe Santa Chiesa* "On the Five Wounds of the holy Church" en die *La Costizione Secondo la Giustizia Sociale* "On the Constitution of Social Justice." In die eerste werk het Rosmini daarna gestreef om die integriteit van die kerk te beskerm. In die tweede werk het hy die belangrikste grondslae met die oog op sosiale geregtigheid gevestig. Die kritiek van Rosmini se teenstanders het egter daartoe gelei dat beide werke op die *Index Librorum Prohibitorum* (Indeks van verbode boeke) geplaas was.**

---

[125] Sien Davidson 1883: 616.

**Volgens Rosmini se teologiese standpunte poog hy om aan die grondwaarhede van die tradisionele (klassieke) Thomisme getrou te bly. Rosmini poog ook om die Thomisme te ontwikkel met die oog op sosiale, maatskaplike en politieke omstandighede van sy tyd. Hy hanteer die vertrekpunte van die Thomisme op só 'n wyse dat dit 'n nuwe dinamiese aktualiteit verkry.**

**In die lig van die voorgaande sal begryp word dat die valse dilemmas deur voor- en teenstanders wat sy posisie binne die Thomisme gepostuleer het, voorlopig van minder belang is. 'n Finale oordeel oor hierdie aspekte kan slegs gemaak word nadat 'n indringende studie van Rosmini se sosiale, politieke en juridiese standpunte binne die breë konteks van die Thomisme gemaak is.**

## 2. Antonio Rosmini se Sosiale Filosofie

### 2.1 Inleidende opmerkings oor Rosmini se teorie oor die mens en die werklikheid

Vir 'n studie van Antonio Rosmini se filosofie word 'n ondersoek na sy kosmologie, ontologie, antropologie en kenteorie vereis.

Die mens soek redes vir "dinge" en gebeurtenisse. Hy wil weet waarom "dinge" gebeur. Kennis van die werklikheid beweeg die mens tot meer universele verduidelikings. Wat ons op een vlak weet, word op die volgende kennisvlak wat ons bereik veronderstel. Rosmini verklaar dat menslike kennis soos die eienskappe van 'n piramide vertoon: "Its base is huge, and formed of the innumerable, particular truths we know. These truths are the stones at the bottom of the pyramid. Above them runs another level of more universal truths, fewer in number but embracing all that will be developed at the lowest level. We go up from level to level... until we arrive at the top of the pyramid where the multiplicity of stones merges in the unity of a single block which extends potentially to all that lies beneath it."[126]

Rosmini glo die filosofie stel die mens in staat om die hoogste vlak van kennis van die werklikheid te bereik. Hy meen uit fundamentele kennis van die werklikheid ontspring weer nuwe kennis. Rosmini meen dat sekerheid aangaande die werklikheid die mens se reaksie van sy kennis is. Volgens Rosmini sal ons die werklikheid ken, indien menslike oordele in ooreenstemming verkeer met wat hul weet. Rosmini definieer die sekerheid aangaande die

126 Cleary 1992: 16.

werklikheid soos volg: "... (it) is a firm and reasonable persuasion that conforms to the truth. In other words, we not only know something to be true, to be what it is, but we are also firmly persuaded that it is what we know it to be, and have a reason for our persuasion. The criterion is always the idea of being, which precedes every judgment and all reasoning and is therefore inviolate."[127]

Nadat die grondslag vir kennis aangaande die werklikheid gelê is, is dit vervolgens belangrik om die aard van die mens te bepaal. 'n Studie oor die aard van die mens vereis 'n analise van die liggaamlike en goddelike elemente van die mens. Dus word 'n deeglike kennis van Rosmini se antropologie vereis.[128]

Rosmini se studie oor die aard van die mens (antropologie) beweeg hom na 'n ondersoek oor die werklikheid in geheel (kosmologie). Onder die kosmologie behandel Rosmini die ontstaan of oorsaak van die wêreld en onder die antropologie behandel Rosmini die leer omtrent die mens. Die antropologie handel hoofsaaklik oor die liggaamlike en die goddelike aspekte van die mens. Die goddelike aspek dui op die siel, wat uit twee afsonderlike, maar onskeibare elemente bestaan.[129]

Uit hoofde van die siel beskik die mens oor die rede. Rosmini verklaar aangaande die rede: "... (it) is the supreme principle, the root and the fount of real existence and activity in the human being."[130]

---

127 Cleary 1992: 20.
128 Cleary 1992: 21.
129 Cleary 1992: 23.
130 Cleary 1992: 24.

**Die fundamentele aktiwiteite van die siel bestaan uit die intellek, die wil, sintuie, instink en die rede. Rosmini verklaar dat die sintuie passief is, terwyl die intellek reseptief is. Instink en wil ontspring vanuit die passiwiteit en die reseptiwiteit van die sintuie en van die intellek. Rosmini beweer dat die mens die eenheid is, waarbinne die intellek en die sintuie met mekaar verkeer.[131]**

**Rosmini se kenteorie en kosmologie bring ons uiteindelik by 'n studie oor die menslike samelewing. Slegs In die menslike samelewing kan die relevansie en die praktiese implikasies van Rosmini se kenteorie beoordeel word. Hy glo dat in die menslike samelewing die verhouding tussen mense in sosiale konteks beoordeel kan word. Die sosiale konteks bied die verwysingsraamwerk vir ander terreine van die filosofie soos die politieke en die juridiese filosofie onderskeidelik.[132] Op grond van die politieke en juridiese filosofie kan 'n sosiale grondslag vir sy menseregte-leer verskaf word. Rosmini beskou die menslike samelewing as: "... (not) an external organisation. It is rather a group of persons who will to join together for the attainment of a common end."[133]**

**Rosmini beweer dat die vestiging van 'n menslike samelewing in die begeerte van die mense bestaan om bymekaar te kom en om sodoende 'n doelwit te bereik wat vir die**

---

131 Cleary 1992: 26.
132 Cleary 1992: 32.
133 Cleary 1992: 32-3.

**individu andersins onmoontlik sou gewees het.[134] Op grond hiervan vind Rosmini aansluiting by die klassieke of tradisionele Thomisme.[135]**

**Rosmini meen dus dat die kosmologie, ontologie, kenteorie en antropologie voortdurend met mekaar in wisselwerking verkeer. Dit alles vorm die basis van Rosmini se sosiale filosofie.**

## 2.2 Rosmini oor die kosmologiese grondslae van die werklikheid

---

134 Cleary 1992: 33. "The key to proper understanding of any society lies in the willed desire of the members to be together for the sake of reaching a goal that would either be impossible or difficult to achieve otherwise. This willed desire may be ontologically irrevocable, as in the case of marriage, or revocable, as in the case of societies which may be dissolved with the members' consent, but in every society some act of will is needed for constitution the corporate body. Without this act of will, the external apparatus of society is a delusion."

135 D'Entréves 1965: 9; *De Regimine Principum. Liber primus*. Aquinas beweer dat die saambestaan van die mens in die burgerlike samelewing (*societas*) natuurlik en noodsaaklik vir die mens is "... *si ergo naturale est homini quod in societate multorum vivat...*" Aquinas verklaar vervolgens dat 'n gemeenskapslewe van fundamentele belang vir die mens is, omdat hy as individu nie in staat sou wees om in al sy behoeftes te kan voorsien nie. Dit behels dat die gemeenskapslewe voordelig vir die menslike bestaan is. Ons stel Aquinas self aan die woord: "... *Cum autem homini competat in multitudine vivere, quia sibi non sufficit ad necessaria vitae, si solitaris maneat, oportet, quod tanto sit perfectior mulitutudinis societas, quanto magis per se sufficiens erit ad necessaria vitae. Habetur siquidem aliqua vitae sufficentia in una familia domus unius, quantum scilicet ad naturales actus nutritionis, et prolis generandae, et aliorum huiusmodi; in uno autem vico, quantum ad ea quae ad unum artificium pertinent; in civitate vero, quae est perfecta communitas, quantum ad omnia necessaria vitae; sed adhuc magis in provincia una propter necessitatem compagnationis et mutui auxilii contra hostes...*" ('n Gemeenskaplike lewe is wenslik vir die mensdom, omdat die mens nie in staat sal wees om in sy lewensbehoeftes te voorsien as indien hy 'n alleen-bestaan voer nie. Dit beteken dus dat 'n gemeenskaplike saambestaan meer volmaak is omdat daardeur die mens homself van sy lewensbehoeftes kan voorsien. Daar bestaan 'n selfgenoegsaamheid in 'n enkele huishouding insover die elementêre noodsaaklikhede van voeding en voortbringing van kinders ter sprake is. Soortgelyk word in een plek alles gevind wat vir 'n amp of beroep nodig is. Die stad, is byvoorbeeld, 'n volmaakte gemeenskap, omdat dit alles voorsien wat vir die lewensbehoud noodsaaklik is. 'n Provinsie, is 'n beter voorbeeld, omdat in 'n provinsie daar gemeenskaplike bystand van bondgenote teen vyandige aanval, toegevoeg word.)

**Die kosmologie as wetenskaplike dissipline kan tuisgebring word onder die wetenskap van die werklikheid.[136] Rosmini verdeel die kosmologie in die teologie en die natuurfilosofie.[137]**

**In sy behandeling van die kosmologie bespreek Rosmini die kosmiese wette as dáárdie wette wat gemeenskaplik aan alle mense is. Uit die literatuur is dit vanselfsprekend dat die kosmiese wette die natuurreg veronderstel: "... cosmic laws, that is, the laws common to all contingent beings..."[138] Alhoewel dit nie pertinent in die bronne genoem word nie, blyk dit hieruit dat die kosmiese wette waarvan Rosmini praat, die natuurreg sou wees, omdat dié wette juis die verhouding van die mens teenoor God en die mens onderling met mekaar reël.[139] Rosmini tref dus 'n analogie tussen die kosmiese wette en die natuurreg.[140]**

**Rosmini beweer dat 'n fundamentele probleem in die kosmologie die bepaling of vasstelling van die aard van die werklikheid is. Rosmini verstaan onder werklikheid: "... (the nature of reality) is constituted by feeling, which in its turn leads us to that first act or intimate essence of what is real, by which we know things in our perception of them."[141]**

---

136 Davidson 1882: 317.

137 Davidson 1882: 324.

138 Davidson 1882: 323-4.

139 Cleary 1992: 37-44. Rosmini se behandeling van die reg verskil van dié van Aquinas, maar dit het dieselfde toepassing en strekking. Beide Rosmini en Aquinas meen dat die reg die bereiking van die algemene welsyn van die individu en die samelewing in vooruitsig het. Rosmini het egter, anders as volgens Aquinas se vierdelige klassifikasie van die reg, eerder 'n onderskeid tussen individuele en sosiale regte getref. Alhoewel die indelings van hulle regte van mekaar verskil, is dit duidelik dat die inhoud daarvan ongetwyfeld oorvleuel.

140 Sien D'Entréves 1965: 109. Aquinas meen daar is 'n drievoudige orde in die mens, naamlik die rede, die goddelike reg en die mens se verhouding met sy naaste (mede-mens).

141 Cleary 1992: 53.

**Rosmini beskou die kosmologie tesame met die ontologie en die natuurlike teologie as deel van die metafisika. Onder die natuurfilosofie behandel Rosmini die vraag oor die ontstaan van die wêreld. Rosmini meen die ontstaan van die wêreld kan verklaar word deur die ontdekking van die ware aard van die mens. In Rosmini se kosmologie staan die mens in verhouding tot God en die wêreld (kosmos). Rosmini meen as die mens dieselfde eienskappe as God vertoon, byvoorbeeld noodsaaklikheid, universaliteit, ewigheid, dan moes hy altyd bestaan het.[142] Indien die teendeel blyk en die mens oor die eienskappe van kontingensie, partikulariteit en temporaliteit beskik, moes hy 'n begin (aanvang) gehad het.[143] Laasgenoemde is aanvaarbaar, omdat die kosmologie bepaal dat die mens nie sy eie bestaan is nie, maar dat hy 'n oorsaak het.**

**Volgens Rosmini kan die kosmologie nie volledig behandel word sonder om die ontologie, veral die teologie daarmee in verband te bring nie.[144] Hy meen gevolglik dat ons nie die kosmologie (bestaan van die wêreld) kan begryp, sonder om die aard en werking van sy outeur, God, te behandel nie. Rosmini veronderstel dat kennis oor God se bestaan 'n noodsaaklike vereiste vir die mens is, sodat die mens in staat gestel word om God se verordening van die natuurreg te verstaan. Dié Thomistiese persepsie vorm deel van Rosmini se kenteorie.**

---

142 Die sentiment dui op die Platoniese leer van die voorafbestaan van die siel.

143 As mens die grondslae van Rosmini se wysgerige en regsfilosofiese denke begryp, blyk dit dat hy menseregte oor die boeg van universaliteit, noodsaaklikheid en ewigheid wil fundeer. Die eienskappe dui op die goddelike en moet daarom ewigdurend wees. Ten opsigte van die eienskappe van partikulariteit en temporaliteit meen Rosmini dat 'n menseregte-leer nie standhoudend kan wees nie, omdat die positiewe reg van 'n land maklik deur 'n volgende regering (wat heel moontlik die gevolg van 'n *coup d'etat* is) verander kan word. Die handhawing van menseregte sal dus van een land tot 'n ander verskil. Rosmini stel dus voor dat die natuurreg, wat die gevolg van die goddelike rede is, as maatstaaf vir die handhawing van menseregte moet dien.

144 Davidson 1882: 321. "… Cosmology cannot be fully treated except in connection with Ontology, and especially Theology."

**Rosmini behandel die mens se kennis oor die bestaan van God, onder die ontologie. Volgens Rosmini sal ons nie metafisiese of geestelike dinge kan begryp, sonder om daardie dinge wat tydelik is (die kosmologie), te verstaan nie. Die kosmologie kan dus nie op sy eie ‘n afgeronde of onafhanklike wetenskap wees nie. Dit kan slegs deel vorm van ’n hoër wetenskap, naamlik die ontologie, veral die teologie.[145]**

## 2.3 Rosmini se ontologiese grondslae

**Rosmini onderskei die ontologiese wetenskap in twee dele, naamlik die ontologie self en die natuurlike teologie.[146] Hy meen die ontologie behandel die syn in sy essensie. Wat die essensie van die syn betref, identifiseer Rosmini drie vorme, naamlik die ideële, die werklike of wesenlike en die morele vorm.[147]**

---

145 Davidson 1882: 324.
Cleary 1992: 53.
http://plato.stanford.edu/entries/antonio-rosmini

146 Davidson 1882: 326.

147 Davidson 1882: 326. "… (Ontology) treats of being in its essence, and in the three forms in which its essence is – the ideal form, the real form, and the moral form."

**Volgens Rosmini moet die essensie van die syn in al drie die vorme dieselfde wees, alhoewel dié vorme wel van mekaar verskil.[148] Alhoewel die mens met die goddelike beeld gelyk is, verskil God en mens in essensie van mekaar. Rosmini meen die hoogste vorme van syn is die ideële, die werklike en die morele vorm - naamlik God. Die mens deel in die ideële, die werklike en die morele vorm deur middel van die siel.[149] Dié goddelike eienskap, die siel of rede, dui op die teenwoordigheid van die natuurreg in en onder die mense. Die natuurreg baken die mens se handelinge teenoor andere af. Die mens moet dus deur sy rede gelei word om sy handeling so te reël dat hy die verhewendheid van dié goddelike eienskappe kan naboots. Die gedagte van *analogia entis* tussen God en mens word deur die *imago Dei* (beeldskap van die mens tot God) veronderstel.[150]**

**Onder Stoïsynse invloed is die *imago Dei* gesien as die vonk van die goddelike wat in die mens aanwesig is. Onder die invloed van Aristoteles (en gevolglik Aquinas) is die menslike rede as die teken van die beeldskap van God beskou.[151] Die syn is die objek van die rede en dien as beginsel vir die werklikheid wat in ontologiese vorm uitgedruk word.[152]**

---

148 Davidson 1882: 328-9. Rosmini tref 'n onderskeid tussen die drie vorme om sodoende God en mens te skei. Hy maak die opmerking dat God ideële Syn is, terwyl die mens beperk is. God as ideële Syn is volmaak, terwyl die mens as werklike syn onvolmaak is. Die morele vorm dien as 'n brug tussen God en mens. Die mens moet met God verenig. Dit is die taak van die morele vorm om die eenheid tussen God en mens te bewerkstellig. Rosmini verklaar: "… moral good is infinite in its nature, having always infinite being for its object. Limited being is never seen by perception as alone and as having no relation but to itself, but always as united to the ideal…"

149 Davidson 1882: 328-9.

150 Davidson 1882: 333. Volgens Rosmini bepaal die ontologie dat God nie anders as die werklike syn (mens) begryp kan word nie "… since God cannot be thought except as real, reality is one of His essential attributes, and, therefore, He is not a mere ideal postulate of the reason, but a subsistent reality."

151 Die reg of wet is deur God ingestel vir die rasionele verordening van die burgerlike *societas*. Die rede is die medium waardeur die mens die natuurreg interpreteer. Na aanleiding van Aquinas se persepsie oor deug, word die mens sodoende nader aan God gebring en behels dit vervolgens die vervolmaking van die burgerlike *societas*. Rosmini sou dieselfde benadering gevolg het.

152 Davidson 1882: 333.

**Rosmini meen die morele vorm, in verhouding met die werklikheid, vorm die ideële Syn. Hy verklaar dat die mens die morele-vorm (tese), met die werklike-vorm (die handhawing van die reg (antitese) verenig, om sodoende die ideële-vorm (God) te bewerkstellig. Volgens Rosmini is ideële Syn oneindig en wesenlik volmaak. Hiervolgens kan ons van die veronderstelling uitgaan dat morele goedheid volgens sy aard oneindig is, naamlik dat God, die oneindige Syn is. Die oneindige volmaakte Syn kan dus nie mens wees nie. Rosmini meen dat die onvolmaakte beperkte syn (die mens), nie selfstandig is nie, maar gewoonlik met die ideële Syn wat volmaak en oneindig is, verenig. Dit, meen Rosmini, vorm die werklike eienskap van wat moreel is, en wat die geheel van die syn omvat. In soverre die syn moreel is, beskik dit oor die hoedanigheid om die subjek of mens in harmonie met sy objek, God, te bring. Deur die mens se gerigtheid op God, word die mens as subjek vervolmaak en vervolledig met betrekking tot die nakoming van sy regte en verpligtinge in die menslike samelewing. Die mens is dus nou in staat om deur middel van die natuurreg en positiewe reg 'n morele oordeel oor sy handelinge te vel.**

## 2.4 Natuurlike teologie

**Rosmini meen die teologie behandel die Absolute Syn, naamlik God. Volgens Rosmini beskik die mens nie oor die vermoë om tot 'n volledige wetenskap van die volmaakte Syn (God) te kom nie. Die volmaakte Syn (God) in sy totaliteit en volledigheid is dus nie aan menslike kennis of bestaan onderworpe nie. Die menslike rede kan slegs dìt weet wat deur die natuur aan hom geopenbaar word. Rosmini meen die mens is geneig om aan God iets positiefs waarmee die menslike intelligensie ooreenkomste vertoon, te koppel. Dié ooreenkomste gaan egter ook gepaard met verskille, sodat ons geen voldoende begrip oor**

**God kan vorm nie. Ons weet dus dát God bestaan, eerder as wát Hy is. Oor die vraag op watter wyse die menslike intelligensie God ken, meen Rosmini, soos Thomas Aquinas, dat wanneer ons sê God is intelligent, dit nie beteken dat God aan dieselfde norme vir menslike intelligensie onderworpe is nie. Hy meen ons moet die term "analogies" gebruik. Thomas Aquinas verklaar: "... we cannot mean that God is intelligent in precisely the same way that a man is intelligent: we cannot, that is, by using the term in a univocal sense. Nor can we be using it purely equivocally. If we were, the term would have no meaning when applied to a being transcending our natural experience... we predicate of God something positive to which human intelligence bears some resemblance..."[153]**
**Rosmini meen ons kan God ken, op 'n wyse wat egter die menslike intelligensie oorskry. Volgens hom kan ons dus nie 'n positiewe begrip oor God vorm nie, maar wel 'n negatiewe.[154]**

**Die natuurlike teologie demonstreer die bestaan van die volmaakte Syn (God) en bied sodoende uitlopers vir 'n Christelike fundering van menseregte in die menslike samelewing. Rosmini identifiseer vier bewyse vir die bestaan van God.[155] Hy vestig hom sodoende as onafhanklike denker, deur sy eie natuurlike teologie te konstrueer, langs die weg van die**

---

153 Sien Copleston 1952: 93.

154 Davidson 1882: 334. "… this sort of cognition is called negative and is the only sort possible in natural theology, which treats of being in its absoluteness, of being, not as known to man, but as it is in itself."

155 Sien Copleston 1952: 90. Anders as Rosmini het Aquinas vyf bewyse, in plaas van vier, vir die bestaan van God voorgestel. Volgens Aquinas geld op die natuurlike terrein die outonomie van die rede. Hy meen die natuurlike rede van die mens se hoogste produk is 'n natuurlike teologie, dit wil sê 'n teologie gekonstrueer deur die rede slegs met behulp van die natuurlike gegewens (geen openbaring) soos wat Aristoteles gedoen het. Aquinas meen dat tussen die terreine van die rede (wete en geloof) nooit teëspraak kan bestaan nie, want die Christelike waarheid gaan wel bo die verstand uit, maar weerspreek dit nooit. Die rede: die waarheid is één, en steun op God. 'n Natuurlike teologie dien as voortrap vir die Skriftuurlike teologie "… for faith presupposes natural knowledge, even as grace presupposes nature." In sy natuurlike teologie lewer Aquinas vyf bewyse vir die bestaan van God: naamlik die feit van beweging, oorsaak, noodwendigheid, grade van vervolmaking en laastens, doelgerigtheid.

**Thomistiese leer. Alhoewel daar sekere raaklyne tussen sy natuurlike teologie en die van Thomas Aquinas bestaan, is dit nie volkome nie. Rosmini bevestig weereens sy aanspraak as aanhanger van die klassieke Thomisme vir soverre twee van sy Godsbewyse direk ooreenstem met die natuurlike teologie van Thomas Aquinas.[156] Die feit dat die ander Godsbewyse van Rosmini van dié van Thomas Aquinas verskil, beteken nie dat Rosmini nie 'n Christelike Godsbeskouing gehandhaaf het nie. Daar kan wel raaklyne tussen die Godsbewyse van Rosmini en dié van Thomas Aquinas gevind word.**

**Die eerste bewys lui dat die essensie van Syn nie net niks is nie, maar eerder iets is wat ewig en noodsaaklik is. Volgens Rosmini moet die essensie van die volmaakte Syn wat ewig en noodsaaklik is, ook oor wesenlikheid en moraliteit beskik. Hy meen die essensie van Syn is oneindig en bestaan onder al drie vorme.[157] Dit is God.**

**Die tweede bewys vir die Godsbestaan lei Rosmini af van die ideële-vorm van die volmaakte Syn. Hy meen die ideële-vorm is die lig wat die intelligensie skep. Dié lig is die ewige lig en die ewige objek. Die (subjek) as ewige lig, moet oor volkome kennis beskik en sodanige kennis moet nie verganklik wees nie. God is volmaakte kennis, God is ewige lig en God is ewigdurend. Volgens Rosmini sal die subjek wat terselfdertyd as oneindige objek bestaan,**

---

156 Strauss et al 1978: 18-9. Volgens Strauss bestaan daar parallele lesings tussen Thomas Aquinas se eerste Godsbewys en die derde Godsbewys van Rosmini. Thomas Aquinas se eerste Godsbewys bepaal dat niks kan beweeg sonder dat dit beweeg word nie en hierdie aanleidende bewegende ding word op sy beurt beweeg. ‘n Oneindige reeks is onmoontlik en daarom moet daar ‘n Eerste Onbewoë Beweër bestaan – en dit noem Aquinas God. Die eerste Godsbewys van Aquinas vind aansluiting by dié van Rosmini. Rosmini fundeer sy Eerste Oorsaak van alles onder die feit dat die rede van die kontingente tot die noodsaaklike beweeg. Albei erken ‘n Eerste Oorsaak van alles, naamlik God.
Die vierde bewys van die Thomistiese Godsbewys vind aansluiting by die vierde Godsbewys van Rosmini. Aquinas se vierde Godsbewys is soos volg: Volgens hom is daar grade van goedheid, waarheid, ensovoorts. Daar is ‘n beste, ‘n waarste, ensovoorts en gevolglik ook iets wat in oortreffende trap bestaan. Daar moet dus iets wees wat vir alle bestaande dinge die oorsprong van hul bestaan, goedheid, ensovoorts is. Dit noem Aquinas God.

157 Davidson 1882: 326. Die essensie van die syn beskik oor die volgende drie vorme: die ideële, die werklike en die morele vorm.

**die oneindige handeling van goedheid of morele vervolmaking wees. Die volmaakte Syn is dus absoluut. Dit is God.[158]**

**Die derde bewys lei Rosmini van die werklike-vorm af. Hiervolgens gaan die rede of gedagte van die kontingente uit tot die wesenlike – tot die Eerste Oorsaak van alles.[159] Dit is God.**

**Hy lei die vierde bewys van die morele-vorm af. Rosmini meen die morele wet en deug is oneindig. Hy meen die waardigheid van die morele wet is ewig, noodsaaklik en absoluut. Hy gaan van die veronderstelling uit dat (God) niks sou gewees het, as dit nie 'n absolute bestaan sou gehad het nie. Daar is dus 'n Absolute Syn, naamlik God.[160]**

**Die natuurlike teologie bewys in die geval van Thomas Aquinas dat ons God deur middel van ons rede kan ken. Rosmini veronderstel egter dat ons God deur middel van die "lig van die rede" (Goddelike Openbaring) kan ken. Ons kan nie méér oor God weet, as wat deur die noodsaaklikheid van die essensie van die Syn toegelaat word nie. Dit, meen Rosmini, volgens Davidson, vorm die beperking van ons kennis wat ons van God op die natuurlike**

---

158 Davidson 1882: 335-6. Rosmini beskou God as Oneindige Objek. Hy verklaar "… a subject which, at the same time, exists as an infinite object is the most perfect possible union of the two, and hence it is the infinite act of goodness or moral perfection that constitutes the third primordial form of being."

159 Sien Venter 1970: 14. Die derde bewys van Rosmini se Godsbestaan toon parallelle met die Aristoteles-Thomistiese bewys van God se bestaan. Die eerste bewys van die bestaan van God word deur Aristoteles soos volg bepaal. Hy meen geen ding kan self die oorsaak wees van sy eie beweging of verandering nie. Die kosmos moet 'n oorsaak, 'n oorsprong hê wat buite homself staan. Aangesien Aristoteles die heelal as ewig-bestaande beskou, moet sy oorsprong ook ewig wees. Voorts moet sy oorsprong volmaak wees, want hy is die maatstaaf waaraan alles in die materiële wêreld getoets moet word. Ook is hy die eerste oorsaak van alles wat op aarde beweeg en verander. Self kan hy egter nie beweeg nie. Daarom is God vir Aristoteles die oorsaak van alle beweging, wat self nie kan beweeg nie. God is die suiwere Vorm, die einddoel van volmaaktheid waarna alles moet strewe.

160 Davidson 1882: 336.

**terrein het.[161] Hy verklaar weereens dat ons kennis van God, negatiewe kennis is.[162] Rosmini verduidelik dat die negatiewe kennis wat die mens van God het, geleë is in byvoorbeeld die feit dat dit onlogies is om te verklaar dat God ook oor menseregte beskik. Ons kan nie 'n persepsie oor God vorm, sonder om die menslike intelligensie of rede te oorskry nie: "... but this absolute being, which we neither intuite nor perceive, we can know no more than is shown us by the necessity of the essence of being, the object of the idea. This is the limit of the knowledge which we can have of God in the natural order, and hence our knowledge of the divine nature may be called a negative-ideal knowledge."[163] Menseregte kan slegs ten opsigte van mense toegepas word en nie ten opsigte van God nie. God dien wel as ontologiese bron, waaruit menseregte in die menslike samelewing hul oorsprong het: "... (person)... mean a substantial relationship, that is, a relationship found in the intrinsic order of being of a substance. When these constitutive, ontological elements of person are found in the human subject, we have arrived at the concept of human**

---

161 Rosmini 1991 (b)
Davidson 1882: 342-7.
Rosmini beweer dat daardie syn wat natuurlik deur die mens waargeneem word, nie God is nie, omdat dinge genoem word soos hulle begryp of gesien word. Daardie idees wat kenmerkend van die Goddelike essensie is en wat ons van die noodsaaklikheid van God se bestaan oortuig, is nie God self nie, dit bevat slegs bewyse van Sy bestaan. Die konsep "God", is dus slegs 'n teken, 'n aanduiding van Hom. Net so is die aard van die negatiewe waarneming. Rosmini meen die naam, "God," is slegs die intellektuele naam waarvan ons praat. Dit is nie God self nie. Dit is wel die onderwerp van die opinie dat God bestaan. Volgens Rosmini het God geen essensie, generies of spesifiek met ander entiteite nie. Die ideale konsep van God is in die geheel as Suiwer Syn beskou.
Davidson 1882: 338. Rosmini bevestig dat ons nie God van nature kan sien nie. Hy gaan selfs verder as Thomas Aquinas en Augustinus, wie onderskeidelik gesê het: "… *intellectus separatus, secundum fidei documenta, est ipse Deus, qui est creator animae, et in quo solo beatificatur… Unde ab ipso anima humana lumen intellectuale participat*…", en "… *solus Deus dat intellectum; Deus enim per ipsum, quod lux est, illuminat pias mentes*." (… die intellek word afsonderlik gevorm, daarna dien die geloof as bewys, wat deur die God, die skepper van die siel, aan ons geskenk is. God het ook die menslike siel met intellek begiftig" en "God is alleen die skenker van die intellek. Hy is deur Homself. God is lig. Hy verlig die denke sodat dit vroomheid bereik.) Rosmini verduidelik verder. Hy verklaar dat die eerste syn nie God is nie, omdat dit iets onbreek wat aan die Goddelike wese behoort. Die syn onbreek aan volledigheid, dit beskik dus nie oor selfstandige bestaan nie. As die objek van konsepsie enigiets ontbreek, sal die ding wat so waargeneem word nie God is nie. Enigiets wat onvolmaak is, is nie God nie. As 'n ding of syn volledig begryp of gesien word, sal dit nie 'n begin of aanvang hê nie, en sal dit die naam, God, waardig wees.

162 Davidson 1882: 340.

163 Davidson 1882: 337.

**person... 'person' as the fount of moral, human action, is the foundation of all right in human relationships because its very own worth is drawn from that which ultimately forms the human intellective subject. This moral excellence and superiority by right, which elevates the human person above the whole of nature, must have the same source as all morality and right... we find ourselves in need of a suitable basis for the development of our understanding of the nature of human rights..."[164]**

**Rosmini beweer dat die essensie van sy natuurlike teologie ooreenkomste met sommige eienskappe van die tradisionele natuurreg vertoon. Die eienskappe van ewigdurendheid, noodwendigheid, ensovoorts, wat op God dui, is juis daardie eienskappe wat die natuurreg bevat: "... this authority is equally absolute, unchangeable, impassible and eternal because these are all properties essential to the law of justice and uprightness."[165] Die goddelike en verhewe eienskappe is, volgens Rosmini, juis dit wat aan die natuurreg sy hoër status besorg. Rosmini konstrueer die natuurreg as 'n Godgegewe reg, waaruit die beginsels van reg en geregtigheid deur middel van die rede afgelei kan word.[166] Die standpunt van die natuurreg ontwaak by die mens enersyds 'n natuurbeskouing en andersyds 'n**

---

164 Rosmini 1991 (a): vii-xii.
Cleary 1992: 29. Cleary meen dat menseregte volgens Rosmini ontologies tot God deurgevoer kan word: "… The innate dignity conferred on human beings by their very existence as intelligent beings becomes an absolute, inviolable right to be recognized wherever I find it. What is said about human beings is *a fortiori* true of the Absolute which confers upon them the light of being. All moral good is found in the acknowledgement of the classes of intelligent beings at their level of relationship with Absolute Being; no moral good can be found outside the ranks of intelligent beings."
Rosmini 1991 (a): 480. Rosmini verklaar vervolgens aangaande die ontologiese fundering van menseregte in die menslike *societas*: "… through this relationship the person becomes moral and enters the sphere of things which partake of the infinite and acquire an infinite value…Through this act the human being merits, and spontaneously moves to unite himself to all beings and to the source of beings, loving them all and receiving love from them all. He gives himself to all beings, and they give of themselves to him. He thus widens his own limits, bringing his restricted, deficient nature to completion… Such is the end of human beings, the noblest end of person, and hence, the end of human nature…"

165 Rosmini 1991 (a): 384.

166 Rosmini 1991 (a): 384.

regsbeskouing. Die natuurlike werklikheid word beheers deur die *lex aeterna* (ewige reg), wat weer gelyk aan die *ratio* van God is.[167] Omdat die menslike rede 'n afskaduïng van die Goddelike *ratio* is, is die mens in staat om met behulp van sy rede outonoom daardie deel van die natuurreg wat vir hom geld, te ken.[168] Hiervolgens kan die mens sy aanspraak op menseregte vanuit die Christelike voorskrifte van die natuurreg aflei.

Nadat 'n kosmologiese en ontologiese dimensie gepostuleer is, kan 'n studie oor die werklikheid of kenteorie gelewer word.

## 2.5 Rosmini oor die grondslae van die kenteorie

Rosmini verduidelik die kenbaarheid van die werklikheid soos volg: "... we must not make fewer assumptions than are required to explain them... [nor must we] make more assumptions than are needed to explain facts."[169]

Vir die mens se kennis van die bestaan van die werklikheid meen Rosmini dat die menslike denke wat die sluitsteen van die kenteorie uitmaak, op die aangebore idee van die syn gerig

---

167 Rosmini 1991 (a): 446. St. Athanasius verklaar: "… God, maker of the world, formed through his Word the human race in his own image, and gave it (the human race) understanding, and knowledge of his eternity."
Rosmini 1991 (a): 446, 447.

168 Rosmini 1991 (a): 384. Rosmini verklaar: "… Those, however, are more fully endowed whose gaze, formed more purely and sharply by nature, absorbs at first sight greater light from the divine ray of justice."

169 Rosmini 2001: 23-4. Met dié aanhaling as basis vir sy metodologie, beskou Rosmini Locke, Condillac, Reid en Steward se verduidelikings oor die werklikheid of kenteorie as onvolledig. Rosmini meen ook dat Plato, Aristoteles, Leibniz en Kant se verduidelikings in baie opsigte oordrewe is. Volgens Rosmini was dié twee denkskole nie in staat om onderskeidelik die oorsprong van idees te verduidelik nie. Indien hulle dit wel sou gedoen het, sou hulle 'n werklikheidsleer of kenteorie kon gevestig het. Laasgenoemde skool het egter meer idees of vorme as wat nodig is, gepostuleer.

**moet wees. Volgens Rosmini is slegs dié enkele idee van die syn voldoende om die intellektuele beginsels van die denke te bepaal.[170]**

**2.5.1 Objektiwiteit**

**Ware kennis is afhanklik van die Objektiewe Bron waaruit dit spruit. God is die Objektiewe Bron van alle menslike kennis. Volgens Rosmini beskik objektiwiteit oor goddelike eienskappe."[171] Hy meen die kennis of rede is 'n idee, en nie die bestaan van 'n "ding" nie, omdat bestaan nie 'n oorspronklike en wesenlike vorm van ons denke uitmaak nie.[172] Van die drie kategorieë, naamlik moontlikheid, bestaan en noodsaaklikheid, beskik slegs die kategorie van moontlikheid oor die eienskappe van die menslike intellek of rede.[173]**

**Rosmini verklaar: "... we have said that the possibility of which we speak is the idea of anything. Indeed, possibility must always be thought as possibility of something, since we cannot think the possibility of nothing. Possibility, therefore, is inseparable from something, while at the same time, it may be found united to any something. In order, therefore, that we may think possibility, it is not necessary that this something should be determined as to genus, species, or individual. It is sufficient that it be something, a being**

---

170 Rosmini 2001: viii. "Rosmini then bridges the gap between the two by positing a single, innate idea – the idea of being – as the necessary foundation of all thought. As an innatist, therefore, he stands with Plato. At the same time, he accepts, with Locke and Kant, the need for sense experience to determine and concretize this idea through the judgments we make about the existence of things. Finally, on the basis of the naturally intuited idea of being, which as the light of reason forms the capacity possessed by the human mind for looking out on all being, Rosmini writes at length about certainty, the only final resting place for human thought."

171 Davidson 1882: 335, 346.h

172 Davidson 1882: 100.

173 Rosmini 2001: 332. "The idea (possibility) of the undetermined *ens* is the sole original, essential form of the human intellect."

**perfectly indeterminate. The idea (the possibility), therefore, of indeterminate being is the only original and essential form of the human intellect."[174]**

**Rosmini meen dat as ons die idee van die syn wegneem, ons die menslike kennis of rede ongedaan sal maak.[175] Volgens Rosmini bestaan die oorsprong van moontlikheid en noodsaaklikheid nie in die subjek nie, maar wel in die objek, wat syn is. Hy is daarvan oortuig dat albei, moontlikheid en noodsaaklikheid, in die aard van die syn bestaan, wat altyd objek en nooit subjek is nie. Dit is vanselfsprekend dat as 'n "ding" homself nie as objek van 'n ander "ding" kan maak nie, dit noodsaaklikerwys daardie "ding" intelligent maak, en is dit subjek.[176] Volgens Rosmini is daardie "ding" die siel, wat met die oneindige volmaakte Syn, die ideële vorm, verbind word en aan 'n sekere oneindigheid partisipeer. Werklike dinge wat deur die mens waarneembaar is, is altyd eindig.[177] Rosmini meen die siel, wat nie waarneembaar is nie, is oneindig. Die ideële volmaakte Syn is die vorm van die siel (intellek of rede). Die ideële volmaakte Syn maak dus die ware element van die siel uit. Rosmini meen die mens is uit die eindige en die oneindige saamgestel. Die gedagte toon parallelle met die Aristoteles-Thomistiese vorm/materie-leer. Die mens bestaan uit liggaam**

---

174 Rosmini 2001: 332.
Davidson 1882: 101.

175 Rosmini 2001: 335.

176 Davidson 1882: 56-7. Volgens Davidson verklaar Rosmini: "… we too shall be willing to admit that the idea is the objective truth of things. But this does not mean that the subjective thought of man produces objective truth, that is, the idea. On the contrary, the idea is itself given to the human subject to contemplate as an object, and hence it cannot be a production of thought, which does not exist without it or before it, that is, does not exist without its natural object. Hence the object, which is ideal being, is united to real things as a principle to its terms, and these are not without that principle; but terminated being; that is, being with its terms, is before human thought and independent of it, and it is not by any means, as Hegel holds, a production of it…"

177 Davidson 1882: 333.

**(materie) en die intellek of siel (vorm).[178] In sy kenteorie volg Rosmini die hooftrekke van die Thomisme.**

### 2.5.2 Rosmini oor die kennis van die werklikheid

**Rosmini definieer werklikheid as: "... a firm and reasonable persuasion that conforms to the truth..."[179]**

**Volgens hom is die kriterium vir werklikheid die *a priori* -kennis. Deur middel van 'n *a priori* –kennis, wil Rosmini aantoon hoe ver die denke sonder die hulp van die sintuie kan gaan. Rosmini beweer dat deur middel van die *a priori* -kennis (waarheid) die bestaan van God, deur die mens, met behulp van sy rede, uit die natuurlike orde afgelei kan word.[180] Dit behels die natuurlike teologie. Alhoewel die idee van syn deur moontlikheid veronderstel word, word 'n *a priori* –kennis deur noodsaaklikheid en universaliteit gekwalifiseer. Rosmini se stelsel van die werklikheid is gerig op die waarheid of geloof in 'n verhewe werklikheid, naamlik God.[181]**

**Vir die mens se bestaan en ter wille van alle menslike kennis is 'n geloof in God noodsaaklik. Die mens het byvoorbeeld 'n hoër of bonatuurlike entiteit nodig, vir die handhawing van menseregte in die menslike samelewing. Die beoefening of handhawing**

---

178 Sien Strauss 1978: 20-1. Aquinas pas die Aristoteliese vorm- en materie-kategorie toe. Aquinas meen die siel of intellek van die mens gee vorm aan die liggaam (materie). Slegs die konkrete mens, vorm plus materie, is substansie.

179 Rosmini 1991 (b): 4.
Cleary 1992: 20.
Davidson 1882: 158. Rosmini se definisie van sekerheid sluit beide objektiewe en subjektiewe sekerheid in.

180 Davidson 1882: 335.

181 Davidson 1882: 345.

**van menseregte is slegs moontlik, indien die mens sy primêre plig teenoor God aanvaar en in Hom glo. Hierdie gedagtegang stem ooreen met dié van Seneca: "... the first duty towards God is to believe in his existence."[182]**

**Op grond hiervan, meen Rosmini, kan die bestaan van God met behulp van die rede verklaar word.[183] Rosmini meen die werklikheid van 'n Absolute Syn mag nie betwyfel word nie, selfs nie eens deur die kritiese filosofie van Kant en Hegel nie.[184]**

**Rosmini meen dat, na aanleiding van die *a priori-* kennis, ons slegs 'n negatiewe waarheid of begrip van God kan hê.[185] Volgens Rosmini bevat die positiewe begrip wesenlike eienskappe wat die begrip van God weerspreek. Hy verklaar: "... it would be absurd to attribute these characteristics to the divine essence..."[186]**

---

182 Davidson 1882: 158.
Rosmini 1991 (b): 241-7.
Sien Seneca Epistles 95 in Rosmini 1991 (b): 241-7.

183 Rosmini 1991 (b): 238.

184 Rosmini 1991 (b): 238-9.
Davidson 1882: 142-3. Rosmini verwys na die filosofie van Kant tot Hegel, wat vorme van skeptisisme bevat. Rosmini meen die skeptici se filosofie kan in die volgende aanhaling gevind word "… they are three phases, three results, of critical philosophy. The first is characterized by despair of finding the truth. The second tries to remedy this unfortunate state of things through faith in practical reason floating in mid air, without any theoretic foundation. The third is distinguished by philosophic pride, which feeling everything vanish from its grasp, invites humanity to a show, in which it promises to take all out of nothing, before the eyes of its public, which it warns to be very attentive, just like those prestidigitators who, from under an empty dice-box, bring a large, various-coloured ball, four times as big as the box itself."

185 Rosmini 1991 (b): 243.

186 Rosmini 1991 (b): 243. Volgens Rosmini lewer positiewe kennis aan ons die werklike essensie van 'n ding. Hy beskou kennis van so aard as die begripsvermoë van 'n idee. So iemand, wat alle idees as begripsvermoë beskou, sal in panteïsme verval. Rosmini verklaar: "… such a person is forced to compose imaginary and false imitations of beings of which he has only empty ideas; he is forced to create his own fabrications, and amongst them a God composed of the characteristics and properties of our limited spirit and of matter; he creates a God made of foreign elements put together in a thousand different ways, and does so without following any law because the ceaseless wandering of a disordered phantasy has no law."

**Volgens Rosmini is die kriterium vir die werklikheid of waarheid, God. God is die werklikheid aangaande "dinge."[187] Davidson interpreteer Rosmini soos volg: "... But the supreme real ground is not given to man by nature, since this reality is God Himself.."[188] Rosmini meen dit is nie voldoende dat 'n "ding" as werklik beskryf word nie; daar moet ook 'n motief teenwoordig wees wat die vaste oortuiging weerspieël oor die werklikheid of oor dit wat redelik is – dan sal daardie "ding" vir my werklikheid wees. Rosmini verklaar dat werklikheid byvoorbeeld in die verordening van wette of die reg bestaan: "... God, in the first operation and formation of the human being, constituted the laws which govern all human nature and the human species."[189] Die reg is een van dié entiteite op die natuurlike terrein waaroor die mens 'n werklikheid kan vorm, omdat die reg as 'n Goddelike voorskrif vir die regulering van die gedrag van die individu onderling en teenoor die burgerlike *societas* in die menslike samelewing geld.[190]**

**Rosmini meen die werklikheid berus op twee komponente, naamlik die intellektuele beginsel (subjek) en die syn (as die objek).[191] Hy meen as ons aan iets onafhanklik van ons dink, beskou ons daardie iets as 'n wyse van bestaan, verskillend van ons eie (subjektiewe) bestaan.[192] Hy verduidelik dat wanneer ons dink, sal ons, as subjek, die objek van ons eie denke word. Volgens hom eindig denke in objek. Dit is iets verskillend van die denkende subjek.[193] Die objek van ons denke is die menslike rede, wat aan God gelyk gestel word na**

---

187 Die term "ding" kan geredelik met "syn" vervang word.
188 Davidson 1882: 6.
189 Rosmini 1991 (a): 445.
190 Parallelle lesing Rosmini 1991 (b): 252.
191 Rosmini 1991 (a): 440. "… because the human subject is a feeling-intellective principle, it necessarily exists simultaneously with the matter of its feeling and with the object of its intelligence (being), both of which are posited simultaneously by nature."
192 Rosmini 1991 (b): 33.
193 Rosmini 1991 (b): 34.

aanleiding van die *analogia entis* en *imago Dei*-beginsel: "... just as he said image... he also said likeness in order that we may render ourselves like God according to human forces."[194]

Rosmini meen die subjek is: "... a sentient individual, in so far as it contains within itself a supreme active principle."[195] Subjek veronderstel die mens. Rosmini meen gevolglik dat die mens oor beide 'n intelligente en 'n dierlike siele-deel beskik. Die dierlike siele-deel openbaar die voelende natuur of gewaarwording, terwyl die rasionele siele-deel oor 'n intellektuele geaardheid beskik. Rosmini beweer dat God die oorsprong van die intelligente siele-deel is: "... the Lord God formed man of dust from the ground, and breathed into his nostrils the breath of life; and man became a living being."[196]

Op grond van dié sintese en in aansluiting by die Thomisme versoen Rosmini die liggaam met die siel om sodoende 'n eenheid, die mens, te postuleer. Dit is een van die grondslae van Rosmini se antropologie.

Die mens moet daarna streef om God te ken. Met goedkeuring verwys Rosmini na Athanasius wat soos volg verklaar: "... God, maker of the world, formed through his Word

---

194 Rosmini 1991 (a): 447.
Parallelle lesing Cleary 1992: 52. "… God produces the divine synthesis in which he unites initial being with the limited realities he 'imagines.' … All these beings can in their turn reach out to him by means of the humans in their midst who, as the apex of creation, can in some way know God, communicate with him, enjoy him and unite themselves with him. All other beings on earth are subordinate to human beings, whose nature is destined, through grace, to be deified, that is, to share in the divinity itself on a supernatural level."

195 Rosmini 1991 (a): 418.

196 Rosmini 1991 (a): 442.
Genesis 2: 7.

the human race in his own image, and gave it understanding, and knowledge of his eternity."[197]

Hiervolgens het God die "lig van die intellek (rede)" nie net aan Adam verleen nie, maar terselfdertyd aan al sy afstammelinge. Hiervolgens, meen Rosmini by implikasie, kan die handhawing van regte en pligte en die nakoming van fundamentele regte of menseregte in die menslike samelewing op 'n kontinue basis geken en voortgesit word. Deur middel van die rede of intellek is kennis oor God (en sodoende menseregte) moontlik.[198]

Die kerkvader, St. Basil, verwys ook na die skepping van die eerste voorouer as die basis vir die skepping van die menslike natuur. Hy verklaar: "... This human being is certainly a wonderful thing; he has received something of great value from his natural constitution. Amongst the things we see on earth, what else was made in the image of the Creator?"[199]

Rosmini haal ook die woorde van Johannes Chrysostomus aan, wat die mens se gelykenis aan God uitdruk: "... in order that we may render ourselves like God according to human forces."[200]

Eadmer, 'n student van Anselmus, argumenteer dat die natuur na die gelykenis van God geskape is. Elders meen hy dat die menslike natuur daarom in geregtigheid geskape is. Die menslike natuur, in sy oorspronklike staat, weerspieël, volgens Rosmini, die natuurregsbeginsels van: "... gee aan elkeen wat hom toekom en doen niemand onreg aan

---

197 Rosmini 1991 (a): 446.
198 Rosmini 1991 (b): 238.
199 Rosmini 1991 (a): 446.
200 Rosmini 1991 (a): 446.

**nie."[201] Die mens het dus geregtigheid saam met die rede (rasionaliteit) ontvang. As sodanig is die mens in staat om die beginsels van geregtigheid te ken.**

## 2.6 Rosmini se grondslae oor die antropologie

**Daar bestaan 'n noue verband tussen Rosmini se antropologie en kosmologiese grondslae. Die mens is 'n wesenlike komponent van Rosmini se kosmologie. In die kosmologie moet die mens met ander en met God verenig. Die mens (syn) en sy oorsaak kan slegs in terme van die kosmologie begryp word.[202] Op grond hiervan is die mens relatief en onvolledig. Die mens verskil van God, wat absoluut volledig is, maar deel egter in wat áán God alleen behoort. Hiervolgens is die mens na aanleiding van *analogia entis* en partisipasie in beeld gelyk aan God.[203] Dié gedagte stem ooreen met die Thomistiese leer van *analogia entis* en partisipasie.**

**Rosmini poog om die aard van die werklikheid te bepaal en die mens se funksionering daarin. Hy onderskei God, die mens en die wêreld, as die wesenlike aspekte van die kosmologie en meen die ontstaan van die wêreld kan verklaar word deur die ontdekking van die ware aard van die mens. In Rosmini se kosmologie staan die mens in verhouding tot God en die wêreld (kosmos). Hy glo dat as die mens dieselfde eienskappe as God vertoon, byvoorbeeld noodsaaklikheid, universaliteit, ewigheid, moes hy altyd bestaan het.[204] Indien**

---

201 Van Zyl 1994: 104, 112. Dié kenspreuk vorm deel van Cicero se definisie van geregtigheid "*suum cuique tribuere*."
202 Davidson 1882: 319.
203 Cleary 1992: 53.
204 Die sentiment dui op die Platoniese leer van die voorafbestaan van die siel.

die teendeel blyk en die mens oor die eienskappe van kontingensie, partikulariteit en temporaliteit beskik, moes hy 'n begin (aanvang) gehad het.[205]

Rosmini beklemtoon dat die kosmologie die aard van die werklike syn (mens) en sy oorsaak behandel. Rosmini meen dié skeppende oorsaak is God. Hy verklaar: "... this exemplar is the work of the creative liberty of God. Creative liberty is a virtue, a power belonging to absolute being in its subjective form. Absolute being in its subjective form infinitely loves itself as understood in its objective form. Being infinitely loves being. This love leads it to love being in all the modes in which it is loveable, in which it can be loved. In order to love it in all its modes, it loves it not only as absolute and infinite being, but also as relative and finite being. This love is the creative act. It, therefore, creates for itself, through the expansion of love, a loveable finite object, and this is the world. In order to create this world, it must, first, conceive it, both because this creative principle is intelligence and because that cannot be loved which is not known; second, it must realize it, because if it were not real in itself, the object of love would not exist, but would merely be possible, and what is loved, seen in its possibility, is desired to exist. Hence the two elements of essence and real, born at one birth, and forming mundane things."[206]

Rosmini beweer dat die tweede bewys van die kosmologie (skepping van die wêreld) van 'n analise van persepsie afgelei is. Op grond van die analise van persepsie is die mens en die

---

205 As mens die grondslae van Rosmini se wysgerige en regsfilosofiese denke begryp, blyk dit dat hy menseregte oor die boeg van universaliteit, noodsaaklikheid en ewigheid wil fundeer. Die eienskappe dui op die goddelike en moet daarom ewigdurend wees. Ten opsigte van die eienskappe van partikulariteit en temporaliteit meen Rosmini dat 'n menseregte-leer nie standhoudend kan wees nie. Hy stel dus voor dat die natuurreg, wat die gevolg van die Goddelike rede is, as maatstaaf vir die handhawing van menseregte moet dien.

206 Davidson 1882: 320.

**wêreld nie syn, as dit nie met die essensie van die syn verenig is nie.[207] Rosmini meen essensie skryf aan alle dinge die handeling van syn toe. Hiervolgens kan die afleiding gemaak word dat die antropologie nie die vervaardiging of produsering van niks is nie, maar dat dit wel die produsering van nie-syn beteken.[208] Rosmini meen dat God nie syn afsonderlik van gevoel wou skep nie. Hy skep hulle gevolglik gelyktydig. God koppel gevolglik gevoel aan materie om sodoende die mens te skape. Gevoel kan nie afsonderlik geskep word nie; dit is deel van die mens. Aangesien syn in gevoel of waarneming bestaan, volg dit dat die skepping daardie handeling is, waardeur God die bestaande ken. Volgens Rosmini staan die syn nie in dieselfde verhouding tot God as tot die mens nie. Gevolglik is die syn in God subjek sowel as objek. In die mens is die syn bloot objek.[209]**

**Rosmini meen die derde bewys dat die mens (bestaan) geskape is, bestaan in die feit dat ons bewus van ons bestaan is, maar dat ons nie daardie Mag wat veroorsaak het dat ons bestaan, kan voel nie. Volgens hom bestaan die mens anders as God, nie deur homself nie.**

---

[207] Davidson 1882: 320. Rosmini verklaar "… that everything that comes under feeling, i.e. ourselves and the world, would necessarily remain unperceived, that is, would not be being, if the mind did not see it united to the essence of being."

[208] Davidson 1882: 321. "… creation does not mean production from nothing, but from non-being."

[209] Davidson 1882: 321. Rosmini verklaar:"... the object of reason... may be communicated to created things, not in the sense that created things may also be that object which belongs to God alone, but in the sense that it may be intuited by them as something different from them.. It is communicable merely as object, and therefore initial being exists in the human mind in a different way from that in which it exists in the divine mind, from which it is undistinguished. If the absolute object were communicated to the creature, such creature would see the Divine Word (*logos*), which is not possible in the order of nature, but only, through grace, in the supernatural order... Man seeing this initial being does not see God, although he sees in it an appurtenance of the divine essence."
Sien Rickaby 1950: 14-7. Aquinas meen dat daar geen potensialiteit in God is nie. God is die Eerste Syn en die Eerste Oorsaak. Daar bestaan dus geen vermenging van potensialiteit in God nie. Daar is geen samestelling in God nie. God is self noodwendige Syn. God is Sy eie bestaan. Hy is suiwer aktualiteit. "…God's essence is not anything else but His existence."

**Rosmini volg dus Thomas Aquinas se benadering dat God se essensie niks anders as Sy eie bestaan is nie.[210]**

**Rosmini beweer dat 'n antropologie nie sonder insae in die kosmologie behandel kan word nie. Hy glo elke afgeronde filosofie is genoodsaak om 'n antropologie te ontwerp. Die antropologie ondersoek die aard en rol van die mens in die werklikheid. Rosmini se kenteorie en kosmologie vorm sodoende die vertrekpunt van die antropologie. Sy studie oor die antropologie konsentreer oorwegend op die siel (intellektuele) en die liggaamlike (gewaarwording) van die mens.[211]**

**Rosmini meen die twee elemente (siel en liggaam) is nodig om 'n voldoende leer oor die antropologie te formuleer. Hy handhaaf dat die intellektuele element as die siel bekend staan "the animal aspect of the soul."[212] Volgens hom verskaf die siel die basis vir alle ander gevoels-uitinge binne die mens. Hy is daarvan oortuig dat die siel weer uit twee afsonderlike, maar nie-onskeidbare elemente saamgestel is: "... on the one hand, we find a simple, immaterial, sentient principle; on the other the extended, felt term."[213]**

**Rosmini meen die eenheid tussen die redelike (siel) en die liggaamlik (waarneembare beginsel) is eie aan die Aristoteles-Thomistiese vorm/materie-leer. Die twee substansies mag nie in isolasie behandel word nie. Die mens is die resultaat van beide die redelike (siel) en die liggaamlike (waarneembare beginsel). Op grond hiervan beklemtoon Rosmini die**

---

210 Sien Rickaby 1950: 17.
211 Cleary 1992: 22.
212 Cleary 1992: 22.
213 Cleary 1992: 23.

Aristoteles-Thomistiese hylomorfisme. Rosmini verklaar: "... myself is not two subjects but one, which undertakes simultaneously animal and rational activities. I who understand, feel, and I who feel, understand."[214] In die mens word die rasionele element (die siel) wat die bron van geestelike waarneminge of handelinge is, gevind.[215]

Hierdie benadering beweeg Rosmini om tot 'n definisie van die mens te kom. Hy verklaar die mens is: "... an intellective subject in so far as it contains a supreme active principle..."[216]
Dié verhewe aktiewe beginsel, wat die "siel" heet, dui op goddelike eienskappe. Daar word 'n analogie tussen God en die menslike siel veronderstel. Rosmini se beskouing van die mens toon ooreenkomste met die Thomisme, waarin die siel ook as goddelik beskou word, terwyl die liggaamlike nie goddelik is nie. Die antropologiese onderbou van Rosmini se filosofie is wesenlik vir sy samelewingsleer. Daarom dien Rosmini se antropologie as basis van morele handelinge en die oorsprong van regte en verpligtinge in die menslike samelewing: "... we show that (anthropology) must have been created in justice..."[217]

### 2.6.1 Antropologie as basis van morele handelinge

Nadat Rosmini 'n sintese tussen die siel en die liggaam gekonstrueer het, kom hy vervolgens tot 'n siening van die eenheid van die mens.[218] Rosmini meen die siel is sonder

---

214 Cleary 1992: 24.
215 Cleary 1992: 23.
216 Rosmini 1991 (a): x.
217 Rosmini 1991 (a): 448.
218 Sien Strauss 1978: 20. Die konkrete mens is die sintese van vorm plus materie. Die siel of intellek van die mens gee vorm aan die liggaam (materie).

die liggaam ondenkbaar.[219] Die siel openbaar 'n teenwoordigheid van die goddelike in die mens. Rosmini verklaar: "... the incorporeal, immaterial feeling to which we refer, whose reality cannot be denied despite its total lack of extension and its imperviousness to space of any kind, is spiritual in nature..."[220] Die siel gee sodoende aanleiding tot die goddelike wat die mens as onderwerp van morele handelinge maak.[221]

Rosmini verklaar dat morele handelinge by die mens onderskei moet word.[222] Op grond hiervan sal die mense respek vir andere betoon en sal die handhawing van regte en verpligtinge, wat die onderwerp van menseregte uitmaak, suksesvol in die menslike samelewing geïmplementeer word. Die morele objek van die reg dien as die mens se soeke na deug. Omdat deug die besitter daarvan goed maak, sal die doelwit van die reg die welsyn van diegene vir wie die reg gepromulgeer is, wees.[223]

Rosmini gaan van die veronderstelling uit dat die beginsels van die morele reg nie toegepas kan word, sonder 'n deeglike kennis van die mens nie. Die mens handel noodwendig moreel. Rosmini veronderstel dat die mens homself deur die natuurregsbeginsels *suum cuique tribuere* (gee aan elkeen wat hom toekom) en *neminem laedere* (doen 'n ander geen

---

219 Rosmini 1991 (a): xi.

220 Cleary 1992: 24.

221 Op grond hiervan word individuele regte gevestig, wat later in die proefskrif behandel gaan word. Individuele regte word onder Rosmini se regsfilosofiese grondslae behandel.

222 Rosmini 1991 (a): xii.

223 Sien D'Entréves 1965: 117.
*Summa Theologiae* 1-2, q. (92), a. (1). "… *manifestum est quod hoc sit proprium legis, inducere subiectos ad propriam ipsorum virtutem. Cum igitur virtus sit 'quae bonum facit habentem,' sequitur quod proprius effectus legis sit bonos facere eos quibus datur, vel simpliciter vel secundum quid*…" (Die ware objek van die reg is om daardie persone wat aan die wet onderworpe is, te oorreed om hul eie deug te soek. Deug is dit wat die besitter daarvan goedmaak. Op grond hiervan is die doel van die reg, die welsyn van diegene, vir wie dit gepromulgeer is: absoluut of tot 'n sekere respek.)

**leed aan nie) moet laat lei.[224] Dié natuurregsreëls dien as basis vir die handhawing van menseregte in die menslike samelewing.**

**Rosmini meen die antropologie moet duidelike inligting oor die mens in sy verhouding tot die morele wetenskap bied. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die mens 'n belangrike element van die werklikheid is.[225] Die mens vorm dus die onderwerp van morele handelinge. Daar moet egter onderskei word tussen daardie handelinge wat in die mens plaasvind sonder die noodwendige intervensie van die persoon self en daardie handelinge waaroor hy wel beheer kan uitoefen. Hieronder sou byvoorbeeld ressorteer handelinge verrig buite 'n persoon se beheer (*vis maior*).**

**Rosmini verklaar dat die objek van moraliteit in die volgende morele voorskrifte geleë is: "... it expresses moral essence because it calls for agreement between the intellective act of the will and the ideal and real entities of things known; it is simple and as such able to be participated by every moral activity; it is evident because it is nothing more than an expression of the principle of contradiction; it is universal because all moral effects, denoted through external actions, depend upon it; it is supreme because it offers no possibility of further investigation; it provides the foundation for the recognition of the human subject as an essentially moral being..."[226]**

**Vanuit hierdie denkraamwerk gaan Rosmini van die benadering uit dat die mens 'n redelike en sedelike wese is, en sodoende draer van menseregte. Sy antropologie verskaf sodoende**

---

224 Sien Van Zyl 1989: 739-41.
225 Cleary 1992: 24.
226 deniscleary@rosmini-in-english.org

**’n basis vir ’n menseregte-teorie. Rosmini verklaar byvoorbeeld dat die mens oor onvervreembare menseregte beskik, selfs al is dit ’n fetus, of geestelik of liggaamlik gestremde persoon. Rosmini meen op grond van die antropologiese raakpunte tussen God en mens (wat deur die siel gelê is) beskik die mens sodoende oor onvervreembare menseregte, wat deur almal en selfs deur die burgerlike owerheid gerespekteer moet word.[227]**

### 2.6.2 Antropologie as basis vir die etiek

**Rosmini definieer die etiek soos volg:**

**“... the science that brings together in orderly fashion the norms according to which human actions have to be regulated, and that illustrates the relationship between these actions and their norms.”[228]**

**Rosmini meen die etiek is gemoeid met menslike handelinge en beskou dit as één van die reguleerders van menslike handelinge. Die doel van die etiek is om die mens en sy handelinge krities te rig. Rosmini glo dat die mens goed is, indien sy handelinge goed is, en hy sodoende deur dit wat regskape en billik is, geregeer moet word.[229] Die natuurreg wat as uitvloeisel van die etiek dien, is deur God in die menslike verstand of rede ingeprent as ’n stel norme vir die mens se goeie gedrag. Die mens moet weet wat om te doen en wat om**

---

227 Rosmini 1991 (a): xii.
228 Rosmini 1988: xiii.
229 Rosmini 1988: ix.

**te vermy. Dit is nodig dat die mens se handelinge deur die *lex divina* (goddelike reg) gereguleer word.[230]**

**Rosmini verklaar aangaande die dissipline van etiek:**

**"... its supreme importance and dignity lies in its capacity for teaching how to make human actions and their authors good... if we ourselves are evil, the goodness of other things, including our possessions, is irrelevant."[231]**

**Vir Rosmini bestaan daar geen twyfel nie dat goedheid en die menslike vervolmaking die hoogste doelwit van die mens is.[232] Hy meen daar kan geen (goed) voordeel vir die mens wees as dit hom nie in 'n beter toestand laat, as waarin hy was nie. Rosmini beweer dat menslike vervolmaking die gevolg van gehoorsaamheid aan etiese norme en nie noodwendig die rede is nie.[233] Op grond hiervan word menseregte dus op 'n morele basis geskoei.**

---

230 Sien D'Entréves 1965: 117.
Sien *Summa Theologiae.* 1-2, q. (91), a. (4).

231 Rosmini 1988: ix.

232 Rosmini 1988: x.

233 Sien Rommen 1945: 183. Rommen, 'n post-Thomis, meen, anders as Rosmini, dat konflik tussen die rede en wil in die natuurreg, wat van God ontspring, opgelos word.
Rommen 1945: 182. Rommen beweer dat Rosmini skynbaaar 'n fout began, wanneer hy die wil bo die rede stel. Dit is waarskynlik nie wat Rosmini doen nie, omdat hy 'n onderskeid tref tussen die rede en die "lig van die rede" (Goddelike openbaring). Rommen meen op grond van Rosmini se sosiale filosofie dat die gesag van die owerheid oor die menslike rede gestel moet word. Rommen toon ooreenkomste met Rosmini se denke, aangesien albei daarvan oortuig was dat die owerheid van God afkomstig is. Die mens moet as rasionele wese moet dus die owerheid gehoorsaam. Wetgewing ontleen gesag aan die reg en nie aan 'n wil om te gehoorsaam nie. Rommen verklaar: "… when Lord Hale said that the English Parliament could do all, that it could make the wife of A the wife of B, but that it could not declare adultery to be lawful, he meant precisely the above…"

Die mens is dus in staat om ’n morele oordeel te vel na aanleiding van die formule: “Do what is morally good, and avoid moral evil.”[234] Dié etiese voorskrif geld ten aansien van alle interpersoonlike verhoudinge. Alle wette of voorskrifte behoort tot hierdie universele norm, wat ook as uitvloeisels vir menseregte dien, herlei te word.

## 2.7 Morele wette

Die morele wet bepaal dat: “... no one must harm his fellow human being...”[235] Elke keer wanneer ’n handeling verrig word wat ander benadeel, vereis dié wet van my dat ek sodanige handeling as verbode moet ag. Die natuurreg wat ‘n afskaduïng van die morele wet is, veronderstel ’n reël wat ons in staat stel om tussen reg en verkeerd te onderskei. Die benadering kom ooreen met die algemene definisie van die reg, soos deur Rosmini beklemtoon: “... *lex est recta agendorum ratio*...” (die reg is die *ratio recta* (regte rede) vir handelinge).[236] Ten einde die geoorloofdheid van menslike handelinge te bepaal, word die morele wet deurgaans vereis.

Rosmini meen die morele wet geld op gesag van die volmaakte Syn, God. Die kenbaarheid van die natuurreg spruit uit die “lig van die rede”, wat uiteindelik na die volmaakte Syn, God, teruggevoer kan word. Rosmini erken dat die menslike rede feilbaar is, maar dat die

---

234 Rosmini 1988: xiii.
235 Rosmini 1988: 4.
236 Rosmini 1988: 4.

**"lig van die rede" onfeilbaar is, omdat dit God se Openbaring aan die mens is. Hy verklaar: "... when reason adheres to the light, it is accurate; when it abandons the light, it errs."[237] Ons sou nie die morele wet begryp het, indien die natuurreg nie deur God in die mens ingeskape was nie. Die morele wet het, net soos die natuurreg daarom 'n goddelike oorsprong.[238] Soos Cicero, is Rosmini van mening dat die mens oor die morele wet uit hoofde van die natuur beskik. Die morele wet dien as basis vir die positiewe reg. Die morele wet word dus *via* die positiewe reg in die menslike samelewing uitgeoefen. Rosmini meen die lig van die rede veronderstel die natuurreg en hy vind bevestiging daarvan by Hieronymus: "... there is a natural holiness impressed on our souls by God..."[239]**

**Rosmini meen die "lig van die rede," anders as die natuurreg, is nie van die sintuiglike (morele wet) afkomstig nie, maar deur God in die mens ingeskape. Op grond hiervan het die morele wet 'n goddelike oorsprong, maar is nie soos die natuurreg met goddelike eienskappe soos onveranderlikheid, ewigheid, universaliteit en noodsaaklikheid, beklee nie.[240] Rosmini se antropologiese fundering van die morele wet, word oënskynlik gerugsteun deur sy persepsie van die siel/liggaam-dualiteit. Die siel veronderstel dus die**

---

237 Rosmini 1988: 8.
Sien D'Entréves 1965: 111. Aquinas interpreteer die benadering soos volg: "… the will of the prince has the power of law. In any other sense the will of the prince becomes an evil rather than law." Hy meen die menslike rede is vatbaar vir verderwing. Die voorskrifte van die natuurreg en die Goddelike reg moet dus nagevolg word om sodoende versoekinge die hoof te bied.

238 Sien D'Entréves 1957: 52.

239 Rosmini 1988: 10.
Sien St. Jerome. *De Legibus*, II. In Rosmini 1988: 10. *"Hanc video sapientissimorum fuisse sententiam, legem neque hominum ingeniis excogitatam, nec scitum aliquod esse populorum, sed aeternum quiddam, quod universum mundum regeret, imperandi, prohibendique sapientia."* (Hier is nie die opinies van die mees wyse manne, wat vindingryke wette vir die mense gepromulgeer het of andersins die verordeninge van die volk sigbaar nie, maar die ewige (wet) waardeur God die heelal (wêreld) omkeer of terugbring en wat ook die wyse keiser verbied.)

240 Parallelle lesing Rosmini 1991 (a): 384.

natuurreg en die liggaam die morele wet. Die liggaam is egter nie goddelik nie. Die benadering veronderstel dat daar sekere gebreke in die positiewe reg mag voorkom.

Rosmini se antropologie dien in die laaste instansie as vertrekpunt vir die mens se bestaan in die samelewing.

## 2.8 Rosmini se samelewingsleer

In sy samelewingsleer vra Rosmini waarvoor die regering daar is en wat sy einddoel is. Volgens hom gaan die menslike samelewing op in die burgerlike (politieke) *societas*, kerklike *societas* en die huislike *societas*. Hy meen ons sal nie ons regte verantwoordelik uitoefen, indien ons onkundig omtrent die einddoel van die burgerlike regering is nie.[241] Hy verklaar dat ons van die burgerlike regering die vooruitsigte moet verkry dat ons menseregte (belange) in die burgerlike (politieke) *societas* gehandhaaf sal word, sodat die menslike samelewing as 'n geheel vooruitgang kan toon. Rosmini meen die doelwit van die burgerlike *societas* moet die bereiking van die welsyn van sy burgers wees.[242] Hy verklaar: "... If this end is forgotten or ignored, only a facade of society remains..."[243]

Rosmini beweer dus dat die einddoel van die burgerlike *societas* nie net in die materiële welsyn van die burgers gesetel is nie. Hy meen die einddoel van die burgerlike *societas* moet rekening hou met mense en nie net met dinge nie, omdat die mens die onderwerp van deug is. Dit is om hierdie rede dat die beoefening van deug net so belangrik vir Rosmini is

---

241 Rosmini 1994 (a): vii.
242 Rosmini 1994 (a): vii.
243 Rosmini 1994 (a): vii.

**as vir Thomas Aquinas en Cicero. Die uitoefening van deug in die burgerlike *societas* lei tot die beklemtoning van menseregte in die samelewing.[244]**

**Deur sy samelewingsleer poog Rosmini dus om die vormende elemente in die burgerlike *societas* te bepaal en om die wyses vir die behoud van die menslike samelewing te bewerkstellig. Sy samelewingsleer, wat die gevolg van die antropologiese opvatting van siel/liggaam is, word bepaal deur: "... rules according to which we must evaluate the positive or negative value of all the forces acting upon and moving civil society."[245] Die burgerlike regering se handelinge moet, volgens hom, binne die perke van die burgerlike regeergesag bly.[246] Rosmini se samelewingsleer het dus as einddoel die behoud en vooruitgang van die burgerlike *societas*,[247] waarvan die belangrikste funksie die promulgering of uitvaardiging van wetgewing is. Dié gedagte onderstreep die belang van die natuurreg en die positiewe reg in die burgerlike *societas*.[248]**

---

244 Rosmini 1994 (a): vii.

245 Rosmini 1994 (b): 1.

246 Kritici van die natuurreg meen die werking daarvan is vaag en dit ontbreek die duidelikheid en presiesheid wat die positiewe reg geniet. Volgens dié kritici dien die positiewe reg as die beste kanaal vir die promulgering van menseregte, soos byvoorbeeld die grondwet van Suid-Afrika, waarin die Handves van Regte, uiteengesit is.
Rosmini glo die natuurreg moet as ideale reg voorgehou word, waarvan dié reëls in die positiewe reg opgeneem word, sonder dat die geldigheid van die positiewe reg aangetas word, indien dit die natuurreg weerspreek. Om as geldende reg te kan fungeer moet die natuurreg deur menslike vormgewing gepositiveer word.

247 Rosmini 1994 (a): 2.

248 Natuurreg-teoriste bepaal dat die natuurreg voor die totstandkoming van state alreeds bestaan het. Die burgerlike samelewing of staat is die gevolg van die rede. Die natuurreg het destyds die gesag van feodale aristokrate ondermyn ten gunste van 'n *bourgeoisie*-samelewing. Die natuurreg het sodoende die weg gebaan vir die vestiging van menseregte. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die geskiedenis van van menseregte en die geskiedenis van die natuurreg duidelike parallelle met mekaar vertoon. Die basis van menseregte lê in die natuurreg, waarin regte en verpligtinge, vervat is: "… these two concepts being correlative – it becomes apparent that a declaration of rights should normally be rounded off by a declaration of man's obligations and responsibilities towards the communities of which he is a part, notably the family group, the civil society and the international community" (Maritain 1949: 76).
Alle (menslike) positiewe reg is van die natuurreg afgelei. Rosmini bepaal ook dat die basis vir menseregte in die primitiewe reg gesetel is. Die primitiewe reg het met verloop van tyd ontwikkeling ondergaan soos die menslike rede wat daarna in die natuurreg verander het. Die

**Die samelewingsleer van Rosmini veronderstel dat daar positiewe strafmaatreëls in die burgerlike *societas* teenwoordig moet wees, waardeur die mens gedwing word om die natuurreg en die positiewe reg te gehoorsaam.[249] Dié benadering dui op die nakoming van regte en pligte in die burgerlike *societas* deur die burgers. Volgens juridiese gelykheid word ook van die burgerlike *societas* vereis om die burgers se regte te erken en te respekteer.[250]**

**Rosmini meen die negentiende-eeuse positivisme alleen blyk onvoldoende te wees vir die behoud van die burgerlike *societas*. Met die bedreiging van die invloed van moderne sekularisme en die groeiende paganisme is 'n herlewing van die idee van die natuurreg nodig. Dit dien as 'n liggaam van etiese regsreëls en is belangrik vir Christelike wetgewing. Kritici van die natuurreg meen die werking daarvan is te vaag en gaan mank aan die duidelikheid en presiesheid van die positiewe reg. Om as geldende reg te kan fungeer, moet die natuurreg deur menslike vormgewing gepositiveer word.[251]**

**Met betrekking tot Rosmini se samelewingsleer moet elke burgerlike *societas*, ongeag die aard en vorm daarvan, gerig wees op die bereiking van die menslike welsyn, die**

---

natuurreg bly dus die hoogste maatstaaf en norm vir die beoordeling van geregtigheid en van die positiewe reg. Die (menslike) positiewe reg wat ons verbied om ander te benadeel, is noodsaaklik in die burgerlike *societas*. Rosmini sluit onder sodanige positiewe reg die volgende regte in, naamlik die wetenskap aangaande die regulering van rykdom, gewapende magte, strafreg, ensovoorts (Rosmini 1994 (a): 2). Rommen verklaar: "… Natural law calls for positive law, for concretization and individualization of the perennial principles according to the circumstances… therefore legislation is the most essential political function." (Rommen 1945: 205).

249 Rosmini 1996: 260. Volgens Rosmini is diefstal strydig met die natuurreg en maak inbreuk op menseregte. Die vergeldende beregting van die positiewe strafreg vereis dat 'n misdadiger boete moet doen vir sy oortreding. Die straf toegemeet aan die misdadiger moet deur 'n bevoegde gesag bepaal en opgelê word.

250 Rosmini 1996: 257.

251 Sien Van der Vyver 1975: 74-5.

**sogenaamde "common good."[252] Dit moet aan die mens die ruimte bied waarbinne hy homself as mens kan uitleef[253] en dit moet toesien dat die burgers se regte gerespekteer word: "... that is why every unjust and immoral political act is in itself harmful to the common good and politically bad..."[254]**

**Rosmini meen elke burgerlike *societas* waarvan die doelwit strydig met deug is, is 'n onegte menslike samelewing.[255] Hy glo ook dat elke wet van die burgerlike *societas* ongeldig is, indien dit die burgers van sodanige samelewing verhoed om deug te bereik. Hy meen dat sonder deug daar geen menslike welsyn, die doelwit waarvoor die burgerlike *societas* juis daargestel is, moontlik is nie.[256]**

---

252 Rosmini 1994 (a): 8.
Maritain 1944: 8. Maritain glo as die doel van die burgerlike *societas* nie die algemene goed (common good) van die mense is nie, sal dit uitloop op 'n kollektiwistiese of despotiese staatsdoel. Rosmini meen dat die einddoel van die burgerlike *societas* gerig is op die algemene goed (common good) van die mense.

253 Sien Maritain 1944: 8-9.

254 Sien Maritain 1944: 9-10.

255 Maritain 1944: 10. In die woorde van Maritain, wat Rosmini onderskryf: "… authority, when it is unjust, betrays its own political essence. An unjust law is not a law."

256 Rosmini 1994 (b): 76, 77. Rosmini meen die menslike welsyn (of goed) is geleë in die tevredenheid van die menslike natuur waarvan die wesenlike *de jure* en *de facto* doelwit van die burgerlike *societas* is. Die tevredenheid van die menslike gemoed word in die eerste doelwit van die burgerlike *societas* aangetref. Dié tevredenheid van die van die menslike gemoed vorm die ware doelwit van die burgerlike *societas*. Rosmini is egter daarvan oortuig dat die afgeleë doelwit, wat die ander deel van die burgerlike *societas* vorm, nooit ten koste van die eerste doelwit ingeboet moet word nie. Hy meen die eerste doelwit moet eerder onderdanig aan die afgeleë doelwit wees en dit aanvul. Rosmini verklaar dat die waarde van die eerste doelwit in die diens en hulp wat dit aan die afgeleë doelwit verleen, geleë is. Hy verklaar: "… the proximate end of society, which consists in the acquisition of particular good and pleasure, must be ordered to the remote end, which consists in contentment of the members' spirit. The proximate end must always be evaluated relative to the remote end, never unconditionally."

**Rosmini benadruk die onskendbare reg van alle regerings om die menslike welsyn te bevorder.[257] Hy verklaar: "... if civil society did not pertain to true, proper human good, it would not tend to good in any way; it would be formed for evil."[258]**

---

[257] Sien Maritain 1944: 8-9.
[258] Rosmini 1994 (a): 7.

## 3. Antonio Rosmini se Politieke Filosofie

### 3.1 Die oorsprong van die burgerlike *societas*

**Die historiese benadering van Antonio Rosmini tot die vraagstuk van die oorsprong van die burgerlike *societas* blyk uit sy siening oor die rol van gesinne: Met die vermeerdering van gesinne is daar ongerief in hul saamwoon in 'n beperkte ruimte. Rosmini glo dat weens die tekort aan voedsel en ander hulpbronne dispute en argumente ontstaan. Sodanige argumente en dispute word vermy, deurdat gesinne weg van mekaar beweeg.[259] Die burgerlike *societas* wat uit menslike behoeftes tot stand gekom het, is gevolglik in die verlede deur afskeiding, wat 'n remedie vir oorbevolking was, gefasiliteer.[260]**

**Die skeiding tussen Abram en Lot was so 'n voorbeeld.[261] Dié Bybelse geskiedenis, wat die oorsprong van die burgerlike *societas* demonstreer, beweer Rosmini, word in die volgende voorbeeld vervat: "En die land kon hulle (Abram en Lot) nie dra om saam te woon nie, want hulle besittings was groot, sodat hulle saam kon woon nie. En daar het twis ontstaan tussen die veewagters van Abram en die veewagters van Lot.[262] Toe sê Abram vir Lot 'Laat daar tog geen twis tussen my en jou, en tussen my wagters en jou wagters wees nie; ons is mos broers. Lê die hele land nie voor jou oop nie? Skei jou tog van my af; gaan jy links, dan sal ek regs gaan, en gaan jy regs, dan sal ek links gaan.'"[263]**

---

259 Rosmini 1996: 113.

260 Rosmini 1996: 112-3. Rosmini meen oordrewe vermenigvuldiging moes deur afskeiding geremedieër word. "Before separating, however, they united to build the tower of Babel." Rosmini verklaar aangaande Abraham en Noag: "… instead of maintaining civil government over all their children, took the way of general peace offered by vast, unoccupied territory. They let them separate to found new families independent of each other."

261 Rosmini 1996: 113.

262 Genesis 13: 6-7.

263 Genesis 13: 8-9.

**Rosmini verklaar, met verwysing na hierdie geskiedenis, dat soos die mense mettertyd vermeerder, landbou die eerste aanduiding vir die oorsprong of vestiging van 'n burgerlike *societas* geword het.[264] Dit was nodig vir die behoud van vrede. Volgens Rosmini kon die burgerlike *societas* nie sonder 'n regering bestaan nie, terwyl die regering weer nie sonder 'n bepaalde vorm kan funksioneer nie. Hy meen die oorsprong van die burgerlike *societas* moet derhalwe in die ontstaan van regeringsvorme gevind word.[265]**

**Rosmini meen dus dat mense die bron van burgerlike gesag is.[266] Geen individu of kollektiwiteit kan gesag wettig besit, indien dit nie deur die mense of volk aan die regering oorgedra is nie. Hy beweer dat in Hobbes se sosiale kontrak die volk die burgerlike gesag oordra op 'n regerende persoon(e) (outokrasie), terwyl by Rousseau die volk steeds soewerein bly.[267]**

**Volgens Rosmini is sowel Hobbes as Rousseau se stelsels foutief, omdat dit die mens (volk) as bron en natuurlike eienaar van burgerlike gesag beskou. Hy meen dat die mens in die natuurstaat nie burgerlike gesag gehad het nie en nie 'n sosiale liggaam kon vorm nie. Hy glo burgerlike gesag kan nie deur enigiemand gehou word nie.[268]**

---

[264] Rosmini 1996: 114.

[265] Rosmini 1996: 117. Rosmini verklaar dat die monargie die eerste vorm van gesag in die burgerlike samelewing is: "… Thus nearly all historians say that the first form of government was monarchic, without considering what form preceded it…"

[266] Rosmini 1996: 128.

[267] Rosmini 1996: 129.

[268] Rosmini 1996: 128.

Rosmini glo in Hobbes se sosiale kontrak as die enigste moontlike vorm van regering, synde 'n monargie. Dit beteken dat die mense van hulle burgerlike gesag ontneem word en dat die alleenheerser absolute gesag op homself neem. Rousseau se idee van die sosiale kontrak beskou alle nie-populêre of verteenwoordigende vorme van regering as onbillik.[269] Rousseau se stelsel lei daartoe dat die mense soewereine gesag besit.

Indien egter van Hobbes se veronderstelling uitgegaan word dat burgerlike gesag 'n onvervreembare reg word wat aan ander in eiendomsreg oorgedra word, én as van Rousseau se moontlike verteenwoordiging uitgegaan word, neem burgerlike gesag dieselfde aard as menseregte aan.[270]

Rosmini kom tot die slotsom dat Hobbes se stelsel die bestaan van geregtigheid voor die sosiale kontrak ontken. Dit, meen hy, is fundamenteel verkeerd.[271] Dit beteken dat in die natuurstaat flagrante skending van menseregte toegelaat was. Rosmini beweer dat selfs in die natuurstaat die natuurreg gegeld het, en dat dit die beskerming van menseregte tot selfs in die natuurstaat waarborg.

### 3.2 Politieke regeergesag en die wese van die burgerlike *societas*

Rosmini glo dat die mens 'n behoefte ervaar om in 'n burgerlike *societas* met ander te verenig. Die mens glo dat die burgerlike *societas* noodsaaklik vir die handhawing van sy regte en verpligtinge is. Elke persoon wil hê dat die regte van ander met wie hy in kontak kom, beperk word. Hy wil sodoende met ander in 'n burgerlike *societas* verenig, omdat dit

---

269 Rosmini 1996: 129.
270 Rosmini 1996: 129.
271 Rosmini 1996: 129.

**noodsaaklik vir die mens geword het dat sy regte beskerm word. Dié burgerlike assosiasie neig dus na 'n gesagselement vir die handhawing van regte en verpligtinge.[272] Daar moet 'n politieke regeergesag in die burgerlike *societas* aanwesig wees, omdat daar soms onderdrukking in die menslike samelewing voorkom.**

**Rosmini verklaar dat weens die onderdrukking wat families in die burgerlike *societas* beleef, daar konfrontasie tussen dominante families en die burgerlike gesag ontstaan het. Rosmini verklaar "... minor cities, still subject to the counts, grew impatient at their lot and easily fell into rioting."[273]**

**Die arbeiders rebelleer ook teen dié dominante families en verlaat die vrede wat die landbou-gemeenskap bied, om sodoende wapens teen die onderdrukkers (grondbaronne van die dominante families) op te neem. Met verloop van tyd en met die toename van mense in die burgerlike *societas* is adellike families deur munisipale amptenare vervang. Die burgerlike element word dus behou en groei voort in munisipaliteite. Die mense wat nie self hul regte kon beskerm nie, gaan na die burgerlike gesag vir hulp: "... provided their master had not demanded their return, normally within a year and a day."[274]**

**Die grondbaronne of feodale here oefen beduidende gesag oor die burgerlike *societas* uit. Met verloop van tyd wil die burgerlike *societas* van sy onderdanige houding ontslae raak en verander sodoende sy rol van beskerming na antagonisme. Die gevolg was dat die burgerlike *societas* van die invloed van feodale here ontslae geraak het en sodoende beheer**

---

[272] Rosmini 1996: 142.
[273] Rosmini 1996: 174.
[274] Rosmini 1996: 179.

**oor sy eie onderdane begin uitoefen het. Die feodale here word later lede van die burgerlike *societas* en beklee as sodanig gesagsposisies. Hulle bevind hulle in beheer van die leër en verwerf só glorie as beroemde leiers en as vaders en stigters van die burgerlike *societas*.[275]**

**Andersyds neem prominente families wat nie by die burgerlike *societas* aansluit nie, in sterkte en aansien toe. Dié families domineer die ander kleiner families. Die gevolg is dat daar ‘n monargie ontstaan. Nadat ‘n paar vooraanstaande families gesag oor die onderdane of burgers uitoefen, word ’n aristokratiese regeringsvorm gevestig. Rosmini meen dat waar die burgery of onderdane egter seëvier, ‘n demokratiese regeringsvorm ontstaan.[276]**

**Volgens Rosmini bestaan moderne nasies uit die stryd tussen vooraanstaande families en die burgerlike gesag. Die gevolg is die burgerlike *societas* van die 16de eeu, waarvan die vooruitgang eers vanaf die 18de eeu dagteken. Rosmini meen die burgerlike *societas* sluit nie noodwendig almal in wat daarin bestaan nie. Die mense wat nie hul bydrae tot die sosiale administrasie lewer nie, word nie as burgers beskou nie, maar eerder as vreemdelinge (*peregrini*). Hy sê dat die burgerlike *societas* aanvanklik nie ewigdurend was nie. Dit het in die Middeleeue ’n vormingsproses ondergaan. Die burgerlike *societas* se primêre doelwit was die waarborg en beskerming van die regte van sy burgers. Dié waarborge het gedien as sade vir die ontstaan van die burgerlike *societas*, omdat die reg van almal daarin gehandhaaf word.[277]**

---

275 Rosmini 1996: 182.
276 Rosmini 1996: 184.
277 Rosmini 1996: 187.

**Volgens Rosmini het die Romeinse republiek die oorwonne nasies burgers gemaak, eerder as slawe. Die Romeine het geglo dat, indien die republiek uitgebrei word, dit meer billik en regverdig sou wees. Indien hulle die oorwonne nasies slegs as slawe by die Romeinse republiek geassimileer het, sou die burgerlike *societas* onderdrukkend en tiranniek van aard gewees het. Hy verklaar "... the master alone is end, and that all his bond-servants are means to his will. If, therefore, siegniory stands totally alone, without any social element, it is the most unjust, inhuman thing on earth."[278]**

## 3.3 Ideale burgerlike *societas*

**Rosmini se politieke filosofie impliseer dat die burgerlike *societas* die regte van almal moet handhaaf. Die beskerming van die burgers se regte moet dus die eerste doelwit wees. Niemand mag van private of openbare ampte uitgesluit word nie. Dit staan die burgerlike *societas* vry om enige gepaste kandidaat vir 'n amp te kies.[279]**

**Rosmini verklaar dat geen instansie of individu gesag mag uitoefen, wat nie deur die volk aan hulle verleen word nie.[280] Die volk bepaal wie moet regeer. Die gekose kandidaat se vryheid bestaan daarin dat hy nie mag doen wat vir die mense in die burgerlike *societas* nadelig is nie: "... (his) freedom consists in being able to do all that does not harm another... the only limits to the exercise of all human natural rights are those which guarantee for the other members of society the enjoyment of these rights..."[281] Die enigste beperking op die**

---

278 Rosmini 1996: 197.
279 Rosmini 1996: 211-214.
280 Rosmini 1996: 218.
281 Rosmini 1996: 218.

**uitoefening van die amptenaar se vryheid bestaan dus in die regte van die ander mense in die burgerlike *societas*.**

**Rosmini meen juridiese vryheid word deur die volgende voorskrif van die reg beperk: "... law has the right to prohibit only actions harmful to society."[282] Hy glo dat die burgerlike *societas* byvoorbeeld die vryheid van die pers in politieke aangeleenthede tot 'n sekere mate kan beperk. Vryheid van spraak is dus nadelig vir diegene wie se opinies oor sosiale geregtigheid deur bevooroordeelde skrywers verdraai word. Rosmini stel 'n gematigde uitoefening van sodanige vryheid voor: "... everyone must so exercise their right that it imposes the least possible limit to others in the exercise of their right."[283]**

**Die burgerlike *societas* kan deur middel van sy regering beperkings op die publikasie van sekere materiaal beveel.[284] Rosmini meen dat dit ongeoorloof sal wees, indien die publikasie van sodanige materiaal nadeel veroorsaak. Volgens hom word ons nou gekonfronteer met die vraag of die burgerlike *societas* die nadeel aan die betrokke individue onder die voorwendsel van die beskerming van openbare belang kan tuisbring.[285] Hy meen die vraag kan eers beantwoord word, indien daar bepaal word of daar 'n redelike vrees bestaan dat die gewraakte publikasie die menslike samelewing tot anargie kan dwing en of**

---

282 Rosmini 1996: 219.

283 Rosmini 1996: 230.

284 Die vermoede van onregmatigheid is nie die enigste vermoede wat die publikasie van lasterlike woorde of gedrag skep nie. Sodanige publikasie skep ook die vermoede dat die publikasie met opset of *animo iniuriandi* geskied het, of in die geval van die pers en ander media, dat die verweerder nalatig was.
Hierbenewens verklaar regter Rumpff in *SAUK v O'Mally* 1977 3 SA 394 (A), 402-3. "Wanneer die vraag ontstaan of die publikasie van die lasterlike woorde regmatig of onregmatig was, is dit die taak van die hof om vas te stel, vir sover dit die gemene reg betref, of publieke beleid verg dat die publikasie geregverdig is en dus as regmatig bevind moet word." .

285 Rosmini 1996: 231.

**daar enige ander wyses is om die ongewenste implikasie te ontwyk. Rosmini verklaar dat die burgerlike *societas* homself deur middel van voorkomende wette teen die misbruik van die pers kan beskerm. Hy meen die gewraakte publikasie is 'n politieke aangeleentheid, wat nie net die belange van die meerderheid affekteer nie, maar van almal, selfs die belange van daardie persone wat gedeeltelik nadeel ly as gevolg van die voorkoming van die publikasie, byvoorbeeld die leweransiers. Deur middel van die reg van beskerming van die belange van die burgerlike *societas*, kan die samelewing die publikasie van gewraakte materiaal verbied.[286]**

## 3.4 Onreg en die burgerlike *societas*

**Rosmini meen dat juridiese gelykheid behels dat die burgerlike *societas* menseregte moet erken en respekteer. Hy kyk gevolglik na daardie handelinge wat die regte van die burgerlike *societas* skend. Volgens hom bestaan daar vier oorsake van onreg, naamlik die burgerlike *societas*, die regering, die vorme van regering en die individuele persone.[287] Dié oorsake is gewoonlik interafhanklik en kan nie in afsondering met mekaar bestaan nie.**

---

286 Rosmini 1996: 231-3. Rosmini verklaar: "… this is a political matter, and affects the interests not simply of the majority, but of all, even of those who suffer partial damage from such prevention. As we said, harm done by civil society to individuals is abundantly compensated by the benefit they receive. In this case, we presume first of all that government, acting in the name of society, is truthful and limits itself to preventing social anarchy."

287 Rosmini 1996: 257.

**Rosmini meen dat onreg deur die burgerlike *societas* ontstaan vanweë onkunde oor die doelwit daarvan. Met onkunde word verstaan dat die burgerlike *societas* oor enigiets kan beskik soos dit goed vind en dat alles ten koste daarvan opgeoffer moet word. Die burgerlike *societas* moet, volgens hom, sigself tot die handhawing (regulering van die modaliteite) van die reg beperk. Die burgerlike *societas* moet nie die regte van die individue of mense aantas nie.**[288]

**Volgens Rosmini is onreg aan die kant van die burgerlike *societas* ook weens die onkunde van die beskikbare middele vir die volvoering van die doelwit. Onreg is dus ook geleë in die versuim van die burgerlike *societas* om juridiese gelykheid tussen regering en burger te erken, en ook oor die valse opinies oor die regering: "... the evils of government come from... failure to recognise the jural equality between government and citizens, and false opinions about government."**[289]

**Rosmini meen onreg aan die kant van die individu (byvoorbeeld 'n amptenaar wat namens die burgerlike *societas* ageer) sluit arbitrêre beslissings, magsmisbruik en nepotisme in. Ander vorme van onreg sluit in die versuim van beskerming teen valse opvattings oor die aard van die menslike samelewing, die regering en die vorme van die regering vir soverre dit die menseregte van individue en die vorme van burgerlike *societas* aantas.**[290]

### 3.5 Onreg deur persone wat oor burgerlike gesag beskik

[288] Rosmini 1996: 257-8.
[289] Rosmini 1996: 258.
[290] Rosmini 1996: 255-258.

Rosmini meen die vraagstukke wat hier na vore kom, is of 'n betrokke persoon die gesag wat hy beklee, regmatig uitoefen. Hy verklaar dat daar gevalle voorkom waar persone wederregtelik sosiale ampte beklee. Die onreg sal in die geval by sodanige persone, in plaas van by die regering, bestaan: "... persons who usurp a social post can fulfil the office with complete justice. When this happens, the injustice is in the persons, not in their governmental acts."[291]

Rosmini beweer ook dat persone wat wel oor legitieme regeergesag beskik, daardie gesag kan misbruik. Sodanige persone oorskry die grense van hul legitieme gesag; hulle verwaarloos die legitieme uitoefening van hul gesag, deurdat hulle hul gesag vir 'n heel ander doel aanwend as waarvoor dit gereserveer is: "... the form of governmental power can be legitimate, but persons legitimately invested with it can abuse the power, exceed its limits, neglect its exercise and direct it to an end different from that proper to the society they govern. Here, injustice is in government, in its acts."[292] Die verhouding tussen die burgerlike *societas* en die individue of burgery word sodoende nadelig geaffekteer.

### 3.6 Burgerlike gesag

Rosmini meen die burgerlike *societas* begaan onreg, wanneer dit die grense van die (modaliteit van) regte oorskry, en ook wanneer dit die regte van die individu en die kollektiwiteit aantas: "... civil society commits a manifest injustice every time it fails in its first duty by crossing the limit of the modality entrusted to its regulation and entering the

---

[291] Rosmini 1996: 261.
[292] Rosmini 1996: 261.

rights of individual and collective persons."[293] Burgerlike gesag moet sodanig uitgeoefen word dat burgerlike vryheid deur die beskerming van sy wette gehandhaaf word. Rosmini meen eiendomsreg, as 'n vorm van juridiese vryheid, dra by tot die handhawing van menseregte: "... the very rights of ownership are reduced to jural freedom which bears in itself all human rights."[294] Burgerlike gesag moet dus vir die beskerming van eiendomsreg aangewend word.

Rosmini meen burgerlike wetgewers wat dink dat hulle vry is om burgerskap uit te brei deur nuwe wette te verorden, sonder inagneming van werklike bestaande regte inherent aan burgerskap, die beginsel van geregtigheid aantas: "... arbitrary laws of this kind, which dispose of the goods and rights of the ancient sharers in communal rights, exceed the sphere of civil power..."[295]

### *3.7* Regte wat lei tot hervorming van die burgerlike *societas*

In die burgerlike *societas* sanksioneer twee elemente (magte) alle sosiale regte, naamlik owerheidsgesag en die openbare mening. Eersgenoemde behoort tot die regeerders en laasgenoemde tot die burgery.[296]

Rosmini meen dit is 'n groot taak om die menings van die massas oor sosiale geregtigheid eenvormig te reguleer. Eenvormigheid in politieke aangeleenthede is in die legitieme mag

[293] Rosmini 1996: 284-5.
[294] Rosmini 1996: 285.
[295] Rosmini 1996: 289.
[296] Rosmini 1996: 295.

**van die massas gesetel. Volgens hom herlei eenvormigheid van menings die burgerlike *societas* tot sy hoogste vervolmaking. Die burgers het dus 'n onvervreembare reg om al die handelswyses wat voordelig vir dié doel is te gebruik .[297]**

**Hy meen die burgerlike regering se grootste plig lê in die handhawing van die ooreenstemming tussen die regeergesag en die openbare mening,[298] en verklaar soos volg: "... it will be the sacred, supreme duty of government to rule civil society according to prevalent public opinion, not according to particular theories."[299]**

**Rosmini meen 'n wyse regering se magte skiet nooit tekort aan mag om al sy burgerlike pligte en die regte van die burgers te akkommodeer nie. Dié regering sal enige onreg teen die openbare orde of private regte ontsenu.[300]**

**Regte is moreel van aard en benodig morele uitoefening. Rosmini glo as die uitoefening van dwang immoreel is, sal dit ophou om billik of regverdig te wees: ".. because right is essentially moral, this force must be exercised morally. Hence whenever the exercise of coercion is morally tainted, it ceases to be right."[301] As dwang die persoon oor wie dit uitgeoefen is, benadeel, behoort die uitoefening van dwang verbied te word.[302]**

---

297 Rosmini 1996: 295-296.

298 Rosmini 1996: 297. Rosmini formuleer die verhouding tussen die regeergesag en die openbare mening so: "This great duty consists in always maintaining perfect agreement between the two supreme forces of society, the material force (which must be in the hands of government) and public opinion (in the hands of the governed). In other words: 'It will be the sacred, supreme duty of government to rule civil society according to prevalent public opinion, not according to particular theories."

299 Rosmini 1996: 297.

300 Rosmini 1996: 299.

301 Rosmini 1996: 301.

302 Rosmini 1996: 301.

**Rosmini meen die burgerlike regering het 'n reg *ad rem* tot sosiale voordeel. In die geval van eiendomsreg en die regte van die individu, mag die regering beslag lê op sodanige voordeel of goed (eiendomsreg en regte van die individu) wat die objek van regte is. Die regering kan dit byvoorbeeld doen deur middel van billike kompensasie. Rosmini meen waar die regering beslag lê op goedere sonder die belofte van kompensasie, sal dit 'n onreg deur die regering wees.[303] Dit sal ook 'n misbruik van mag deur die regering veronderstel.[304]**

**Hy meen voorts die regering mag nie dwang gebruik waar 'n onskuldige party sy eie regte probeer beskerm nie. Skade aan 'n onskuldige persoon aangedoen, regverdig selfverdediging. Die ideale geval sou wees waar die mens sy regte beskerm, sonder enige nadeel of skade aan die oortreder.[305]**

**Burgerlike gesag is van God afkomstig soos uitgedruk deur die stelreël *omnis potestas a Deo*.[306] Legitieme mag en regte is van God deur middel van die reg afkomstig en die burgery moet hulle aan sodanige gesag onderwerp. Gesag, of die uitoefening van dwang, behoort nie tot die bevoegdheidsfeer van die burgery nie: "... (it) is certainly dangerous and blameworthy when exercised by an unbridled, corrupt multitude."[307]**

**Rosmini meen ook die burgers mag nie geweld teen die regeerder gebruik nie. Indien hulle dit vanweë die onreg van die regeerder doen, sal die burgers medepligtig wees, en met net**

---

303 Rosmini 1996: 302. "… by seizing goods without promise of compensation or any social title, which is an act of injustice committed in the name of the government…"

304 Rosmini 1996: 302-3.

305 Rosmini 1996: 304.

306 Rosmini 1996: 70, 305.

307 Rosmini 1996: 309.

**soveel blaam as die onbillike regeerder verwyt word: "... the citizens as a whole can never have the right to violent coercion against their supreme governor. Some of them will necessarily be accomplices of his injustice and consequently have in their power a peaceful means for eradicating it. They can cease to co-operate."[308]**

**Rosmini meen die regering is dit wat die burgers of mense daarvan maak, en dat korrupte regeerders van 'n korrupte burgery kom: "... governments are precisely what people make them, and that corrupt rulers come from corrupt people; in other words, the people have the ruler they want."[309] As geregtigheid, moraliteit en orde in die gedrag van die burgers gevind word, sal daardie betrokke regering regverdig en moreel goed wees.[310]**

**Rosmini glo die burgers beskik oor 'n reg van protes teen 'n regering wat sy mag misbruik. Hierdie reg is die beste waarborg vir 'n gesonde regering en dien tot voordeel van sowel die burgerlike *societas* as die individuele burgers. Hy meen dat protes slegs effektief kan wees as sekere voorwaardes nagekom word. Elke groepering of individu wat oor 'n reg tot beskerming beskik, moet in staat wees om dit uit te oefen: "... every collective or individual person who has rights to defend must be able to exercise it."[311] Voorts moet protes goed deurdink en deeglik oorweeg word. Dié reg moet in die openbaar uitgeoefen word: "... the remonstrances need not be secret; indeed it is helpful if they are public."[312] Rosmini glo dat protes openbare gevoel uitdruk, wat die beste reël vir 'n goeie regering is.[313]**

---

308 Rosmini 1996: 319.
309 Rosmini 1996: 319.
310 Rosmini 1996: 319.
311 Rosmini 1996: 323.
312 Rosmini 1996: 323.
313 Rosmini 1996: 324. "… the right can often sincerely and faithfully express public opinion, which is the best rule for good government.":

**Rosmini meen as die bindende kontrak tussen die regeergesag en die burgery geskend word, kan die burgery hulle reg van protes gebruik, deur hulle van die voorwaardes van dié kontrak te bevry: "... both the civil head and the citizens are obliged by the pacts they make, and by the conditions stated or certainly understood... if this reciprocally binding contract is broken by the civil head, the offended side can certainly use its right to free itself from the conditions of the contract."[314]**

## 3.8 Hervorming van die burgerlike *societas*

**Rosmini meen dat die burgerlike *societas* die beste gevorm kan word deur die uitoefening van twee deugde, naamlik geregtigheid en wysheid: "... the vast and noble science of civil society is divided into two parts because the City can be ordered in the best way only according to two sublime virtues, justice and prudence."[315]**

**Volgens hom kom wysheid slegs ná geregtigheid: "... if it wished to precede justice, it would cease to be virtue and become cunning and crookedness."[316]**

**Geregtigheid, sê hy, is die objek van die reg, terwyl wysheid die onderwerp van politiek is. Die juridiese plig van die burgerlike regering moet die handhawing van geregtigheid as doelwit hê. Rosmini verklaar dat die burgerlike *societas* floreer, wanneer geregtigheid**

314 Rosmini 1996: 330.
315 Rosmini 1996: 403.
316 Rosmini 1996: 403.

universeel gehandhaaf word. Hy meen die burgerlike *societas* mag nie deur onreg in stand gehou word nie.[317]

Die primêre plig van die regeerder is die handhawing en behoud van die burgerlike *societas*. Volgens Rosmini dra geregtigheid, moraliteit en godsdiens by tot die bereiking van die einddoel van die burgerlike *societas*, naamlik die verkryging van sosiale voordele en die bevrediging van behoeftes. Die toestemming van al die burgers vir die verkryging van sosiale voordele (openbare welsyn) word vereis. Rosmini verklaar: "... injustice cannot be present if all the persons interested give their consent."[318]

Rosmini meen persone wat met burgerlike gesag beklee is, maar wat nie oor ooreenstemmende vergoeding beskik nie, sal geneig wees om hul gesag te misbruik ten einde hulself te verryk. Hulle sal derhalwe nie waak oor die belange van andere of die openbare welsyn handhaaf nie. Volgens hom moet burgerlike gesag proporsioneel tot rykdom staan: "... civil power should be divided according to the proportion of wealth."[319] Dieselfde geld met betrekking tot militêre mag en burgerlike gesag. Rosmini verklaar: "... the same can be said about the material (military) force and civil power. It is obvious that civil power will never be secure if military power is not distributed in the same way as civil power."[320]

---

317 Rosmini 1996: 404.
318 Rosmini 1996: 407.
319 Rosmini 1996: 412.
320 Rosmini 1996: 412.

**Rosmini glo ook dat 'n volmaakte burgerlike *societas* in die balans tussen kennis en deug geleë is. Hy meen 'n wanbalans tussen die twee faktore (kennis en deug) sal die burgerlike *societas* in chaos laat verval: "... those governing the city who possesses wealth and knowledge but are devoid of virtue, will simply abuse their force and authority, corrupt the citizenry and tyrannise society."[321]**

**Hy glo ook dat die hervorming van die burgerlike *societas* volmaaktheid sal bereik, indien dit die gevolg van 'n optimale verspreiding van voordele is. Sodanige voordele word verkry deur die maksimale vermeerdering van morele deug. Deug dien as waarborg dat die burgerlike *societas* sonder onrus sal wees. Daar sal derhalwe 'n toestand van veiligheid en volmaakte rustigheid in die burgerlike *societas* heers. Deug sal ook veroorsaak dat die politiek nie in 'n nuttelose en bedrieglike kuns omskep word nie.[322]**

**Rosmini glo geregtigheid maak in die mens 'n gevoel van reaksie wakker teen elke vorm van onreg. Deur middel van geregtigheid word die burgerlike *societas* in staat gestel om 'n veilige en rustige toestand te bereik.[323] Hy is daarvan oortuig dat geregtigheid deur politieke deugdelikheid ondersteun moet word, sodat voordele gelyk onder die burgery versprei word en hulle nie gedwing word om wederregtelik ander mense se voordele te verkry nie: "... while justice contributes to the aim of politics by helping society maintain a secure, tranquil state, politics in turn assists and helps the desire of justice that goods should spontaneously distribute themselves amongst people in such a way that people experience the least possible temptations to break the order of justice and disturb society...**

[321] Rosmini 1996: 414.
[322] Rosmini 1996: 424.
[323] Rosmini 1996: 424.

**Human weakness is thus less compromised and tempted. The aim of sound politics is to remove from human beings occasions and temptations of evil..."[324]**

**Rosmini meen die hervorming van die burgerlike *societas* word tot sy volmaakte vlak gebring waar sowel geregtigheid as politieke deugdelikheid met mekaar in harmonie verkeer.[325]**

**Rosmini kom tot die slotsom dat die regeergesag 'n bate is en dat dit nie net goedsmoeds aan enigiemand geskenk kan word nie. Die reëls van verdelende geregtigheid en gelykheid moet in hierdie verband as maatstaaf gebruik word in die verspreiding van gesag. Die burgerlike *societas* moet sowel die individu as die kollektiwiteit bevoordeel. Hy verklaar: "... its first responsibility... is to keep evil at bay by defending the rights of all."[326]**

**Rosmini stel dus voor dat die regering nie die grense van sy gesag mag oorskry nie, en nie méér gesag mag opneem as wat dit mag besit nie.[327] Ingevolge die *nemo plus iuris ad alium transferre potest quam ipse haberet*-stelreël, kan die burgerlike *societas* nie 'n groter reg uitoefen, as wat dit sigself van die burgery verkry het nie. Die individue het deur middel van die sosiale kontrak aan die burgerlike *societas* die mandaat gegee om hul regte te beskerm, en waar nodig, die aantasting van menseregte, met strafmaatreëls, te beperk: "... it becomes clear that the law which commands all, before which everything on earth bows low and**

---

[324] Rosmini 1996: 425.
[325] Rosmini 1996: 425.
[326] Rosmini 1996: 427.
[327] Rosmini 1996: 427.

**trembles, has finally an invincible sanction in consciences and an incorruptible interpreter in society."[328]**

**Die toepassing van die *nemo plus iuris*-stelreël impliseer dus dat die burgerlike *societas* nie die mense se lewens onder die voorwendsel van die stelreël, *Salus reipublicae suprema lex* (die veiligheid van die staat is die hoogste reg), mag neem nie.[329] Ingevolge die *nemo plus iuris*- reël, het die burgerlike *societas* nie die reg om menseregte te skend nie.**

---

[328] Rosmini 1996: 437.
[329] Rosmini 1996: 34.

## 4. Antonio Rosmini se Regsfilosofiese Grondslae

### 4.1 Die belang van geregtigheid en die regsfilosofie

**Rosmini se natuurreg, geregtigheid en die regsfilosofie vind baie nou bymekaar aansluiting. Volgens hom hou die regsfilosofie hom primêr met die vraagstuk van geregtigheid besig.[330] Die mees eenvoudige, basiese en edele idee is dié van geregtigheid. Alles wat met die positiewe reg in verband staan, het hul oorsprong in die natuurreg en geregtigheid.[331]**

**Volgens Rosmini is die idee van geregtigheid en ook die regsfilosofie in die aard van die mens geskape.[332] Slegs deur middel van geregtigheid kan die positiewe reg verbeter word.[333]**

**Vanuit hierdie uitgangspunt kan die gevolgtrekking gemaak word dat die mens nie reg kan skep nie, maar dat hy eerder die reg (geregtigheid) moet interpreteer: "... Rosmini is able to declare that our business, absolutely speaking, is not to make laws, but to interpret the**

---

330 Rosmini 1993 (a): 3. "**...** dealing with law expressly discussing justice means rejecting the genuine substance and vital principle of laws and forcing people to look for it elsewhere. And we must indeed conclude that the first, most simple and important element in moral and jural disciplines is inserted in all human souls by divine Providence because everyone stands in need of it."

331 Rosmini 1993 (a): 6 "… all solid attempts at reasoning about positive laws had to begin here... the essence of the perfection of laws consisted in justice alone**.**"

332 Rosmini 1993 (a): 6. "**...** In fact, the simple and altogether general ideas which we indicated as lights enkindled in human nature by the Creator are precisely the essences of those superior realities required by human nature. And one of these essences is justice."
Rosmini 1993 (a): xii. "Rosmini's philosophy of right is dependent, therefore, on his doctrine of person."

333 Rosmini 1993 (a): 8. "… Justice is not manufactured by human beings, nor can human hands dismantle it. It is prior to laws made by human beings; such laws can only be expressions of justice... Nor does authority exist except as a servant of justice. Justice is the very essence of authority itself: 'Through me rulers rule.'"

supreme law of justice."[334] Die positiewe reg moet dus, sê hy, deur geregtigheid beoordeel word.[335] Sy regsfilosofie berus dus primêr op geregtigheid.

### 4.2 Die onderskeid tussen regsfilosofie en ander wetenskappe

Volgens Rosmini ontvang die positiewe reg sy vitaliteit van die regsfilosofie. Daarbenewens moet die regsfilosofie van ander wetenskappe onderskei word. In hierdie verband beklemtoon Rosmini die volgende drie belangrike aspekte: eerstens, is die regsfilosofie dit wat spruit uit die grondslae van juridiese geregtigheid. Op sý beurt is juridiese geregtigheid geregtigheid wat in regte gefundeer is.[336] Tweedens, is die regsfilosofie op jurisprudensie gefundeer en derdens het die regsfilosofie drie primêre verantwoordelikhede: dit moet eerstens bepaal welke menseregte daar is, tweedens hoe wetgewing tot stand gebring is en derdens moet dit die positiewe reg krities beoordeel.[337]

Rosmini beweer dat die regsfilosofie moet vasstel hoedat positiewe reg gemaak word en dit moet sodoende die beskerming van die regte van die mense waarborg. Op grond van die regsfilosofie word die mens se natuurlike vryheid gehandhaaf. Rosmini verklaar: "... the laws of the State have to protect true rights exactly... they are not to invade natural freedom and thus violate rather than maintain the rights of individuals..."[338]

---

334 Rosmini 1993 (a): x.
335 Rosmini 1993 (a): x.
336 Rosmini 1993 (a): 16. "… the philosophy of right is the doctrine of first reasons applied to jural justice. And jural justice is justice rooted in rights."
337 Rosmini 1993 (a): 19.
338 Rosmini 1993 (a): 19.

**Met betrekking tot die politieke filosofie speel die regsfilosofie 'n fundamentele rol in die natuurlike vorming of konstruksie van die burgerlike *societas*. Rosmini meen dat die regsfilosofie geregtigheid as die belangrikste element van elke burgerlike *societas* beskou. Sy regsfilosofie behels dat die burgerlike *societas* weens geregtigheid as die "opvangbak" vir regte en verpligtinge van die mense dien.[339] Op grond hiervan vorm geregtigheid deel van die burgerlike *societas*. Daarbenewens is die behoud van sosiale regte identies aan die behoud van die burgerlike *societas*. Die regsfilosofie is dus die wetenskap van sosiale geregtigheid.[340]**

**Politieke filosofie wat deel uitmaak van geregtigheid handel met die regte van die individue en staan bekend as individuele regte: "... we obtained the same result if we compare politics with the other part of the theory of justice, which concerns the rights of individuals and is commonly called private right or, as I call it, individual right."[341]**

**Rosmini beweer dat die behoud van die regte van die individue deel vorm van die morele en doelbepalende (eudaimonologiese) regte. Volgens die morele regte moet 'n persoon die regte van andere respekteer, terwyl doelbepalende regte bepaal dat die betrokke persoon se regte deur andere gerespekteer moet word.[342] Rosmini meen dié regte wat die grondslag**

---

339 Rosmini 1993 (a): 21.

340 Rosmini 1993 (a): 21-2. In dié verband tref Rosmini 'n vergelyking tussen regsfilosofie en die politiek. Hy verklaar: "… The preservation of social rights is, therefore, identical with the preservation of society. If the first duty of politics is to preserve society, its first duty is also to defend the social rights that form and constitute society. These rights are the cement that binds society together. The philosophy of Right, therefore, as the science of social justice, is the end relative to the philosophy of politics; and the philosophy of politics is the means relative to the philosophy of Right. We obtain the same result if we compare politics with the other part of the theory of justice, which concerns the rights of individuals and of commonly called private Right or, as I call it, individual Right."

341 Rosmini 1993 (a): 22.

342 Rosmini 1993 (a): "… The preservation of the rights of individuals is a part of their moral good and of their eudaimonological good. Moral good requires that a person respect the rights of others; eudaimonological good requires that the same person's rights be respected by others."

**van geregtigheid uitmaak, vorm die einddoel van die burgerlike *societas*. Volgens Rosmini is die handhawing van die morele en die doelbepalende regte die fundamentele plig van elke burgerlike regering. Rosmini verklaar: "... if government has to promote the moral good, it must consequently persuade all those who are governed to respect the rights of others, if government has to promote the eudaimonological good, it must defend with force all the rights of every person who is governed so that no one will dare violate them. These are the two great duties of governments."[343]**

**Rosmini omskryf die taak van die owerheid met betrekking tot morele en doelbepalende (eudaimonologiese) pligte soos volg: "... government is simply a means of obtaining and increasing the good and perfection of the individuals who make up the social body."[344] Reg en plig is van só aard dat daar 'n reg in een persoon met 'n korresponderende plig in 'n ander persoon bestaan om die regte van daardie betrokke persoon te respekteer.[345]**
**Indien die regering die morele welsyn van sy burgers wil bevorder, moet dit al sy burgers oorreed om die regte van ander mense te beskerm; en indien dit die doelbepalende welsyn van sy burgers wil bevorder, moet die regering 'n individu se regte teen die onregmatige handelinge van ander mense beskerm of verdedig.[346]**

**Rosmini se regsfilosofie poog om menslike vervolmaking in die individu as objek van moraliteit te vestig. Sy regsfilosofie behels dus dat geregtigheid in die beoefening van morele en doelbepalende welsyn gesetel is: "And it is clear that human perfection, which**

343 Rosmini 1993 (a): 22.
344 Rosmini 1993 (a): 22.
345 Rosmini 1993 (a): 22.
346 Rosmini 1993 (a): 22.

always resides in individuals, and is the end of politics, consists in both categories of good, moral and eudaimonological."[347]

## 4.3 Die geskiedenis van die wetenskap van natuurlike regte

Volgens Rosmini is geregtigheid 'n deug. Hy definieer geregtigheid vervolgens as: "... a habit through which we give to all, with a constant, preserving will, that which is just, that is, their right."[348]

Rosmini meen geregtigheid bestaan indien die interne wil eerlik of regskape is. Derhalwe verklaar hy: "... there is no right in immoral activity."[349] Rosmini beweer dus dat geregtigheid dit is wat reg is.[350]

## 4.4 Die verdeling van natuurlike regte

Rosmini verdeel natuurlike regte skematies in drie dele: die essensie van reg, afgeleide regte en wetenskappe van toepassing op regte.[351] Dié drie natuurlike regte vorm die regsfilosofie. Die essensie van die reg is gerig op die rede, wat in ooreenstemming is met dit wat moreel reg is.[352]

---

347 Rosmini 1993 (a): 22.
348 Rosmini 1993 (a): 35.
349 Rosmini 1993 (a): xi.
350 Rosmini 1993 (a): 36. "… 'What is just' is 'the object of justice." (*manifestum est quod jus est objectum justitiae*).
351 Rosmini 1993 (a): 56.
352 Rosmini 1993 (a): 51. "… the first two parts constitute the science of rational Right… We have to describe the more special parts of rational Right, and discover how the principle of Right and the derivation of special rights, of which we have already spoken, are subdivided. The first of these two

Met betrekking tot afgeleide regte onderskei Rosmini tussen spesiale regte en aanpassings van regte. Hy onderskei twee tipes regte van mekaar, naamlik die natuurlike en verkreë regte, wat op hul beurt weer in individuele en sosiale regte onderverdeel is.[353] Volgens hom dui individuele regte op die handelinge van 'n individu, terwyl sosiale regte op die handelinge van die kollektief dui: "... In the treatise on the derivation and classification of rights we first discuss the distinction between connatural and acquired rights. The two most general modes of acquisition depend upon the act of a single person and the acts of two or more persons."[354]

Rosmini meen die onderwerp van elke reg is die individu (persoon) of die mens. Hy meen sosiale regte moet selfs omvorm word om sodoende bevrediging van behoeftes aan die individue te bewerkstellig, waar nodig: "... 'the subject of every right is always the individual.' We have to reduce to individual rights even those rights which we call, for the sake of abbreviation, 'social rights.' There are not two subjects, the individual and the social body, which are capable of right, but a single subject, the human individual..."[355]

## 4.5 Hulpmiddels by 'n studie van die regsfilosofie

Rosmini verklaar dat 'n studie van die regsfilosofie rasioneel onderneem kan word. Hy meen egter dat die rede, ondersteun deur die regsfilosofie, gehelp kan word om sekere

---

parts, which deals with the principle or supreme reason of Right, takes its subdivisions from the elements constituting the essence of right…"

353 Rosmini 1993 (a): xii.

354 Rosmini 1993 (a): 55.

355 Rosmini 1993 (a): 55.

**besluite te neem. Rosmini verklaar: "... But when reason is presented with these facts and relationships – jural cases which it is called upon to decide, as it were – it has scarcely taken the first step. It still needs help to make good decisions."[356]**

**Die hulpmiddels by 'n studie van die regsfilosofie kan prakties of teoreties van aard wees. Met behulp van praktiese bystand word dispute en geskille tussen persone opgelos, terwyl teoretiese hulp van die volgende wetenskappe afkomstig is, naamlik van die antropologie, die positiewe reg, die politiek en die etiek.[357]**

**Rosmini meen die etiek wat in 'n verhouding tot die reg staan, dra by tot die handhawing en bevordering van die regsfilosofie. Hy verklaar: "... Ethics, which has a special relationship with Right. This last science must be to the forefront in the mind of anyone wishing to make progress in jural philosophy..."[358] Op grond hiervan word die morele reg gevorm, wat ons sodoende met die beginsel van plig vertroud maak. Uit plig word reg(te) afgelei: "... be familiar with duty, from which right is derived, and with the nature and force of moral obligation."[359]**

**'n Studie van menseregte word deur Rosmini met behulp van sy regsfilosofie aangepak. Sy regsfilosofie bring ons vervolgens tot 'n studie van die reg: naamlik die essensie van die reg, afgeleide regte, regte van die individu, sosiale regte en binne sosiale regte die regte**

---

356 Rosmini 1993 (a): 58.
357 Rosmini 1993 (a): 58-9.
358 Rosmini 1993 (a): 59.
359 Rosmini 1993 (a): 59.

van die gesin, regte van die kerk en die regte van die burgerlike *societas*. Rosmini meen dié ondersoeke of studies van die reg moet op die beginsel van geregtigheid gefundeer word.[360]

Op grond hiervan word die probleme rakende die uitoefening van menseregte die fokuspunte van Rosmini se filosofiese diskoers.[361] Hy beweer dat elkeen bewus is van die bestaan en belangrikheid van menseregte, alhoewel daar nie 'n onderliggende beginsel is wat ons in staat stel om menseregte te verstaan en te evalueer nie. Ten spyte van die verwaarlosing en misbruik van regte, is die mens egter steeds bewus van die verhewe belangrikheid van menseregte in die burgerlike *societas*.[362]

Op grond hiervan dien die regsfilosofie as die uitoefening van geregtigheid in die burgerlike *societas*. Hiermee gaan gepaard die stelreël, *Fiat justitia, ruat coelum* (laat geregtigheid seëvier, wat ookal die gevolge).[363] Rosmini meen geregtigheid is die eerste beginsel van die reg in die menslike hart. Dit vertoon ooreenkomste met die natuurreg. Die implikasie van dié versekering vir die toepassing van die natuurreg op die regsfilosofie is diepgaande en blywend. Die geregtigheidsbeginsel, wat die uitvloeisel van die morele reg is, bevat die liefdesbeginsel: "... The supreme natural, moral law, expressed in the self-evident precept, 'Love being for what you know it to be,' or 'Love being in its order,' contains the notion of justice, that is, the requirement that we respect all beings for what they are, and recognise in practice the rights which are theirs. In the end, the philosophy of right will be nothing other than 'the science of justice.' In other words, the philosphy of right will show us in an

360 Rosmini 1993 (a): ix.
361 Rosmini 1993 (a): viii.
362 Rosmini 1993 (a): viii.
363 Rosmini 1993 (a): x.

**orderly fashion how justice is the principle of right and the source of all its derivations in various kinds of rights. In this sense, the philosophy of right, considered as the science of justice, stands as the unshaken foundation of every human authority as well as that of every legislation springing from that authority. There is nothing more 'radical' than justice, nothing more subversive of 'unlawful legality' than the philosophy of right. *Fiat justitia, ruat coelum*."[364]**

**Rosmini se regsfilosofie is afhanklik van sy leer oor die mens, wat op sý beurt dié regte van God aflei: "... rights are derived from the supreme principle."[365] Die leer oor die mens vorm 'n belangrike substraat van Rosmini se regsfilosofie: "... providing, as it does, a vision of the human person rooted in subjective feeling and – far more sublimely – determined by the sight of the idea of being, which is the immortal, infinite, necessary light of reason linking us once and for all with our Creator, but without disclosing him as he is in himself. In the last analysis, it is this inviolable light of being that is offended, but not diminished, when the subject of rights is harmed; the same light is denied in and by the assailant when he blinds himself to others' rigths and tries to make his own what is already theirs."[366]**

[364] Rosmini 1993 (a): xi
[365] Rosmini 1993 (a): xii.
[366] Rosmini 1993 (a): xii.

## 5. Antonio Rosmini oor geregtigheid, aard en implikasies van die reg en menseregte.

### 5.1 Geregtigheid

**Volgens Rosmini is die eenvoudige interpretering van die aard en implikasie van geregtigheid nodig in die burgerlike *societas*.[367] Daardeur word geregtigheid gevestig: "... with the simple presentation of an object to our mind, the eternal law of justice is proclaimed in us."[368]**

**Rosmini meen dat die individu en morele reg as vertrekpunte vir sy persepsie van geregtigheid dien. Hy verklaar: "... the person resides in the will as the supreme active principle in an intelligent spirit..."[369] Hy bring sodoende sy antropologie in berekening, wanneer hy die mens as onderwerp van geregtigheid wil maak. Geregtigheid ontstaan uit die nakoming van die verpligtinge van die morele voorskrifte en nie uit fisiese wette nie.[370] Rosmini glo dat geregtigheid wat die bron van morele verpligtinge is, die uitoefening van menslike handelinge op 'n bepaalde wyse vereis.[371]**

**Volgens Rosmini is geregtigheid objektief. Sodoende konstrueer hy 'n ontologiese basis vir geregtigheid deur van die goddelike eienskappe van werklike, ideële en morele vorm uit te**

---

367 Rosmini 1993 (a): 78.
368 Rosmini 1993 (a): 78.
369 Rosmini 1993 (a): 80.
370 Rosmini 1993 (a): 80. Rosmini verklaar: "… In the moral order, obligation comes from moral, not physical laws… Moral necessity is essential to the order of moral things; take away their necessity, and moral being is rendered impossible."
371 Rosmini 1993 (a): 81. "Obligation is simply the kind of necessity which requires action in one way rather than another if the loss of personal dignity, that is, of the good proper to the person, is to be avoided."

**gaan.[372] Op grond hiervan plaas hy geregtigheid as 'n objektiewe entiteit buite die mens. Die mens kan dit dus eers begryp deur die wilshandelinge van die intellek. Die objek (geregtigheid) met sy goddelike eienskappe dien dus as oorgang vir die mens om sy vervolmaking te bereik. Die mens kan tot vervolmaking gebring word, indien hy deel het aan die geregtigheid van die Syn (God).[373]**

**Aangaande die goddelikheid van geregtigheid verklaar Rosmini: "It is everything present in the idea, in the truth, in entity taken in all its extension, in eternal, impassible, divine being, full of beauty."[374] Hy veronderstel dat vir die mens om volmaaktheid te bereik hy die positiewe reg moet nakom.[375] Die positiewe reg is juis deur God daargestel vir die handhawing van geregtigheid in die burgerlike *societas*: "It is not the human person who produces the object; it is rather the object which produces the human person and which therefore imposes its laws on persons in the act by which they are formed."[376] Op grond hiervan assosieer die mens hom vir doeleindes van geregtigheid met Syn (God) .[377]**

---

372 Rosmini 1993 (a): 80-1. Rosmini verklaar aangaande die ontologiese eienskappe wat hy aan die idee van geregtigheid koppel: "… If the moral order is necessary, therefore, it must possess its own necessity, just as the ideal order and the real order must have their ideal and real necessity if they are to be necessary. But ontology shows that being is necessary, and that it is necessary in all these three primordial forms, that is, in its real, ideal and moral form."

373 Rosmini 1993 (a): Rosmini verklaar aangaande die goddelike eienskappe van geregtigheid: "…The good proper to the human person does not originate therefore from the human person. Rather, persons find it in the object to which they unite themselves by means of a willed act of intelligence. This fact takes persons outside themselves in order to find the object which when found provides their perfection. The act of bringing persons to perfection is simply their sharing in the goodness of the object, their coupling with being."

374 Rosmini 1993 (a): 82.

375 Rosmini 1993 (a): 82. "Yes, this necessity also has a relationship with the laws of their subjective nature."

376 Rosmini 1993 (a): 82.

377 Rosmini 1993 (a): 82. "When they see being, persons also see that it is immutable, identical with itself, and so on… The nature of objective being, therefore, gives rise to the necessity of the acknowledgement of being by persons."

**Rosmini verwys met goedkeuring na Spinoza wat verklaar het dat die natuurreg oor 'n goddelike aard beskik.[378] Rosmini meen dat, ter wille van die goddelike aard van geregtigheid, die mens oor regskape eienskappe beskik en weet om die goeie na te volg. Hy meen dat geregtigheid in elke rasionele mens teenwoordig is: "... justice is necessarily present in every human being in whom the tiniest ray of reason shines."[379]**

**Rosmini bedoel egter nie die subjektiewe geregtigheid (goedheid) nie, omdat laasgenoemde in die bevrediging van menslike behoeftes en doelmatigheid (utiliteit) gesetel is.[380] Hy meen dat as die algemene welsyn in die plek van geregtigheid gestel is, ons derhalwe in 'n stelsel van sosialiteit of doelmatigheid sal verval. Die beginsel van doelmatigheid en die vrees vir skade of nadeel stel vir hom nie 'n ooreenkoms in die burgerlike *societas* nie, omdat regte en verpligtinge nie noodwendig deur die burgerlike owerheid nagekom word nie.[381] Volgens hom bestaan die algemene wil in die aard van regte en pligte. Hy meen dat as daar nie 'n owerheid is nie, sal daar geen pligte wees nie en sal die natuurreg en geregtigheid derhalwe vernietig word.[382]**

**Die beginsel van self-vervolmaking vind uitdrukking in deug. Die menslike instink vir vervolmaking dien as dryfveer vir die mens om die goeie te doen: "... it is equally true that**

---

378 Rosmini 1993 (a): 83.

379 Rosmini 1993 (a): 93-4.

380 Rosmini 1993 (a): 85. "It is self-evident that we must follow good, but we cannot therefore conclude that we must follow subjective good. The proposition is true only when it refers to good in itself, that is, it is the nature of the apprehended object which obliges human beings, not their own pleasure or utility."

381 Rosmini 1993 (a): 89. "… this ancient statement affirms that human beings associated in order to find protection against mutual harm. This is true to a certain extent, but it does not explain the origin of duties and rights… Utility alone, and in particular the fear of evil, does not impart force to an agreement. This kind of restriction is insufficient for the powerful who have nothing to fear from the weak."

382 Rosmini 1993 (a): "… if we admitted the principle of right solely in the decree of a superior, there would be no duty if there were no superior. Thus, in nations which lacked a common head, natural law would be destroyed."

we are obliged to act according to the law of truth and justice..."[383] Indien die mens 'n geneigdheid tot vervolmaking toon, moet hy hom tot die goeie neig. Op grond van dié geneigdheid sal die mens wel met die volmaakte Syn (God) verenig.[384] Hiervolgens kan die beginsel van geregtigheid van God herlei word: "The being of actions therefore arises from the tendency to perfection, but the manner of their being must arise from the principle of justice. We are not obliged to act by nature – it is instinct that causes action. But when we do act, we are obliged by the moral force of justice to act correctly."[385]

Volgens Rosmini sal ons dus altyd deur middel van geregtigheid verplig wees om in die burgerlike *societas* moreel goed te handel. Enige handeling in stryd met geregtigheid sal in terme van die natuurreg ongeldig wees. Daar bestaan duidelike parallelle tussen geregtigheid en die natuurreg, omdat beide deur en van God afkomstig is.[386]

## 5.2 Die aard en implikasie van die reg

### 5.2.1 Die natuurreg

Rosmini se standpunt oor die aard en implikasie van die reg gaan van die veronderstelling van die natuurreg en die positiewe reg uit en die toepassing van die twee normatiewe

---

383 Rosmini 1993 (a): 99.

384 Rosmini 1993 (a): 98. "If we are required to tend to our own perfection, we must implicitly propose some good for ourselves. This good although perhaps not absolute, is connected with absolute good as an effect with its cause."

385 Rosmini 1993 (a): 99.

386 Rosmini 1993 (a): 101-2. "… justice which is not only inflexible and eternal, but attractive and beatifying. In a word, this justice is an indefectible nature, a God, the ultimate aim of the appetite for happiness, as supreme good, and of the moral will, as living justice."
Rosmini 1993 (a): 102, voetnoot 112 "… God was nature itself… justice come from God… God was human reason or the common nature of things… People who followed perfect duty were wise, close to the gods, they were God."

**stelsels in die burgerlike *societas*. Met betrekking tot die positiewe reg word 'n omvattende studie oor die aard van regte en verpligtinge deur Rosmini gedoen. Die einddoel van sy standpunt oor die aard en implikasies van die reg is om deur middel van geregtigheid 'n grondslag vir menseregte te bied. Hy verwys met goedkeuring na Lactantius wat soos volg verklaar: "The explanation of justice lies in equity..."[387]**

**Rosmini verklaar dat die aard van die reg 'n fundamentele objek vir navorsing vir die regsfilosofie is. Hy glo dat die aard en implikasie van die reg die mees algemene idee van die reg vorm, wat bekend staan as die "essensie van die reg."[388]**

**Die essensie van die reg wat ook die natuurreg behels, dui op die etiese uitoefening van die reg. Volgens Rosmini word die mens deur die morele voorskrifte van die natuurreg verplig om 'n handeling te verrig, of homself daarvan te weerhou. Die positiewe reg verskaf egter die raamwerk waarbinne die menslike natuur hom kan ontplooi. Die menslike natuur is dus in hierdie verband die maatstaf vir reg en geregtigheid. Die mens word deur 'n onverbiddellike stem aangespoor om in ooreenstemming met geregtigheid te handel.[389] Volgens Rosmini meen Socrates dat die rede in ooreenstemming is met dit wat moreel reg is. Die natuurreg moet gevolg word by die uitoefening van menslike handelinge.[390] Rosmini konstrueer dus die aard en implikasie van die reg oor die boeg van die Goddelike intellek**

---

387 Lactantius, boek 5, hoofstuk 14. "... *ratio in aequitate est*." In Rosmini 1993 (a): 103.

388 Rosmini 1993 (a): 124. Rosmini meen die idee of konsep van die reg bevat die essensie van die reg: "…The principle of Right is the first object of research in jural philosophy… The idea, or concept, contains the essence of something: the idea or concept of right contains and makes known the nature and essence of right…"

389 Suid-Afrikaanse Regskommissie 1989: 4. Socrates verwys na die onverbiddellike stem as 'n soort stem in sy binneste: "... solank 'n mens reg handel, sal hierdie stem jou nie pla nie; sodra jy egter verkeerd handel, sal die stem jou aanspreek."

390 Rosmini 1999: 306. Rosmini het reeds, onder die invloed van Aquinas, aangetoon dat die rede of natuurreg deur God in die menslike gedagte ingeprent is.

**waaraan die mens deel het.[391] Die Goddelike gerigtheid vir die menslike handelinge soek vir ‘n etiese fundering van die reg. Rosmini meen die etiese fundering van die reg vind sy uitloper in moraliteit, waardeur die reg en plig van die mens in die burgerlike *societas* tot uiting kom.[392]**

**Vanweë kritici se siening dat die natuurreg vae riglyne bied vir die uitoefening van die reg, is die studie dus genoodsaak om die aard en implikasie van die positiewe reg ook te verduidelik. Rosmini meen egter dat dié twee terreine nie in insolasie met mekaar behandel moet word nie, maar eerder in samehang, sodat ’n omvattende of volledige siening oor die aard en implikasie van die reg in die burgerlike *societas* begryp kan word.**

### 5.2.2 Die positiewe reg

**In aansluiting by die voorgaande definieer Rosmini die positiewe reg soos volg: “... right is a moral governance or authority to act, or: right is a faculty to do what we please, protected by the moral law which obliges others to respect that faculty.”[393]**

**Hy meen die positiewe reg dwing menslike handelinge met verpligting af. Dit vereis onvoorwaardelike respek en gehoorsaamheid vir die (morele) reg.[394]**

## 5.3 Die positiefregtelike verhouding tussen reg en plig

---

391 Rosmini gebruik die intellek en die deelname van die mens daaraan om sodoende ‘n menseregte ideaal te konstrueer. Dit dien as sy “social engineering” vir ‘n Christelike fundering van menseregte.

392 Rosmini 1993 (a): 125-9.

393 Rosmini 1993 (a): 129.

394 Rosmini 1992: 27.

**Volgens Rosmini gaan plig reg vooraf.[395] Indien die mens deur middel van sy morele oordeel daardie dinge doen wat nie deur die reg verbied word nie, sal plig nie net reg voorafgaan nie, maar sal dit ook onafhanklik van die reg opereer. As plig nie reg voorafgaan nie, sal dit onmoontlik wees om 'n konsep of idee oor die reg te vorm. Volgens Rosmini is die konsep van reg in die idee van plig opgesluit: "... the notion of right is necessarily included in that of duty."[396]**

**Elke reg het dus 'n plig as teenpool: As ek 'n reg op 'n saak het, het ander mense 'n plig om nie op my reg inbreuk te maak nie. Het ek as eienaar byvoorbeeld 'n reg op my motor, het alle ander mense terselfdertyd 'n regsplig om my reg te eerbiedig deur nie my motor te beskadig of te steel nie. So het ek 'n reg op my lewe en ander mense 'n regsplig om nie my lewe te neem, of my dood te maak nie.[397] Rosmini meen die verhouding tussen reg en plig dien as basis vir 'n menseregte-studie.[398]**

**Rosmini verklaar dat die idee van reg en plig wesenlik op mekaar betrekking het – die één veronderstel die ander, sodat die onderskeid tussen reg en plig ondenkbaar is.[399] In regsfilosofiese terme behoort die idee van reg en plig tot die menslike natuur en is dit onlosmaaklik deel van die antropologie, in besonder die aard van die mens. Op grond hiervan word die mens as draer van menseregte beskou.[400]**

---

395 Rosmini 1993 (a): 148. "In the human being the notion of duty precedes that of right."

396 Rosmini 1993 (a): 148.

397 Parallelle lesing Rosmini 1993 (a): 140.

398 Rosmini 1993 (a): 151. "Duty generates right by two acts: one relative to the person who acquires a right, the other relative to the other persons who must respect this right."

399 Rosmini 1993 (a): 148.

400 Rosmini 1993 (a): 151. "… Relative to other persons, duty obliges them to respect personal activity… It is principally this act of duty which raises that portion of activity to the dignity of right, rendering it sacred and inviolable."

**Volgens Rosmini het plig op sigself 'n eie bestaan en gaan dit reg vooraf. Plig word deur die objek voorgeskryf, terwyl reg vanuit die subjek ontspring. Rosmini verklaar dat net soos die objek onafhanklik van die mens bestaan, net so bestaan plig onafhanklik van reg.[401]**

**Die begrip "plig" is eenvoudiger as dié van reg (wat ook plig insluit). Volgens Rosmini kan plig(te) nie sonder korresponderende reg(te) bestaan nie. Ons is uit hoofde van die mens se aard aan plig gebonde. As intelligente wese beskik die mens oor daardie regte en pligte wat deur ander gerespekteer moet word en wat deel van die mens se basiese menseregte vorm. Die mens het ook 'n plig teenoor homself en moet hy daarom sy eie persoonlike waardigheid respekteer.[402]**

**Rosmini verklaar dat die mens egter nie regte teenoor homself kan hê nie. Hy meen daar kan geen reg bestaan, tensy die plig om dit te respekteer ook in ander bestaan nie.[403]**

**Plig genereer regte en word van reg op twee wyses afgelei: één relatief tot die persoon wat regte verkry; die ander, relatief tot die persoon wat daardie regte moet respekteer.[404] Pligte wat relatief tot andere staan, verplig die mens om ander se persoonlike handelinge te respekteer. Plig verhef reg tot 'n vlak waarop die mens se waardigheid as heilig en**

---

401 Rosmini 1993 (a): 148. "Just as the object has an existence independent of the human subject, so duty has an existence independent of right." .

402 Rosmini 1993 (a): 149.

403 Rosmini 1993 (a): 150.

404 Rosmini 1993 (a): 151. "Duty generates right by two acts: one relative to the person who acquires a right, the other relative to the person who must respect this right."

**onskendbaar beskou word.[405] Regte relatief tot die besitter daarvan is onkreukbaar en is tot ander relatief onskendbaar.[406]**

**Die persepsie van ‘n negatiewe pligshandeling wat reg voorafgaan, gee aanleiding tot ‘n persepsie om te doen wat verkeerd is. Indien plig nie regte voorafgaan nie, sou volgens Rosmini daar ’n reg om te doen wat verkeerd is, kon bestaan. Hy stel dit soos volg: “… The failure to consider that a negative act of duty comes before right, gave rise to the absurd, monstruous and so-called right to do what is wrong. Right however originates through the obligation to respect upright activity, an obligation imposed on other persons by the subject of right.”**

## 5.4 Die rol van regsplig

405 Rosmini 1993 (a): “Relative to other persons, duty obliges them to respect personal activity… It is principally this act of duty which raises that portion of activity to the dignity of right, rendering it sacred and inviolable.”

406 Rosmini 1993 (a): 151. Rosmini verklaar “... rights would not exist if other persons did not first have the duty of leaving intact the portion of power or activity called right**.**

**Rosmini meen plig word negatief uitgedruk, terwyl reg positief tot uitdrukking kom.[407] Die negatiewe aspek van plig verbied en lê nie bevele op nie: "Duty therefore... prohibits and does not command."[408] Enigiets wat nie deur wet of reg verbied word nie, mag vrylik deur die mens gedoen word.[409]**

**Rosmini meen reg(te) het andersyds 'n positiewe werking.[410] Dit laat toe en verbied nie. Alle regte is, volgens Rosmini positief, terwyl pligte óf positief óf negatief is. Hy beskryf die verhouding tussen reg en plig soos volg: "... Do not diminish the good of another...,"[411] of "Do no harm."[412]**

**Rosmini impliseer dat die uitdrukking van reg onder 'n positiewe dimensie tot uitdrukking kom. Dit veroorloof en verbied nie. Alle regte is positief, terwyl pligte óf positief óf negatief kan wees. Indien die reg en plig afsonderlik gehanteer word, sal geregtigheid nie geskied nie. Regte en pligte moet in samehang met mekaar verkeer.[413] Hy verklaar: "... duty cannot be split in two, one part moral and the other jural. The jural element of duty is grafted into the moral root where it attaches itself indivisibly."[414] Rosmini veronderstel dat 'n persoon se handelinge vir 'n effektiewe uitoefening van menseregte, onder die stelreël: "Do not diminish the good of another," deur sowel reg as plig gereguleer word.[415]**

---

407 Rosmini 1993 (a): 152. "Another important relationship between duty and right is the way in which they are expressed; the former is expressed negatively, the latter positively."

408 Rosmini 1993 (a): 152.

409 Rosmini 1993 (a): 152.

410 Rosmini 1993 (a): 152. "Thus the first expression of right has a positive, not a negative form: it permits, it does not prohibit."

411 Rosmini 1993 (a): 152.

412 Rosmini 1993 (a): 152.

413 Rosmini 1993 (a): 152.

414 Rosmini 1993 (a): 164.

415 Rosmini 1993 (a): 152.

**Volgens Rosmini impliseer die negatiewe plig die volgende stelreël: "Do not harm others." Mense moet met mekaar assosieer om aan mekaar die nodige bystand te verleen om sodoende verlies vir elke individu te verhinder. Op grond hiervan bestaan die plig om nie nadeel aan ander mense te veroorsaak nie. Rosmini meen dit is nodig om hulp aan ander mense te verleen. Hy verklaar soos volg: "This is why I said that 'the general form of jural duties is negative,' although these duties can sometimes take a special, positive form."[416]**

**Rosmini meen regte moet nie net in die individu gevind word nie, maar moet ook in die burgerlike *societas* tot uiting kom."[417]**

## 5.5 Menseregte

**Rosmini meen die natuurreg en die rede (in die konteks van die positiewe reg) is van toepassing op die mens in sy wedersydse verhouding met andere. Hy gee sy wantroue vir die positiewe reg te kenne en meen dat dit herstel sal word, indien dit aan die logiese orde van die natuurreg onderwerp word. Hy meen menseregte moet in 'n eenvoudige konteks beskou word en beklemtoon sodoende dat eenvoudige beginsels vir menseregte neergelê moet word.[418]**

416 Rosmini 1993 (a): 159.

417 Rosmini 1993 (a): 154. Rosmini verklaar analoog aan die gemeenskapsgevoel (*boni mores*) dat regte bestaan nie net "... when a right exist in an individual, but also when other human beings (*societas)* must judge it to exist... those occasions when others must judge that the right exists."

418 Rosmini 1993 (a): 166. "… Yet, it is indeed to be hoped that all things, human and divine, should be expressed sincerely, developed logically and accurately, and argued with precision from their simple principles. Many useless questions would then be omitted, many would change their nature and take other forms, and some would be settled as soon as stated."

**Volgens Rosmini vorm die afleiding van regte daardie natuurlike regte waarop die mens uit hoofde van sy menswees geregtig is.[419] Hy meen die essensie van die reg moet in elke menseregt vervat wees. Alvorens regte aan verskillende menslike aktiwiteite gekoppel word, is dit nodig om te bepaal welke regte oor die eienskappe van menseregte beskik. In sodanige ondersoek onderskei Rosmini tussen eenvoudige en komplekse regte.[420]**

**Komplekse regte sluit eenvoudige regte in, terwyl eenvoudige regte daardie regte is wat nie verder vereenvoudig kan word nie.[421] Rosmini beweer vervolgens dat regte slegs bestaan indien dit oor vyf eienskappe beskik, naamlik fisieke aktiwiteit, persoonskap, doelbepalende waarde, legitimiteit en die plig van ander om daardie aktiwiteit te respekteer.[422] Op grond van sy natuurlike regte beskik die mens oor die juridiese plig om nie benadeel te word nie: "... we must always take account of the jural duty in others to leave us free. If this duty exists, the action acquires the nature of right."[423]**

**Rosmini meen die idee van reg sluit altyd 'n juridiese verhouding met ander mense in. Op grond hiervan word die mens verbied om ander van hul vryheid te ontneem: "... other human beings who have the moral obligation not to deprive him of his freedom..."[424] Die mens beskik oor 'n aangebore reg op die behoud van sy lewe onder die voorwaarde dat hy**

---

419 Rosmini 1993 (a): 167. "… we can now apply what we know in order to derive from the principle of right all the particular rights of which human beings are capable."

420 Rosmini 1993 (a): 168.

421 Rosmini 1993 (a): 169. "There are, therefore, complex and simple rights. Complex rights include many simple rights. A simple right is an activity… that either cannot be further simplified in its real existence, or is understood as simple relative to other activities."

422 Rosmini 1993 (a): 170. In order to show that a right is present in this activity we must show that all five characteristics and constitutive elements of right are verified in the activity, namely, that it contains 1. physical activity, 2. personship, 3. eudaimonological value, 4. lawfulness, and 5. the duty in others to respect the activity."

423 Rosmini 1993 (a): 170.

424 Rosmini 1993 (a): 171.

dié reg binne perke uitoefen.[425] Rosmini beweer die bepaling is onduidelik en vaag. Hy verklaar: "Such a vague right of preservation of life requires us to establish the activities which form the subjects of simple rights."[426]

Hy beklemtoon die belangrikheid van die eenvoudigheid van menseregte en gebruik as voorbeeld die eiendomsreg om die aard en implikasie van menseregte te illustreer. Rosmini definieer eiendomsreg as: "... the union of one thing (accident or substance) with another individual thing."[427] Hy postuleer dat dié verbinding stabiel en volledig is.[428] Op grond hiervan bedoel Rosmini dat lug en wind nie aan enige individu behoort nie, omdat dit aan almal gemeenskaplik is en sodoende deur almal gebruik kan word.[429]

Hy sê dat eiendomsreg dit wat gemeenskaplik is, uitsluit. Hy verduidelik dat die persoon alleeneienaar met betrekking tot sy saak moet wees: "Analysing the general concept expressed by the word ownership, we find that it presupposes the co-existence of two things which can be mentally distinguished, and expresses a relationship between them. By this relationship one is bound to the other in such a way that it is owned by and serves the other totally and exclusively. The same analysis shows us that because the word 'ownership' excludes what is common, that is, a share in the same thing by several

---

425 Rosmini 1993 (a): 173.
426 Rosmini 1993 (a): 173.
427 Rosmini 1993 (a): 174.
428 Rosmini 1993 (a): 174. "This conjunction is stable and complete, and brought about so exclusively that one thing is bound to another without being similarly bound to anything else."
429 Rosmini 1993 (a): 175. "So air and light are not said to be proper to any individual because they are not bound to any individual. They are common to all human beings because all can equally enjoy and use them, nor can anyone reach out for them and restrict them to his sole use."

**individuals, the thing which holds the other as something which it owns must be an individual. The owner must be or must represent a single individual."** [430]

**Rosmini meen dat die beginsel van eiendomsreg in die persoon gesetel is. Volgens hom bestaan eiendomsreg slegs in die rasionele mens.**[431] **Die persoon vorm só 'n hegte band met sy saak, dat dit skyn asof die saak deel van hom is. Op grond van hierdie intieme band met sy saak kan die persoon dus nie sy waardigheid en sodoende sy aanspraak op menseregte ontbeer nie.**[432]

**Rosmini verklaar dat 'n persoon weens sy juridiese vryheid met sy saak kan maak soos hy dit goed dink. Hy definieer juridiese vryheid as: "... that relationship of governance that a owner has towards what he owns, enabling him morally to use it as he wishes."**[433]

**Volgens die morele reg is dit verbode om dit wat inherent aan die persoon is te skei. Indien só 'n skeiding toegelaat word, sal dit die betrokke persoon benadeel.**[434] **Sodanige skeiding sal dus neerkom op 'n aantasting van menseregte, wat deur die morele reg verbied word en**

---

430 Rosmini 1993 (a): 175.

431 Rosmini 1993 (a): 178. "The personal principle, therefore, is the principle of ownership; self is the principle of what is proper to oneself, of what is owned by self. 'Self' must exist before 'his' can exist. But 'self' cannot exist except in an intellective being. Consequently, there can be no true ownership, nothing that is proper to oneself, owned by oneself, except in an intellective being."

432 Rosmini 1993 (a): 179.

433 Rosmini 1993 (a): 179.

434 Rosmini 1993 (a): 180. "Accordingly, ownership constitutes a sphere around the person in which the person is the centre. No one can enter this sphere, and no one can separate from the person that which is inherent in him as a result of the connection between him and what is his own. This kind of separation would cause suffering to the person. But suffering… when imposed upon a person, is forbidden as evil by the moral law."

wat bepaal: "Do no harm to persons by separating any part of themselves from themselves, that is, any part contained within the sphere of their ownership."[435]

Volgens Rosmini behels die aard en implikasie van menseregte dat elke persoon wat in die burgerlike *societas* 'n mede-bestaan met andere voer, die uitoefening van sy vryheid of regte moet beperk. Hy meen die morele element sal verwyder wees, indien die persoon slegs ter wille van die behoud van sy bestaan met ander wil saamleef.[436] Hy oordeel dat elke persoon moreel verplig is om vir sy eie behoud en ook vir die behoud van andere in die burgerlike *societas* voorsiening te maak, deur die uitoefening van sy handelinge sodoende te beperk.[437]

Die mede-bestaan of saamleef-verhouding van die mens veronderstel dat almal in die burgerlike *societas* gelyk is en dat elkeen oor gelyke vrye handelinge moet beskik. Rosmini voeg egter by dat mense uit hoofde van hulle aangebore talente natuurlikerwys ongelyk is. Hy verklaar: "It is completely impossible, therefore, for them all to exercise the same share of activity, and sacrifice the same share to the co-existence of others. Many would not have even that amount of activity, even considered as a whole, which would be present in the single portion sacrificed by other individuals. In this case, something approaching an equal portion could be preserved for each individual only if the members of the first group kept all that they had, and the second group sacrificed, say, more than half of what they possessed;

435 Rosmini 1993 (a): 180.

436 Rosmini 1993 (a): 182. "But if the necessity of co-existence is indeed to be understood as the interest each person has in preserving his own personal existence … we depend totally upon a calculation of prudence. The moral element has disappeared. Our presupposition does not give rise to a state of right, but to a state of fact, useful to all."

437 Rosmini 1993 (a): 183. "Each person has the moral duty to provide for his own and others' personal preservation, and has therefore the duty to restrict the use of his own activity…"

and something approaching an equal portion could be sacrificed only if the first group sacrificed all they had, and the second not even a half. In other words, it is impossible to unite these two things in such a way that an equal quantity is kept by all, and an equal quantity sacrificed by all."[438]

Die beginsel van mede-bestaan onder mekaar behels die beginsel van persoonskap wat belangrik vir die vestiging van menseregte is. Rosmini argumenteer dat die beginsel van mede-bestaan egter nie oor die aard van universaliteit beskik nie.[439] Hy meen dus dat dié beginsel aan die beginsel van eiendomsreg gekoppel word, wat wel oor 'n universele aard beskik.[440] Op grond hiervan kan menseregte bepaal word, omdat eiendomsreg gevestig word daar waar regte teenwoordig is.

Rosmini kom tot die gevolgtrekking dat die beginsel van mede-bestaan van elke individu die beperking van sy eie aktiwiteite op sodanige wyse vereis, dat die gebruik van dieselfde aktiwiteite ook vir andere beskikbaar is. Hy verduidelik dat dié self-opgelegde beperking nie die persoon se bestaan en aktiwiteite ontneem nie. Hy meen dieselfde kan dus ook van ander individue gesê word: "... limitation, when willed, never eliminates anyone's existence

---

438 Rosmini 1993 (a): 186-7.

439 Rosmini 1993 (a): 190. "… the principle 'of the possibility of co-existence' has too low a degree of universality… The degree of universality is too low because it does not include all that is required by the theme of the science; it embraces only abstract human nature, though the largest part of rights between human beings has its special title in the accidents of human nature…"

440 Rosmini 1993 (a): 190. "… Our principle of ownership… may be compared from this point of view with that of co-existence. The former is obviously as universal as it should be. It can be used to determine all human rights, as we shall see when we come to apply it and understand that the characteristic of ownership is found whenever right is present."

**as a person because it does not take away from the use of one's own free will, in which consists the personal element."[441]**

**Die beginsel van mede-bestaan dien as vertrekpunt van die aard en implikasie van Rosmini se menseregte-leer. Die beginsel bevat die universeel-etiese bevel, wat ons verplig om nie ander te benadeel nie.[442]**

---

441 Rosmini 1993 (a): 193.
442 Rosmini 1993 (a): 193.

## 6. Individuele regte

### 6.1 Natuurlike regte

Individuele regte gee uitdrukking aan die mens se bestaan relatief tot sy eie belange en die wyses waarop sodanige belange bevorder word. Elkeen handel vir homself, maar dan moet gemeenskaplike regte en verpligtinge gehandhaaf word. Die reg van die mens moet onskendbaar gehandhaaf word en ander mense moet dié reg respekteer.[443]

Volgens Rosmini mag die reg van die individu in die burgerlike *societas* verander maar mag nooit opgehef word nie. Hy glo dat individuele reg as basis en struktuur vir sosiale regte dien. Rosmini gaan van die veronderstelling uit dat sosiale regte nie begryp kan word, indien individuele regte wat dit voorafgaan, nie behandel word nie.[444]

Natuurlike regte is vervat in die menslike aard en kom tot stand sodra die menslike natuur bestaan: "By connatural rights we understand only those whose subject... is contained in human nature in such a way that it exists as soon as human nature exists."[445]

#### 6.1.1 Die aard en rol van natuurlike regte

---

443 Rosmini 1993 (b): 10. "The rights of a single human being are sacred…"

444 Rosmini 1993 (b): 10-11. "The rights of the individual may indeed be modified in society but they never cease; they always remain as the basis and body of social rights. Social rights therefore cannot be understood nor their foundation uncovered, if individual rights, which precede them, are not first presented on their own and totally separate from them. Consequently, it is entirely reasonable for the philosopher to proceed rather like the mathematician, that is, he must first expound human rights by abstracting from the fact of society. He must do this not because he aims to destroy such a fact, but because he wishes to consider both that which precedes society in the order of nature and reason, and which is presupposed and required for a beautifully formed body."

445 Rosmini 1993 (b): 15.

In sy behandeling van die aard en rol van natuurlike regte onderskei Rosmini tussen die sensistiese stelsel en die ideologiese stelsel. Met betrekking tot eersgenoemde stelsel is die rede en die wil byvoegings wat later plaasvind, terwyl by die ideologiese stelsel die rede in die menslike natuur teenwoordig is vanaf die eerste oomblik van die menslike bestaan. Rosmini verduidelik onderskeidelik die twee stelsels om die aard en rol van die menslike natuur aan te toon.

### 6.1.1 (a) Die sensistiese stelsel

Hierdie benadering gaan van die standpunt uit dat die mens eers oor regte beskik wanneer hy in staat is om die morele aard van sy regte en verpligtinge te besef.[446] Volgens Rosmini sal mense wat nie oor die vermoë of kennis beskik om te besef wat wettig of legitiem is, nie regte kan uitoefen nie. Hy verklaar: "... animal instincts and actions are not exercises of right, and that animals could never be the subject of right."[447]

Deur middel van die rede word ons enersyds bewus van ons plig om daardie handelinge te vermy wat andere kan benadeel en andersyds om al daardie handelinge te verrig wat nie inbreuk op ander mense se regte maak nie.[448] Volgens Rosmini sal die mens deur middel van die rede 'n begrip oor regte en verpligtinge kan vorm. Op grond hiervan kan regte nie

---

446 Rosmini 1993 (b): 16. "The following argument against the existence of such rights could obviously be made with some semblance of truth: 'The moral nature of right has the same origin in us as moral duty.'"

447 Rosmini 1993 (b): 16.

448 Rosmini 1993 (b): 16. "It is our reason which indicates in different beings what belongs to them. By means of this information our reason becomes aware on the one hand of the duty to avoid anything that harms the dignity of these known beings, and on the other hand is left free to do all those actions which do not infringe on what is due to those beings."

ingebore wees nie; dit kom eers nadat die intellektuele en wilshandelinge van die mens gevestig is.[449] Rosmini meen regte sal opgeskort word, elke keer as die gebruik van die rede opgehef word, byvoorbeeld in die geval van 'n baba, 'n besopene en 'n kranksinnige persoon.[450]

### 6.1.1 (b) Die ideologiese stelsel

Rosmini ondersteun die ideologiese stelsel. Op grond van sy siening oor die ideologiese stelsel, beweer Rosmini dat die mens 'n morele en rasionele wese en sodoende draer van regte is. Op grond hiervan behoort regte tot die mens uit hoofde van die menslike rede, wat deel van die menslike natuur uitmaak.[451]

Dit beteken dat die baba, die besopene en die kranksinnge oor 'n sekere intellek beskik en in 'n mate in staat is om hul rede te gebruik. Rosmini meen die baba, die besopene en die kranksinnge hou nie op om mense te wees nie, ondanks hulle tekortkominge: "... people as unfortunate as these do not cease to be human. Their defect consists solely in a weak,

---

449 Rosmini 1993 (b): Hence, if we are to feel obligation and acquire rights and duties, the object of rights and duties must first be presented to us. It does not seem possible therefore for rights to be innate; they must be posterior to the acts of the powers of knowing and willing."

450 Rosmini 1993 (b): 16. "… but we must also affirm that rights are suspended every time the use of reason is suspended, as in the case of babies, the insane, drunkards, etc."

451 Rosmini 1993 (b): 17. "… human being is unceasingly a moral, rational being, to whom rights can always be due. Rights appertain to human dignity, a dignity residing in the essential act of human intelligence, which constitutes human nature."

disordered and false conjunction of ideas and in the reception of defective perceptions and feelings."[452] Op grond hiervan beskik hulle wel oor rede en bygevolg oor natuurlike regte.

Rosmini meen sowel die rede as die wil word vereis om die mens as regsubjek te beskou. Hy meen dat die mens wel oor fundamentele regte beskik, omdat hy 'n rasionele wese is en dus oor ingeskape regte beskik. Rosmini verklaar: "... a right exists 'whenever a person exists capable of at least experiencing pain. If so, other persons have the moral duty not to cause him any suffering.'"[453]

Rosmini kom tot die gevolgtrekking dat die mens vanaf die oomblik van geboorte oor fundamentele regte beskik.[454] Die rede en die wil wat by geboorte in die essensie van die menslike siel ontstaan, beklee die mens sodoende met morele waardigheid. Die wil is van nature moreel van aard: "... because whatever human beings will is always in harmony or disharmony with reason which shines before them."[455]

Op grond hiervan meen Rosmini dat natuurlike regte nie aan die mens ontsê mag word nie.[456]

### 6.2 Natuurlike regte, eiendomsreg en vryheid

---

452 Rosmini 1993 (b): 18.
453 Rosmini 1993 (b): 19.
454 Rosmini 1993 (b): 19. "… (innate rights)… exists in human beings from the moment of their birth, because the person exists in them together with the faculty of reasoning and will…"
455 Rosmini 1993 (b): 19.
456 Rosmini 1993 (b): 19.

**Rosmini meen dat ons maklik kan vasstel welke regte natuurlike regte is, indien ons na eiendomsreg kyk. Hy glo eiendomsreg is daardie beginsel wat nodig is vir die vasstelling van regte.[457]**

**Rosmini verklaar: "... the human person is subsistent human right."[458] Dit beteken dat die persoon die essensie van die reg is. Op grond hiervan beskik die persoon oor al daardie eienskappe vir 'n definisie van die reg. Die feit dat die mens 'n intellektuele wese is en oor 'n "verhewe aktiewe beginsel" beskik, maak hom draer van natuurlike regte en verpligtinge.[459] Rosmini beweer die aktiewe beginsel vorm die lig van die rede, wat goddelik is.[460] Niks kan dus bo dié persoonlike beginsel verhef word nie. Dié persoonlike beginsel is dus verhewe. Indien die persoon van nature verhewe is, beteken dit dat elke persoon 'n plig het om nie ander te benadeel nie.[461]**

**Volgens Rosmini is die mens se fisieke en morele aard intiem met die aktiewe beginsel verbind: "... human nature is bound to the human person by means of an intimate connection subordinating them physically and morally to the person."[462] Op grond hiervan geniet die mens dus heerskappy oor sy natuur.[463] Rosmini druk die mens se verhouding tot sy natuur soos volg uit: "It has the physical power to command them and also the moral**

---

457 Rosmini 1993 (b): 20.
458 Rosmini 1993 (b): 21.
459 Rosmini 1993 (b): 21. "Of its essence, person has all the elements that form the definition of right. As we said, 'The person is an intellective subject in so far it contains a supreme active principle.'"
460 Rosmini 1993 (b): 21. "The supreme, active principle, the foundation of person, which is informed by the light of reason, receives the rule of justice. Properly speaking, the principle is the faculty of what is lawful."
461 Rosmini 1993 (b): 21. "If the person is of its nature supreme activity, it is clear that each person has a duty of not harming others, either in thought or by an attempt to offend or subject them through despoliation of the supremacy bestowed by nature."
462 Rosmini 1993 (b): 22.
463 Rosmini 1993 (b): 23. "… seigniory of the human person over human nature…"

duty because it 'must acknowledge in practice the subordination of these principles to itself."[464]

Op grond hiervan is die menslike persoon die setel van juridiese vryheid, terwyl die menslike natuur die setel van eiendomsreg is.[465] Rosmini bedoel dus dat die menslike natuur aan die mens onderworpe moet wees. Die mens is vry en is derhalwe verhewe. Hy verklaar: "Jural freedom... consists in a supreme faculty of action. Every supreme faculty is necessarily free, and no active principle can physically and morally violate and subjugate it. Conversely, if a faculty is completely free, it is supreme."[466]

Volgens Rosmini sluit eiendomsreg twee konsepte in: eerstens, iets of iemand wat oor eiendomsreg beskik en tweedens, iets wat geoorloof is om die objek van eiendomsreg te wees. Rosmini meen dus dat die menslike persoon ons nie van 'n konsep van eiendomsreg kan voorsien nie; dit kan slegs die konsep van vryheid wees.[467] Hy verduidelik die implikasie van die persoon met betrekking tot eiendomsreg soos volg: "Indeed, to say that 'the human person is master of itself,' or 'has ownership of itself is,' when closely examined, is to say nothing. If the person is master, it is not mastered, and if it is owner, it cannot be what is owned; the two concepts are the opposite of each other. They cannot

---

464 Rosmini 1993 (b): 22-3.

465 Rosmini 1993 (b): 23. "We can safely say that the human person is the first, proper seat of jural freedom, and the human nature the first, proper seat of ownership."

466 Rosmini 1993 (b): 23.

467 Rosmini 1993 (b): 23-4. "Person alone, therefore, if considered without any addition and in relation to its simplicity, cannot strictly speaking supply us with the concept of ownership; it can only supply the concept of freedom."

therefore concur in the same subject, nor compose a valid proposition. They can only be the matter for a proposition whose terms contradict each other."[468]

Dit verduidelik waarom Rosmini die beginsel van natuurlike regte in persoonlike vryheid plaas. Regte dui op vrye uitoefening van handelinge; dus dien persoonlike vryheid as die formele beginsel van alle regte. Persoonlike vryheid kan egter nie spesiale regte vasstel nie. Dit kan wel deur eiendomsreg gedoen word, soos Rosmini dit stel: "... ownership taken generally was understood by us as 'the principle of the determination of rights.'"[469]

### 6.2.1 Die beperking van natuurlike regte

Die vraag wat geopper moet word, is of ons natuurlike regte geskend word, wanneer die uitoefening van ons regte deur ander persone verhinder word.[470] Volgens Rosmini verleen natuurlike regte geensins 'n onbeperkte of absolute beheer oor 'n saak nie: "... it does not necessarily follow that because some power is ours of right, all possible actions of that power are ours of right. Even though some particular power to act were shown to be ours of right, we would still have to show that each action done with this power was ours of right – each action is the matter of a new, simple right, and simple rights have to be demonstrated individually, not as a whole."[471] Hy meen natuurlike regte moet 'n bestaande

---

468 Rosmini 1993 (b): 24.

469 Rosmini 1993 (b): 24.
Rosmini 1993 (b): 24. "Personal freedom therefore must be the formal principle of all rights… But because this formal, universal principle is the element common to all rights, it does not determine special rights."

470 Rosmini 1993 (b): 24-5.

471 Rosmini 1993 (b): 25.

handeling wees. Daar kan nie beperking op natuurlike regte wees, waar sodanige regte nie bestaan nie.[472]

Rosmini meen om die uitoefening van 'n natuurlike reg te beperk, is net so goed as om sodanige reg te skend: "... because to impede the exercise of a right is to violate the right."[473] Die mens kan nie 'n ander se uitoefening van reg beperk deur 'n wettige handeling te verrig wat sodoende ander se uitoefening van regte uitsluit nie. Rosmini meen die beginsel wat vir die beperking van die natuurlike regte van ander geld, is soos volg: "Do not harm another's activity in so far as it is personal... or do not diminish another's ownership."[474]

Om ander mense te benadeel beteken by implikasie om hulle persoonlike vryheid en hul eiendomsreg aan te tas. Dit beteken dat ons wettige handelinge mag verrig, solank ons net nie ander se natuurlike regte aantas nie.[475] Op grond hiervan moet ons deurentyd doen wat skadeloos en wettig is.

Rosmini meen dat die mens oënskynlik wettige handelinge kan verrig, maar daarna sy handelinge so verander dat die handelinge van sy medemens wat voorheen skadeloos was, nou nadelig word.[476] Hy veronderstel dat elkeen deur middel van sy regmatige handelinge

---

472 Rosmini 1993 (b): 26. "As we have seen, right must be a subsistent activity… But an action that does not really exist cannot have any of these characteristics. A non-existent action is not an activity, nor is it joined to the human person by any moral-physical bond; the person has not taken possession of the action because it has not been posited. Consequently, this kind of action does not pertain to real things."

473 Rosmini 1993 (b): 26.

474 Rosmini 1993 (b): 27.

475 Rosmini 1993 (b): 27. "We can therefore perform, and do truly perform lawful things as long as we do not diminish or injure another's ownership."

476 Rosmini 1993 (b): 27. "Human beings, therefore, when they posit lawful actions, reciprocally limit the sphere of their mutual activity. They do this by changing the state of things so that the action of

**ander se handelinge kan beperk, omdat laasgenoemde se handelinge terwyl dit nog nie gemanifesteer is nie, nog nie ‘n werklike reg kan vorm nie. Rosmini verklaar: ”If they are not obstructed by another’s ownership, they are simply lawful, but unlawful if impeded by another’s ownership.”[477] Hiervolgens verduidelik Rosmini voorts dat die mens se juridiese vryheid nie geskend sal word nie, indien ’n saak wat aan niemand behoort nie as eiendom verkry word: “... this second right would be violated by anyone who diminished the sphere of my possible actions without a just and lawful motive, that is, not in order to take possession of a good which has no owner...”[478]**

### 6.2.2 Die aantasting van natuurlike regte

**Rosmini verklaar dat die regmatige of “legitieme handelinge” wat nie ander se regte benadeel nie, nie ’n aantasting van natuurlike regte van ander mense sal behels nie: “... they simply limit the sphere of their lawful actions, which, as we have said, are not of right, precisely because they are only lawful.”[479] Hy formuleer die kriterium vir die aantasting van natuurlike regte in die volgende stelling: “... innate rights are injured whenever an attempt is made which disturbs or harms our innate faculties, person, or human nature.”[480] Die regmatige handeling van ‘n mens sal dus bloot die sfeer (uitoefening) van ander mense se regmatige handelinge beperk.[481] Rosmini impliseer dus dat daar nie ’n aantasting van natuurlike regte in die geval van die uitoefening van regmatige handelinge sal bestaan nie.**

---

a neighbour, which was previously harmless and lawful… now becomes harmful, and injures another’s ownership established by previous, lawful actions.”

477 Rosmini 1993 (b): 27.
478 Rosmini 1993 (b): 27.
479 Rosmini 1993 (b): 28.
480 Rosmini 1993 (b): 28.
481 Rosmini 1993 (b): 28.

### 6.2.3 Aantasting van die vryheid van die mens

**Rosmini meen die vryheid van die mens word aangetas, wanneer die ingeskape regte (natuurlike regte) van die mens of menslike natuur benadeel of versteur word.[482] Daar moet benadeling van die mens se juridiese vryheid bewys word.[483] Die aantasting van die vryheid van die mens is 'n gevolg van die aantasting van die mens se natuurlike regte, omdat die vryheid van die mens op sy verhewe aard dui.[484] Indien aantasting van die natuurlike reg plaasvind, word die mens se verhewe status tot 'n laer vlak gedenatureer.**

**Volgens Rosmini het die mens sy verhewe status te danke aan sy deelgenootskap of partisipasie aan die volmaakte Syn (God): "... such supremacy consists in the subject's participation in an infinite entity, and in the subject's ability to obtain from this infinite entity, in which it shares, an activity superior to all its other activities."[485] Enige handeling wat dié natuurlike verbintenis aantas, veroorsaak 'n aantasting van die goddelike majesteit, sowel as van die mens se waardigheid.[486] Rosmini meen dié aantasting van die vryheid van die mens, veronderstel 'n skending van sy menseregte.**

---

482 Rosmini 1993 (b): 28.

483 Rosmini 1993 (b): 28. "Hence, in order to determine if formal right has been injured, we simply have to recognize injury in any attack on pure jural freedom."

484 Rosmini 1993 (b): 29. "If this freedom consists, as we have seen, in the supremacy the human person has over all the other principles of human nature, 'an attack on this freedom, which constitutes innate formal right, will take place whenever the attack tries to rob the personal principle of its supremacy and subjugate it to some lower principle."

485 Rosmini 1993 (b): 29.

486 Rosmini 1993 (b): 29.

**Hy onderskei drie elemente wat deel uitmaak van die vryheid van die mens: eerstens, die intellek (mens se deelname aan die waarheid), tweedens, die wilsvermoë (uitoefening van deug) en derdens, die gevoels-element (die genieting van geluk).[487] Dié elemente dien as basis vir die verhewe aard van die mens se natuurlike regte. Rosmini verklaar: "... when any real being whatsoever, a human being for example, intuits ideal being, the real being is said to share in truth."[488]**

**Dit bied ook die grondslag vir die mens se voortreflikheid, waardigheid en verhewendheid in die natuurorde. Enige skending hiervan sal 'n aantasting van die mens se natuurlike regte beteken.[489]**

### 6.2.4 Aantasting van eiendomsreg as natuurlike reg

**Rosmini verklaar dat natuurlike eiendomsreg tot die essensie van die menslike aard behoort. Hy meen dus dat slawerny die skending van die persoon se natuurlike reg behels. Dan bestaan daar 'n aantasting van natuurlike eiendomsreg: "... whenever anyone with a positive act harms any part or faculty whatsoever of the human nature which envelops every individual, whether babe or adult."[490]**

**Rosmini verklaar dat slawerny benadelend vir die juridiese vryheid en natuurlike eiendomsreg van die mens is. Slawerny sluit enige moontlike aantasting van natuurlike eiendomsreg in. Die Romeinse konsep van slawerny het bestaan in die begrip dat 'n slaaf**

---

487 Rosmini 1993 (b): 29. "… we must carefully consider that the human subject can adhere to being in three modes: 1. through the intellect, by sharing in truth; 2. through the faculty of will, by the practice of virtue; 3. through feeling, by the enjoyment of happiness or bliss."

488 Rosmini 1993 (b): 31.

489 Rosmini 1993 (b): 31.

490 Rosmini 1993 (b): 39.

**nie ‘n lid van die burgerlike samelewing was nie, en sodoende nie oor enige regtens erkende (positiewe) regte beskik het nie.[491] Sodanige benadering sal nooit deur die natuurreg onderskryf word nie. Die burgerlike samelewing was vir die heidense nasies alles. Enigiemand buite die burgerlike samelewing is nie as ’n mens beskou nie. So verklaar Aristoteles dat die mens ondenkbaar buite die polis is; die mens word as ’n dier, god of nie-mens buite die polis beskou. Die mens is nie as ’n mens beskou nie, maar as ’n “ding,”en was dus nie draer van enige natuurlike regte nie.[492]**

**Volgens Rosmini sou die basiese menseregte van een groep van die burgerlike *societas* geskend word, en sou dit strydig met die natuurreg wees, indien sodanige groep as slawe behandel sou word. Rosmini meen immers dat die stelreël *neminem non laedere* (benadeel niemand nie) is slegs as regte erken relatief tot die regverdige optrede jeens andere in die burgerlike *societas*.[493]**

**Rosmini beweer daar is nie ’n skending van natuurlike regte waar toestemming tot benadeling deur die slagoffer self gegee word nie. Die beginsel is vervat in die stelreël *volenti non fit iniuria* (‘n gewillige persoon word nie veronreg nie).[494] Skending van**

491 Rosmini 1993 (b): 40.

492 D’Entréves 1965: xvii. Onder die invloed van die Aristoteles is slawerny as ‘n gevolg van die sonde as strydig met die natuur van dinge beskou. Só beskou Aristoteles die slaaf as instrument in die hande van sy meester. Die slaaf moet gebruik word, sodat sy meester ’n goeie lewe mag lei. Burnet verklaar “... the slave,... is the instrument of another’s life.”

493 Rosmini 1993 (b): 41. Rosmini meen heidense burgerlike wette het hulle as verhewe bo alle ander gesag beskou, en het aanvaar dat hulle oor die vermoë beskik om selfs die natuurreg te beperk en te verander soos hulle dit goed dink. Rosmini meen dit veronderstel tirannie van die reg, en hy meen die reg van die burgerlike samelewing moet altyd ’n gesag verhewe bo hom erken, naamlik die rasionele reg van God (natuurreg).

494 Rosmini 1993 (b): 42.

natuurlike regte vind plaas, wanneer die mens sy toestemming tot benadeling terugtrek en die persoon wat die skending pleeg, steeds met sy optrede voortgaan.[495]

### 6.2.5 Die beskerming van natuurlike regte

Natuurlike regte word deur die geregshowe in die burgerlike *societas* beskerm. Die geregshowe se gebruik van mag in die vorm van strafmaatreëls, waar natuurlike regte aangetas word, vereis spesiale oorweging deur die betrokke regsprekende gesag wat vonnisse vel.[496]

Rosmini verklaar dat wanneer 'n natuurlike reg aangetas is, die benadeelde persoon se persoonlike vryheid en eiendomsreg nadelig geaffekteer word.[497] Die benadeelde persoon word benadeel in sy persoonlike vryheid en natuurlike regte, omdat hy van die waarheid, deug en geluk ontneem word.[498] Rosmini glo dat die benadeelde nie self die onreg wat hy gely het, moet regstel nie. Die regsprekende gesag moet dit namens hom doen: "... it is certain that an individual cannot undertake to set right the offences committed againt himself or others. In such circumstances, this will be done more surely on his behalf and in accordance with what has already been decided by the judiciary."[499]

Volgens Rosmini moet die gebruik van die regsprekende gesag nie onnodig aangewend word vir die beskerming van natuurlike regte nie. Hy meen dat onder bepaalde

---

495 Rosmini 1993 (b): 42.
496 Rosmini 1993 (b): 42.
497 Rosmini 1993 (b): 42.
498 Rosmini 1993 (b): 43.
499 Rosmini 1993 (b): 44.

**omstandighede dit nie geoorloof is om op te tree teen diegene wat ons natuurlike regte aantas nie, selfs al is toestemming daartoe reeds verleen. Hy oordeel dat die stelreël *volenti non fit iniuria* (‘n gewillige persoon word nie veronreg nie) hier van toepassing is. Rosmini glo dat dit in ons vermoë is, om deur middel van die uitoefening van ons vryheid en natuurlike regte, aantasting van ons regte te kan vermy: “... by using our freedom, we can avoid being evilly deceived, led astray or made unhappy.”[500]**

**Hy glo dat dit moontlik is om deur die aanbieding van morele weerstand, nadeel wat uit die aanval teen natuurlike regte voortspruit, te vermy.[501] Volgens Rosmini vorm die benadering die basis van evangeliese verdraagsaamheid.[502]**

**Voorts meen hy dat die persoon self ook oor die vermoë beskik om mag te gebruik by die beskerming van sy natuurlike regte: “... use of force... to protect our pure-formal rights.”[503] In aansluiting hierby verklaar Rosmini derhalwe dat ’n maagd iemand wat haar wil verkrag, en in wie se mag sy alreeds verkeer, die oortreder mag dood, indien sy bevrees is dat haar geestelike lewe deur die aantasting van haar natuurlike regte benadeel sal word.[504] Die aantasting van ‘n mens se natuurlike reg kan, in sekere gevalle, deur middel van die gebruik van mag verhoed word.[505]**

[500] Rosmini 1993 (b): 48.

[501] Rosmini 1993 (b): 48. “By offering moral resistance, it is always possible to avoid in some non-violent manner the harm springing from the assault. And this is truly the great foundation of evangelical meekness.”

[502] Rosmini 1993 (b): 48.

[503] Rosmini 1993 (b): 48.

[504] Rosmini 1993 (b): 49. “Thus a virgin, already in the power of someone attempting to defile her, may even go so far as to kill her aggressor if she is afraid that her spiritual constancy in virtue will fail.”

[505] Rosmini 1993 (b): 49.

**Soos reeds aangedui, glo Rosmini dat elke mens die aantasting van sy natuurlike reg mag beskerm, mits dit billikerwys geskied.[506] Hy glo dat 'n persoon wat onwetend en in goeie trou in besit van 'n ander mens se saak is, nie onmiddellik deur middel van mag van sy besit ontneem mag word nie: "... for example, a person who in good faith possesses what belongs to another, must not be immediately dispossessed by force."[507] Rosmini meen die ander persoon moet eers regmatige titel op daardie saak bewys, voordat oorgang van eiendom na hom plaasvind.[508] Die besitter moet kan bewys dat die eiser nie die eienaar van die saak is nie.**

**Volgens Rosmini staak die *bona fide* besitter van 'n ander se saak om in goeie trou te wees, indien hy uitvind dat 'n ander persoon wettige titel oor die saak het, en hy steeds voortgaan om die saak te besit, nadat hy gevra is om afstand daarvan te doen. Rosmini verklaar dat die ware eienaar van die saak met geweld of mag die *mala fide*-eienaar van sy onregmatige eiendomsbesit mag ontneem.[509]**

**Die beskerming van die natuurlike reg van die individu word deur die owerheid verseker, indien dit 'n oortreder deur middel van afskrikkende mag verhinder om daarop inbreuk te maak.[510] Die owerheid mag dit slegs doen, indien die betrokke persoon se natuurlike reg bedreig of aangetas word. Rosmini meen die beskerming van die natuurlike regte van die individu moet op 'n eerlike wyse geskied en dat die sanksie billik teenoor die oortreder moet**

---

506 Rosmini 1993 (b): 60.
507 Rosmini 1993 (b): 62.
508 Rosmini 1993 (b): 62. "Another's title to the thing under consideration, and his own unlawful possession of it… should be proved to him."
509 Rosmini 1993 (b): 62. "… when a person in good faith possesses a material object, he ceases to be in good faith after sure titles of another's dominion over that object have come to his notice. In this case, the owner can dispossess him of the object even with force if he does not listen to reason."
510 Rosmini 1993 (b): 66.

**wees.[511] Volgens Rosmini moet wette en ander beskikbare metodes aangewend word ter beskerming van die natuurlike regte van die individu. Hy stel dit dat die beskerming van natuurlike regte op regskape wyse uitgevoer moet word en dat daar nie onderduims gehandel mag word nie. Rosmini verklaar: "This defence must be carried out with upright means, not deceptively, etc. It must be the minimum possible defence in which methods of persuasion are employed when the aggressors are not guilty of deception or violence. If they are guilty in these respects, their deception and violence can be punished and repressed for what they are, independently of any religious motive..."[512]**

## 6.3 Verkreë regte

**Rosmini meen al daardie regte en vermoëns wat deur die mens uit hoofde van sy handelinge bekom is, heet "verkreë regte." Verkreë regte dui op die bestaan van die persoon wat die essensie van die reg is: "We have seen that person is the very essence of right."[513] Verkreë regte dien as voortsetting van natuurlike regte, wat in die vorige hoofstuk behandel is. Rosmini meen natuurlike regte word deur die natuur voorsien, sonder die tussenkoms van die mens, terwyl by verkreë regte menslike intervensie wel plaasvind: "In connatural rights, the fact containing the title to the right is given by nature without any human intervention. In acquired rights that fact is posited by the human being and called an act of acquisition."[514]**

511 Rosmini 1993 (b): 68.
512 Rosmini 1993 (b): 68.
513 Rosmini 1993 (b): 87.
514 Rosmini 1993 (b): 87.

### 6.3.1 Verkreë vryheid

**Rosmini meen dat persoonlike vryheid uitgebrei en verminder kan word. Dié twee handelinge kan gelyktydig plaasvind.[515] Volgens Rosmini vind uitbreiding plaas deur die uitoefening van handelinge waardeur die mens se vryheid toeneem. Rosmini verduidelik dat verminderling van die mens se persoonlike vryheid geleë is in daardie handelinge wat ander mense rondom ons uitoefen. Op grond van hierdie handelinge word die uitoefening van die mens se vryheid beperk.[516]**

**Hy meen die basis van verkreë regte word deur die vryheid van die mens self en sy eiendomsreg gelê. Deur die uitoefening van sy vryheid ontwikkel die mens sekere vermoëns, waardeur hy sodoende eksterne eiendomsreg vir homself verkry: "The increase of the sphere in which freedom operates, an increase resulting from the acquisition of external ownership, is inherent to this ownership and does not form something different from it."[517] Deur die aanwending van die mens se vryheid (vermoëns en vaardighede) verkry hy sodoende eiendomsreg. Rosmini meen die uitoefening van ander mense se eiendomsreg beperk egter die sfeer van ons vryheid (wat ons oor ons eie eiendom vestig).[518]**

---

515 Rosmini 1993 (b): 89. "… if we are talking about the sphere in which personal freedom can act, this sphere can certainly be extended and diminished. Indeed, its extension and diminution can take place simultaneously."

516 Rosmini 1993 (b): 89. "… we can affirm that there is at the same time, as I said, an increase or restriction in the sphere of human freedom. The increase comes from the actions with which we exercise our freedom; these actions increase our sphere of freedom. The restriction originates from the actions with which those around us exercise their own freedom – their actions limit and restrict our freedom."

517 Rosmini 1993 (b): 89.

518 Rosmini 1993 (b): 89. "Conversely, another's ownership, like all rights in general acquired by others, restricts more and more our sphere of freedom…" Dié benadering is alreeds in die vorige hoofstukke behandel.

**Rosmini sê dat ander mense die vryheid van ons handelinge (vermoëns en vaardighede) waardeur ons eiendomsreg verkry het, moet respekteer. Indien ons handelinge nie ander mense se regte skend nie, sal dié handelinge andersins regmatig wees.** [519]

**Die beperking van ons vryheid, deur die handelinge van ander mense, het twee gevolge: Eerstens, sal die verkreë en natuurlike regte van ander mense die sfeer van ons eie vryheid inkort, en tweedens, sal die benadeelde persoon oor 'n reg tot beskerming beskik.**[520]

**Deur nie te weet hoe om vryheid geoorloof te gebruik nie, beteken dit dat vryheid nie tot sy volle omvang gebruik sal word nie: "... not knowing how to use our freedom competently, we cannot use it to the full extent to which we would otherwise have a right."**[521] **Sodoende sal die mens homself deur sy onkunde van 'n reg ontneem. Indien die mens kwaadwilliglik sy vryheid misbruik, sal ander mense meer op hul hoede moet wees deur verdere voorsorgmaatreëls en waarborge te eis.**[522]

**Rosmini beweer verkreë vryheid in die burgerlike *societas* is daardie vermoëns wat ons in staat stel om alles te doen wat wettig is, en om dit wat deur die wet verbied word, te vermy.**[523]

---

519 Rosmini 1993 (b): 90.

520 Rosmini 1993 (b): 90. "…About the first: acquired rights and the connatural rights of others diminish the sphere of our freedom because our freedom can no longer take possession of the things they possess, nor can we perform actions which disturb or obstruct the rights they have taken possession of. The second cause arises from the right of defence and security. This right reveals itself in all human beings as soon as it is clear that either through malice, ignorance or incompetence others are going to act without regard for their rights, which they put at risk."

521 Rosmini 1993 (b): 90.

522 Rosmini 1993 (b): 90.

523 Rosmini 1993 (b): 91. "… If therefore freedom at the level of nature is 'the faculty to do all that is lawful,' freedom in civil society can be defined with greater precision as 'the faculty to do all that is lawful in itself except what is forbidden by law."

### 6.3.2 Eiendomsreg

Die algemene eienskap van eiendomsreg bestaan in die verbinding van ‘n saak met die persoon (die mens). Die saak word as middel deur die mens vir sy eie doel(wit) gebruik: “The act of acquisition therefore is the act by which a person joins to himself things different from himself in order to use them for his own ends.”[524] Volgens Rosmini vorm eiendomsreg die onderwerp van verkreë of verkrygingshandelinge waardeur die mens ‘n saak bekom en dit tot sy eie voordeel aanwend of gebruik.[525]

Rosmini sê dat verkreë handelinge waardeur byvoorbeeld eksterne eiendom bekom is, moreel goed is. Hy verduidelik hoe sodanige moreel goeie handeling kan plaasvind: Indien ek onder ‘n akkerboom wil rus en die plek alreeds deur iemand anders beset is, sal my handeling (om ook onder die boom te wil rus) moreel verbied word. Ek kan nie die plek inneem, sonder om die ander persoon nie te benadeel, deur hom byvoorbeeld weg te stuur nie. Indien die plek egter onbeset is, sal ek dit kan beset en sal my handeling moreel billik en sodoende toelaatbaar wees.[526]

Rosmini verduidelik voorts die moreel goeie handeling met betrekking tot eiendomsreg: Hy meen dat as iemand ’n huis op ‘n onbesette stuk grond bou, sal hy moreel reg of billik optree. Die handeling vir die bou van die huis, tesame met die bedoeling om permanent daar te bly, strek verder die toekoms in. Hierdie handeling sal nie heeltemal staak nie. Die

---

[524] Rosmini 1993 (b): 91.
[525] Rosmini 1993 (b): 91.
[526] Rosmini 1993 (b): 91-2.

persoon verkry 'n moreel-fisieke verbintenis met die huis. Sy okkupasie of besetting van die oop stuk grond verbied ander persone moreel om die betrokke stuk grond wat vroeër vir almal oop was te beset. Dié verbod teen ander mense mag voortbestaan, totdat ek (beide) sowel die huis as die grond verlaat het.[527]

Die persoon se besluit om in die huis wat hy gebou het te bly, verbied moreel die gebruik van dié plek deur ander mense: "My occupation of the vacant spot... and my intention to reside there have all morally prohibited everybody else from an action which earlier had been free for them."[528] Die omvang van die eienaar se eiendomsreg (inhoudsbevoegdhede) word egter beperk deur die gebruiksregte van ander persone voortspruitende uit beperkte saaklike regte wat hulle op die saak het, of vorderingsregte wat hulle teen die eienaar het.[529] Rosmini meen, voor die persoon se besluit om die huis of grond te okkupeer, kon enigiemand anders dit gebruik het, sonder dat ek daardeur verontrief sou word. Rosmini beweer die handeling waardeur ons die grond verkry het en die huis wat ons daarop gebou het, die onderwerp van eiendomsreg vorm.[530]

Oor die vraag of die vestiging van eiendomsreg stilswyende toestemming vereis, en op die vraag of eiendomsreg op gesag van burgerlike wette afgelei word, antwoord Rosmini dat die antwoorde met mekaar vervleg is. Hy verklaar dat die mens stilswyende toestemming kan gee vir die vestiging van eiendomsreg in die afwesigheid van 'n gevestigde burgerlike owerheid: ".. that human beings could give their tacit consent in the absence of established

---

527 Rosmini 1993 (b): 91-3.
528 Rosmini 1993 (b): 92.
529 Rosmini 1993 (b): 92.
530 Rosmini 1993 (b): 92.

**civil regimes..."[531] Rosmini meen stilswyende toestemming is egter nie nodig vanweë die gesag van die burgerlike owerheid nie.[532]**

**Rosmini verklaar dat elke ding in die natuurtoestand onbeset en vry is. Elkeen kan wettig besit neem van 'n saak wat vry en onbeset is, of waaroor geen eiendomsreg gevestig is nie: "... everything in the state of nature is considered unoccupied and free. But it is clear that everybody can lawfully take possession of things that are free and unoccupied. Therefore, in that state, everybody has the right to everything.[533] Volgens Rosmini is die reg tot besit in bogenoemde geval geen probleem nie, maar waar besit alreeds gevestig is, mag ander mense nie eiendomsreg daarop vestig nie.[534] Die reg tot besit is relatief en nie absoluut nie. Die reg tot besit is bepaald en bestaan slegs solank as wat daar nie eiendomsreg op sake gevestig is nie.[535] Ander mense dra die vestiging van eksterne eiendomsreg aan burgerlike wette op, omdat die strafbepaling aangaande eiendomsreg slegs in 'n burgerlike societas gevind kan word: "... others attribute the establishment of external ownership to civil laws because, they argue, the sanction of ownership is found solely in a civilly constituted society."[536]**

---

[531] Rosmini 1993 (b): 96. "This becomes clear when we consider that human beings could give their tacit consent in the absence of established civil regimes; they could consent tacitly or expressly among themselves in the state of nature. Consequently, it could reasonably be maintained that for the establishment of ownership tacit consent, but not necessarily the authority of civil government, is needed."

[532] Rosmini 1993 (b): 96.

[533] Rosmini 1993 (b): 97.

[534] Rosmini 1993 (b): 97-8. "Something already occupied and appropriated cannot be occupied or appropriated by another. To do so would be to harm the other to act immorally."

[535] Rosmini 1993 (b): 98.

[536] Rosmini 1993 (b): 98.

**Volgens Rosmini, wat goedkeurend na Cicero verwys, moet eiendomsreg gerespekteer word. Hy stel Cicero aan die woord: "... 'the consent of the people must in everything be considered a law of nature.' If all peoples agree that the first occupier has the right to the thing occupied, they recognise in occupancy a just title to that right."[537] Die eerste persoon wat 'n saak beset, geniet 'n regverdige aanspraak op sy saak, en ander moet sy eiendomsreg daarop erken en respekteer.[538]**

**Volgens Rosmini kan hande-arbeid in plaas van die algemene toestemming van die mense ook gebruik word om eiendomsreg te vestig.[539] Die persoon se arbeid oor 'n saak maak daardie saak die eiendom van daardie betrokke persoon: "Because a person's labour on a thing makes the thing the work of that person's hands, the thing therefore is the person's property."[540] Rosmini meen gevolglik dat arbeid as universele bron van eiendomsreg aanvaar moet word.[541]**

## 6.4 Die oordrag van regte

### 6.4.1 *Occupatio*

**Daar bestaan twee wyses vir die oordrag van regte, naamlik *occupatio* en kontrak.[542]**

---

537 Rosmini 1993 (b): 102, Cicero. *Tuscul.*, 1.
538 Rosmini 1993 (b): 103.
539 Rosmini 1993 (b): 102.
540 Rosmini 1993 (b): 102.
541 Rosmini 1993 (b): 102.
542 Rosmini 1993 (b): 258. "There are two ways of transmitting ownership: 1. When I free something of my own free will and someone else occupies it, making it his own. 2. When I free something of my own free in favour of someone else who, under certain conditions or without conditions, accepts and takes it immediately as his own ; that is called 'contract.'"

**Rosmini verklaar dat *occupatio* die afstanddoening van besit deur die eienaar van 'n saak, en die daaropvolgende besit (*occupatio*) van eiendomsreg deur 'n ander persoon veronderstel: "... the owner abandons what he owns either with or without the intention that it be occupied by someone else... Thus, ownership has passed from one person to another, although we cannot say that the first has transmitted it to the second. The first simply abandoned it and the other appropriated it."[543] Die eienaar doen sodoende afstand van die saak sonder die bedoeling dat dit deur 'n ander persoon opgeneem word.[544] Rosmini beweer dat daar nie gesê kan word dat die eienaar sy saak aan 'n ander persoon oorgedra het nie. Hy meen die eienaar doen eenvoudig afstand van die saak, wat dan later deur 'n ander persoon verkry word: "... the first simply abandoned it and the other appropriated it."[545]**

**Volgens Rosmini geskied oordrag van eiendomsreg op drie wyses: Eerstens, doen die eienaar afstand van sy eiendomsreg en 'n volgende persoon vestig sodoende eiendomsreg oor die saak. Rosmini meen dat dié regswerking onder die ontbinding van die moreel-intellektuele band (moral-intellectual bond) ressorteer.[546] Hiermee bedoel Rosmini dat die eienaar afstand doen van sy eiendomsreg wat regmatig deur ander geokkupeer is.[547]**

**Tweedens, beskou die besitter homself vanweë tydsverloop as die eienaar van die saak wat hy verkry het. Rosmini meen sy eiendomsreg begin met usurpasie (wederregtelike**

543 Rosmini 1993 (b): 258.
544 Rosmini 1993 (b): 258. "The owner abandons what he owns either with or without the intention that it be occupied by someone else…"
545 Rosmini 1993 (b): 259.
546 Rosmini 1993 (b): 259.
547 Rosmini 1993 (b): 259.

**inbesitneming). Dié benadering sal onder die natuurlik-positiefregtelike beskrywing (*natural-positive prescription*), ressorteer.[548]**

**Derdens, sal die nie-gebruik van ‘n saak veroorsaak dat die fisiese band van die eienaar met sy saak ontbind.[549] Die eiendomsreg van ‘n persoon oor sy saak word sodoende vernietig, en ‘n ander persoon kan dus in goeie trou (*bona fide*) besit van die saak oorneem. Daar bestaan sodoende ‘n nuwe fisiese band wat van die *bona fide*- besitter ‘n eienaar maak. Hy vestig dus eiendomsreg op die saak.[550]**

**Rosmini verklaar dat afstanddoening van eiendomsreg egter bewys moet word. Hy meen afstanddoening kan bewys word deur woorde, feite en ander omstandighede van die eienaar. Die woorde, feite en ander omstandighede moet die eienaar se bedoeling om van sy saak afstand te doen, weerspieël.[551]**

**In terme van die positiewe voorskrif stipuleer Rosmini drie voorwaardes vir die oordrag van eiendomsreg: Eerstens, moet die saak deur lang gebruik verkry wees; tweedens, moet die besit van die saak nie versteur wees nie, en derdens, moet die bestaande eienaar van die saak in goeie trou verkeer.[552] Hy meen dié drie voorskrifte moet teenwoordig wees vir ‘n wettige of billike oordrag van eiendomsreg vanaf die vorige na die huidige eienaar: “... three conditions are required for the transmission of ownership: 1. the thing is prescribable, 2. its**

548 Rosmini 1993 (b): 259.
549 Rosmini 1993 (b): 259.
550 Rosmini 1993 (b): 259.
551 Rosmini 1993 (b): 259. “Proof is the words, facts, and non-facts of the owner, which must clearly indicate his intention, and circumstances, when these are such that human beings must reasonably give up their intention to keep the thing as their own or their persuasion that it is theirs…”
552 Rosmini 1993 (b): 260.

possession has continued peacefully from time immemorial, 3. the present owner is in good faith."[553]

Die lewering (by roerende goed) en registrasie (by onroerende goed) moet met die bedoeling van die eienaar om eiendomsreg oor te dra, en met die bedoeling van die ontvanger om eiendomsreg te ontvang, geskied.[554] Die benadering van Rosmini kan analoog aan die Romeinse *animus transferendi dominii* van die oordraer en die *animus accipiendi dominii* van die ontvanger, wat op die subjektiewe aspek van eiendomsoordrag dui, beskou word. Die oordrag en ontvangs van die eiendomsreg moet met wilsooreenstemming by albei partye ten tyde van die eiendomsoordrag bestaan.[555] Dié saaklike ooreenkoms moet aan al die gemeenregtelike vereistes vir 'n geldige kontrak voldoen, byvoorbeeld die handelingsbevoegdheid van die partye, wilsooreenstemming met betrekking tot die saak, afwesigheid van *error*, ensovoorts. Rosmini meen dat indien die oordrag van eiendomreg onbillik is, die gemeenregtelike voorskrifte vir geldige oordrag ingevolge die rasionele natuurreg nie nagekom sal wees nie.[556]

### 6.4.2 Kontrak

Rosmini verklaar dat 'n kontrak aan die rede en die positiewe reg onderworpe is: "Contracts are part of rational Right in so far as they are subject to the laws of reason, and part of

---

553 Rosmini 1993 (b): 260.
554 Rosmini 1993 (b): 260.
555 Sien Olivier 1992: 110-111.
556 Rosmini 1993 (b): 260.

**positive Right as subject to positive, freely-chosen dispositions and conventions."[557] Rosmini meen kontrakte is moreel en juridies noodsaaklik, omdat die doelwit daarvan die bereiking van die moreel goeie en die vermyding van die moreel slegte impliseer.[558] Ooreenkomste neem ingevolge 'n kontrak tussen die betrokke partye die vorm van verpligtinge aan. Rosmini meen dat die bepalings in 'n kontrak aan die voorskrifte van die natuurreg en die positiewe reg onderworpe moet wees.[559]**

**Deur middel van 'n kontrak beweeg die mens uit die natuurtoestand tot die burgerlike *societas*: "As a result of particular contracts forming societies, men and women begin to move out of the state of nature into the social state."[560] In die burgerlike *societas*, wat die resultaat van die sosiale kontrak is, vorm die mense ooreenkomste met mekaar en met die owerheid, wat sodoende die bepalings van die kontrak moet uitoefen.[561] Dit verduidelik die openbare en privaat-dimensie met die oog op eiendomsoordrag.**

**Rosmini definieer vervolgens 'n kontrak soos volg: "... the concourse and jural effect of corresponding acts of two persons, of whom one, an owner of a simple or complete right willingly dissolves the jural bond of the right with or without certain conditions, so that the other may become the owner if he wishes. The second owner brings into effect the act of acceptance and, after satisfying any attached conditions, appropriates the right."[562]**

---

557 Rosmini 1993 (b): 261.

558 Rosmini 1993 (b): 262. "These contracts are morally and jurally necessary, are made between human beings sometimes for the purpose of obtaining some good or avoiding an evil in the eudaimonological order, and sometimes for the sake of exercising an act of moral virtue."

559 Rosmini 1993 (b): 263. "In general, human beings begin by contracts to submit to positive Right in addition to rational Right, in so far as the contracts contain something freely chosen."

560 Rosmini 1993 (b): 263.

561 Rosmini 1993 (b): 262-3.

562 Rosmini 1993 (b): 265.

**Rosmini beweer daar moet 'n tweesydige regshandeling plaasvind, ingevolge waarvan eiendomsreg deur die eienaar aan die verkryger oorgedra word as "*act of disappropriation*" en deur laasgenoemde aanvaar word as "*act of appropriation.*"[563] Die eienaar moet die bedoeling hê om ingevolge die kontrak eiendomsreg oor te dra en die ontvanger moet die bedoeling hê om eiendomsreg te ontvang.[564] Dié aard van die kontrak vertoon ooreenkomste met die aard van die reeds vermelde *animus transferendi dominii* van die oordraer, en die *animus accipiendi dominii* van die ontvanger. Indien 'n eienaar sy eiendomsreg prysgee, sonder die voorwaarde dat iemand anders daardie reg opneem, en indien die ander persoon dit eenvoudig toe-eien omdat die eersgenoemde persoon dit oopgelaat het, sonder enige verstandhouding tussen hulle, sal die regte van die eerste persoon oorgaan na die tweede persoon, by wyse van twee afgesonderde en onafhanklike handelinge, wat nie 'n kontrak sal vorm nie.[565] Rosmini verklaar: "... if a person abandons his right without the condition that another appropriate it, and if the other appropriates it simply because the first leaves it vacant, without any understanding between them, the right would pass from the first to the second by means of two separate and independent acts, which consequently would not constitute a contract."[566]**

---

[563] Rosmini 1993 (b): 265. "… two 'acts of ownership' must be present in every transmission of ownership from one person to another: the act by which the owner abandons his right (*act of disappropriation*) and the act by which the other joins the same right to himself (*act of appropriation*).

[564] Rosmini 1993 (b): 266. "… If a person abandons his right without the condition that another appropriate it, and if the other appropriates it simply because the first leaves it vacant, without any understanding between them, the right would pass from the first to the second by means of two separate and independent acts, which consequently would not constitute a contract."

[565] Rosmini 1993 (b): 266.

[566] Rosmini 1993 (b): 266.

**Rosmini meen daar moet 'n subjektiewe bedoeling tussen die partye wees dat eiendomsoordrag moet plaasvind.[567] Volgens hom is 'n kontrak 'n moreel-juridiese handeling, met 'n volledige teenwoordige wil. As daar nie aanvaarding van die voorwaardes van die kontrak is nie, sal daar geen kontrak tot stand kom nie. Sodra aanvaarding van die voorwaardes van die kontrak vasgestel is, sal daar 'n geldige kontrak totstand kom: "... until there is acceptance, there is no contract; as soon as acceptance is obtained, the contract is completed, mutual obligation begins and the right has passed from one to another."[568] Rosmini glo daar moet gemeenskaplike regte en verpligtinge tussen die partye tot die kontrak bestaan, sodat die regte van een persoon op 'n ander kontraksparty kan oorgaan.[569] Ingevolge die toepassing van die *nemo plus iuris ad alium transferre potest quam ipse haberet*-reël kan geen persoon egter 'n groter reg oordra as wat hyself ten opsigte van 'n saak gehad het nie en gaan alle beperkings op die nuwe eiendomsverkryger oor. Rosmini verklaar dat die oordrag van regte tussen die partye tot die kontrak bekend moet wees. Die persoon wie se eiendomsreg volgens die voorskrifte van die kontrak staak, moet verstaan dat dit die ander party vry staan om besit van die saak oor te neem.[570]**

**Deur middel van die nakoming van kontraktuele bepalings in die privaat-sfeer en die openbare sfeer, word die basiese menseregte van die partye beskerm en gehandhaaf.**

567 Rosmini 1993 (b): 266-7. Sy benadering toon ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse reg, soos blyk uit die hofsaak *Air-Kel Merkel Motors v Bodenstein* 1980 3 SA 917 (A).. Volgens dié hofsaak kan "... blote ooreenkoms nie eiendomsreg oordra nie - *traditio* (oorhandiging) moet ook geskied; en omgekeerd, blote oorhandiging is ook nie voldoende nie – dit moet gepaardgaan met 'n ooreenkoms tussen oorhandiger en ontvanger dat daarmee eiendomsreg gebied en aanvaar word..."

568 Rosmini 1993 (b): 267.

569 Rosmini 1993 (b): 267.

570 Rosmini 1993 (b): 268. "Real or symbolic possession therefore is not necessary in rational Right for the transmission of ownership from one person to another. The only thing necessary is that, as a consequence of the transmission, the one who cedes ownership understands he is leaving its recipient free to take possession of it."

Volgens Rosmini se natuurregteorie vorm die nakoming van kontrakte deel van die voorskrifte van die natuurreg, wat 'n uitvloeisel van menseregte is. Aldus het die kontrakfiguur ook fundamentele relevansie in die publieke sfeer.

## 6.5 Aanpassings van regte

### 6.5.1 Die onskendbaarheid van regte

Rosmini beweer dat elke reg weens die voorskrifte van die natuurreg en morele reg onskendbaar is. Hy meen die natuurreg neem 'n juridiese eienskap aan, sodra daar 'n skeiding van die persoon met betrekking tot sy eiendom afgedwing word.[571]

Die natuurreg en morele reg bevestig elke individuele reg se onskendbaarheid deur middel van die afdwinging van die positiewe reg van die burgerlike *societas*, wat ons verbied om 'n ander mens te benadeel. Rosmini meen 'n onregverdige handeling vorm 'n juridiese ingreep op die persoon se eiendomsreg en is moreel afkeurenswaardig.[572]

Indien omstandighede bestaan as gevolg waarvan 'n ingreep op 'n persoon se reg of sy eiendomsreg plaasvind, sal sodanige inbreukmakende handeling moreel afkeurenswaardig

571 Rosmini 1993 (b): 425-6. "Every right is inviolable by force of the moral law which forbids us to cause displeasure to a person; this moral law becomes jural also as soon as we are dealing with some displeasure consisting in the separation from a person of something he has lawfully made his own."

572 Rosmini 1993 (b): 426. "… An infraction of this kind is always a moral evil – at any time, in every place, and in any circumstances whatsoever. If circumstances could exist in which the infraction of a right ceased to be a moral evil, the right would already have ceased to be a right."

wees en sal sodanige omstandighede ophou om regverdig te wees.[573] Rosmini verklaar: "... if a law were found to be unjust, it would no longer be law."[574] Net soos Rosmini het Aquinas dit reeds gestel dat die geldigheid van 'n reg van geregtigheid afhanklik is. Hy oriënteer die geldigheid van 'n reg aan die voorskrifte van die natuurreg, en meen dat enige reg wat daarmee strydig is nie meer reg is nie, maar eerder 'n verwringing daarvan is.[575] Die reg vereis dat die burgerlike *societas* ooreenkomstig die voorskrifte van die reg moet handel. Die burgerlike *societas* moet net soos sy burgers die voorskrifte van die reg gehoorsaam: "... both individual and social subjects are capable of rights."[576] Hierin is die basis vir menseregte geleë. Rosmini verklaar: "... it is not lawful even for civil society to absorb its members in itself, devouring them, as it were. It must leave them to live, along with itself, in their natural quality as jural persons, separate from and equal to itself, and worthy to be treated on a par with itself..."[577]

Rosmini beweer dat die individu sowel as die sosiale entiteit (burgerlike politieke *societas*) vir regte vatbaar is: "... both individual and social subjects are capable of rights."[578] Volgens hom ontstaan probleme, indien die onskendbaarheid van regte op sowel die individu as sosiale kollektiwiteite toegepas word. Die probleem ontstaan dat wanneer regte

---

573 Rosmini 1993 (b): 426. "If circumstances could exist in which the infraction of a right ceased to be a moral evil, the right would already have ceased to be a right…"

574 Rosmini 1993 (b): 426.

575 Sien D'Entréves 1965: 129.
Sien *S. Th.* 1-2, q. (95), a. (2). "… *rationis autem prima regula est lex naturae, ut ex supractis patet. Unde omnis lex humanitas posita intantum habet de ratione legis, inquantum a lege naturae derivatur. Si vero in aliquot a lege naturali discordet, iam non erit lex, sed legis corruptio*." (Alle mensgemaakte wette is in ooreenstemming met die rede in sover dit van die natuurreg ontspring. As 'n mensgemaakte reg of wet in enige opsig van die natuurreg verskil, sal dit nie langer 'n reg of wet is nie, maar 'n verderwing van die reg of wet.)

576 Rosmini 1993 (b): 427.

577 Rosmini 1993 (b): 430.

578 Rosmini 1993 (b): 427.

**aan ‘n sosiale kollektiwiteit verbind word, sodanige sosiale entiteit se regte geag word oor individuele regte te seëvier.[579]**

**Rosmini meen dat indien ’n individu deel word van ‘n sosiale entiteit, so ’n persoon slegs aan ’n bykomende verhouding deelagtig sal word, sonder dat sodanige persoon se individuele bestaan verlore gaan. Hy bevestig dit as volg: “We must first note that individual persons, when they become part of a social person, acquire only an additional relationship without destroying themselves in any way.”[580] Die persoon voer dus ’n onafhanklike bestaan los van die kollektiewe eenheid of sosiale entiteit.[581] Rosmini meen derhalwe dat respek aan die individu betoon moet word, ongeag die handhawing van sy regte as individu of as kollektiewe entiteit. Rosmini beweer dat sommige mense glo dat die regte van die kollektiewe entiteit belangriker as dié van die individuele persoon is. Hy verklaar: “... it was presumed that the collective person, or society, or whatever other name the people was called, could exercise its own rights by freely sacrificing those of individual persons. Society, or whatever stood for society, then became totally despotic. Individual persons were lost to sight or rather absorbed, as it was thought, by society, and annihilated as they came to form part of the social body.”[582]**

---

579 Rosmini 1993 (b): 427. “This error is present in those who think that right, when connected with a social body, or in general with a more powerful subject, must prevail over the same right when it is connected with an individual or weaker subject.”

580 Rosmini 1993 (b): 427.

581 Rosmini 1993 (b): 428. “Consequently, it was presumed that the collective person, or society, or whatever other name the people was called, could exercise its own rights by freely sacrificing those of individual persons. Society, or whoever stood for society, then became totally despotic. Individual persons were lost to sight or rather absorbed, as it was thought, by society, and annihilated as they came to form part of the social body.”

582 Rosmini 1993 (b): 428.

**Rosmini is sensitief vir die bespiegelinge dat die ondeugde van die antieke burgerlike *societas* die waardigheid van die individu sou vernietig het. Hy meen individuele regte is deur sosiale despotisme vernietig. Hy glo dat ‘n Christelike burgerlike *societas* die kwesbare mens teen die magtige mens en die individu teen die kollektiewe entiteit moet beskerm: “... only Christianity, protects the weak against the strong, the individual against the totality, by illuminating the invisible, spiritual interior of the human being and destroying the overpowering illusion which the social mass, like everything great and powerful, produces with its sheer size and materiality.”[583] Rosmini verklaar dus: “In relationship to right, a collective body is only a jural person equal to any other individual.”[584]**

**Volgens Rosmini is verval altyd in (antieke) nie-Christelike samelewings te vinde. In dié nie-Christelike samelewings word die vrou as instrument vir die man se plesier beskou, sodat haar waardigheid tot ’n groot mate ingekort, of selfs vernietig word. In die woude van Amerika was die vroue met swaarder take, waarvoor die mans nie kans gesien het nie, belas en is die vrou ook aan haar manlike kinders onderworpe gestel. Die man geniet in sodanige samelewings die reg van lewe en dood oor die vrou.[585]**

[583] Rosmini 1993 (b): 429.
[584] Rosmini 1993 (b): 430.
[585] Rosmini 1995 (b): 12-3. “…In the Islands of Oceania and the forests of America, the weak sex in families of savages is loaded with the heavy tasks despised by the husband. Often the mother is as subject to her male children as to her husband. She is excluded from their table, force to depend for food upon the scraps, left without assistance in need, even at the moment of childbirth when brute animals take loving care of their females. Husbands have a general right of life and death over their wives.”

**Rosmini waarsku teen standpunte wat meen dat die mens die wette van die menslike samelewing as die hoogste einddoel moet beskou, asook teen die ongeregtigheid wat uit dié benadering kan voortspruit.**[586]

**Rosmini meen dat deur die handhawing van individuele regte, die burgerlike *societas* bevoordeel sal word. Hy erken dat privaat belange aan die openbare belange onderworpe moet wees, maar dan moet onderworpenheid in die korrekte konteks gebruik word. Rosmini verduidelik soos volg: "... in this way, it is true that private good has to give way to public good if by private good is meant the good of all the individual members of the society; it is not true if private good is understood as that of a single member of the society."**[587]

**Rosmini huldig ook die standpunt dat die kollektiewe entiteit 'n juridiese persoon is, wat gelyk met enige ander individu behandel moet word: "... a collective body is only a jural person equal to any other individual."**[588] **Dit is nie geregverdig vir die burgerlike *societas* om sy lede se regte (te absorbeer) nie. Die burgerlike *societas* moet sy lede vergun om 'n selfstandige bestaan te voer. Die burgers moet ook met waardigheid behandel word. Dit is die waarborg vir die erkenning van menseregte.**[589]

---

586 Rosmini 1993 (b): 429. Volgens Rosmini is dié benadering deur die Spartane en die Kretensers oorgeneem, wie se wette bepaal dat daar nie ongeregtigheid aan persone buite die burgerlike samelewing geskied nie. Persone buite die burgerlike samelewing is dus nie as mense beskou nie en was nie vatbaar vir regte nie. Dit beteken dus dat die spreuk *Salus reipublicae*… met versigtigheid bejeën moet word.

587 Rosmini 1993 (b): 430.

588 Rosmini 1993 (b): 430.

589 Rosmini 1993 (b): 430. "Thus it is not lawful even for civil society to absorb its members in itself, devouring them, as it were. It must leave them to live, along with itself, in their natural quality as jural persons, separate from and equal to itself, and worthy to be treated on a par with itself, that is, according to the principles of the same Right."

**Rosmini meen voorts dat die burgerlike *societas* of organe wat namens hom optree, nie onbillik of onwettig mag handel nie, selfs nie eens ter wille van die behoud van die burgerlike *societas* nie.[590] Volgens Rosmini moet die individu of burger 'n bestaan onafhanklik van die burgerlike *societas* geniet. Hy meen die individu is nie net mens omdat hy/sy lid van die burgerlike *societas* is nie. Die onskendbaarheid van die individu se regte *via* die sosiale samelewing word deur Rosmini soos volg verwoord: "... let civil society perish, therefore, if need be, so that individuals may be saved; individuals must not perish so that civil society may be saved."[591]**

**Die burgerlike *societas* kan ontbind word, maar dan moet dit nie ten koste van die individu geskied nie.[592] Rosmini meen die burgerlike *societas* is die middel en die individu is die einddoel, 'n benadering wat by Aquinas aansluit, omdat laasgenoemde die vervolmaking van die burgerlike *societas* in die redelike natuur van die mens en in bevordering van die algemene welsyn beskou.[593]**

**Rosmini beweer dat dit onbillik van die menslike samelewing sal wees, indien die burgerlike *societas* die vryheid van sy burgers beperk. Hy meen die burgerlike *societas* moet die uitoefening van die regte van sy burgers op dieselfde wyse beperk as wat die geval is van**

---

590 Rosmini 1993 (b): 432. "Neither civil society, nor those who act on its behalf, can ever act unlawfully or unjustly, even for the sake of preserving society. Human beings exist independently of civil society; they are not human beings because they are members of such a society…"

591 Rosmini 1993 (b): 432.

592 Rosmini 1993 (b): 432.

593 Sien D'Entréves 1965: 3. Hy meen onder invloed van Aquinas dat 'n dier met tande, kloue en horings vir sy verdediging, toegerus is, maar die mens moet met sy denke (rede) vir homself dinge vir sy behoud en oorlewing bekom. Aquinas meen, alhoewel die mens met sy rede, gevare kan ontkom, sal hy as enkeling homself nie met die nodige hulpbronne kan voorsien nie. Hy benodig die kameraadskap van sy medemens.

**die individu teenoor ander mense.[594] Die afbakening van regte dui op die burgerlike *societas* se verhouding teenoor sy burgers onderling en die burgers se verhouding teenoor die burgerlike *societas*. Rosmini meen die verhoudinge vestig juridiese regte en pligte tussen die burgers en teenoor die burgerlike *societas*.[595] Die benadering dui op 'n effektiewe afdwinging van menseregte in die burgerlike *societas*.**

**Volgens Rosmini skend die burgerlike *societas* die burgers se regte onder die volgende omstandighede: indien die burgerlike *societas* die burger se handeling om sekere sake of eiendom te besit, belemmer, sonder dat die burgerlike *societas* 'n wettige aanspraak van eiendomsreg op die betrokke saak het;[596] indien die burgerlike *societas* onder die aanspraak van die openbare belang meen dat hy enigiets kan doen, en daardie aanspraak misbruik om sodoende sy eie ongeregtigheid te verbloem: "... society injures other's rights again when it does not avoid, in the use of its own rights, everything that could offend others, and when it does not employ, within the confines prescribed for it by jural sphere of others, the greatest circumspection in their regard."[597] Rosmini meen die skending van die regte van die burgers bestaan daarin dat die burgerlike *societas* onder die voorwendsel van**

---

594 Rosmini 1993 (b): 433-4. "At this point, while considering civil society simply as a jural person, we realize that it is false for civil society, as a jural person, to limit the freedom of other human beings in a way greater than that exercised by any other individual person when co-existing with others. All co-existent jural persons limit one another reciprocally by their possession of rights; in other words, they limit the innocuous freedom of others by impeding both the occupation of things already occupied by themselves and actions which injure their rights. We can say, therefore, that society under its jural aspect limits human beings in their rights in the same way as human beings limit one another."

595 Rosmini 1993 (b): 432-4.

596 Rosmini 1993 (b): 435. "Society also harms other's rights of freedom and ownership every time it prevents their owners from using or defending them, or obtaining recompense for them…"

597 Rosmini 1993 (b): 434-5. "Civil society… injures human rights… under the pretext of its own advantage and the increase in common good, which cannot be promoted if it harms anyone. As we said, if it were lawful to harm unjustly a single human being to the advantage of twenty million, it would be equal lawful to sacrifice nine million nine hundred and ninety-nine thousand to save ten million."

**die bevordering van die algemene welsyn, die vryheid en eiendomsreg van sy burgers kan benadeel.[598]**

**Die burgerlike *societas* skend die regte van die burgers, indien dit nie in die uitoefening van sy regte verhoed dat die regte van die burgers benadeel word nie: "... again, it injures other's rights when it fails to temper the defence of its own rights, or its demand for recompense."[599] Dit skend ook die regte van die burgers, indien dit 'n individu of sosiale entiteit toelaat om onreg aan ander mense in die naam van die burgerlike *societas* te pleeg.[600] Rosmini beweer die burgerlike *societas* het 'n besondere verantwoordelikheid deur toe te sien dat geregtigheid seëvier. Die burgerlike *societas* moet verseker dat die burgers se regte nie deur onkunde geskend word nie.[601]**

**Volgens Rosmini skend die burgerlike *societas* die regte van die burgers indien hulle toegang tot openbare inligting verhinder word.[602] Rosmini meen die burgers word onder die volgende omstandighede benadeel: Die burgers word nie die geleentheid gebied om morele oordeel te vel oor twyfelagtige sake nie; hulle weet nie wat hulle wedersydse regte en verpligtinge is nie; die burgers word deur hul onkunde (wat die gevolg van die burgerlike *societas* se versuim om inligting aan die burgers te verstrek) in groot ellende en mismoedigheid gedompel.[603]**

---

598 Rosmini 1993 (b): 434-5.
599 Rosmini 1993 (b): 435.
600 Rosmini 1993 (b): 435.
601 Rosmini 1993 (b): 436.
602 Rosmini 1993 (b): 437. "Civil society already offends against other's rights simply by impeding public knowledge of a) moral cognitions and everything that could throw light upon doubtful cases where reciprocal rights and duties have to be determined; or by slowing or impeding the verification of the rights of individuals through restriction of their recourse to any action or discussion whatsoever which would serve to unveil injustice of every kind or to defend or vindicate justice in anyone's case."
603 Rosmini 1993 (b): 437.

**Patentregte wat aan uitvinders toegestaan word, meen Rosmini, word verkeerdelik as "voorregte" beskou. Hy meen patentregte is bloot 'n beskerming wat deur die burgerlike *societas* aan 'n individu se uitvinding verleen word. Dit is bedoel om die uitvinder se produk te beskerm.[604] Die eksklusiewe uitoefening van regte ingevolge 'n handelsmerk sluit ander se uitoefening van sodanige reg uit.[605]**

**Rosmini meen handelsvryheid, wat deel van menseregte vorm, is in die natuurreg gesetel en is daarom onskendbaar.[606] Hy glo die owerheid skend universele regte, indien dit net sekere individue of groepe persone begunstig. Elkeen het 'n reg tot kompetisie in die handel. Rosmini meen indien die mense die reg om handel te dryf geweier word, dit 'n aantasting van hulle vryheid en menseregte sal wees.[607]**

**Rosmini meen die owerheid tree onbillik op, indien dit oor die boeg van die openbare welsyn sy eie belange op die burgers probeer afdwing. Die burgerlike owerheid is ingestel vir die bevordering en die handhawing van die welsyn van sy burgers. Hiervolgens beskik dit oor die reg om ander mense te verhoed om die algemene welsyn te versteur. Die algemene welsyn in dié geval is die regte van die burgers en die behoud van die burgerlike *societas*. Die burgerlike *societas* moet dus net soos die mens homself beskerm deur sy eie wette en voorskrifte na te kom.[608]**

---

604 Rosmini 1993 (b): 437.
605 Rosmini 1993 (b): 438.
606 Rosmini 1993 (b): 437-8.
607 Rosmini 1993 (b): 438. "… if public authority favours some person or family, or provides them with some advantage, all other individuals are injured in their rights. This comes about because they find their freedom restricted by means of words alone, and not by lawful fact."
608 Rosmini 1993 (b): 441-2.

**Waar die burgerlike owerheid grond van sy burgers ontneem, moet volledige kompensasie aan die benadeelde persone gebied word.[609] Versuim om volledige kompensasie te bied, sal veroorsaak dat die burgers onreg lei, en sal sodanige handeling van die burgerlike owerheid die burgers se regte aantas. Rosmini meen dat niemand van sy eiendom ontneem mag word sonder nakoming van dié voorwaarde nie. Onteiening moet slegs kragtens 'n wet gemagtig word, indien dit tot die openbare voordeel strek en indien regverdige en billike vergoeding sonder versuim betaal word.[610] Rosmini verskaf vervolgens 'n formule waaraan die burger en die burgerlike owerheid moet voldoen: "... each one must use his own rights in such a way that the minimum disturbance and restriction of advantage is inflicted on others..."[611] Hy gaan voort: "... consequently, while the individual person does not possesses the right to restrict the rights of others for his own good, civil society does possesses for the common good a part of that faculty relative to the persons who are its members."[612]**

**Rosmini verklaar ook dat die burgerlike owerheid namens die burgerlike *societas* nie die reg het om onskuldige lewe te neem nie, of om iemand liggaamlik te beseer nie. Hy meen die individuele reg moet nie ten koste van die burgerlike *societas* ingeboet word nie: "It is expedient... that one man should die for the people. This is an impious, deplorable maxim..."[613] Rosmini meen die stelreël "*Salus Reipublicae summa lex*" (die reg van die staat is die hoogste goed) en *Expedit... ut unus moriatur homo pro populo, et non tota gens***

609 Die bepaling word deur Artikel 25 van die Grondwet 108 van 1996, beheer. Die artikel bepaal ook verder dat eiendom nie sonder kompensasie onteien word nie.
610 Rosmini 1993 (b): 442.
611 Rosmini 1993 (b): 442.
612 Rosmini 1993 (b): 442.
613 Rosmini 1993 (b): 444.

**_pereat_ (dit is voordeliger dat een man moet sterf terwille van die kollektief, sodat die hele nasie nie moet omkom nie) is 'n uitdrukking vir dieselfde immorele beginsel. Die toepassing van die twéé beginsels skend ongetwyfeld die individuele regte van die burgers.[614]**

**Die reg van die individu is baie belangrik en dit word daarom beskerm tot op daardie punt waar die belang van die gemeenskap oorheersend word, omdat sy voorbestaan bedreig word. Rosmini verklaar: "Not a single right of individual citizens... can be sacrificed for the sake of the public good..."[615] Volgens Rosmini sou die individu se reg immers nie kon voortbestaan, indien die gemeenskap waarin hy daardie reg uitoefen, tot niet gaan nie. Rosmini verklaar soos volg: "... society must prefer not to do harm to a private individual even for the sake of obtaining the safety of all the others. Conversely, it cannot do some good to the individual unless this good comes about without any damage or diminution of public good."[616]**

**Rosmini glo dat die burgerlike _societas_ regte skend wanneer dit oormatige straf aan oortreders oplê. Hy meen die graad van straf moet in ooreenstemming met die eise van die tyd en omstandighede wees.[617] Volgens Rosmini is ongeregtigheid deur burgerlike _societas_ begaan vir sover dit onredelikerwys vasgekleef het aan strawwe wat met verloop van tyd onveranderd gebly en uitgediend geraak het, ten spyte van veranderinge in die tradisie**

---

614 Rosmini 1996: 34.
615 Rosmini 1996: 37, 39.
616 Rosmini 1996: 39. Rosmini veronderstel dat daar 'n gebalanseerde verhouding moet wees tussen menseregte en staatsveiligheid. Dit is die mate waarin staatsveiligheid bedreig, of in gevaar gestel word, wat bepaal in hoeverre basiese menseregte ingekort moet word.
617 Rosmini 1993 (b): 445.

**(*mores*) van dié gemeenskappe.  Rosmini meen dat deur openbare afkeur en die vrees vir publieke onrus regerings se oë mettertyd geopen is.[618]**

**Die burgerlike *societas* skend die regte van sy burgers nie net deur middel van sy eie handelinge nie, maar ook deur die handelinge van sy amptenare.  Die burgerlike *societas* begaan 'n late indien dit sou swyg, wanneer dit moet spreek, of indien dit die onreg wat deur die owerheid begaan is, kondoneer.   Dié onkunde/late of versuim van sy amptenare veronderstel dat die burgerlike *societas* die menseregte van sy burgers aantas.  Rosmini meen dit geskied wanneer die burgerlike *societas* onbillik op morele en politieke vlak optree.[619]**

**Rosmini meen dat ons deur ons optrede ook die regte van ander mense skend.  Indien ons byvoorbeeld wil verhoed dat ons grond oorstroom word en ons gevolglik 'n voor of afloop na 'n ander se grond maak en daardie persoon se eiendom oorstroom word, sal ons daardie persoon se eiendomsreg skend.[620]  Die benadeelde persoon hoef nie skuld aan die kant van die oortreder te bewys nie, maar hy hoef net te bewys dat daar 'n handeling was deur die oortreder wat die vloei van die water verander het en wat hom benadeel het.[621]**

**Dit sal ook die geval wees, indien ons toelaat dat ons vee op ander se grond wei.  Ons late is daarin geleë dat ons nie die skade-veroorsakende toestand verhoed het nie.[622]**

---

618 Rosmini 1993 (b): 445-6.
619 Rosmini 1993 (b): 447.
620 Rosmini 1993 (b): 455.
621 Rosmini 1993 (b): 455.
622 Rosmini 1993 (b): 455.

Rosmini beweer ten slotte dat die regte van ander mense ook geskend word deur ons versuim om te handel. In die geval van landerye of grond langs ‘n rivier wat geneig is om sy walle te oorstroom, moet die gemeenskaplike eienaars van grond langs die rivier verenig vir beskerming en onderworpe aan proporsionele uitgawes. Om die rivier sonder behoorlike voorsorg te laat, beteken dat albei benadeel sal word. Rosmini meen buureienaars het ‘n verpligting om te verenig en saam te stem oor wat in die beste belang van hulle albei sal wees. Rosmini verklaar dat enigeen wat versuim om deel van so ‘n ooreenkoms te wees, die regte van die ander sal aantas.[623]

## 6.6 Die reg op beskerming

Rosmini glo dat die reg op beskerming óf voor die oomblik van skending van ons regte, óf gedurende die inbreukmakende handeling kan geskied. Volgens Rosmini word die reg op beskerming onder twee hoofde tuisgebring: Eerstens, wanneer die beskerming van ons regte (wat deur ander mense aangeval of bedreig word) sonder nadeel aan ander mense uitgeoefen word; en tweedens, waar beskerming van ons regte noodsaaklik is en ander mense daardeur benadeel word.[624]

Rosmini glo die beskerming van ‘n reg wat met die uitoefening van mag gepaard gaan, vorm inherent deel van die reg wat beskerm moet word: “... defence of a right, carried out with the use of force, is inherent to the right that is being defended. As we saw, defence is nothing

---

[623] Rosmini 1993 (b): 455.
[624] Rosmini 1993 (b): 456.

more than a function of right..."[625] Daardie reg word in die mens as 'n onskendbare entiteit van regte erken en verleen aan die mens al sy magte in die uitoefening van die regte waaroor die mens beskik.[626]

Volgens Rosmini is die benadeling van 'n misdadiger geregverdig, waar dit oor die beskerming van ons regte gaan. Hy verklaar: "... whoever willingly causes evil must bear the penalty."[627] Die onskuldige persoon wat sy regte beskerm en daardeur die oortreder benadeel, sal, volgens Rosmini, geag word regverdig op te tree. Rosmini meen die individu of oortreder wat kwaad verrig, verdien om gestraf te word. Selfverdediging, of beskerming van sy regte, verleen aan die individu die status van handhawer van geregtigheid. [628]

Rosmini meen die individu mag nie in die beskerming van sy regte of in selfverdediging die grense van geregtigheid oorskry nie.[629] Hy verklaar dat moderne skrywers die *lex talionis* as 'n oordrewe disproporsionele maatstaaf vir die beskerming van regte verwerp. Dit wil later blyk dat Rosmini die *lex talionis* - stelreël goedkeur. Hy meen egter die benadeling van die oortreder deur die beskerming van die onskuldige persoon se regte, mag nie dit oorskry wat absoluut noodsaaklik vir die beskerming van die onskuldige persoon se reg is nie. Rosmini verklaar dat die *lex talionis* veronderstel dat 'n persoon wat skade aan sy medemens berokken, of hom benadeel dieselfde nadeel of skade moet ly. Hy meen die reël

---

625 Rosmini 1993 (b): 457.

626 Rosmini 1993 (b): 457. "This law, which recognizes in the personship of the human being a lawful, inviolable subject of rights, permits a person to employ all his forces in the exercise of the rights he has. But because this person has physical as well as intellectual force, such permission is equivalent to permitting coercion, which is simply the use of these forces to maintain right."

627 Rosmini 1993 (b): 458.

628 Rosmini 1993 (b): 458.

629 Rosmini 1993 (b): 460.

is in ooreenstemming met die voorskrif van die natuurreg: "Do to others what you would want done to yourself; do not do to others what you would not want done to yourself."[630] Volgens die universele natuurreg beskik ons oor geen reg buite dié voorskrif van die natuurreg nie.

Rosmini meen die reg op beskerming van regte kan teen die volgende handelinge van die oortreder, naamlik noodweer en noodtoestand, gerig word. Die dader rig hom by noodweer teen 'n onregmatige (menslike) aanval. Rosmini begrond die regsfiguur van noodweer in selfliefde (self-love).[631] Hy verklaar: "By self-love, when the offender's action is turned against us. This is the origin of the rights of defence and satisfaction."[632]
By 'n noodtoestand, daarenteen, rig hy hom teen die belange van 'n onskuldige buitestaander (love of our fellows).[633] Rosmini verklaar dat die genoemde regsfigure op die oorsprong van ons reg om die ander se regte te beskerm, dui.[634]

Rosmini glo dat lyfstraf onaanvaarbaar is as straf vir inbreukmaking op die regte van andere.[635] Die rede hiervoor is geleë in die feit dat Rosmini lyfstraf as 'n aantasting van die mens se menswaardigheid beskou. Die individu se reg op menswaardigheid verbied die toepassing van lyfstraf en alle ander vorme van vernederende straf. Rosmini verklaar dat God die doodstraf selfs in die geval van moord verbied. God verklaar soos volg: "... if

---

630 Rosmini 1993 (b): 461.
631 Rosmini 1993 (b): 464.
632 Rosmini 1993 (b): 464.
633 Rosmini 1993 (b): 464.
634 Rosmini 1993 (b): 464. "… By love of our fellows, when the offensive action is turned against our fellows. This is the origin of our right to come to the defence of other, and constrain the offender to render just satisfaction."
635 Rosmini 1993 (b): 465.

**anyone slays Cain, vengeance shall be taken on him sevenfold."[636] Rosmini argumenteer dat wraak God alleen toekom: "... vengeance is mine..."[637]**

**Rosmini meen die reg op beskerming van regte sluit die juridiese mag tot selfbeskerming teen benadeling in en tot die bevrediging of genoegdoening vir skade of benadeling: "... the right to defence and satisfaction includes the jural power to self-defence against such injuries and to satisfaction for harm undergone."[638] Hy glo dat suiwer materiële skade wat gely word nie die aantasting van regte behels nie, byvoorbeeld in die geval van rampe waarvoor niemand geblameer kan word nie. Die wetgewers skryf nie enige kompensasie vir benadeling weens natuurrampe voor nie. Bykomend hiertoe geld die stelreël: "...** ***si res perit, domino perit" (*****die skade rus waar dit val).[639] Dié oortredinge verskil van formele oortredinge waar die mens die oorsaak van benadeling van iemand anders is en uit hoofde waarvan kompensasie vir skade gely deur die benadeelde persoon, geëis kan word.[640]**

**Rosmini meen dat dit nie billik is om 'n onskuldige persoon te benadeel ter wille van die beskerming van die mens se eie regte nie. Indien my lewe byvoorbeeld in gevaar verkeer en daar geen ander manier is om dit te red as om 'n ander persoon te dood nie, sou die dood van so 'n persoon steeds onregmatig wees. Rosmini stel dit soos volg: "... If my life is in danger, however, and there is no other way of saving it than through the death of an innocent person, can I save it? The answer in general is 'No.' The principle we have expounded, which forbids causing harm to an innocent person as a substitute for**

636 Rosmini 1993 (b): 465.
637 Rosmini 1993 (b): 467.
638 Rosmini 1993 (b): 467.
639 Rosmini 1993 (b): 470.
640 Rosmini 1993 (b): 470.

ourselves, is absolute and, when properly understood, allows no exceptions..."[641] Hy meen die liefdesbeginsel wat benadeling van 'n onskuldige persoon verbied, geld absoluut en laat geen uitsonderings toe nie.[642]

### 6.6.1 Beperking op die reg op beskerming

Rosmini meen die reg op beskerming kan slegs aangewend word indien die oortreder se optrede reeds 'n aanvang geneem het. Die blote gedagte van 'n oortreding, tesame met enige kwaadwillige gevoel aan die kant van 'n potensiële oortreder, kan nie aanleiding gee tot die uitoefening van 'n reg op beskerming nie. Rosmini verklaar: "... it is certain that there is no possibility of self-defence against John or reason to inflict punishment upon him if we are completely ignorant of his intention to murder William."[643]

In die geval egter waar 'n oortreder/aanvaller moordgedagtes koester, of waar dit met sekerheid vasgestel kan word, of in die geval waar daar 'n hoë graad van waarskynlikheid bestaan waarin die aanvaller die tyd, die plek en ander omstandighede vir die voltrekking of uitoefening van die misdaad manifesteer, sal 'n reg bestaan vir die beskerming van jouself teen andere. Indien daar geen ander manier vir beskerming van ons regte bestaan nie, meen Rosmini die straf wat hiervoor deur die burgerlike *societas* deur middel van die owerheid opgelê word, deur polisiëring moet geskied. Gevolglik neem strafbepaling die

---

641 Rosmini 1993 (b): 472-3.
642 Rosmini 1993 (b): 472-3.
643 Rosmini 1993 (b): 481.

**eienskap van dwang aan, waarby die burgerlike *societas* sy lede teen benadeling deur ander beskerm.[644]**

**Rosmini meen die reg op beskerming van regte mag nie verder strek as wat nodig is om ons regte te beskerm nie. Volgens hom moet ons ons regte self beskerm deur die minimum moontlike benadeling van die oortreder, anders sal die reg op beskerming *ad infinitum* uitgebrei word. Die reg tot beskerming behels slegs dit wat wat nodig is om die dreigende benadeling te verhoed. Dit sluit nie die neem van wraak in nie.[645]**

**Volgens Rosmini is eiendomsreg nie onderhewig aan die beperking op die reg op beskerming nie. Hy verklaar dat eiendomsreg: "... shows that during the act of aggression against even the smallest of our rights we could repel the aggressor by inflicting the greatest possible harm upon him, and even death, if that were inevitably necessary for effective defence."[646] Hiervolgens kan 'n aanval of aggressie teen 'n persoon se lewe afgeweer word, deur die aanvaller selfs te dood. Volgens Rosmini kan ons ons selfs teen onregmatige aanvalle beskerm (waar ander wyses vir beskerming ontbreek) deur skade aan die aanvaller te berokken, gelykstaande aan die waarde van die reg wat bedreig word.[647] Hy meen dié afweershandeling sal nie in stryd met die reëls van die natuurreg wees nie.**
**Ingevolge die natuurreg sou dit ongeoorloof wees om 'n persoon wat vrugte in 'n tuin steel te dood. Die natuurreg verbied ons om minderwaardige regte met té swaar strawwe te**

---

644 Rosmini 1993 (b): 482.
645 Rosmini 1993 (b): 486.
646 Rosmini 1993 (b): 488.
647 Rosmini 1993 (b): 488.

**handhaaf.[648] Die uitoefening van die reg op beskerming wat nadeel aan ander berokken, is beperk vir sover die natuurreg geld: "... which forbids our inflicting supreme harm on another in order to avoid insignificant harm, or no harm at all, to ourselves."[649]**

## 6.7 Die reg op bevrediging van behoeftes

**Die reg op bevrediging van behoeftes veronderstel dat daar eers 'n aantasting van regte plaasgevind het: "... satisfaction presupposes harm."[650] Elke immorele handeling impliseer 'n skuld wat aan die benadeelde persoon gedelg moet word. Die skuld wat so akkumuleer, veronderstel dat ons 'n plig het om die skuldeiser se reg op bevrediging van behoeftes te eerbiedig.[651]**

**Rosmini meen die reg op bevrediging van behoeftes bestaan in die geval van die veroorsaking van onregmatige benadeling en skuld aan die benadeelde persoon. Alhoewel ander handelinge benadeling veroorsaak, is dit nie noodwendig immoreel of skandelik nie, byvoorbeeld die gebruik van onskadelike vryheid wat die sfeer van ander se vryheid beperk.[652]**

**Rosmini meen benadeling bestaan in die geval van aantasting van die regte van andere. Rosmini meen waar 'n persoon instem dat 'n ander mens hom moet beseer, sal die**

---

648 Rosmini 1993 (b): 488.
649 Rosmini 1993 (b): 490.
650 Rosmini 1993 (b): 518.
651 Rosmini 1993 (b): 518.
652 Rosmini 1993 (b): 519.

benadeling of skade so opgeloop nie as skandelik geklassifiseer kan word nie, weens die stelreël: "... no harm is done to the person who knowingly consents."[653]

### 6.7.1 Die reg op vergelding

Rosmini is van mening dat wanneer 'n misdryf gepleeg word, die nakoming van geregtigheid vereis dat die skuldige persoon proporsioneel tot sy skuld gestraf behoort te word: "As soon as human beings see justice offended they know, almost by intuition, that the order of justice requires the guilty to be punished in proportion to their guilt."[654] Die reg tot bevrediging is objektief en bestaan in die behoefte tot die hervestiging van die regte van die mens deur oortreding met straf (vergelding) te balanseer. Indien 'n persoon tot benadeling instem, sal dit: "... (not) be classed among injurious harm because 'no harm is done to the person who knowingly consents."[655]

### 6.7.2 Verskillende wyses van bevrediging van behoeftes

Rosmini se standpunt is dat nie alle benadeling op dieselfde wyses bevredig kan word nie. Hy meen as die benadeling weens diefstal van ander se eiendom bestaan, en daardie eiendom nie beskadig of vernietig is nie, sal die skade of benadeling herstel word deur die blote teruggawe van die identiese saak aan die eienaar. Dit, meen Rosmini, is die eerste vorm van bevrediging van die reg op behoeftes, naamlik die teruggawe van die saak.[656]

653 Rosmini 1993 (b): 519.
654 Rosmini 1993 (b): 521.
655 Rosmini 1993 (b): 518-9.
656 Rosmini 1993 (b): 534.

**Rosmini meen in die geval waarvan 'n winsgewende saak byvoorbeeld 'n koei gesteel word, moet die waarde van die kalfies en die bemestingswaarde van die koei vir die tyd wat die eienaar daarvan ontneem is, tesame met die waarde van die koei aan die benadeelde persoon betaal word.[657] Rosmini meen die enigste betaling wat uitgesluit word, die waarde vir die instandhouding van die koei is, wat deur die dief gedurende die tydperk van gedwonge aanhouding gedra is: "... the only payment excluded would be for the maintenance of the animal sustained by the thief during the time of its forced detention."[658] Die teruggawe van die saak (koei), tesame met kompensasie van die opbrengs daarvan, is die tweede vorm van die reg op bevrediging van behoeftes.[659]**

**In die geval waar die eienaar van 'n saak benadeel is as gevolg van die verlies van sy gebruik van sy eiendom of saak (koei), moet die nie-gebruik van die eienaar se saak geëvalueer en herstel word. Rosmini verduidelik laasgenoemde regsfiguur in die volgende konteks. Veronderstel dat die koei aan 'n arm boer behoort, wat oor geen fondse beskik om 'n ander koei te bekom nie. Hy sal nie in staat wees om sy landerye te bemes nie, en sal gevolglik aansienlike verlies aan opbrengste ly (van sy landbou-produkte), tesame met die onvermydelike ontbering (gebrek) waaronder sy gesin gebuk gaan. Rosmini meen dié ernstige skade of benadeling van die benadeelde persoon (die boer) moet dus deur die dief vergoed word.[660]**

---

657 Rosmini 1993 (b): 534. "… But if something profitable was stolen, a cow, for example, then clearly the value of the calves which the cow would have borne, of the milk given and the manure during the time the owner was deprived of the beast, must be paid to him in addition to the value of the cow…"

658 Rosmini 1993 (b): 534.

659 Rosmini 1993 (b): 534.

660 Rosmini 1993 (b): 535.

**Hy glo waar die saak vernietig is en nie in sy oorspronklike toestand teruggegee kan word nie, maar sy waarde nog steeds bepaal kan word, moet die benadeelde persoon vergoed word.  Sodanige kompensasie moet gelyk wees aan die waarde van die saak vóór dit gesteel was.**[661]

[661] Rosmini 1993 (b): 535.

## 7. Sosiale regte

### 7.1 Die begrip "samelewing"

Rosmini definieer "samelewing" soos volg: "Civil society is the union of a certain number of fathers who agree that the modality of the rights which are administered by them should be regulated perpetually by a single mind and a single (social) force in order to better safeguard these rights and ensure their most satisfactory use."[662]

Hy onderskei tussen twee kategorieë burgers in die samelewing: die wat aktief aan die administrasie van die regering deelneem en dié wat slegs passief betrokke is.[663]

### 7.2 Kategorieë van samelewings

Volgens Rosmini bestaan daar drie kategorieë samelewings, naamlik die kerklike *societas*, die huislike *societas* en die burgerlike *societas*.[664] Rosmini onderneem om die drie beginsels, naamlik die essensie van die reg, individuele regte en sosiale regte op dié drie samelewingsfere toe te pas om sodoende 'n afgeronde Christelike samelewing daar te stel.[665]

---

662 Rosmini 1996: 25.

663 Rosmini 1996: 25. "Absolute citizens constitute active, governing, civil society as long as no special form of government has been instituted; relative citizens pertain only to passive, governed society."

664 Rosmini 1996: 10-11.
Rosmini 1992: 40-2.

665 Rosmini 1995 (b): vii. "The Philosophy of Right has dealt with the essence of right, individual rights and the principles underlying social right… Rosmini undertakes to apply these principles to the three categories necessary for 'the perfect organization of mankind,' theocratic, domestic and civil society, all of which are common to the human race."

### 7.2.1 Die kerklike *societas*

Volgens Rosmini is die kerklike *societas* die primêre samelewing en vorm die basis van alle ander samelewings: "... divine society... this society is the basis of all others, and connected with them as the soul is to the body..."[666] Hy beweer dat die huislike *societas* en die burgerlike *societas* van die kerklike *societas* afhanklik is: "Domestic and civil society exist in strict dependency upon religious society."[667]

Deur die vestiging van die goddelike liefde in die wêreld word die beginsel van vryheid in die mens beklemtoon. Die Christen verkry sodoende 'n begrip van die aard van sy individualiteit: "... such a principle of freedom is the Christian's sense of his own individuality, which goes hand in hand with the development of his new power of liberty."[668] Op grond van die invloed van die Christendom het menslike gedraging drasties verbeter en is die mensdom in elke aard van deug onderrig.

---

Rosmini 1996: 16.

666 Rosmini 1995 (b): 9.
667 Rosmini 1995 (b): 11.
668 Rosmini 1995 (b): 10.

**Rosmini meen dat die Christendom drie elemente in die mens herstel en bevorder, naamlik handelinge, begrip en moraliteit.[669] Dié elemente vorm die onderwerp van regte, omdat die mens in die samelewing met regte en pligte beklee is. Op grond hiervan is dit duidelik dat die (Christelike) kerklike *societas* alle ander samelewingskringe, veral die huislike *societas* en die burgerlike *societas*, insluit.[670] Die Christendom poog om sodoende die mens met menseregte te bemeester. Dit vereis dat die mens ander se regte moet respekteer.[671] Dit kan hy doen, indien hy homself op geestelike vlak met sy medemens en met God verenig.[672]**

### 7.2.2 Die huislike *societas*

**Dié samelewingsvorm is natuurlik tot die mens en is verantwoordelik vir die mens se welsyn: "Rosmini continues to apply these principles to the domestic and civil society, the other two societies necessary for 'the perfect organisation of mankind.' The first of these societies is natural to the human race and essential to its well-being..."[673] Rosmini meen die vereniging van die man en vrou in die huwelik vorm die essensie van die huislike *societas*. Hy verklaar: "Husband and wife are two human beings who unite in the fullest**

---

669 Rosmini 1995 (b): 10. "This divine religion has restored and increased in human beings the three constitutive elements, activity, understanding and morality, which form the subject of rights."

670 Rosmini 1995 (b): 10. "Because all human societies are simply a complex or bonding of rights and duties, it is clear that the institution of Christian society must have influenced all other societies, especially domestic and civil societies, by revealing new rights within them."

671 Rosmini 1995 (b): 11. "Christianity compelled human beings to respect rights in the best and efficacious way by making people want to respect them…Christianity bettered the human will, and from that moment rights were respected."

672 Rosmini 1996: 12.

673 Rosmini 1995 (c): vii.

way possible as man and woman, according to right reason. This is the true concept of marriage."[674]

Die huwelik tussen die man en vrou berus op 'n wedersydse belofte, wat die basis van hulle regte en pligte teenoor mekaar en in die burgerlike *societas* vorm.[675] Dié onderneming moet van 'n permanente aard wees. Sodanige permanensie vind uitlopers in eenheid en getrouheid, wat onlosmaaklik deel van die huweliksbelofte vorm. Dit kan nie weggedink word sonder aantasting van die regte van die ander gade nie: "Permanence, for example, a self-explanatory element of the fulness of union between man and woman, cannot be gainsay at will; unicity and fidelity, also self-evident characteristics dependent upon the nature of this total union, equally form part of the marriage promise and cannot be forsaken without damage to rights in one's spouse and neglect to one's own duty."[676]

Sodanige permanensie, eenheid en getrouheid, gelyke regte en verpligtinge lê die grondslag van albei se huweliksverbintenis. Rosmini verklaar voorts dat ongelykheid tussen man en vrou met betrekking tot psigiese, liggaamlike en gedragaspekte bestaan. Hy meen dit is juis dié verskille wat die eenheid tussen man en vrou vervolmaak, eerder as verhinder.[677]

---

674 Rosmin 1995 (c): vii.
Rosmini 1992: 41.

675 Rosmini 1995 (c): vii.

676 Rosmini 1995 (c): vii-viii.

677 Rosmini 1995 (c): viii. "Right and duty in marriage will be based on these differences also, and give rise to the kind of disparity which perfects rather than hinders the fullness of union possible to the couple. It is at this point that Rosmini, having already set his face firmly against the moral possibility of divorce, draws further conclusions about married life wholly contrary to attitudes which, nascent in his own day, have gradually become prevalent in Western, post-Christian understanding of marriage.".

**Rosmini meen dié eenheid van die man en vrou lê die huislike *societas* en burgerlike *societas* ten grondslag. Uit die huweliksgemeenskap waar kinders voortgebring word, word vervolgens die ouerlike gemeenskap of burgerlike *societas* gevorm: "... conjugal society, which originates with the conception of children."[678] In die ouerlike gemeenskap versorg die ouers hul kinders. Rosmini verklaar dat in dié ouerlike gemeenskap daar onvervreembare regte en verpligtinge ten opsigte van al die lede van dié samelewingskring bestaan.[679] Hulle regte moet as einddoel beskou word en dienooreenkomstig gerespekteer word.**

**Rosmini argumenteer vervolgens dat die regte van die ouers van die regte van hul kinders verskil. Die regte van die kinders sal mettertyd verander soos wat hulle opgroei en as meer verantwoordelike lede van die samelewing ageer: "As persons, all the members of the family must be considered as ends and respected absolutely; as parents and children, their rights will differ and indeed change as children grow and become more responsible for themselves."[680] Hiervolgens strek die regte van die ouer(s) tot die aard (of natuur) van hulle kinders, maar nie tot hul persoon nie, omdat laasgenoemde reg (persoonlike reg van die kind) onvervreembaar is. Mettertyd, soos die kind ontwikkel en later beheer oor sy natuurlike vermoëns vorm, sal die ouerlike uitoefening van reg oor die kind afneem, en sal dit uiteindelik ophou.[681]**

### 7.2.3 Die burgerlike *societas*

---

678 Rosmini 1995 ( c):s

679 Rosmini 1995 (c): viii. "Parental society, in which father, mother and children all have a part to play, give rise to inalienable rights and duties on the part of spouses and their offspring."

680 Rosmini 1995 (c): viii.

681 Rosmini 1992: 41-2.
Sien Rosmini 1996: vii-viii.

**Rosmini beskou die burgerlike *societas* as: "...the perfect organisation of mankind."[682] Dié samelewingskring dien as die gevolg van die geleidelike ontwikkelling van die regte en pligte van die mens. Die einddoel van die burgerlike *societas* is om toe te sien dat die uitoefening van die mens se regte tot sy welsyn en vooruitgang van dié menslike samelewing lei: "Rosmini's aim is to show how civil society, in all its principal manifestations, is related to right, and dependent on the appropriate exercise of rights for its well-being and progress. To achieve his purpose, he deals first with the man-made nature of civil society."[683]**

**Op grond hiervan verwerp Rosmini die teorie van die burgerlike *societas* as 'n totalitêre entiteit, sowel as die idee dat regte uitgeoefen kan word, sonder inagneming van die welsyn van die burgers.[684] Die burgerlike *societas* moet toesien dat die uitoefening van die regte van die individu gehandhaaf word: "... the exercise of rights may be regulated, given certain conditions, by civil society which exists for that very purpose."[685] Dit beteken dat die burgerlike *societas* nie die burgers se regte mag aantas nie en dat dit ook moet toesien dat die kerklike en huislike *societas* se belange nie aangetas word nie.[686] Volgens Rosmini moet die individu, sowel as die kerklike en huislike *societas* se onskendbare regte deur die burgerlike *societas* gehandhaaf word.[687] Volgens hom is die burgerlike *societas* relatief tot die ander twee gemeenskappe (of samelewingskringe). Die burgerlike *societas* tree as 'n**

---

682 Rosmini 1996: vi

683 Rosmini 1996: vi.

684 Rosmini 1996: vi.

685 Rosmini 1996; vi.

686 Rosmini 1996: vi. "Rights, whether vested in an individual, in the true Church or in the family, are inviolable…"

687 Rosmini 1996: vi.

**middel tot 'n doel op. Die burgerlike *societas* is, volgens Rosmini, nie 'n doel op sigself nie.[688]**

**Rosmini kom tot die gevolgtrekking dat die burgerlike *societas* ten spyte van sy besondere status *vis-ā-vis* ander samelewingsvorme nie oor die reg beskik om die natuurlike regte van sy burgers aan te tas nie. Dit is juis die plig van die burgerlike *societas* om die burgery se natuurlike regte te beskerm. Die burgerlike *societas* moet die algemene belang (belange van almal) en die openbare belang (die belange van die sosiale liggame) en privaatbelange bevorder.[689] Dit is die doelwit of einddoel van die burgerlike *societas*.**

## 7.3 Die oorsprong van samelewings

**Volgens Rosmini dui die ontstaan van die burgerlike *societas* op die bestaan van alle ander samelewingsvorme.[690] Rosmini verklaar: "... civil society has been instituted to further the two preceding societies, theocratic and domestic, divine society and natural society..."[691]**

---

688 Aquinas het, anders as Rosmini, 'n goed uitgewerkte sisteem bewerkstellig, waarin hy die staat oor die boeg van die vorm- en materieprinsipe fundeer. Volgens hierdie opvatting is die staat in die redelike natuur van die mens gegrond en beskou hy die staat as totaal-gemeenskap op die gebied van die natuur. Die Thomistiese grondmotief van natuur en genade eis egter bo die natuurlike onderbou van die menslike samelewing, 'n oorkoepeling van bonatuurlike aard. Aquinas bepaal (wat Rosmini nie gedoen het nie, maar wel gespekuleer het) dat die mens nie net 'n natuurlike lewensdoel, naamlik die vervolmaking van sy redelike natuur en die bevordering van die algemene welsyn het nie, maar daarby ook nog 'n bonatuurlike einddoel, waardeur sy redelike natuur tot die sfeer van die genade verhef word. Rosmini het egter nie pertinent melding gemaak van die bonatuurlike einddoel nie. Hier en daar is daar wel verwysings daarna, maar dan gebruik hy Aquinas se aanhalings.

689 Rosmini 1992: 42-44.
Rosmini 1996: 34, 37.

690 Rosmini 1996: vii. Rosmini beweer die modaliteit van die reg dui op die uitoefening van regte deur die burgerlike samelewing. Die uitoefening van die regte van die huislike en kerklike *societas* moet deur die burgerlike *societas* gereguleer word. Die burgerlike *societas* moet egter nie die individu of kollektiwiteit probeer verander nie.

691 Rosmini 1996: 17.

**Rosmini meen die interne samestelling van die verskillende samelewingskringe, bepaal die oorsprong van 'n spesifieke samelewingskring. Hy klassifiseer die oorsprong van 'n samelewingskring onder die volgende drie hoofde: Die wil van die lede van 'n samelewingskring moet eerstens uitdruklik, of stilswyend daarop dui dat die goeie nagestreef moet word en dat die kwaad in die betrokke samelewingskring vermy behoort te word.[692] Tweedens, moet die goeie op so 'n wyse gehandhaaf word, dat die mens gemeenskaplike belange daarin het,[693] en derdens, kan die oorsprong van samelewingskringe uit die morele verpligting wat uit die natuurreg (rasionele reg), of die positiewe reg ontspring, afgelei word.[694] Deur middel van die morele verpligtinge wat deur die natuurreg voorgeskryf word, word die mens se gedrag juridies (deur die positiewe reg) ingeklee, sodat hy met ander mense in gemeenskap kan lewe.[695]**

**Rosmini meen die enigste doel van die mens met betrekking tot die oorsprong van die samelewing was gerig op beskerming: "... probably the sole purpose for uniting at the beginning was defence..."[696] Rosmini verklaar in die volgende aanhaling waarom Hobbes met die oog op sodanige beskerming die mensdom saamgesnoer is: "... However, when tyrants of this kind wished to found kingdoms for themselves, they did not always have to deal with the ignorant, the weak and the deprived, people with whom they could do as they**

---

692 Rosmini 1995 (a): 48. "Here, as we said, we deal only with their more general origins which, it seems to me, can be reduced to the following three: 1. The wills of the members, who of themselves freely move to associate in order to procure a good or avoid an evil (tacit or expressed convention)…"

693 Rosmini 1995 (a): 48. "A good available to a few in a shared way, so that if they want to possess the good, they must first acknowledge communion in it. This is the case of co-heirs, or hunters who simultaneously kill an animal which cannot be shared between them unless they first acknowledge it as common property."

694 Rosmini 1995 (a): 48. "Finally a moral obligation arising from rational law or a positive law. The will of a master must be included in this last origin; his will gathers his servants into a society in the jural way we have shown."

695 Rosmini 1995 (a): 48-9.

696 Rosmini 1996: 99.

**liked. Sometimes those they wished to subject rose in their own defence. Thus united, they appointed a head, the strongest and bravest among them, through whom they hoped to escape the threatened slavery or feared tyranny..."[697]**

**Volgens Hobbes leef die mens in sy natuurlike staat egter in vyandskap met sy medemens, 'n *bellum omnium contra omnes* (in voortdurende vyandskap met mekaar). In 'n natuurstaat strewe elkeen na sy selfbehoud en na die verkryging van die middele daartoe. Wanneer twee persone dieselfde ding nastreef, onstaan daar bygevolg konflik en geweld, wat voortspruit uit natuurlike neigings soos hebsug, verwaandheid, ensovoorts.[698] Rosmini verklaar met verwysing na Hobbes dat: "... the first cities... in history were built by violent men, like Cain and Nimrod. Consequently, Bodin, Bőhmer and others ascribed the origin of States to force and to the desire to dominate. Certainly, some kingdoms arose from these passions and their accompanying violence."[699]**

**Rosmini meen dat geregtigheid en billikheid slegs in 'n burgerlike *societas* wat oor wette beskik, gevind word. Hy meen die mense kom bymekaar en kies een of meer persone aan wie hulle hul mag wil oordra.[700] Dié sosiale ooreenkoms dui op 'n *pactum unionis*, 'n oorspronklike ooreenkoms om 'n politieke gemeenskap te vorm. Met die toename in getalle van die mense, bestaan daar 'n behoefte aan 'n gemeenskaplike administrasie vir die**

---

697 Rosmini 1996: 99.

698 Rosmini 1996: 99.
Sien Hobbes*: Leviathan*: chapter xi, In Rosmini 1996: 99..

699 Rosmini 1996: 99.

700 Rosmini 1996: 105. "Moreover they can all choose one or more persons on whom they confer government. This is nothing contradictory in this origin of civil society."

**regulering van die mense se regte en verpligtinge.[701] Die mense kom dus uiteindelik bymekaar en vorm eenparig 'n regering: "... the result of this agreement and mutual understanding, that is, the establishment of a government."[702] Dit staan bekend as *pactum subiectionis*, waardeur die meerderheid hulle mag aan 'n burgerlike regering oordra, sodat hulle regte en verpligtinge en ook ander regte deur die regering beskerm moet word.**

**Rosmini meen dat voor die bestaan van die burgerlike *societas* die mense geen politieke regte geniet het nie; hulle het nie 'n liggaam of eenheid gevorm nie. Die mense is nie as mense beskou nie, omdat hulle nie 'n regering gehad het nie.[703] In dié natuurstaat het die mense geen regte en verpligtinge gehad nie, maar slegs juridiese vryheid wat aan almal beskikbaar was.[704]**

**In die natuurstaat bestaan daar, volgens Rosmini, geen onderskeid tussen reg en verkeerd nie. Op grond hiervan het die mens die natuurstaat verlaat en sluit hy sodoende deur middel van 'n ooreenkoms tussen hom en die burgerlike *societas* 'n sosiale kontrak.[705] Hy verklaar: "The nature of the contract by which someone is given direction over a people assigns to him either complete civil power or only some share of the attributions and duties of civil power."[706] Die wil van die regering dien nou as bron van die reg. Die burgers moet**

---

701 Rosmini 1996: 105. "After some increase in numbers, they experience the advantage to be had from agreement and the establishment of a common administration regulating the modality of their rights."

702 Rosmini 1996: 106.

703 Rosmini 1996: 106. Hence, prior to the existence of civil society, a people as such has no political rights; they do not form a body, exist as a collective person, have unity…"

704 Rosmini 1996: 106. "In the state of nature, therefore, no political right pertains to the body of family heads; such a body does not exist… They have no right in, but only to, civil power; their right is simply that of the jural freedom pertaining to every human being, as we have seen."

705 Rosmini 1996: 106.

706 Rosmini 1996: 108.

uit hoofde van die *pacta sunt servanda*-stelreël die wette van die burgerlike regering eerbiedig: "Family heads, gathered together to establish a goverment, can choose a king or some outstanding individuals to govern them. The choice simply means they are inviting these worthy people to assume the burden of governing them and, because the family heads consider government better occupied by others, are renouncing their own freedom to occupy government."[707] Die toepassing van die stelreël is van dwang afhanklik en is derhalwe slegs in die staat geldig en word ook gebruik om die staat juridies te fundeer. Die *pacta sunt servanda* –reël, dui op die kontraktuele verhouding tussen die regering van die burgerlike *societas* en die burgers. Die mense gee hierdeur toestemming dat hul regte afgedwing moet word. ’n Moordenaar moet byvoorbeeld in hegtenis geneem word, nadat hy suksesvol gevonnis is. Die mandaat aan die burgerlike regering bevat ’n mate van dwang, maar dit is noodsaaklik vir die suksesvolle handhawing van regte en verpligtinge in die burgerlike *societas*. Die funksie van die regering is derhalwe die beskerming van die individu.[708] Dié funksie vorm, volgens Rosmini, die basis van die Christelike burgerlike *societas*.

Rosmini verduidelik dat deur die reg om te regeer die owerheid die regte en verpligtinge van die burgers handhaaf. Die handhawing van die regte en verpligtinge van die burgers moet tot die voordeel van die burgers, sowel as tot die burgerlike *societas* strek. Rosmini verklaar: "... civil society and its government are a benefit for citizens."[709] Hy glo dat die einddoel van wette die algemene welsyn van die burgers en van die burgerlike *societas*

707 Rosmini 1996: 107.
708 Rosmini 1996: 34, 86.
709 Rosmini 1996: 87.

veronderstel. Sodanige benadering word ook deur Aquinas gehandhaaf.[710] Dit is duidelik dat Rosmini deur die formulering van regte en verpligtinge in die konteks van die modaliteit van die reg, Locke se teorie omtrent absolute, onvervreembare, subjektiewe regte verwerp. Absolute regte kan 'n individu slegs buite 'n regsgemeenskap plaas, waar mag aan reg gelyk gestel word. Rosmini meen waar 'n owerheid absolute regte handhaaf, daar dus 'n misbruik van regte sal bestaan: "Government which fails to adhere to these conditions abuses its power. The evil, however, comes not from the nature of government but from its poor administration, from human wickedness."[711] Rosmini meen binne 'n regsgemeenskap kan fundamentele regte slegs relatief wees.

Op grond hiervan is Rosmini van mening dat regerings 'n fout begaan wanneer hulle meen dat hulle oor onbeperkte mag beskik. Dit is veral die geval by 'n meerderheidsregering. In 'n meerderheidsregering word daar volgens die stelreël "*veteres migrate coloni*" (die verskuiwing van mense volgens 'n antieke wetsverordening) veral inbreuk gemaak op die regte van die individu.[712] Dié stelreël impliseer dat regerings hul mag misbruik deur grond van een groep mense (die minderheid en politiek ongunstige groep) te ontneem en dit vir 'n ander groep mense (die meerderheid, in dié geval politieke ondersteuners) te gee. Rosmini verwys hierna as die: "... tyranny of the majority over the minority."[713] Hy impliseer dat die

---

710 Sien D'Entréves 1965: 132.
Sien *Summa Theologiae* 1-2, q. (96), a. (1). "… *nullo private commodo, sed pro communi utilitate civium lex debet esse conscripta*." (Wette moet nie vir private belang gepromulgeer word nie, maar eerder vir die algemene welsyn van die burgers.)

711 Rosmini 1996: 88.

712 Rosmini 1996: 97. "… civil governments of antiquity though they had an unlimited power, at least relative to everything concerning the general good, which they understood as the good of the majority…"
Romeinse keisers het om sodoende die leër tevrede te stel, grond van die kleinboere geneem. Die grond is vir 'n magdom veterane beskikbaar gestel wat na jare lange diens in die leër nóu sonder werk sit. Sodoende was die moontlikheid vir 'n rebellie afgeweer.

713 Rosmini 1996: 34, 97.

**regte van die minderheid onder die *veteres migrate*-stelreël ten koste van die meerderheid geskend sal word.**[714]

**Deur middel van die *pactum subiectionis* kan die regte van die meerderheid aan die regering (of burgerlike *societas*) oorgedra word: "... where the multitude governed, particularly through the manipulations of the ambitions and party struggles."[715] Rosmini meen dat nie alle regte van die individu so oorgedra kan word nie, omdat die basiese regte van die individu, soos die reg op lewe, die reg op vryheid en die reg op eiendom onvervreembaar is, en nie aan iemand anders oorgedra kan word nie.**

**Rosmini verwerp die republikeinse model, waar die minderheid se regte ten gunste van die meerderheid ingekort word.**[716] **Hy meen die beste model vir die handhawing van regte en verpligtinge in die burgerlike *societas* is 'n monargie onderworpe aan die reg, waarin daar nie 'n meerderheid of minderheid bestaan nie.**[717] **Rosmini verklaar in ooreenstemming met Aquinas: "It is a saying worthy of the majesty of a ruler, if the prince professes himself bound by the laws, the most important thing in government is that power should be subject to laws."**[718] **Hy meen die monargale model behoort tot die Christelike politieke tradisie.**[719]

---

714 Rosmini 1996: 97.

715 Rosmini 1996: 100.

716 Rosmini 1996: 100.

717 Rosmini 1996: 100. "This explains why neither government by a single person nor by all endures for long among the most alert peoples of the pagan world…"

718 *Summa Theologiae* 1-2, q. (96), a. (5) ad 3um. "… *digna vox est maiestate regnantis, legibus alligatum se principem profiteri: adeo de autoritate iuris nostra pendent autoritas. Et re vera maius imperio est subiicere legibus principum."* (Die waardigheid van 'n regeerder hang daarvan af dat hy homself gebonde aan die wet ag, omdat sy gesag van daardie wet afhanklik is. Met betrekking tot regering moet mag aan die reg of wet onderworpe gestel word.)

719 Sien D'Entréves 1965: xxvii. Aquinas meen, net soos Rosmini, dat die monargie die beste vorm van regering is, omdat dit raakpunte met 'n goddelike regering toon.

Rosmini glo dat daar spore van despotisme in die republikeinse model opgesluit is. Hy beklemtoon by monde van Ruault dat in ‘n republiek: “... everything, both body and goods, belong to the State.”[720] Op grond hiervan word die burgers tot knegskap gedegradeer. Hy verklaar: “... we will see that republican laws have always entered more boldly where they do not belong, and more resolutely controlled every kind of ownership among the citizens. Sumptuary laws, which limit the exercise of particular rights, are proper to republics; goods, life, morality and the very religion of the citizens are seen as things belonging to the republic...”[721]

### 7.4 Die belangrike aspekte van universele sosiale regte

In sy evaluering van die drie belangrikste aspekte van sosiale regte, verklaar Rosmini dat daar gelet moet word op daardie wette wat die samelewingskringe beheer en wat gemeenskaplik aan dié betrokke samelewingskringe is. Hy glo dat sosiale regte inherent aan alle burgerlike *societas* is.[722] Tog stel hy dit dat die regte en verpligtinge tussen die burgerlike owerheid en sy burgers ’n komplekse juridiese verhouding vorm: “... all these rights and duties determine the complex jural relationship between the government of the society and the society itself.”[723]

Rosmini verduidelik dat die opeenhoping en verspreiding van regte as onderdeel van universele sosiale regte beskou kan word. Hy glo dat die regte en verpligtinge van die

---

720 Rosmini 1996: 102.
721 Rosmini 1996: 102.
722 Rosmini 1995 (a): 51. “Finally, the rights and jural duties mutually present in the members serve as matter for the last part of social Right. This could be called social Right in the strict sense, but I think it is better called communal Right, because it deals with the right common to all members.”
723 Rosmini 1995 (a): 50-1.

**burgers as universele sosiale regte in die eng sin van die woord as kommunale regte geklassifiseer kan word. Dit handel met regte wat gemeenskaplik aan alle mense is.[724]**

**Sosiale regte bevat drie onderafdelings, naamlik heerskappy, regerings- of politieke regte en kommunale regte.[725] Volgens Rosmini moet dié drie afdelings van regte gelyke status binne die sfeer of dimensie van universele sosiale regte geniet en maak sodanige regte deel van die burgerlike *societas* uit. Daar moet 'n hegte verhouding tussen dié drie afdelings van regte wees en die mense oor wie dit regeer. 'n Samelewing wat sonder die genoemde kategorieë van regte fungeer, kan nie die draers van universele sosiale regte wees nie: "... the three parts of social Right are: seigniorial Right, governmental or political Right and communal Right. These three parts must be found equally in universal-social Right and in the Right of any particular society whatsoever. However, if a particular society were entirely free, seigniorial Right would cease for it."[726] 'n Burgerlike *societas* sonder wette impliseer 'n samelewing sonder geregtigheid. Waar daar geen billike of regverdige wette is nie, sal daar geen ware samelewing wees nie.[727] Hy meen dit is die burgerlike *societas* se primêre plig om die burgers te beskerm en verklaar: "... the civil state is instituted to protect and**

---

724 Rosmini 1995 (a): 51.
725 Rosmini 1995 (a): 51
726 Rosmini 1995 (a): 51.
727 Rosmini 1996: 48-51.
Die bekendste verklaring van hierdie oortuiging kom in *De Civitate Dei* IV. 4 voor: "*Remota itaque iustitia quid sunt regna nisi magna latrocinia. Quia et latrocinia quid sunt nisi parva regna*." (Sonder regverdigheid, wat is koninkryke anders as groot rowerye? En wat is rowerye anders as klein koninkrykies?) Augustinus keur die antwoord van die seerower wat deur Alexander gevang is, goed. Toe hy gevra is waarom hy die see durf teister, het hy geantwoord: "En hoe durf jy die ganse wêreld molesteer? Omdat ek dit net met 'n klein skippie doen, word ek 'n rower genoem. Maar jy wat dit met 'n groot vloot doen, is 'n keiser." Die passasie word gebruik as illustrasie van die konsep van geregtigheid.

improve all the rights of its members. It acts against its natural function, the function for which it exists, if it harms rather than helps a single one of its members..."[728]

Volgens Rosmini dien die stelreël *omnis potestas a Deo* (alle gesag van God afkomstig), as basis van die universele sosiale regte. Hiervolgens het God aan die mens die opdrag gegee om van die materiële dinge gebruik te maak en tot sy eie voordeel aan te wend.[729] Die gedagte sluit aan by die stelreël van Cicero wat deur Ulpianus aangeneem is, naamlik die *suum cuique tribuere* (gee aan elkeen wat hom toekom).[730] Die *suum cuique tribuere*–beginsel onderstreep die kontraktuele aanspreeklikheid van die regering teenoor die burgers. Rosmini meen die handhawing van die welsyn van die burgers dien as 'n fundamentele vereiste vir die burgerlike *societas*.[731]

Rosmini meen ook dat die betrokke stelreël, *omnis potestas a Deo*, tot misbruik aanleiding kan gee, wanneer dit onbeperk aangewend word. Die burgerlike *societas* word verplig om redelike wetgewing en ander maatreëls te verorden: "... for them, it indicates the respect due to authority without in any way determining the limits of authority."[732]

## 7.5 Politieke en administratiewe regte

---

728 Rosmini 1996: 34.

729 Rosmini 1996: 70.

730 Van Zyl 1989: 486, 646.

731 Rosmini 1996: 39. "… Society must prefer not to do harm to a private individual even for the sake of obtaining the safety of all the others… In this way, civil society simply regulates the modality of their rights without touching the right themselves… Activity of this kind is the exercise of the right to benefit others, which is proper not only to civil society but to each person. Indeed, civil society has a special office in this regard relative to the end for which it was instituted because 1. the common good results from the good of the individuals and 2. the good of the individuals has a useful influence on the common good."

732 Rosmini 1996: 71.

### 7.5.1 Die reg om te regeer

Volgens Rosmini is die burgerlike *societas* aan die regering op tweërlei wyse onderhewig, naamlik op 'n indirekte en direkte wyse.[733]

Die reg om op indirekte wyse te regeer behels dat die burgerlike *societas* as individue aan die reg onderworpe sal wees, terwyl die reg om te regeer op direkte wyse behels dat die burgerlike *societas* as 'n kollektiewe eenheid aan die reg onderworpe gestel moet wees: "... society can depend on a master in two ways: indirectly, if the individuals composing the society are subject to a master, or directly, if the society is subject as a collective body."[734]

Die reg om te regeer op indirekte en direkte wyses toon ooreenkomste met die "rule of law," wat behels dat sowel owerheid as onderdaan aan die reg onderworpe moet wees.

Die aansprake op die reg om te regeer oor die burgerlike *societas* kan op vier wyses, verkry word, naamlik 'n regeerder se aanspraak op algehele heerskappy, beperkte heerskappy, waarborgverlening en juridiese aanspraak.[735] Hy meen, eerstens, met betrekking tot algehele heerskappy, dat die burgerlike *societas* se einddoel ondermyn word, as die individuele belang van die regeerder bo dié van die burgerlike *societas* gestel word.[736]

---

733 Rosmini 1995 (a): 63. "We said that society can depend on a master in two ways: indirectly, if the individuals composing the society are subject to a master, or directly, if the society is subject as a collective body."

734 Rosmini 1995 (a): 63.

735 Rosmini 1995 (a): 66.

736 Rosmini 1995 (a): 73.

Sien D'Entréves 1965: 7.

Sien D'Entréves 1965: 3-9. *De Regimine Principum* I. Aquinas meen in samehang met Rosmini dat die burgerlike samelewing wat deur die regeerder vir die algemene welsyn van almal geadministreer word, sal billik of regverdig vir die burgers of mense wees. Aquinas meen, aan die anderkant, as die burgerlike samelewing tot die private belang van die individu of regeerder gerig word en nie vir die algemene welsyn (goed) nie, dit 'n verdraaiing van die regering sal wees en op 'n onregverdige

**Rosmini glo die teendeel van dié benadering is ewe waar: "...not a single right of the individual can be sacrificed for the sake of the public good."[737]**

**Tweedens dui die aanspraak op beperkte heerskappy op die deelname van die regeerder in die administrasie van die burgerlike *societas*.[738] Volgens Rosmini kan die doelwit van die burgerlike *societas* nie bereik word nie, tensy die regeerder ook deelneem aan die aktiwiteite van dié betrokke samelewing: "... the title of limited siegniory, whose object cannot be fulfilled without the master's participation in the government of the society."[739]**

**Derdens, vorm die regeerder deur middel van sy aanspraak op waarborgverlening 'n reg op heerskappy en 'n reg om te regeer. En laastens geniet die regeerder weens die aanspraak op juridiese eise, 'n waarborg om te regeer: "... the title of jural claim as a function of the right of guarantee."[740]**

**Rosmini meen dat volgens dié aansprake die regeerder oor die reg beskik om die burgerlike *societas* te regeer. Die reg om te regeer dui op die lede self. Die mense dra eenstemmig**

---

uitoefening van regeergesag dui. Aquinas meen 'n regering wat op 'n onbillike wyse deur een man uitgeoefen word, sodat sy eie belang nagestreef word en die algemene welsyn (goed) van die burgerlike samelewing ingeboet word, heet 'n tirannie. "*Si igitur regimen iniustum per unum tantum fiat, qui sua commoda ex regimine quaerat, non autem bonum multitudinis sibi subiectae, talis rector tyrannus vocatur, nomine a fortitudine derivato, quia scilicet per potentiam opprimit, non per iustitiam regit: unde et apud antiquos potentes quique tyranni vocabantur*…"

God waarsku sulke regeerders. Hy spreek deur sy profeet, Esegiël. 'n Passasie tot dié effek verskyn in Esegiël 34: 2. "… so sê die Here my God: Ellende wag vir die herders van Israel wat net vir hulleself sorg! Moet herders dan nie vir die kleinvee sorg nie? Julle drink die melk, julle maak vir julle kleinvee van die wol… maar julle sorg nie vir die kleinvee nie…"

737 Rosmini 1996: 37,
Rosmini 1996: 34., 39.

738 Rosmini 1995 (a): 66.

739 Rosmini 1995 (a): 66.

740 Rosmini 1995 (a): 66.

hulle mag aan die regeerder oor. Dit beteken dat die uitoefening van hul regte en vryhede in sekere omstandighede staak en dit dan deur die owerheid opgeneem word.[741]

Rosmini verdeel die reg om te regeer in drie dele: daardie deel wat dui op die individu (of elke lid afsonderlik), die ander deel wat dui op die meerderheid en derdens, daardie deel wat dui op almal as 'n kollektiwiteit. [742]

### 7.5.2 Die reg om te regeer wat op elke lid afsonderlik dui

Elke lid van die burgerlike *societas* beskik oor 'n reg om te regeer, behalwe vir die beperking op die uitoefening van sy eiendomsreg, wat deur die aard van die burgerlike samelewing opgelê word.[743] Volgens Rosmini het elke lid van die burgerlike *societas* die reg op verantwoording, om te kyk of die lede hulle pligte vervul: "... each member has the right of inspection, that is, of knowing how the administration of the social capital is proceeding and whether all the other members are fulfilling their duties."[744] Indien 'n lid van die samelewing vasgestel het dat die handhawing en administrasie van die burgerlike *societas* op 'n partydige en onbillike wyse uitgeoefen is, het dié lid die reg om teen enige wanadministrasie te ageer.[745] Op grond hiervan kan aantastings van regte onder die aandag van die burgerlike owerheid gebring word.

---

741 Rosmini 1995 (a): 67.

742 Rosmini 1995 (a): 67.

743 Rosmini 1995 (a): 67. "Each member is owner of his share, except for the limits placed on the exercise of his ownership by the nature of the society itself."

744 Rosmini 1995 (a): 68.

745 Rosmini 1995 (a): 68. "If he discovers that the conservation and administration of the social capital is being carried out in a way prejudicial to the society, or simply if he knows of some improvement, he has the right to claim against the harm done by wrong administration, or to propose the improvement he has in mind."

**Rosmini glo dat waar die besorgde lid 'n verbetering voorstel, wat beide sy eie belang en dié van die publiek bevorder, die burgerlike *societas* verplig sal wees om dit so te aanvaar. Dié verbetering moet egter tot voordeel van almal strek.[746] Hy impliseer dat, indien daar deur 'n individu of die burgerlike *societas*, verbeteringe voorgestel word, gevolg aan sodanige voorstel(le) gegee moet word.[747] Hy meen ook dat 'n lid van die burgerlike *societas* wat sien dat ander lede in die uitvoering van hul pligte misluk, ook oor 'n reg beskik om te kla oor dié gebreke of mislukkings. Dié lid moet egter die ander lede van die burgerlike *societas* aanspoor om hul sosiale pligte te vervul.[748] Dit is deel van 'n lid se plig: die vervulling van sy voorneme om te regeer. Dié reg moet erkenning in burgerlike wetgewing verkry. Rosmini gebruik die voorbeeld van die Albertynse kodifikasie, wat soos volg lui: "... each member has the right to oblige his fellow members to share with him the costs necessary for the preservation of what belongs to the society."[749]**

**Volgens Rosmini kan elke lid van die burgerlike *societas* sonder konsultasie die samelewing op die volgende wyses regeer of administreer:[750] Hy mag nie die burgerlike *societas* benadeel deur die administrasie te ontwrig nie en sy handelinge moet tot voordeel**

---

746 Rosmini 1995 (a): 68. "The harm he suffers, or the proposed improvement, must be verified. After it has been verified, all the members must approve the proposal; if they reject it, the member would have the right to use force to make them redress the damage or accept the improvement."

747 Rosmini 1995 (a): 68.

748 Rosmini 1995 (a): 68. "If the member who denounces harm caused by administration means by that harm done to him, and shows that some modification by the administration could avoid the harm without prejudice in any way to the other members, all the members would be obliged to act to remove the harm. Here, the injured member exercises the right of jural claim which extends both to the harm he suffers as a member and to the harm he suffers to his other rights not placed in communion."

749 Rosmini 1995 (a): 70.

750 Rosmini 1995 (a): 70.

van die hele samelewing strek.[751] Elke lid wat administratiewe handelinge uitoefen, is verantwoordelik teenoor die burgerlike *societas* vir benadeling wat later uit sy handelinge voortspruit: "... every member can perform administrative actions even if these conditions are not verified. However, because he is disposing of what belongs to others, he then becomes responsible to the society for what happens later."[752] Indien benadeling uit sy handelinge vir die ander burgers voortspruit, moet hy voldoende vergoeding aan hulle bied.[753] Rosmini meen elke lid van die burgerlike *societas* mag die hulpbronne wat aan die samelewing behoort, gebruik, mits hy dit in ooreenstemming met die doel wat daarvoor uitgestippel is, aanwend. Dié lid moet egter nie die hulpbronne strydig met die belange van die burgerlike *societas* gebruik nie.[754]

Die invloed van 'n lid oor die administrasie van die burgerlike *societas* gee aanleiding tot 'n vetoreg. Sodanige vetoreg behoort aan elke lid van die burgerlike *societas*. Dié vetoreg is individueel van aard.[755] Rosmini glo individuele regte bly steeds voortbestaan in die burgerlike *societas* ondanks die teenwoordigheid van universele sosiale regte. Die individuele regte word dus nie deur universele sosiale regte geabsorbeer nie. Deur middel van die individuele reg oefen die individu beheer oor die administrasie van die burgerlike *societas* uit - naamlik die reg om te regeer.[756]

### 7.5.3 Daardie deel van die administrasie wat op die meerderheid dui

---

751 Rosmini 1995 (a): 70. "Each member, even without consulting the others, can administer the society on the following conditions: he must not disturb or harm the society by disrupting administration already in force. He must be sure that his action is beneficial to the society, or has already been decided upon, or is so necessary that its omission would cause harm."

752 Rosmini 1995 (a): 70.

753 Rosmini 1995 (a): 70.

754 Rosmini 1995 (a): 71.

755 Rosmini 1995 (a): 71.

756 Rosmini 1995 (a): 72.

Rosmini verklaar dat alle lede verplig word om nie die burgerlike *societas* te benadeel nie.[757] Volgens hom seëvier mag oor reg onder nie-Christelike nasies. Hy meen dat dit altyd die meerderheid en diegene wat oor groter mag beskik is, wat die voorskrifte van die reg in 'n nie-Christelike burgerlike samelewing dikteer. Diegene met geringe mag of invloed moes die wette aanvaar, wat deur die magtiges en belangrike persone voorgeskryf was. Volgens Rosmini het die wanopvatting onder die mense begin posvat dat 'n meerderheidstem almal se regte ingesluit het.[758] Hy glo egter nie dat dit geldig is nie. Hy bedoel dat die meerderheid slegs die groter deel van die stemme verteenwoordig en nie noodwendig alle stemme nie.

Ons het reeds vermeld dat hy 'n voorstander van 'n monargale model is. Volgens Rosmini moet die regte van alle lede individueel gerespekteer word en nie net die regte van die meerderheid nie. Hy verklaar soos volg: "... respect for a right does not depend on the number of persons who possess it or defend it, but rather requires equal respect in any subject whomsoever."[759]

### 7.5.4 Daardie deel van die administrasie wat op alle lede dui

Rosmini meen die lede van 'n gemeenskap se regte word deur die burgerlike *societas* op die volgende wyses geskend: deur die veroorsaking van 'n verlies of vermindering in die voordele as gevolg van wanadministrasie, en as gevolg van die ongelyke verspreiding van

[757] Rosmini 1995 (a): 73.
[758] Rosmini 1995 (a): 77.
[759] Rosmini 1995 (a): 77.

**voordele.[760] Volgens hom kan die vermindering in voordele en die ongelyke verspreiding van voordele deur 'n gevoel van eensgesindheid onder die mense teengewerk word. Sodanige gevoel vereis eenstemmigheid met betrekking tot die handhawing van die burgerlike administrasie.[761] Rosmini meen eensgesindheid kan deur middel van die natuurreg op twee wyses verkry word. Eerstens deur middel van arbitrasie en tweedens deur middel van geregtelike beslissing.[762] Hy meen eensgesindheid word bewerkstellig deur die regulering van statute van 'n vergadering, of in die stigtingsverklaring van die burgerlike *societas*.[763]**

**Volgens Rosmini bestaan die reg om te regeer in die konstante uitoefening van weldade aan die individue in die burgerlike *societas*: "The right to govern... consists in the constant exercise of beneficence towards the governed society."[764] Dié benadering beklemtoon die belangrikheid van naasteliefde. Rosmini glo dat 'n regering tot voordeel van 'n burgerlike *societas* sal wees, indien dit die begrip van naasteliefde onder sy lede beklemtoon. Elke burger is dus verplig om hom/haarself aan die natuurreg en positiewe reg in die burgerlike**

---

760 Rosmini 1995 (a): 86-7. "Members' rights can be injured by the government of a society in two ways: By causing a loss or reduction in profit through bad administration to one, several or all the members. By harming a single member or class of members through an inequable distribution of profits. For example, one branch of a manufacturing society may be favoured out of due proportion to others."

761 Rosmini 1995 (a): 87. "… some matters require a unanimous decision in all societies…"

762 Rosmini 1995 (a): 89.

763 Rosmini 1995 (a): 91. "… his opinion must be admitted unanimously. It would be helpful if this regulation were determined in the statutes of the assembly, or in those of the foundation of the society."

764 Sien D'Entréves 1965: 111.
Sien *Summa Theologiae* 1-2, q. (90), a. (2), (3). Aquinas noem dit wat tot die behoud van die burgerlike *societas* lei, billik en regverdig. Hy meen om die belange van die gemeenskap tot die algemene welsyn (goed) te beheer is die taak van die gemeenskap as 'n geheel, of van een of ander persoon wat die gemeenskap verteenwoordig.

**_societas_ te onderwerp.[765] Hiervolgens kan die burgerlike _societas_ sy einddoel bereik. Rosmini verklaar: "... government is... desired for the sake of these advantages."[766]**

**Volgens Rosmini is die tradisie van die reg om te regeer drieledig van aard. Die eerste tradisie of gewoonte van die reg om te regeer is die uitdrukking van die rasionele-sosiale reg, wat in werking moet wees, selfs in die afwesigheid van tradisie of gewoonte.[767]**

**Rosmini meen dat lede by die afwesigheid van 'n ooreengekome verdrag op die vestiging van 'n konvensionele regering kan aandring. Al daardie individue se regte wat vaag en onseker is, moet deur die burgerlike _societas_ verduidelik word. Volgens Rosmini sou Aquinas kon aanvoer dat deur die inspanning van die rede die mens individuele en sosiale regte duidelik kan formuleer. Die mens beskik oor die vermoë van spraak en is sodoende in staat om die volledige inhoud van sy denke aan ander mense oor te dra.[768] Hy meen dit is die taak van 'n klein aantal persone (administrateurs) om sosiale regte aan die burgers te verduidelik as deel van die publieke opvoeding van regte.[769]**

**Volgens Rosmini beskik sekere gemeenskappe of samelewings nie oor die vermoë om reg te administreer, óf om te regeer nie. Dié lede dien as administrateurs en oefen sosiale aktiwiteite uit namens hulle gemeenskappe.[770] Die persone dien as staatsamptenare, wat**

---

765 Rosmini 1996: 47.

766 Rosmini 1995 (a): 93.

767 Rosmini 1995 (a): 95.

768 Sien D'Entréves 1965: 5. *De Regimine Principum* I.
Sien D'Entréves 1965: 4-5. "*Hoc etiam evidentissime declaratur per hoc, quod est proprium hominis locutione uti, per quam unus homo aliis suum conceptum totaliter potest exprimere.*" Aquinas meen ook dat daar 'n vorm van regering in elke samelewing teenwoordig moet wees.

769 Sien Mc Donald 1968: 148-9.

770 Rosmini 1995 (a): 94-5.

**met die daaglikse administrasie van die burgerlike *societas* gemoeid is. Hy verklaar dat hulle onder 'n verpligting staan om nie die samelewing of sy lede skade te berokken of hulle te benadeel nie. Hy verklaar: "Such conventions, when carried out amongst members, will be null if they contain anything contrary to rational justice, especially to laws emanating from the general and particular nature of the society."[771]**

**Rosmini vertrou dat die lede van die burgerlike *societas* sal wou hê dat hulle regte en verpligtinge duidelik geformuleer moet word en dat dit so deur die burgerlike *societas* aanvaar moet word.[772] Op grond hiervan sal die lede bewus wees van hulle regte en verpligtinge en sal hulle daarop aandring dat dié regte deur ander en deur die burgerlike *societas* nagekom moet word. Deur middel van wysheid moet die mens se sosiale aktiwiteite so ingeklee wees, dat hy misbruik van die reg voorkom: "... (which) may often be the source of harm to the society."[773]**

**In die afwesigheid van wysheid, sal daar nie gelykheid in die burgerlike *societas* bestaan nie. Daar sal ongelykheid en 'n gebrek aan billikheid wees, indien die persoon wat regte verkry, nie volledige teenprestasie bied nie.[774] Sosiale konvensies dui op gelykheid en wysheid in die burgerlike *societas*. Rosmini meen gelykheid en wysheid voorsien 'n billike verspreiding van die reg om te regeer.[775] Vryheid van beroepskeuse van die individu dien**

---

771 Rosmini 1995 (a): 95.

772 Rosmini 1995 (a): 96. "Finally, individual members can always demand that all their rights which would otherwise remain vague and uncertain should be explained and agreed by the society. This springs from their right to jural claim."

773 Rosmini 1995 (a): 95.

774 Rosmini 1995 (a): 103.

775 Rosmini 1995 (a): 104. "Conventions of this kind, although not opposed to strict right, would not seem praiseworthy on the grounds of equity or prudence. Other social conventions, however, are both equable and prudent. These simply sanction the better distribution of governmental power in accordance with the indications of nature and jural reason, and to determine this power in such a way that it is known without doubt by everybody. In this case, the new distribution is rendered efficacious as help is given and obstacles removed."

**as 'n kritiese element van sy outonomiteit en bied 'n basis vir die uitoefening van ander regte en vryhede: "It enable individuals to live profitable, dignified and fulfilling lives."[776]**

**Rosmini meen dit is nodig vir die burgerlike *societas* om sekere persone wat oor die vermoë beskik om dwang toe te pas, met juridiese mag te beklee: "... it is necessary that the society provide certain persons inside or outside the society with powers of coercion (a coercive force)."[777] 'n Persoon wat 'n juridiese amp beklee, moet nie ander pligte vervul nie as om hom spesifiek met die juridiese uitoefening van gesag te bemoei.[778] Volgens Rosmini is konvensies effektief en voorsien dit die fondament vir die reg om te regeer as die individu, die meerderheid en die kollektiwiteit gedien word.[779]**

## 7.6 Pligte van regeerders

**Rosmini meen die fundamentele plig van die individu wanneer hy saam met ander 'n burgerlike *societas* vorm, moet nie strydig met die doelbepalende einddoel van daardie samelewing, handel nie. Hy glo die individu moet niks tot die sosiale verdrag van die burgerlike *societas* byvoeg wat strydig met die doelwit van die betrokke samelewing is nie.[780] Die regeerder is verplig om moreel en godsdienstig te handel: "... they are obliged to**

---

776 Sien De Waal 2001: 383.

777 Rosmini 1995 (a): 105.

778 Rosmini 1995 (a): 105. "It also seems fitting and decorous that the office of justice should not be mixed with any other element, but depend for its strength on the power of justice alone."

779 Rosmini 1995 (a): 105. "Conventions are equable and prudent when they tend to maintain that part of affairs and power which pertains to the three subjects: the individual members, the majority and the entire body."

780 Rosmini 1995 (a): 108. "For example, the first subject of duties, that is, individuals considered as acting together to form a society, must fulfill this great duty by not founding any society whose nature is contrary to the eudaimonologico-moral end of every legitimate association, and without inserting anything opposed to this end into their fundamental pact; they can do nothing which can harm, impede or delay this eudaimonologico-moral end."

act conscientiously, morally and religiously."[781] Hy meen ook dat die meerderheid nie die minderheid moet onderdruk, of om hulle besluit eensydig op die minderheid af te dwing nie.[782]

Volgens Rosmini bestaan daar twee vorme van verpligtinge in die burgerlike *societas*, naamlik die verwyderde en die onmiddellike plig: "... besides these shared duties, whose object is the remote end of societies, other shared duties have the proximate end as their object."[783] Alles in die menslike samelewing moet neig tot die einddoel waarvoor die burgerlike *societas* ingestel is, met dien verstande dat die behoud van die verwyderde doelwit gehandhaaf word.[784] Die bevrediging van behoeftes van die individu behoort dus volgens Rosmini by te dra tot die bereiking van menslike samelewing, wat as basis dien vir die nastrewing van die etiese doelwitte van die burgerlike *societas.* Indien die natuurlike regte van die burgers gerespekteer word, sal hulle gelukkig wees en sal die burgerlike *societas* vervolmaking bereik. Rosmini vind aansluiting by die Thomisme, vir sover hy meen dat die mens nie net 'n natuurlike lewensdoel – die bevrediging van sy behoeftes - het nie, maar ook 'n bonatuurlike einddoel, waardeur sy redelike natuur tot die sfeer van genade verhef word.[785]

Rosmini meen die regeerder moet toesien dat die plig van gelykheid waarop die samelewing gebaseer is, gehandhaaf word: "The duty of equality, on which society itself must be

---

781 Rosmini 1995 (a): 108.

782 Rosmini 1995 (a): 108. "… the majority, has to abstain from setting themselves up as a party, from oppressing the minority or from usurping decisions in matter that require unanimity amongst the members."

783 Rosmini 1995 (a): 108.

784 Rosmini 1995 (a): 108. "… everything in a society must tend to the end for which it was instituted, granted always the perfect preservation of the remote end."

785 Faure 1987: 141.

**founded…"[786] Die regeerder moet die algemene plig van samewerking onder die burgers in die burgerlike *societas* bevorder en moet nie in stryd met die sosiale belange van die burgers of die burgerlike *societas* handel nie.[787]**

## 7.7 Pligte van amptenare

**Dié pligte ontspring uit die ampte wat amptenare vervul. Rosmini meen openbare pligte bestaan uit twee bronne, naamlik die natuurlike en die konvensionele bron.[788] Eersgenoemde bron vorm deel van die aard en doelwit van die openbare plig wat 'n voorskrif van die natuurreg is, terwyl laasgenoemde uit positiewe wetgewing bestaan.[789] Rosmini meen dat die plig van die regeerder van die aard en doelwit van die burgerlike *societas* en van spesiale konvensies, afhanklik is. Hy glo dat die plig van 'n regeerder of amptenaar die aard van 'n reg aanneem, vanweë die doelmatige morele belang wat die amptenaar of regeerder moet bevorder.[790] Die regeerder moet dus toesien dat die burgerlike *societas* die natuurlike regte van die burgers beskerm en bevorder.**

**Rosmini meen die reg om te regeer, kan vervreem word, indien die burgery eensydig die voorwaardes van die sosiale kontrak, verbreek. Dit sal die geval wees, indien die regering nie sy burgers kan beskerm nie. Dan kan die burgers weier om die regering te gehoorsaam.**

---

786 Rosmini 1995 (a): 108.

787 Rosmini 1995 (a): 108. "The general duty of co-operation, that is, of co-operating in the social good without ever opposing it."

788 Rosmini 1995 (a): 109. "These duties spring from the office which each subject has to exercise towards the society, and are reduced to the use of the different means possessed by each subject for the attainment of the twofold end."

789 Rosmini 1995 (a): 109. "These duties can only be enumerated, therefore, by drawing them out from each of the two sources: the natural source which consists in the nature and end of the office, and the conventional, which consists in positive conventions."

790 Rosmini 1995 (a): 109.

Volgens hom kan die burgerlike *societas* die reg om te regeer na ander persoon(e) oordra. Indien die burgerlike *societas* die reg om te regeer aan ‘n kompetente en gekwalifiseerde persoon oordra, om te regeer, mag daardie persoon volgens Rosmini nie sy reg om te regeer aan ander persone oordra, of iemand anders in sy plek aanstel, sonder die toestemming van die burgerlike *societas* wat hom met daardie gesag beklee het.[791]

Rosmini meen die reg om te regeer kan ook oorerflik wees. Hy verklaar: “... If the person granted the right does not divide it or change its form, he is perfectly entitled to pass it to another, just as he can with anything that falls within his ownership, provided the person to whom it is ceded is capable of fulfilling its obligation.”[792] Die oordrag kan geskied deur middel van ‘n testament, opvolging en verdrae. Die reg om te regeer wat op so wyse oorgedra is, mag nie verdeel of verander word, sonder voorafgaande konsultasie en ooreenkoms met die burgerlike *societas* nie.[793]

Volgens Rosmini waarborg die owerheid of regeerder ‘n reg tot beskerming aan die burgers, en sal die owerheid verantwoordelik wees, indien die burgery as gevolg van wanadministrasie benadeel word.[794] Die burgers mag dus die owerheid of regeerder verwyder in die geval van wanuitoefening van regeringspligte: “... the society can actuate the conditions, and even despoil the person of government if he fails to fulfil those to which

---

791 Rosmini 1995 (a): 112. “If it can be proved that the alienator’s intention was indeed to concede to the chosen person both the right of government and the faculty of passing it to others, we have to note that the right to full government, or to part of government, would change its nature if divided between several people, or restricted to a smaller number of persons, or if its form were changed. Consequently, a person invested with this right can never divide it or change its form without the consent of the society.”

792 Rosmini 1995 (a): 112.

793 Rosmini 1995 (a): 113.

794 Rosmini 1995 (a): 113. “… the society’s right to self-defence against persons abusing the right remains intact together with the right to require damages for harm sustained.”

**his government was essentially bound."[795] Rosmini meen die handhawing van die reg tot beskerming moet egter op die mins inbreukmakende wyse uitgeoefen word. Die regering moet in sy remediërende optrede voorkom dat benadeling van regte slegs van een party tot 'n ander verskuif word.[796]**

**Rosmini verklaar waar regte misbruik word, is die sterker party geneig om die skuldige persoon van sy reg te ontneem, eerder as om die misbruik self te herstel. Hy meen sodanige usurpasies en revolusies word onder die voorwendsel van die reg van verowering geregverdig.[797] Selfs al vind verowering plaas, meen Rosmini, moet die reg om te regeer nie ophou of staak nie. Die vrye uitoefening van die reg om te regeer moet onmiddelik herstel word: "However the right itself of government... must not be destroyed, and its free exercise restored as soon as possible."[798] Volgens Rosmini moet die reg om te regeer voorwaardelik eerder as absoluut wees. Hy verklaar: "... the ownership of the right of government with which the person is invested may be conditional rather than absolute. In this case, the society can actuate the conditions, and even despoil the person of government if he fails to fulfil those to which his government was essentially bound."[799] Dit is voorwaardelik in dié sin dat die burgerlike *societas* wat die amptenaar aangestel het, hom mag onthef van sy amp indien hy versuim om sy pligte uit te voer, of indien hy hom aan magsmisbruik skuldig**

---

[795] Rosmini 1995 (a): 114.

[796] Rosmini 1995 (a): 113.

[797] Rosmini 1995 (a): 113. "Once an abuse of a right is noted, interested, powerful parties normally hasten to deprive the abuser of his right, as though he were unworthy of it, instead of confining themselves to suppressing the abuse and rectifying the use of the right… An immense number of usurpations and revolutions are justified under such a pretext which often becomes the source of the so-called right of conquest."

[798] Rosmini 1995 (a): 114.

[799] Rosmini 1995 (a): 114.

maak.[800] Indien die regeerder nie sy pligte nakom nie of sy mag misbruik, sal hy die regte van die burgers skend.[801]

Die burgerlike *societas* sedeer sy reg om te regeer aan sy amptenare deur middel van verpligte regering of gesalarieerde amptenare. Die gesalarieerde amptenaar se funksie is vanweë sy amp verhewe bo dié van die gewone burgery. Rosmini verklaar: "... such officials are not in the jural state proper to bond-servants, but are simply ministers relative to the society which makes use of them."[802]

Dié amptenaar moet verantwoordelik en bevoeg wees om sy pligte uit te oefen. Hy verklaar: "... every social office is therefore a true power invested in the person chosen for the office."[803]

Volgens Rosmini kan die individu se reg om te regeer op grond van uitdruklike konvensie of deur middel van 'n kontrak deur die burgerlike *societas* teruggetrek word.[804] Dit sal die geval wees waar hy hom aan wangedrag skuldig maak.[805]

Indien die burgerlike *societas* 'n openbare amp aan 'n persoon toevertrou, moet dit ook aan daardie persoon die middele wat hy benodig om sy pligte uit te voer, verleen of beskikbaar stel: "... in entrusting a social office to a person, a society also gives him the right to use the

---

800 Rosmini 1995 (a): 114.

801 Rosmini 1996: 284-5. "… civil society commits a manifest injustice every time it fails in its first duty by crossing the limit of the modality entrusted to its regulation and entering the rights of individual and collective persons…".

802 Rosmini 1995 (a): 114-5.

803 Rosmini 1995 (a): 115.

804 Rosmini 1995 (a): 115.

805 Rosmini 1995 (a): 115. "Sometimes this power can be revoked by the society only after the time determined by the nature of the matter, or by express convention; at others it can be revoked at the society's pleasure."

means necessary for the office even without express agreement about this."[806] Alle lede van die burgerlike *societas* moet dié amptenaar respekteer uit hoofde van die stelreël *omnis potestas a Deo* (alle gesag is van God afkomstig).[807] In die uitoefening van sy ampspligte moet die amptenaar bygestaan word deur die lede van die samelewing en moet hy gevolglik gehoorsaam word. Hy meen dat die burgers se samewerking in die verband sal verseker dat die einddoel van die samelewing behaal kan word.[808]

Rosmini waarsku ook dat die toepassing van die stelreël *omnis potestas a Deo* deur sekere amptenare, wat hul gesag onbeperk wil uitoefen, misbruik word. Hy verklaar: "... it is abused by those who claim to deduce from it the civil power of any particular person, as if the power were poured down directly from heaven. The sacred phrase explains only the origin of civil power in general, not the special titles with which a particular person is invested..."[809]

Die botsing van regte in die burgerlike *societas* kan voorkom word deur die formulering van uitdruklike bepalinge en die uitvaardiging van gunstige verdrae. Die reg om te regeer moet so uitgeoefen word, dat die botsing van regte onder die burgery enersyds en tussen die

806 Rosmini 1995 (a): 116.
807 Rosmini 1995 (a): 116.
Rosmini 1996: 70.
John Paul II 1995: 133-4. John Paul II meen, soos Rosmini, dat die apostoliese leringe die Christen daaraan herinner dat hy legitieme owerhede moet gehoorsaam.
Romeine 13: 1-7.
1 Petrus 2: 13-14.
808 Rosmini 1995 (a): 116.
809 Rosmini 1996: 70.

burgery en die burgerlike *societas* andersyds deur middel van diskussies, kompromieë en arbitrasie opgelos word.[810]

Volgens Rosmini is die belangrikste plig van die regeerder die koestering van die grootste respek vir die regte van die burgery: "... which shows greater respect for individual rights are more moral and liberal; legislations are more perfect when they conserve individual rights as far as possible, sacrificing only the smallest part of them in order to avoid evidently greater inconveniences..."[811] Op grond hiervan moet die openbare amptenaar in die promulgering van billike wette gehoorsaam word. Die burgers moet nie die amptenaar beledig nie, omdat God self in die Bybel verklaar: "... jy mag God nie vloek nie, en 'n owerste onder jou volk mag jy nie verwens nie..."[812]

Alhoewel openbare amptenare algemene geregtigheid bevorder en die reg of die wette verdedig, is ook hulle aan versoekings onderworpe. Ondeugde van sommige amptenare moet egter nie die mense tot oproer dryf nie, sodat geregtigheid, goeie wette en openbare vrede deur oproermakers omvergewerp word nie. Die owerheid is immers 'n Godgegewe instelling.[813]

---

810 Rosmini 1995 (a): 117.. "Collisions that could occur between rights which originate from the social state and those outside this state have to be resolved peacefully with the means already indicated: discussion, compromise, arbitration and decisions of the appropriate tribunal."

811 Rosmini 1995 (a): 119.

812 Exodus 22: 28.

813 Romeine 13: 1. "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel…"
Titus 3: 1.
Rosmini 1996: 70-1.
In die geval van 'n tirannieke owerheid sou Rosmini veronderstel dat die burgers die regeerder van sy amp onthef, ten spyte van die stelreël *omnis potestas a Deo*. In aansluiting hierby geld die benadering in Handelinge 5: 29. "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense." Die stelling is 'n aanduiding van weerstand teen die onredelike bevele van 'n tirannieke owerheid. Dit is deur die gehoorsaamheid aan God dat ons die krag kry om onbillike en onregverdige wette wat menseregte skend, weerstaan. Aquinas bepaal egter dat 'n tirannieke regering 'n gevolg van die sonde van die mense is, en behoort verdra te word. As die tirannie egter ondraagsaam raak, meen

## 7.8 Kommunale regte

**Rosmini verklaar dat universele sosiale regte van tweeledige aard is, naamlik ekstern of intern. Interne universele sosiale regte dui op die regte en verpligtinge wat tussen die lede van enige samelewing bestaan. Rosmini meen eksterne universele sosiale regte dui op die regte en verpligtinge tussen die drie verskillende samelewings, of tussen 'n samelewing en individue buite daardie samelewing.[814]**

**Soos reeds vermeld, verklaar Rosmini dat die interne universele reg in drie dele onderverdeel word, naamlik heerskappy-, politieke en kommunale regte. Kommunale regte dui op die regte en verpligtinge wat gemeenskaplik aan al die lede van 'n (burgerlike) samelewing is.[815] Hy sê dat kommunale regte daardie regte is waaroor alle mense 'n reg het om in 'n wettige samelewing te assosieer: "... all human individuals have the right to associate in just, lawful societies."[816] Die reg tot assosiasie is ingebore of ingeskape en is uit die relatiewe vryheid van die mens saamgestel. Hy meen dié ingebore relatiewe vryheid kan nie deur juridiese maatreëls beperk word nie, behalwe deur andere se eiendomsreg. Met ander woorde, elke persoon kan doen wat regmatig is, solank hy net nie 'n ander**

---

Aquinas, lê dit in die hande van die hele bevolking is om die onregverdige regeerder te verwyder. Aquinas meen wette moet vir die welsyn van die burgerlike samelewing verorden word. Indien dié wette egter strydig met die goddelike reg is, byvoorbeeld wanneer dit basiese menseregte skend sal dit nie nodig wees om die wette te gehoorsaam nie (*Summa Theologiae* 1-2, q. (96), a. (4).

814 Rosmini 1882: 375.

815 Rosmini 1882: 375.

816 Rosmini 1995 (a): 121.

**persoon se eiendomsreg aantas nie. Niemand in die burgerlike *societas* mag dié ingebore relatiewe regte van 'n ander aantas nie.**[817]

**Rosmini meen die fundamentele plig van die burgerlike *societas* of regeerder mag nie strydig met die doelmatige morele belang of welsyn van die burgerlike *societas* wees nie. Die belangrikste plig van die burgerlike *societas* is die koestering van respek vir die regte van die burgers. Rosmini meen burgers kan, deur hul assosiasie met ander, wedersydse regte en verpligtinge vorm: "... the associated individuals have acquired reciprocal obligations and rights."**[818] **Hy beweer dat die burgerlike *societas* of regering die regte en pligte van die burgers moet respekteer, uit hoofde van die stelreël *pacta sunt servanda* en die sosiale kontrak.**[819] **Die reg van vryheid van assosiasie wat deur die burgery gevorm is, gee aanleiding tot die afdwinging van hul regte en verpligtinge. Rosmini meen die regte en verpligtinge van die burgery moet erkenning deur die burgerlike *societas* geniet. Hy verklaar: "... if, therefore, some individuals lawfully associate, all other individuals and societies must recognise and treat such associates not only as single persons, but also as associated persons who must be respected and left totally unharmed in the rights they have acquired as a result of the social contract they have established between themselves."**[820]

**Op grond hiervan skaar Rosmini hom by die Thomisme vir sover hy wye en abstrakte beginsels wil neerlê. Rosmini gaan van drie natuurregsbeginsels uit: elkeen moet afsprake wat hy vrywillig aangegaan het, nakom, skade wat hy 'n ander onregverdig aangedoen het,**

---

817 Rosmini 1995 (a): 122. "No individual can take from others or restrict freedom of association when the associated members propose in all their activity to observe, without damage of any kind, the rules of that Right which is common to all."

818 Rosmini 1995 (a): 124.

819 Rosmini 1995 (a): 124.

820 Rosmini 1995 (a): 124.

moet herstel word, en gesag moet gerespekteer word. Die natuurregsbeginsels van Rosmini vind aansluiting by Cicero se *suum cuique tribuere* (gee aan elkeen wat hom toekom) en die Kantiaanse beginsel van *pacta sunt servanda* (afsprake moet nagekom word).

Volgens Rosmini het geen individu of samelewing die reg om assosiasie of kommunale regte te belemmer nie. Hy meen elke individu of samelewing het 'n reg tot beskerming en waarborg, relatief tot alle individue wat wil assosieer.[821]

### 7.8.1 Reg tot vryheid van assosiasie

Volgens Rosmini is die reg tot vryheid van assosiasie in die menslike natuur gesetel. Kommunale lewe is noodsaaklik vir die mens, omdat hy nie op sy eie in staat is om in sy lewensbehoud te voorsien nie: "... it follows that a communal society is the more perfect to the extent that it is sufficient in providing for life's necessities..."[822] Die individue wat wil assosieer, verkry wedersydse regte en verpligtinge. Die samelewing wat so gevorm word, moet deur almal erken word. Rosmini verklaar: "... if, therefore, some individuals lawfully associate, all other individuals and societies must recognise and treat such associates not only as single persons, but also as associated persons who must be respected and left

---

821 Rosmini 1995 (a): 124.
822 Sien D'Entréves 1965: 9. *De Regimine Principum* I.

**totally unharmed in the rights they have acquired as a result of the social contract they have established between themselves."[823]**

**Rosmini meen kommunale regte (die reg op assosiasie in die sosiale kontrak) moet deur almal erken word: "... and everyone must in the same way recognise the rights and obligations that result from the jural fact of association. If, therefore, some individuals lawfully associate, all other individuals and societies must recognise and treat such associates not only as single persons, but also as associated persons who must be respected and left totally unharmed in the rights they have acquired as a result of the social contract they have established between themselves."[824]**

**Die kommunale aspek met betrekking tot die subsidiariteitbeginsel lei tot die beskerming van laer organisasies soos die gesin, arbeidsorganisasies, godsdienstige gemeenskappe en politieke assosiasies.[825] Rosmini meen alle mense beskik oor die reg om regverdig in 'n samelewing te verenig. Hy beklemtoon hier die reg van burgers om met ander mense te assosieer.[826] Hy meen hierdie reg van assosiasie het sy wortels in ingebore regte, relatief tot vryheid. Die regte kan nie juridies deur die staat of enige ander organisasie beperk word nie, behalwe deur die eiendomsreg van ander mense.[827] Rosmini verklaar soos volg: "... No individual and no society, therefore, has the right to obstruct lawful, just associations because of fear of their power. On the other hand, every individual and every society has**

---

823 Rosmini 1995 (a): 124.
824 Rosmini 1995 (a): 124.
825 Alhoewel Rosmini nie die begrip subsidiariteit by name noem nie, veronderstel hy dit wel wanneer hy die drie samelewings (die kerklike, die huislike en die burgerlike samelewing) bespreek.
826 Rosmini 1995 (a): 123
827 Rosmini 1995 (a): 125.

**the right of defence and guarentee relative to all individuals who want to associate, and to all existing associations..."[828]**

**Die beginsel van subsidiariteit impliseer noodwendig 'n beskerming van pluralisme en verskeidenheid in die menslike samelewing. Die individuele vryheid en die vryheid van gemeenskappe is noodsaaklik vir 'n soeke na waardige menslike (bestaan) lewe. Die subsidiariteitsbeginsel word duidelik, wanneer die persoon se ekonomiese, sosiale en kulturele regte onmisbaar vir sy waardigheid en vrye ontwikkeling van sy persoonlikheid is.[829]**

### 7.8.2 Sosiale eiendomsreg

**Die reg op eiendom is teenwoordig, wanneer daar 'n aanspraak op eiendom gevestig word. Die aanspraak op eiendom kan deur beide die burger (individu) of 'n liggaam van persone (kollektiwiteit) gevestig word.[830]**

**Rosmini meen 'n lid van die burgerlike *societas* mag hom onder die volgende voorwaardes aan die samelewing onttrek: a) As daar geen hoop is dat die einddoel of doelwit van die burgerlike *societas* bereik kan word nie, b) as die voorwaardes gekoppel aan die**

---

828 Rosmini 1995 (a): 123.

829 Carozza 2003: 47. "That recognition suggests that the respect for diversity within the idea of human rights is really a function of the value of liberty, of the freedom of individuals and communities to seek the goods necessary for a dignified human life. But the freedom at stake in the idea of human rights does not consist simply in the absence of coercive power; it is not merely a negative liberty, a freedom from interference. It is also a freedom to act, a freedom for realizing a good – in short, an affirmative freedom. This feature becomes most obvious in the canon of human rights when we consider a person's 'economic, social and cultural rights indispensable for his dignity and the free development of his personality.'"

830 Rosmini 1995 (a): 125.

**verpligtinge wat onderneem is, onmoontlik geword het, c) as die aard van die samelewing wesenlike veranderinge ondergaan het van wat dit aanvanklik was en d) as ‘n lid beledig en in sy regte deur die hele samelewing benadeel is en hy nie sy regte kan beskerm nie, behalwe deur die samelewing te verlaat.[831] Hy meen elke lid mag die burgerlike *societas* verlaat, met dien verstande dat hy voldoende kompensasie of vergoeding aan elk van sy mede-lede bied, om sodoende vir die benadeling wat as gevolg van sy afwesigheid in die burgerlike *societas* veroorsaak is, te vergoed.[832]**

**Rosmini meen die reg om die burgerlike *societas* te verlaat is teenwoordig, wanneer die individu van sy lidmaatskap afstand doen, sonder blaam aan sy kant en sonder oorhaastigheid. Hy glo dat ‘n lid van die burgerlike *societas* uitgesluit kan word, sonder dat hy gefouteer het. Hy meen dit sal die geval wees waar hy onbevoeg is om sy wesenlike verpligtinge uit te voer, wat van hom vereis word. Hy word ook van die burgerlike *societas* uitgesluit, wanneer hy weier om sy pligte na te kom. Rosmini verklaar wanneer hy onbevoeg is om sy sosiale pligte te vervul, sy uitsluiting van die burgerlike *societas* met behoorlike sorg uitgeoefen moet word, sodat hy nie deur sy uitsluiting aan die burgerlike *societas* benadeel word nie.[833]**

---

831 Rosmini 1995 (a): 127.

832 Rosmini 1995 (a): 128.

833 Rosmini 1995 (a): 129. “A member can be excluded from a society without fault on his part, or through his own fault. He is excluded without fault on his part when he becomes incapable of fulfilling the essential obligations connected with his quality as member of the society. He is excluded through his own fault when he refuses to do his duty, that is, to fulfil the obligations connected with his quality as member. In the first case, where the member is incapable of sustaining his social obligations, but is innocent of any fault, he must be excluded with sufficient care to prevent any harm to him from the exclusion. If some interested member asks that another, capable of fulfilling his social obligations but negligent in doing so, be constrained to fulfil them rather than be excluded, and the society could do this without harm to itself, the society should accept this member’s opinion. ‘Every member has the right to require that all the others remain in the society.’”

**Rosmini meen regte en verpligtinge vorm deel van die mens se natuurlike regte. Die mens het ook 'n plig teenoor homself en dat hy sy eie menswaardigheid moet respekteer.[834] Dit veronderstel dat die waardigheid van die mens ontologies en moreel voorkeur bo die burgerlike *societas* of enige ander sosiale groepering geniet. Hy verklaar: "... the state... has no power to create or destroy human rights."[835] Alle ander vorme van samelewing, van die gesin tot die burgerlike samelewing en ook die internasionale orde, moet tot diens van die mens wees. Die verskeie menslike verenigings wat die burgerlike *societas* uitmaak, pas organies by mekaar in. Die groter groep of gemeenskap moet die kleiner groep dien, sodat natuurlike regte gerespekteer word en individuele waardigheid beskerm word. Die beginsel van subsidiariteit veronderstel sosiale interaksie tussen al die vlakke van die samelewing met die individu: "... subsidiarity... including presuppositions about the dignity and freedom of human persons, the importance of their association with others, and the role of the state with respect to smaller social groups as well as individuals."[836]**

**Rosmini meen die burgerlike *societas* is die gevolg van die teenwoordigheid van natuurlike regte in die mens.[837] Die mens besef dat sy vervolmaking in gemeenskap met ander mense geleë is. So ook die kleiner gemeenskappe in hul doel met ander sosiale groepe. Die subsidiariteit se *raison d'être* is die vryheid van menswaardigheid en die uitbreiding van dié menswaardigheid na alle vlakke van sosiale organisasie.[838]**

---

834 Rosmini 1993 (a): 150.

835 Rosmini 1992: 42.

836 Carozza 2003: 39.
Rosmini se behandeling van die regte van die gesin, die regte van die kerk en die regte van die burgerlike samelewing dien as hoeksteen vir die subsidiariteitsbeginsel.

837 Rosmini 1993 (a): 152.

838 Sien Carozza 2003: 43.

**Die subsidiariteitsbeginsel verskaf ook afleidings of deduksies oor die burgerlike *societas* se verantwoordelikhede en beperkinge. Volgens Rosmini is dit primêr die burgerlike *societas* se verantwoordelikheid om die regte van al die burgers te beskerm en te bevorder. Die burgerlike *societas* se uitoefening van gesag word beperk, as dit 'n enkele lid van die burgerlike samelewing benadeel om sodoende die regte van al die ander burgers te beskerm. Hy verklaar: "... not a single right of individual citizens... can be sacrificed for the sake of the public good,"[839] en "... society must prefer not to do harm to a private individual even for the sake of obtaining the safety of all the others."[840]**

**Volgens die subsidiariteitsbeginsel moet die burgerlike *societas* se inmenging in ander vorme van sosiale organisasie beperk word en moet dit slegs sodanige organisasies help en bystaan waar hulle nie hulself doeltreffend kan handhaaf nie: "... since each level of society is responsible for helping the 'lower' one freely to accomplish its aims, it would contravene that relationship if the 'higher' association arrogated to itself those tasks which can be effectively undertaken by a group that is closer to the individual."[841]**

**Dié beginsel dui ook op die regverdiging van die burgerlike *societas* se optrede, wanneer ander vorme van organisasie nie hul doelwit vanself kan bereik nie. Die subsidiariteitbeginsel dring aan dat die burgerlike *societas* nie net mag inmeng in sodanige situasies nie, maar dat dit ook 'n inherente reg het om homself met die algemene welsyn**

[839] Rosmini 1996: 37.
[840] Rosmini 1996: 39.
[841] Sien Carozza 2003: 44.

van sodanige samelewingsvorme besig te hou, en inderdaad ook ‘n plig het om sodanige reg af te dwing.[842]

Dit wil egter voorkom of die subsidiaritetbeginsel ‘n parodoksale karakter in hom omdra, omdat dit die burgerlike *societas* se optrede enersyds beperk, maar om die burgerlike *societas* se optrede andersyds te bemagtig en te regverdig. Die dualisme van die subsidiariteitsbeginsel word treffend deur Leo XIII en Pius XI in die ensiklieke, *Rerum Novarum* en *Quadragisimo Anno* geartikuleer. Die kombinasie van die twee teenstrydige idees vorm ‘n sentrale tema in Millon-Delsol se studie: “... the first [aspect of subsidiarity] calls for the respect of liberties as far as possible; it calls for noninterference by authority. Conversely, the second assumes interference by authority both to guarantee a sort of social unity and to help organize interdependent bonds...”[843]

Die eerste benadering streef na die bereiking van distributiewe geregtigheid, en die tweede tot die bereiking van sosiale geregtigheid. Die subsidiariteitsbeginsel veronderstel nie dat elke individu of sosiale groep onder die invloed van ‘n totalitaristiese beginsel in een geheel opgaan nie. Subsidiariteit veronderstel die moontlikheid van pluralisme, sodat alle vorme van menslike assosiasie geïntegreer word in die fundamentele eenheid van die burgerlike *societas*, wie se einddoel in menswaardigheid en in die bereiking van die algemene welsyn geleë is. Die mens, wat in staat is om sy organisasie te bou en aan te pas na gelang van die veranderde omstandighede van sy behoeftes, moet deur die burgerlike *societas* gedien word. Die beginsel vereis dat die menslike welsyn nie deur die burgerlike *societas* vervang

---

842 Sien Rosmini 1996: 35, 37.
843 Sien Carozza 2003: 44

word nie.  Die beginsel van subsidiariteit lei tot respek vir die verskeidenheid van menslike assosiasies, wat vervolgens tot die respek vir natuurlike regte deurgetrek kan word.

Die subsidiariteitsbeginsel vorm 'n belangrike komponent van Rosmini se leer van natuurlike regte, waarin die burgerlike *societas* die individu moet dien.  Rosmini veronderstel ook dat die subsidiariteitsbeginsel oorloop in sy behandeling van die samelewingskringe van die gesin, die kerk en die burgerlike *societas*.[844]

## 7.9 Regte in die gesin

### 7.9.1 Regte en pligte van gades

Rosmini verklaar dat die huislike *societas* tweeledig van aard is, naamlik die huweliksgemeenskap en die ouerlike gemeenskap.  Die huweliksgemeenskap veronderstel regte en verpligtinge tussen die gades (man en vrou) onderling, terwyl laasgenoemde gemeenskap op die wedersydse regte en verpligtinge tussen ouers en kinders betrekking het.[845]

Rosmini verklaar dat in die gesin die eenheid tussen die gades volledig is en dat alles gemeenskaplik is.  Hy meen die gades behou egter hulle individualiteit as persone.  Rosmini glo dat indien dit nie vir die morele bystand van die kerklike *societas* was nie, sou die mens

---

844 Rosmini 1992: 40-44.
845 Rosmini 1882: 377.

**nie regte en pligte gehad het nie. Sosiale regte sou nie langer bestaan het nie en die burgerlike *societas* sou uiteindelik tot niet gegaan het.**[846]

**Rosmini meen die gesin se fundamentele verpligting is: "... to acknowledge the personal individuality of every member..."**[847] **en, verduidelik hy vervolgens, die gesin moet erken dat "... every member, before being a member, is an individual *per se* who possesses supreme inalienable and intangible rights."**[848]

**Volgens Rosmini mag die burgerlike *societas* of die individuele lede van die burgerlike samelewing nie die regte van die gades (in die gesin) vervreem nie.**[849] **Rosmini verduidelik dat 'n gade die reg het om onderling met die ander gade die individuele welsyn of belang(e) van dié gade te geniet: "... by enjoying together the individual good of the other.."**[850] **Sodanige gade moet terselfdertyd die (belang van die) gesin bevorder: "... by enjoying together the individual good of the other 'society of fruition' and promoting the society itself 'society of moral action'."**[851]

**Rosmini meen dat die gades uit hoofde van "persoonskap" onderskeie regte en verpligtinge geniet. Hulle regte en verpligtinge verskil van mekaar uit hoofde van hul geslag.**[852]

---

[846] Rosmini 1995 (c): 84.
[847] Rosmini 1995 (c): 85.
[848] Rosmini 1995 (c): 85.
[849] Rosmini 1995 (c): 85. "Neither the society nor individual members can dispose of these rights. On the contrary, these rights must direct the society and its laws to maintain the rights themselves with a respect that has something infinite and final, like its object."
[850] Rosmini 1995 (c): 85.
[851] Rosmini 1995 (c): 85.
[852] Rosmini 1995 (c): 86. "Personship makes the spouses distinct subjects of rights and duties. Nature, partly different in man and woman, gives spouses different common and proper rights and duties."

**Rosmini verklaar dat regte en verpligtinge in die gesin deur twee elemente beheer word, naamlik gemeenskaplike regte en onderskeidende regte.[853]**

### 7.9.2 Gemeenskaplike regte en verpligtinge

**Gemeenskaplike regte en verpligtinge dui op die eenheid van die gades in die gesin. Dié eenheid wat die onvernietigbaarheid van die gesin vorm, het sy oorsprong in die natuurreg, goddelike reg en die evangelie.[854]**

**Die Christelike gades word weens hul juridies-morele verpligting deur 'n goddelike handeling gebind. Volgens Rosmini sal enige paartjie wat ná vleeslike gemeenskap hul verhouding verbreek en daarna met ander persone in die huwelik tree, hul menswaardigheid onteer.[855]**

**Kinders uit 'n huwelik maak hul ouers se plig tot stabiliteit (vereniging) teenoor hulle noodsaaklik. Die stabiliteit in die gesin weerklink in die stelreël wat die onvernietigbaarheid van die huwelik bevestig: "What God has joined together let not man put asunder."[856]**

---

853 Rosmini 1995 (c): 89, 143.

854 Rosmini 1995 (c): 88. "The indissolubility of marriage is founded on 1. natural Right; 2. primitive divine Right, and 3. evangelical Right grounded in the sacramental dignity of Christian marriage."
Sien D'Entréves 1965: 123. Aquinas bedoel dat die natuurreg met ons natuurlike ingesteldheid verband hou. Hy meen dat die natuurreg al daardie dinge bevat wat vir die behoud van die menslike lewe verantwoordelik is, en alles wat in stryd met ontbinding staan. Die natuurreg dui ook op al daardie menslike ingesteldhede soos geslagsverkeeer, die grootmaak en opvoeding van kinders, ensovoorts. Die mens se strewe om kennis van God te hê, is ook 'n uitvloeisel van die natuurreg. Hiervolgens moet die mens die goeie doen en die kwade vermy.

855 Rosmini 1995 (c): 92. "Any couple who, after carnal knowledge of each other, break up and enter other marriages, dishonour human dignity."

856 Rosmini 1995 (c): 93.
Sien Rickaby 1950: 287.

**Rosmini beweer as geen vleeslike gemeenskap plaasvind nie en slegs die reg daartoe bestaan, kan die huwelik *per accidens* ontbind word. Hy verklaar: "... it is clear that a ratified marriage can, for other very grave reasons, be dissolved by the authority of the Church, but not by the will of the contracting parties."[857] Hy meen die huwelik is nie net bloot die vleeslike vereniging tussen die betrokke gades nie, maar sluit ook elke moontlike vereniging tussen twee mense van verskillende geslagte in. Rosmini verklaar: "... the act of carnal generation is impure immediately if it is separated from the more noble elements of the total union of two human individuals of different sex."[858]**

**Saamwoon ("concubinage") tussen man en vrou vir doeleindes van seksuele bevrediging buite die huwelik, is volgens Rosmini onrein.[859] Die huwelik sluit ook egskeiding uit. Die ontbinding van die huwelik is onmoontlik.[860] Die reg tot egskeiding is 'n teken van agteruitgang in moraliteit en 'n terugkeer tot paganisme: "... the re-introduction of the law of divorce into Christian societies is a clear sign of great deterioration of morals, and of a deplorable return to paganism."[861] Rosmini dui elders aan dat dit juis in 'n nie-Christelike samelewing is, dat natuurlike regte geskend word: "... corruption is always found in non-Christian societies..."[862] Hieruit kan die afleiding gemaak word dat egskeiding om die volgende redes eties onhoudbaar is: Die gades word nou gedwing om afsonderlik te leef en moet sekere voorregte prysgee. Dit is gewoonlik die geval dat die vrou wat die beroep van huisvrou tydens die huwelik beoefen het en haarself nie vir 'n beroep beywer het nie, die**

857 Rosmini 1995 (c): 96.
858 Rosmini 1995 (c): 95.
859 Rosmini 1995 (c): 97. "Concubinage is cohabitation between a man and woman for the purpose of satisfying the stimulus outside the fullness of conjugal union… Consequently it is something impure."
860 Rosmini 1995 (c): 104. "Dissolubility of marriage was impossible."
861 Rosmini 1995 (c): 105.
862 Rosmini 1995 (b): 12.

**swaarste getref word. Sy is nie in staat om haar onmiddellik vir 'n beroep te kwalifiseer nie, en sal derhalwe daaronder ly. Dit is soms moeilik, ondanks onderhoud wat sy van die man ontvang, om dieselfde leefstyl waaraan sy gewoond was, te handhaaf.**

**Rosmini meen die Napoleontiese wette oor die huwelik is 'n direkte uitvloeisel van die volgende beginsel: "... the civil law cannot enforce religious opinions."[863] Hy meen twee Katolieke persone wat sonder hul ouers se toestemming in die huwelik tree, is volgens hul godsdienstige oortuiging geldig getroud en het aan al die verpligtinge van 'n ware huwelik voldoen.[864] Rosmini verklaar: "... their religion teaches as an undeniable fact that they must live together, help each other and peform all other conjugal duties, and cannot enter another marriage. This is what their cult and the dictate of their conscience commands."[865] Die Napoleontiese wet wat die paartjie skei, verhoed hulle om hul pligte na te kom en ontneem hulle sodoende van hul reg op assosiasie (huweliksregte). Volgens Rosmini skend dié positiewe reg die paartjie se godsdienstige oortuiging.[866]**

---

863 Rosmini 1995 (c): 114.

864 Sien The Roman Family 2001: 48-9. Apuleius: *Metamorphoses* (6.9). In dié literêre fiktiewe bron het die mite van Cupid en Psyche gedien as inspirasie vir die Europese literatuur oor die huwelik wat deur die Romeinse reg gereguleer was en tot vandag deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse reg op huwelike. In die storie was Psyche 'n prinses, Venus se teenstander in skoonheid en was daarom bo Venus vereer. Cupid was deur sy moeder beveel om Psyche te straf. Hy het, in plaas daarvan om dit te doen, haar (Psyche) ontvoer en haar as prinses van sy landgoed gemaak. Venus was woedend oor Cupid se bedrieëry en het gedreig om hom te onterf deur een van haar slawe as haar erfgename te maak en om Cupid van sy wapens te ontneem, naamlik sy boog, vlerke, ensovoorts. Toe Venus verneem dat Psyche swanger was, het sy geëis dat die kind buite-egtelik was, omdat die huwelik tussen twee ongelyke deelgenote voltrek was en dat daar nie getuies by die sluiting van die huwelik teenwoordig was nie. Venus verwys na die Romeinse reg en beweer dat die toestemming van die vader vir die sluiting van die huwelik ontbreek het.
As mens Dixon se verwysing oor die huwelik sou navors is dit duidelik dat die ware deurslag vir die sluiting van 'n huwelik, die toestemming van die vader is: "… you will find that the legal evidence suggests that no formal and witnessed ritual was required, merely the announcement with paternal consent that the parties were beginning a cohabitation."

865 Rosmini 1995 (c): 115.

866 Rosmini 1995 (c): 115.

Rosmini glo ook dat daar 'n plig van wedersydse trou tussen die gades moet bestaan. Hy meen die goddelikheid dien as beskermer van dié wedersydse trou. Rosmini beweer die praktyke van poliandrie en poligamie is strydig met die natuurreg.[867] Hy gee die volgende gevolge van poligamie in die woorde van Meli soos volg weer: "... these unfortunate women will never be the companions and equals of the men... women are not wives, companions or friends of the men;... nor does their tenderness multiply his joys, reduce his troubles and support him in declining age. Women, as the wretched instruments of his voluptuosity, are never sufficiently humiliated..."[868]

Rosmini verwerp ook poliandrie as strydig met die natuurreg, omdat dit 'n hindernis tot die voortbrenging van kinders inhou. Poliandrie sluit die knegskap van mans aan vrouens in, netsoos poligamie die knegskap van vrouens aan mans behels. Dié morele aangeleentheid kry nuwe relevansie in die lig van die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat die gelykheid van mans en vrouens erken. Artikel 9(2) lui soos volg: "... equality includes the full and equal enjoyment of rights and freedoms."[869] Dit impliseer dus dat die vrou, net soos die man, haar stemreg mag uitoefen en in die weermag opgeneem mag word.

Die regte en pligte van die gades sluit in die uitoefening van die seksuele eenheid wat inherent tot die menslike natuur en menswaardigheid behoort. Rosmini meen ook dat die gades 'n regsplig het om die fetus te respekteer, sodat dit nie benadeel word as gevolg van

---

867 Rosmini 1995 (c): 128. "Polyandry is even more contrary to nature because it is an impediment to the begetting of offspring, and involves the servitude of men to women, just as polygamy means the servitude of women."

868 Rosmini 1995 (c): 128.

869 Sien De Waal 2001: 198-9.

die gedrag van óf die vrou óf die man nie. Hy meen die man en die vrou het ook 'n reg en plig om die kinders wat hulle in die wêreld gebring het, groot te maak en op te voed.[870]

Rosmini meen natuurlike regte relatief tot vryheid, dui op die verpligtinge van beide gades. Elkeen moet wedersyds morele vervolmaking in hom-/haarself en in die ander bevorder. Albei het 'n reg en 'n plig tot ingebore (ingeskape) eiendomsreg. Albei gades is regsubjekte, dit wil sê, hulle is in staat om nuwe regte te verkry, maar die vrou moet steeds aan die man as hoof van die gesin onderworpe bly.[871]

Rosmini meen elke gade is op sigself einddoel en nie middel nie. Hulle moet mekaar respekteer. Die vrou kan nie in 'n huwelik gedwing word nie, maar moet daartoe instem en haarself met haar vrye toestemming aan die man onderwerp. Rosmini verklaar dat die vrou 'n metgesel, en nie die slaaf van die man is nie. Hy meen elke gade het die gelyke reg om die ander gade te versoek om die natuurlike verpligtende wette van die huwelik te handhaaf.[872]

### 7.9.3 Onderskeidende regte en verpligtinge

Rosmini meen in die gesin waar die gades 'n kollektiwiteit vorm, sonder die skending van individuele regte, moet elke gade deur die ander as regsubjek gerespekteer word. Hy meen egter dat weens die geslagsverskille tussen man en vrou, die uitoefening (sfeer en wyses) van die regte van die gades sal verskil. Hiervolgens is die man *ob sexus praestantium* (hoof

---

[870] Rosmini 1995 (c): 136.
[871] Rosmini 1995 (c): 142.
[872] Rosmini 1995 (c): 142.

**van die gesin).[873] Die man het uit hoofde van sy geslag werklike reg (real rights) oor die vrou, wat sy gade word, op grond van haar wedersydse toestemming.[874] Die ongelyke verhouding tussen man en vrou word weergegee in die volgende gedagte: die man se begeerte na kinders is absoluut, terwyl die vrou se begeerte om erfgename vir haar man te voorsien relatief is: "The man's desire for offspring for himself is absolute; the woman's desire to give heirs to her husband is relative."[875]**

**Rosmini meen dat owerspel primêr as 'n sonde van die vrou beskou is. Dit het veel meer ernstiger implikasies vir die vrou as vir die man. Hy verklaar: "Because the woman loves her husband in all simplicity, the first and greatest end of marriage (the fullness of union) is preserved more in the woman than in the man..."[876] Die vrou en die man neem die rolle van middel tot doel onderskeidelik op. Paulus verklaar: "... 'man was not created for woman but woman for man.'"[877]**

**Die universele beginsel vir die afleiding van regte setel in daardie aktiwiteit wat tipies van die mens se persoon-wees is. Dit vorm die basis van natuurlike regte. As die vrou die rol van die man as hoof van die gesin wil opneem, sal sy die man benadeel deur sy natuurlike eiendomsreg aan te tas. Rosmini beweer dat die reg van die man as hoof van die gesin natuurlik is. Die vrou se onderwerping aan die man in die gesin is ook natuurlik.[878]**

---

873 Rosmini 1995 (c): 143.
874 Rosmini 1995 (c): 143.
875 Rosmini 1995 (c): 147.
876 Rosmini 1995 (c): 147.
877 Rosmini 1995 (c): 147.
878 Rosmini 1995 (c): 150. "The right given in every age to the man to be origin, head and prince of the descendants is therefore strictly natural because founded on a natural feeling. On the other hand, the woman's feeling of subjection is natural – as natural as the feeling of surrender to her husband as a help and means for him to satisfy his upright, natural desire to procreate children. The woman's

**Volgens hom lê die vrou se belang (deug) in haar onderdanigheid en bystand aan haar man. Die belang van die vrou se onderworpenheid is noodsaaklik vir haar, net soos die man se verhewendheid vir hom noodsaaklik is.[879] Hy verduidelik in die volgende aanhaling die belang van die onderskeidende regte en pligte tussen die man en vrou: "... because of this difference, a man enters conjugal society to find satisfaction for all his natural desires which can be fulfilled in marriage, among these desires is that of becoming the founder of a progeny. The women herself enters it at the same level, that is, to find satisfaction for her desires, among which is that of subjecting herself to her husband and pleasing him, helping, honouring, loving and serving him, and receiving in exchange protection, honour, happiness. These are the inborn, legitimate desires of the two sexes and the different titles of their rights..."[880]**

**Rosmini meen die man se gawes of talente maak hom geskik vir die uitoefening van gesag. Hy toon instink vir aksie, handel, regering en bevele. Die beginsel van die onderskeid van geslag lê daarin dat die vrou oor die eienskappe van kalmte, geduldigheid en verfyndheid moet beskik. Dit is juis daardie eienskappe wat vereis word vir die uitoefening van wedersydse regte en verpligtinge van die man en vrou in die gesin.[881] Rosmini verklaar dat**

---

good lies in this subjection and assistance; it is a necessity for her, just as it is a necessity for the man to be superior."

879 Rosmini 1995 (c): 150.

880 Rosmini 1995 (c): 151.

881 Rosmini 1995 (c): 152. "The man's natural gifts are precisely those which render him suitable for exercising authority: courage, strength, activity, firm mind, an instinct for action, for business, government and command. The woman has all the natural gifts which render her suitable for obeying and satisfying the proclivities of the man; demure sweetness, gracious weakness, attentive docility; she is delicate, calm, homely, patient and refined – precisely what is required for internal family duties."

**die man en die vrou hul onderskeie funksies só uitoefen, dat billikheid en geregtigheid moet seëvier.**

### **7.9.4 Aantasting van regte en verpligtinge**

**Rosmini glo daardie stelsel wat gelykheid tussen man en vrou in alle dinge eis, die Christelike gesin benadeel. Dit maak die vorming van 'n (Christelike) burgerlike *societas* onmoontlik: "... (this) system neglects the element of inequality and claims that the wife should be equal to the husband in all things... the... system was the error and plague which beset and slowly destroyed pagan families... makes its influence felt and harms Christian families..."[882] Rosmini meen die vrou se onderdanigheid moet nie as slawerny beskou word nie en sê dat 'n samelewing nie tussen meesters en slawe tot stand gebring kan word nie.[883]**

**Hy glo waar die vrou onderdruk word, haar natuurlike regte aangetas en haar onderrig sodoende gedegradeer word. Hy meen as 'n mens morele onderrig ontbreek, sal daar volgens die voorskrifte van spontaniteit gehandel word: "... if human beings lack education, and especially moral education, they act according to the laws of their spontaneity which, damage by original sin, tends to ever greater disintegration."[884] Hy meen slegs die Christendom verskaf daardie magte wat spontane geneigdheid van die menslike wil bedwing. Deur middel van die Christendom ontvang die menslike wil bonatuurlike en**

---

[882] Rosmini 1995 (c): 156.
[883] Rosmini 1995 (c): 157.
[884] Rosmini 1995 (c): 161.

effektiewe hulp teen die kwaad.  By nie-Christene sal willekeur die enigste gids wees. Rosmini meen dié natuurlike spontaniteit produseer tirannie van die man oor die vrou.[885]

### 7.9.5 Die beginsel van absolute gelykheid in die gesin

Rosmini meen die man se absolute reg sluit nie die vrou se relatiewe reg uit nie.  Alhoewel sy relatief tot haar man slegs haar onvervreembare regte behou, besit sy elke tipe reg relatief tot alle ander mense.  Hy glo die vrou kan haar relatiewe reg teen mense met wie sy relatief verkeer, uitoefen, met dien verstande dat sy nie beswaar daarteen het, of haar eie regte sedeer nie.[886]

Hy beweer die vrou kan die man as haar aangewese delegaat verteenwoordig.[887]  Die man beskerm en handel met die belange van die gesin deur middel van sy vrou.  In die afwesigheid van die man, sal die funksies en regte van die man as hoof van die huis op die vrou oorgaan.  By die dood van die man, word die vrou die natuurlike hoof van die gesin en beskik sy natuurlikerwys oor sodanige regte.[888]

Rosmini beklemtoon die natuurlike regte van die man en die vrou.  Desnieteenstaande handhaaf hy haar natuurlike regte.  Sodoende poog hy om die  relatiewe regte van die vrou

---

885 Rosmini 1995 (c): 161.
886 Rosmini 1995 (c): 164.
887 Rosmini 1995 (c): 164.
888 Rosmini 1995 (c): 162-5.

te handhaaf en die behoud van haar persoonlike waardigheid en ook haar regte teenoor ander mense, anders as haar man.[889]

### 7.9.6 Die reg om beskerming van die vrou

Rosmini meen die vrou beskik oor moontlike aksies teen haar man by die aantasting van haar natuurlike regte: "... the wife has some possibility of acting against the husband, she can normally use those means and aids that she has at hand..."[890] Sy kan normaalweg daardie hulp bekom wat sy byderhand het. Indien dit nie voldoende is nie, kan sy haar tot eksterne persone wend, byvoorbeeld eerstens haar vader, broers, en daarna tot ander mense.[891]

Rosmini tref 'n onderskeid tussen die reg om beskerming van die vrou, en die reg om die man te benadeel as gevolg van dié beskerming.[892] Dié twee regte word by hul uitoefening aan verskillende norme onderwerp. Rosmini meen die reg tot beskerming, sonder positiewe benadeling van die man, word aan die vrou verleen.[893] Met betrekking tot positiewe benadeling, meen Rosmini, dat die vrou nie toegelaat moet word om die man te benadeel nie, selfs nie eens by die uitoefening van haar reg op beskerming nie, behalwe in die geval waar die man probeer om die vrou se fundamentele regte (suiwer formele regte),

---

889 Rosmini 1995 (c): 166.
890 Rosmini 1995 (c): 167.
891 Rosmini 1995 (c): 167.
892 Rosmini 1995 (c): 167.
893 Rosmini 1995 (c): 167. "The right of defence, without positive harm to the husband, is granted to the wife in all its extension, as we have said, because it is not of itself opposed to full, conjugal union."

**soos haar reg op lewe, aan te tas.[894] Hy sê dat sy oor geen ander wyses moet beskik om haar reg op lewe te beskerm as om die regte van die man te benadeel ten einde haar eie regte te verdedig nie. Waar die man van nature onrehabiliteerbaar is, meen Rosmini, kan die vrou haar van die kommunale woning (gesin) onttrek.[895]**

## 7.10 Die huweliksgemeenskap

### 7.10.1 Die regte en verpligtinge van die *patria potestas*

**Die beginsel van *patria potestas* behels die juridiese verhouding tussen vader, moeder en kinders.[896]**

**Rosmini verklaar dat die ouers regte oor hul kinders *in solido* het, net soos die kinders juridies-morele verpligtinge teenoor hul ouers *in solido* het.[897] Die ouers het volle heerskappy oor hul kinders, met uitsondering van die persoonlike waardigheid van die kind, wat wesenlik vry is, omdat dit nie van die ouers nie, maar van God afkomstig is. Die kind behou eiendomsreg op sy eie liggaam, wat nie deur sy ouers vervreem mag word nie. Dit impliseer dat die eiendomsreg wat die kind op sy eie liggaam het, belangriker as daardie reg is, wat sy ouers oor sý liggaam het. Met ander woorde, die kind het absolute reg op sy eie**

---

894 Rosmini 1995 (c): 167. "Positive harm to the husband, however, is opposed to union. The wife must love the husband to the point of sacrifice; she must love him even when she suffers. She is not permitted to harm him in the exercise of her right of defence and restitution against him except in the case where the husband attempts to violate her pure, formal rights, or her life, and she has no other way of saving them. In all other cases where her husband is habitually wicked she can at most harm him negatively by withdrawing from communal living."

895 Rosmini 1995 (c): 166-9.

896 Rosmini 1995 (c): 171.

897 Rosmini 1995 (c): 172.

**liggaam, terwyl sy ouers 'n relatiewe reg oor die kind het.[898] Rosmini meen die kind se reg op sy eie liggaam, is die gevolg van sy ouers se wil. Die kind verkeer dus onder 'n etiese plig om sy liggaam tot voordeel van sy ouers se regmatige en billike wil te gebruik.[899]**

**Rosmini glo die eenheid van die ouers met hul kinders is ewigdurend. Hy meen weens die voorskrifte van juridies-morele rede, is die kind se natuurlike reg tot lewe afdwingend, relatief tot selfs sy vader, wat nie meer die mag het om sy kind se lewe te neem nie.[900] Die hoof van die gesin beskik oor ander middels om 'n wederstrewige kind tot orde te roep, soos byvoorbeeld die uitsluiting van die weerspannige kind uit die gesin. Die neem van die lewe van die kind is strydig met die verwekkende gevoel van die vader: "... which moved the father to give him life, and which alone has made him father. The father, by the very fact of renouncing this feeling and acting in a way directly contrary to it, divests himself of his paternity and becomes jurally inferior as a result of his wickedness. It seems, therefore, according to the Right of nature, that it is less lawful for a father to kill his child than for him to kill anyone else..."[901] Die vader het dus die reg om die kind wie hy verwek het, se lewe te beskerm selfs téén die kind self.[902]**

**Straf wat deur die vader aan die kind opgelê word, moet korrektief en noodsaaklik wees.[903] Rosmini meen korrektiewe strawwe is gemik op die kind se verbetering en dat die noodsaaklike element van straf op die bereiking van goeie orde in die gesin dui. Hy sê die *patria potestas* mag nie willekeurig enige vorm van straf teen die kind uitoefen, of die kind**

---

898 Rosmini 1995 (c): 174-5.
899 Rosmini 1995 (c): 175.
900 Rosmini 1995 (c): 176.
901 Rosmini 1995 (c): 177.
902 Rosmini 1995 (c): 177.
903 Rosmini 1995 (c): 181.

**benadeel nie.[904] Die ouers se regte en verpligtinge is deur middel van die konsep van individuele regte aan almal verleen. Sodanige regte en verpligtinge is mettertyd deur ouerlike voorskrifte verander.[905] Dit beteken dat ouers wat korrektiewe straf op hul kinders toepas, 'n reg op 'n verstandige wyse uitoefen met die moontlike hoop dat sodanige straf sy doelwit sal bereik.[906]**

**Rosmini meen die toepassing van die *patria potestas*-beginsel is eerder gerig op die welsyn van die gesin.[907] Voorbeelde van uitoefening van mag wat nie binne die sfeer van die *patria potestas* val nie, is die doodmaak of verminking van die kind, of die veroorsaking van die morele verdorwenheid van die kind.[908] Die benadeling kan soms uit die regmatige uitoefening van gesag voortvloei. In só geval beskik die ouer oor die uitoefening van mag, maar nie oor die reg om dit te misbruik nie. Volgens Rosmini beskik die kind oor sodanige wyses van beskerming teen misbruik, as wat die vrou teenoor haar man het.[909] Ouers beskik ook oor die *Aquiliese* aksie teen daardie persoon wat hul kinders wil benadeel.[910]**

**Kinders wat deur hul ouers verlaat is en deur ander mense aanvaar en opgevoed is, het nie enige regsplig teen hul biologiese ouers nie. Rosmini meen die kinders is vry om nie die**

---

904 Rosmini 1995 (c): 181.
905 Rosmini 1995 (c): 181-2. "In the first place, parents have the rights and duties given by the concept of individual Right to all human beings. These rights and duties are somewhat modified by the parental condition."
906 Rosmini 1995 (c): 182.
907 Rosmini 1995 (c): 182.
908 Rosmini 1995 (c): 183.
909 Rosmini 1995 (c): 183.
910 Rosmini 1995 (c): 191.
Neethling 1996: 5, 9. Volgens die *actio legis Aquiliae* word skadevergoeding vir die onregmatige en skuldige (opsetlike of nalatige) veroorsaking van vermoënskade verhaal. Afgesien van saakbeskadiging, is die *actio legis Aquiliae* van toepassing gemaak op vermoënskade wat uit liggaamlike beserings gespruit het. 'n Vader kon naamlik eis vir sy vermoënsverlies weens die besering van sy kind.

reg van *patria potestas* in hul biologiese ouers te erken nie. Die vader, of ouers wat hul kinders blootstel en nie aan hulle gee wat nodig is vir hul opvoeding nie, ontneem hul kinders van 'n lewe wat hulle self aan die kinders geskenk het. Deur die onwaardige handeling ontneem die vader homself van die heilige reg wat uit vaderskap voortspruit.[911]

Rosmini meen die ouers het 'n (morele) plig om deur opvoeding die werk wat hulle deur middel van hul verwekking begin het, te voltooi.[912]

### 7.10.2 Die juridies-burgerlike verhouding tussen ouers en kinders

Volgens Rosmini het die positiewe reg van die burgerlike samelewing twéé doelwitte: Dit moet eerstens, die natuurlike regte van die individu en tweedens, die openbare welsyn, waarborg.[913]

Rosmini verduidelik vervolgens die foute wat deur die positiewe reg begaan word. Hy sê dat die Romeinse wetgewing deur die stelreël *Status familiae* 'n persoon as lid van 'n gesin in die oë van die reg beskou het.[914] Die natuurlike verhouding van buite-egtelike of onegte kinders was nie deur die Romeinse en ander wetgewing erken nie. Hulle het nie sodanige mense as kinders erken nie, omdat die wetgewing met die beginsel "... a child is one shown

---

911 Rosmini 1995 (c): 192.
912 Rosmini 1995 (c): 193.
913 Rosmini 1995 (c): 199. "The positive laws of the city have two aims: 1. to guarantee the natural rights of individual jural persons; 2. public good."
914 Rosmini 1995 (c): 199.

to be such by rightful marriage," begin het.[915] Die basiese rede vir die wetgewing was dat: "... if the marriage is not legitimate, only maternity, not paternity, can be verified."[916]
Dié stelreël gee aanleiding tot die volgende reël: "... in the case of legitimate marriage the father is followed; the populace follows the mother in its enquiries."[917]

Rosmini meen wanneer dié beginsels nie toegepas word nie, dit die natuurlike regte van die kind skend. Hy verduidelik die benadering soos volg: "A child is one shown to be such by rightful marriage." Wettige huwelike is nie alleen 'n bewys van vaderskap nie, dit is nie eens 'n effektiewe bewys nie. 'n Vrou se kind is byvoorbeeld nie noodwendig deur haar wettige eggenoot verwek nie. Wettige huwelike is volgens hom 'n regsvermoede en nie 'n logiese bewys nie.[918]

Rosmini verklaar ook dat die juridiese verhouding tussen man en vrou ongelyk is met betrekking tot owerspelige kinders. 'n Owerspelige vrou wat 'n onegte kind in die gesin bring, benadeel die wettige kinders. Rosmini verklaar dat dit nie in die geval van 'n owerspelige vader is nie. Volgens die voorskrifte van die natuurreg moet die onegte kind net soos die wettige kinders in die gesin toegelaat word. Die onegte kind deel egter nie in die bates van die owerspelige vrou nie.[919]

### 7.11 *Regte in die kerk*

---

915 Rosmini 1995 (c): 199.
916 Rosmini 1995 (c): 200.
917 Rosmini 1995 (c): 200.
918 Rosmini 1995 (c): 200.
919 Rosmini 1995 (c): 202.

Rosmini verklaar dat eenheid, universaliteit en geregtigheid die drie belangrikste kenmerke van regte in die kerk is. Hy meen dié drie regte vorm die objek van suiwer natuurlike regte. Hulle vorm ook die objek van die mens se regte en verpligtinge.[920] Vir 'n bestudering van die *regte in die kerk*, is dit noodsaaklik om eers die *regte van die kerk* te bepaal.

### 7.12 *Regte van die kerk*

Die kerk se natuurlike regte in sy verhouding tot die mens word deur Rosmini in vyf regte onderskei: naamlik die kerk se reg tot bestaan, sy reg tot erkenning, sy reg tot vryheid, sy reg tot verkondiging en sy reg om eiendom te besit.[921]

#### 7.12.1 Die kerk se reg tot bestaan

Volgens Rosmini word die kerk se reg tot bestaan afgelei uit die feit dat die kerk 'n regmatige en billike samelewing is en dat sodanige samelewing oor 'n natuurlike reg tot bestaan beskik. Die kerk se reg tot bestaan vorm deel van wesenlike regte. Skending daarvan sluit wesenlike benadeling in. Rosmini meen elke mens beskik oor die vermoë om dié regte te beskerm. Hy glo ook dat die kerk sy lede by wyse van onderrig en leiding in die beskerming van hul wesenlike regte kan bystaan.[922]

#### 7.12.2 Die kerk se reg tot erkenning

---

920 Rosmini 1995 (b): 1-23.
921 Rosmini 1995 (b): 83.
922 Rosmini 1995 (b): 83-7.

Rosmini meen ‘n samelewing wat regmatig tot stand kom, beskik oor die reg om erken te word. Hy glo dat erkenning van die kerk se juridiese bestaan die erkenning van ’n priester se plig tot geheimhouding oor wat vertroulik aan hom meegedeel word, insluit. Aangaande geheimhouding verklaar Rosmini dat ’n priester van die verpligting om getuienis te lewer in ‘n geregshof, vrygeskeld moet word. Hy meen geheimhouding vorm deel van die konstitusie en wette van die kerk. Dié praktyk van die kerk moet deur almal en deur elke samelewing erken en gerespekteer word.[923]

### 7.12.3 Die kerk se reg tot vryheid

Op grond van die reg van absolute vryheid geniet die mens ‘n vryheid wat nie van hom weggeneem mag word nie: “... these rights belong to all individuals as human beings, essentially members of the universal society of mankind. They are also rights possessed by all individuals making up the Church of Jesus Christ.”[924] Volgens hom is een van die regte van sodanige vryheid die reg van assosiasie. Hierdie reg is tot beskikking van alle mense. Dit beteken dat mense deur niemand in die volvoering van hul sosiale verpligting en in die uitoefening van hul sosiale regte verhinder mag word nie. Hy meen dat die sosiale verpligting deur almal erken en gerespekteer moet word.[925]

### 7.12.4 Die kerk se reg tot verkondiging

923 Rosmini 1995 (b): 87-8.
924 Rosmini 1995 (b): 89.
925 Rosmini 1995 (b): 89.

Volgens Rosmini word die kerk se reg tot verkondiging op die volgende gronde gebaseer: die kerk moet die waarheid verkondig en almal moet die natuurlike reg hê om die waarheid aan ander te kommunikeer.[926] Die kerk is 'n leerskool van deug en alle mense beskik oor die natuurlike reg om hul medemens te oorreed om deugdelik op te tree. Rosmini meen lidmaatskap van die kerk benadeel 'n mens nie; dit bevoordeel eerder diegene wat daarby aansluit. Die kerk verkondig ook die evangeliese waarheid dat almal die reg het om goed aan ander te doen en die kwaad te vermy. Dié evangeliese waarheid toon parallelle met die voorskrifte van die natuurreg. Die reg tot verkondiging word aan die heerskappy van God, wat die kerk tot stand gebring het, afgelei.[927]

### 7.12.5 Die kerk se reg om eiendom te besit

Rosmini verklaar dat die kerk oor 'n natuurlike reg op eiendom beskik. Hy verdeel die kerk se bevoegdheid om eiendom te besit in drie onderskeie regte, naamlik die regte van die mens relatief tot die kerk, die regte van die kerk relatief tot sy lede en die verkreë regte van die kerk.[928]

## 7.13 Die regte van die mens relatief tot die kerk

Rosmini meen die reg om die kerk te erken is natuurlik tot alle mense. Die uitoefening van dié reg word gekoppel aan die mens se plig om die kerk te erken. Volgens hom het elke

---

926 Rosmini 1995 (b): 90. "The Catholic Church teaches the truth, and all human beings have the connatural right to communicate the truth to others."

927 Rosmini 1995 (b): 90.

928 Rosmini 1995 (b): 91.

mens die reg om in die kerk opgeneem te word wanneer hy in die evangeliese waarheid van die kerk glo.[929] Elke mens en elke samelewing het ‘n plig of reg om die regte van ander mense wat dit wil benadeel, te beskerm. Die gelowiges moet veral die regte van die kerk in die algemeen beskerm. Volgens hom impliseer dit nie dat enigiemand ‘n reg tot voogdyskap oor die kerk het nie en sê: “... no individual society is superior to the Church.”[930]

## 7.14 Regte van die kerk relatief tot sy lede

Rosmini meen die kerk het relatief tot sy lede die reg om die magte tot sy beskikking, vrylik uit te oefen: “... Relative to its members, the Church has the right to exercise freely the seven powers... All the members have the jural duty to submit to the sevenfold power, which they have acknowledged by their entrance to the Church.”[931] Volgens hom is dié magte uitgebreid en het dit ’n regmatige en morele invloed selfs oor die tydelike sfeer. Die aanwysende mag in die kerk is bedoel om die lewe van die gelowige te reguleer, maar moet by die uitoefening van hierdie reg sy lede se regte heilig en nie inkort nie.[932]

## 7.15 Sanksies

929 Rosmini 1995 (b): 92.
930 Rosmini 1995 (b): 92.
931 Rosmini 1995 (b): 93.
932 Rosmini 1995 (b): 93.

Die kerk se reg relatief tot alle mense kan deur middel van eksterne magte teen strydlustige persone beskerm word, met dien verstande dat dié magte korrek aangewend word. Rosmini meen almal moet die kerk help. Die reg van die kerk relatief tot alle mense is daardie regte wat vir die totstandkoming daarvan verantwoordelik is en waarvan die reg om te handel, gehandhaaf word. Die beskerming van die regte van die kerk dui op die beskerming van die kerk se bestaan en die aktiwiteite daarvan.[933]

## 7.16 Verkreë regte van die kerk

Die verkreë regte van die kerk dui op die kerk se heerskappy en eiendomsreg, wat deur die kerk op 'n regverdige en billike wyse bekom is. Rosmini neem kennis van sekere besware dat die kerk se einddoel die vergeesteliking van die mens se sieleheil is. Hiervolgens word die tydelike aanspraak op eiendomsreg en heerskappy van die kerk as strydig met die kerk se doelwit of einddoel gesien: "Amongst such societies are those religious orders whose members have vowed publicly to renounce any kind of civil possession. This is not the case, however, with church society in general whose end, therefore, does not exclude its faculty to acquire temporal rights, and to possess."[934]

Rosmini meen egter dat die kerk eiendom vir die onderhoud daarvan vereis. Op grond hiervan is die kerk se aanspraak op eiendomsreg geregverdig. Dié eiendom moet vir geestelike doeleindes bestem wees. In Frankryk het die Nasionale Vergadering bepaal dat

---

933 Rosmini 1995 (b): 93-7.
934 Rosmini 1995 (b): 100.

kerklike eiendom aan die nasie behoort. Dié verordening het die kerk se juridiese aanspraak op eiendom ontsê.[935]

## 7.17 Regte in die burgerlike *societas*

### 7.17.1 Die wese en aard van die burgerlike *societas*

Rosmini meen daar is drie elemente wat die wese en aard van 'n burgerlike *societas* vorm, naamlik die samesyn van 'n mens met ander mense, die persepsie van 'n spesiale samelewing en die voordeel (goed) wat deur 'n gegewe samelewing vereis word.[936]

Rosmini behandel vervolgens twee eienskappe van die burgerlike *societas*, naamlik die *de facto* en die *de iure* samelewings.[937] Volgens Rosmini heet 'n bestaande samelewing 'n *de facto* samelewing. Dié vorm van samelewing is mens-gemaak. Die *de facto* samelewing word deur die gemeenskapsgevoel van die mens gevorm, en is die gevolg van menslike werksaamheid, omdat dit deur wilshandelinge van die mense totstand gekom het.[938] Die *de facto* samelewing is die gevolg van die wil van die mens: "... Every de facto society, therefore, can be called the work of human beings in so far as they place it in being through acts of will."[939]

---

935 Rosmini 1995 (b): 105.
936 Rosmini 1996: 8. "The following three elements constitutive of all societies: 1. The fellow-feeling of the person who unites with others in society. 2. The concept of special society, that is, society intuited in its possibility. 3. The good desired by means of a given society."
937 Rosmini 1996: 9.
938 Rosmini 1996: 10.
939 Rosmini 1996: 10.

**Rosmini glo 'n samelewing bestaan *de iure* sonder menslike tussenkoms. Die mens voeg niks tot die samelewing by nie. Alles is reeds vooraf in dié samelewing vervat: "... nothing is lacking for its realisation except human consent."[940] Die *de iure* samelewing vertoon die karakter van 'n juridies-verpligtende samelewing. Die voorskrifte van die reg besorg aan die *de iure* samelewing sy juridiese karakter.[941] Hy noem dié samelewing die ideale burgerlike *societas*, omdat dit volgens die norme van die reg opereer.[942]**

**Deur middel van dié menslike toestemming word die burgerlike *societas* gevorm. Sodanige toestemming vorm 'n nuwe aanspraak vir ander verpligtinge wat sosiale verantwoordelikhede as grondslag het.[943]**

**Rosmini definieer die burgerlike *societas* soos volg: "... as an institution which tends to provide peaceful co-habitation amongst several families, without harm to any, and to the advantage of all."[944] Die onmiddellike doelwit van die burgerlike *societas* is die regulering van die verhouding tussen verskeie gesinne, sodat hulle in 'n veilige en voordelige omgewing met mekaar saam kan lewe.[945] Die objek van die reg is dít wat voordelig (of goed) is. Burgerlike samelewings se voordeel, wat die oorsaak van sy onmiddelike doelwit**

---

940 Rosmini 1996: 10.

941 Rosmini 1996: 11. "This *de iure*… society does not exist… except as a result of the act of free will of those who unite… *de iure* civil society… does not exist completely in its concept until people have determined with their own will a number of things in addition to those necessary for making domestic civil society fully possible. In other words, they must determine not only the persons of the members, but also the form and mode of civil association."

942 Rosmini 1996: 10.

943 Rosmini 1996: 10.

944 Rosmini 1996: 13.

945 Rosmini 1996: 13. "Civil society is a union of families, or fathers of families… Civil society is then gradually formed in order to regulate these divergencies. It is an institution which tends to provide peaceful co-habitation amongst several families, without harm to any and to the advantage of all." Dit vorm die basis van die subsidiariteitsbeginsel soos deur Aquinas gestel.

is, sal die reg wees. Die burgerlike *societas* neig na ‘n tipe voordeel (of goed), naamlik die reg.[946]

### 7.17.2 Die modaliteit van die reg

Volgens Rosmini behels die modaliteit van die reg die regulering van die einddoel van die burgerlike *societas*. Dit het ook as doelwit die bepaling van die aard van die burgerlike assosiasie. Rosmini meen ook dat modaliteit van die reg van die reg self geskei kan word. Die modaliteit is dus nie ’n reg nie, maar is eerder “iets” wat afgeskeie en onafhanklik van regte is. Hy sê: “... Indifferent actions also, which bring neither good nor bad to human beings, are modalities; they cannot be called rights.”[947] Rosmini se onderskeid tussen reg en modaliteit is daarin geleë dat die objek van ‘n reg slegs dit is wat werklik goed is. Wat ook al onbelangrik is, kan egter nie die objek van regte wees nie.[948]

Volgens Rosmini verenig hoofde van gesinne om sodoende beskerming vir hul eie regte en dié van hul gesinne te waarborg. Die modaliteit van die reg moet op ‘n verstandige wyse uitgeoefen word, sodat botsings van belange of regte voorkom word. Hy verwys spesifiek hier na die botsings van die belange of regte van die meerderheid met dié van die minderheid. Hy spreek sy besorgdheid uit oor die regte van die minderheid: “... the few,

---

[946] Rosmini 1996: 14-5.
[947] Rosmini 1996: 26.
[948] Rosmini 1996: 26.

**when multiplied throughout the earth, would have been unable to preserve intact the goods and rights of their families, or to increase and enjoy them peacefully."[949]**

**Die burgerlike *societas* se onmiddelike doelwit is gerig op die uitoefening van die regte en verpligtinge van die mense. Hierin moet die burgerlike *societas* die kerklike en die huislike *societas* dien.[950]**

### 7.17.3 Omskrywing van die burgerlike *societas*

**Alvorens Rosmini by die ware omskrywing van die burgerlike *societas* kom, wil hy eers verduidelik hoe sommige skrywers se omskrywings daarvan die onmiddellike doelwit daarvan onredelik beperk het. Hy beskou al die skrywers wat hy behandel het, se omskrywings van die burgerlike *societas* as foutief of onvoldoende.[951]**

**Samuel Cocceius het die burgerlike *societa*s soos volg omskryf: "... the assembly of many families brought together for the sake of safeguarding right."[952] Rosmini meen Cocceius se definisie hiervan is uit hoofde van defek foutief. Hy glo dat die definisie van Cocceius die einddoel van die burgerlike *societas* beperk.[953]**

**Baroli, verduidelik weer, dat die veiligheid van regte die onmiddelike doelwit van die burgerlike *societas* is. Rosmini stel Baroli self aan die woord: "... according to Cicero,**

---

949 Rosmini 1996: 16.
950 Rosmini 1996: 16.
951 Rosmini 1996: 19.
952 Rosmini 1996: 22.
953 Rosmini 1996: 22.

followed by Hobbes and Pufendorf, civil society springs from fear on the part of the weak who join together to resist tyranny and injustice on the part of the strong. The end of the city for these authors is, therefore, to ward of such fear."[954] Volgens Rosmini fouteer ook Baroli in sy definisie van die burgerlike *societas*, deurdat laasgenoemde dit in die afweer van vrees fundeer.[955]

Volgens Rosmini skyn Rottec se omskrywing van die burgerlike *societas* nader aan die waarheid te wees, omdat hy die burgerlike *societas* in beide sekuriteit en juridiese vryheid uitdruk.[956] Rottec meen dat die onmiddellike doelwit van die burgerlike *societas* die beveiliging van regte en die eksterne vryheid van sy burgers is. Rosmini verklaar dat die doelwit of einddoel daarvan die veiligheid van die regte en vryhede van die mens is - daardie elemente wat die onmiddelike objek van die regering is.[957]

Hy meen die ware omskrywing van die burgerlike *societas* word deur die modaliteit van die reg bepaal. Hy verduidelik: "... civil society is the union of a certain number of fathers who agree that the modality of rights which are administered by them should be regulated perpetually by a single mind and a single (social) force in order to better safeguard these rights and ensure their most satisfactory use..."[958]

### 7.17.4 Die oorsprong van die burgerlike *societas*

---

954 Rosmini 1996: 22.
955 Rosmini 1996: 22.
956 Rosmini 1996: 23.
957 Rosmini 1996: 24.
958 Rosmini 1996: 25.

**Volgens Rosmini is die oorsprong van burgerlike *societas* veelvuldig. Hy meen dat die oorsprong daarvan in die ondersoek na die oorsprong van regerings gevind word. Hierdie oorsprong beskik oor twee eienskappe, naamlik die vereniging van baie mense met individuele regte en 'n regering wat die modaliteit van die regte van die mense of burgers administreer. Rosmini verklaar dat as slegs een van die twee eienskappe behandel word, sal daar nie 'n ware afleiding van die oorsprong van die burgerlike *societas* gevorm kan word nie. Hy beweer dat as die burgerlike *societas* slegs as 'n vereniging van mense beskou word, die oorsprong van die burgerlike *societas* noodwendig tot 'n sosiale kontrak gedegradeer word.[959]**

**Voorts sê hy dat as slegs die burgerlike *societas* (die regering) oorweeg word om sy oorsprong te bepaal, alles tot absolute mag gereduseer sal word. Hy meen egter as beide gedagtes oorweeg word, sal 'n ware en volledige oorsprong daarvan gevorm kan word.[960]**

**7.17.5 Die reg van regeergesag**

**Rosmini verdeel die oorsprong van die burgerlike *societas* onder twee hoofde, naamlik die eerste verkryging van gesag en die tweede verkryging van gesag.[961] Deur middel van eerste verkryging van gesag word burgerlike gesag van een persoon na 'n ander oorgedra en kom daar sodoende 'n nuwe regering tot stand.[962] Dié tweede verkryging van gesag dui op die aandrif (of passie) van die mens om te oorheers. Die geskiedenis is die beste voorbeeld**

---

959 Rosmini 1996: 67.

960 Rosmini 1996: 67-8.

961 Rosmini 1996: 69.

962 Rosmini 1996: 69. "The titles of second acquisition should also be indicated because civil power, when modified by its transference from one person to another, gives rise to at least a new form of government, if not a new society."

**van die oorsprong van die burgerlike *societas* onder die tweede verkryging van burgerlike gesag.**[963]

**7.17.6 Eerste verkryging van gesag**

**Die aanspraak op die eerste verkryging van gesag bestaan uit twee klasse. Met betrekking tot die eerste klas word aan die individu of kollektiwiteit die reg verleen om die burgerlike administrasie te handhaaf. Ten opsigte van die tweede klas het die individu of kollektiwiteit die reg om te regeer, afsonderlik van enige reg daartoe.**[964]

**Rosmini verduidelik verder dat die oorsprong van burgerlike *societas* onder die volgende drie hoofde tuisgebring kan word, naamlik eiendomsreg, vaderskap en heerskappy: "Fatherhood is an example... (and) right of ownership and of dominion."**[965]

**7.17.7 Eiendomsreg as regeergesag**

**Rosmini beweer dat Bossuet tot die gevolgtrekking kom dat die reg om te regeer uit eiendomsreg ontspring. Bossuet veronderstel dat die openbare gesag die eiendom van die regering uitmaak. Rosmini verklaar dat die individuele reg (eiendomsreg) van openbare gesag afgelei word.**[966]

---

963 Rosmini 1996: 69.

964 Rosmini 1996: 69. "Titles of first acquisition (are) divide into two classes. One class gives a person, whether individual or collective, the right to administer civil government."

965 Rosmini 1996: 69-70.

966 Rosmini 1996: 75.

Volgens Rosmini kan die oorsprong van die burgerlike *societas* ook in eiendomsreg gevind word. Hy meen dat die mens in die natuurstaat oor 'n stuk grond beskik, wat deur gesinne of setlaars bewerk word. Daardie gesinne vestig hulself op die eienaar se grond met laasgenoemde se toestemming, of die mense (huurders) betaal huur aan die grondeienaar.[967] Die grondeienaar beskik oor die bevoegdheid om voorwaardes te stel vir diegene wat hulle op sy grond wil vestig. Hy vestig hom sodoende as hulle burgerlike regeerder: "Because he can make laws for all those whom he allows to live on his property and who need him in order to subsist, he can naturally make himself their civil ruler."[968] Rosmini meen daardie mense wat nie sy gesin of knegte is nie, is vry om hulself van sy (burgerlike regering) te onttrek.[969]

Rosmini verklaar dat eiendomsreg oor grond egter nie absoluut is nie. Indien daardie mense aan wie die grondeienaar toestemming verleen het om hulle op sy grond te vestig, die grondeienaar se eiendomsreg oor die grond beskadig of benadeel, kan die grondeienaar 'n ander alternatief vir die mense bied: óf hulle moet sy grond verlaat óf hulle moet hulle aan sy (burgerlike regering) onderwerp.[970]

### 7.17.8 Aanspraak op vaderskap

Enigiemand wat 'n reg oor 'n ander mens uitoefen, beskik oor die vermoë om die modaliteit van die gebruik van daardie persoon se reg te bepaal. 'n Vader besit sekere regte oor sy

---

967 Rosmini 1996: 82. "Let us imagine a human being in the state of nature who occupies a certain area of land and has it worked by relatives or settlers. Other families come and establish themselves on his land with his free consent or pay him rent."

968 Rosmini 1996: 82.

969 Rosmini 1996: 82.

970 Rosmini 1996: 83.

kinders en reguleer daarom die modaliteit van die regte van sy kinders. Die vermoë om die modaliteit van ander se regte te reguleer staan bekend as "burgerlike gesag" en word in die geval onder die *patria potestas* van die vader beskou.[971]

Rosmini glo dat die vader wat mag oor bykans al die regte van sy kinders uitoefen, verplig is om sy reg moreel uit te oefen. Hy sê dat die gesag van die *patria potestas* verder strek as dié van die burgerlike regering, omdat die *patria potestas* regte self as objek het, terwyl die burgerlike regering die modaliteit van regte reguleer: "Fatherhood is a greater power than civil power and, in the state of nature, contains the latter...The power to regulate the modality of righs, separated from every other power, is called 'civil power.' It is therefore included in the patria potestas."[972] Volgens dié onderskeid ontken Sydney die moontlikheid dat die burgerlike gesag van die vaderlike gesag afgelei kan word. Hy verklaar dat die vaderlike gesag nie die enigste oorsprong van die burgerlike regering is nie. Volgens Sydney kan die burgerlike regering ook by wyse van ander juridiese weë gevestig word.[973] Indien die vader sterf, kan sy gesag nie net aan 'n ander mens oorgedra word nie. Rosmini impliseer dat daar eers 'n stel regsreëls gevorm word vir die oordrag van gesag. Hy verklaar dat, volgens Sydney, so 'n regering nie deur natuurlike opvolging oorgaan nie. Hy meen die vader moet een benoem as hoof en die ander verplig om dié gekose of benoemde persoon te gehoorsaam.[974]

---

[971] Rosmini 1996: 75-6.
[972] Rosmini 1996: 75.
[973] Rosmini 1996: 78.
[974] Rosmini 1996: 78-9.

**Volgens Rosmini kan die eersgeborene, of iemand wat die vader se keuse is, die gesag uit hoofde van testament of verdrag, by die vader oorneem. Dié regeergesag is uit sy aard oordraagbaar. Rosmini stel dit dat die vader deur middel van die sosiale kontrak sy reg aan ander mense gedeeltelik of in die geheel oordra. Dié vorm van vaderlike gesag is analoog aan dié van die burgerlike owerheid.[975]**

### 7.17.9 Heerskappy

**Volgens Rosmini kan die oorsprong van die burgerlike *societas* ook in die heerskappy van een persoon oor 'n ander persoon gevestig word. Die meester, of burgerlike regeerder, reguleer die modaliteite van ander mense onder sy beheer of gesag. Die meester word ook deur die morele reg verplig om dit te doen. Rosmini glo waar dit nie die geval is nie, sal: "... siegniory degenerate into wicked dominion, harmful to human nature, like the dominion of slavery."[976]**

**Heerskappy impliseer verantwoordelikheid. Die mens begeer dit as sy hoogste doel. Sommige mense misbruik soms heerskappy deur dit tot hul eie voordeel aan te wend, eerder as tot die voordeel van diegene oor wie hulle regeer, of die voordeel van die burgerlike *societas*.[977] Rosmini glo dat heerskappy geensins tot die reg tot selfverryking moet lei nie. Hy beweer die regeerder moet eerder sy regering só uitoefen dat sy onderdane daaruit voordeel trek. Rosmini verklaar: "... a sovereign endowed with these sublime**

---

975 Rosmini 1996: 75-81.
976 Rosmini 1996: 81.
977 Rosmini 1996: 85.

**qualities, whether he possesses them all personally or in his ministers, is the defender and pacifier of his people; in short, he is their continual benefactor."[978]**

**Deur heerskappy word die oorsprong van die burgerlike *societas* gevestig. Okkupasie wat die gevolg is van toestemming, is 'n regverdige manier om heerskappy te verkry.[979] Dié individue word hoofde van nasies sonder enige afkeur van die burgery. Die leier okkupeer dus die reg om oor die mense te regeer.[980] Sodanige reg verkry legitimiteit: "Occupancy is a just way of acquiring both the right of civil rule and every other right."[981]**
**Rosmini meen burgerlike regering kan nie bestaan tensy iemand dit okkupeer nie. Die oorsprong van burgerlike regering vereis 'n handeling van die mense. Rosmini beweer dat deur die regeerder se okkupasie moet hy homself, net soos al die ander mense, aan die wet onderwerp.[982] Rosmini glo, net soos die Thomisme, dat diegene wat wette vir ander maak, moet hulle self aan sodanige wette onderwerp: "... *quod quisque iuris in alterum statuit, ipse eodem iure uti debet*. (wie ook al wette vir ander promulgeer, moet self aan daardie wette gehoorsaam wees)"[983]**

**Rosmini meen wanneer die okkupeerder slegs die regte en verpligtinge (modaliteit van ander mense se regte) reguleer, dit voordelig vir die burgerlike samelewing sal wees. Wanneer hy egter dink dat hy die reg het om enigiets te doen, sal die teenoorgestelde**

---

978 Rosmini 1996: 86.
979 Rosmini 1996: 91.
980 Rosmini 1996: 89-90.
981 Rosmini 1996: 89.
982 Rosmini 1996: 93-4.
983 Sien *Summa Theologiae* 1-2, q. (96), a. (5) ad 3um. "And we have it on the authority of the wise man that you should subject yourself to the same law which you promulgate."
Die benadering toon parallelle met die sogenaamde beginsel van "rule of law," waarby die owerheid sowel as die onderdaan aan die wet onderworpe moet wees.

**gebeur. Hierdie persepsie is deur antieke regerings misbruik, wat gedink het dat hulle oor onbeperkte gesag beskik. Hulle het die belange van die meerderheid bo dié van die minderheid gestel. Die persepsie het aanleiding gegee tot die stelreël: "The well-being of the republic is the supreme law," gegee.[984] Onder sodanige stelsel sal natuurlike regte aangetas word.[985]**

---

[984] Rosmini 1996: 97.
[985] Rosmini 1996: 34.

## 8. Toepassing

### 8.1 Rosmini se bydrae tot die samelewing en samelewingstrukture

**8.1.1 Volgens Rosmini is die samelewing nie ‘n mensgemaakte entiteit of skepping nie. Dit is eerder ‘n teïstiese instelling, omdat dit uit die wil van God voortspruit. Die samelewing ontleen sy teosentriese aard aan die Voorsienigheid van God. Analoog aan Aquinas se standpunt gaan Rosmini van die gedagte uit dat samelewingsvorme binne die Voorsienigheid van God staan. Nie net die samelewing in die geheel nie, maar ook die individu speel ‘n belangrike rol daarin. Binne die teïstiese samelewingsorde word die mens met bepaalde verantwoordelikhede beklee. Hy geniet sekere regte, maar neem ook sekere verpligtinge op. Hieruit is dit dus duidelik dat samelewings en samelewingsvorme nie die produkte van menslike willekeur is nie. In aansluiting by die ondersoek na Rosmini se antropologie, kosmologie en ontologie hierbo verduidelik, is dit vir Rosmini duidelik dat die menslike samelewing ‘n Godgeskape entiteit is.[986] Voorts beteken dit dat die menslike samelewing in ‘n spesifieke sin (die huislike, kerklike en burgerlike samelewingsterreine) nie op menslike wyses tot stand gekom het nie.[987]**

**8.1.2 Rosmini verklaar dat die menslike samelewing in die Skeppingsorde van God gegrondves is. Hiervolgens moet universele beginsels op die samelewing van toepassing gemaak word. Op grond hiervan kan die subjektiwistiese sienswyses oor die samelewing getransendeer word. Dié subjektiwistiese sienswyse wat in die samelewing geld, word deur**

---

[986] Sien Hoofstuk 2: Antonio Rosmini se Sosiale Filosofie.
[987] Sien Hoofstuk 7: Antonio Rosmini se Sosiale Regte.

**die positiewe reg verteenwoordig. Die positiewe reg wat nie ewigdurend en orals geldig is nie, beskik nie oor daardie eienskappe wat aan 'n universele entiteit toegereken kan word nie. Die positiewe reg is dus nie 'n afgeronde stelsel indien dit nie in ooreenstemming met die beginsels van die natuurreg is nie. Rosmini streef daarna om die doelwitte vir 'n ideale samelewing te stel. Hy beroep hom op die natuurreg om dié einddoel (teosentriese samelewing) te bereik. Die natuurreg wat oor die goddelike eienskap van ewigdurendheid beskik, geld orals en vir almal. Sodoende wil Rosmini nie net Christene akkommodeer nie, maar ook nie-Christene. Hy wil sodoende ook kulturele verbintenisse met andersdenkendes bevorder en stimuleer. Die natuurreg transendeer sodoende die subjektiwistiese aard van die positiewe reg. Dit vorm derhalwe die fundamentele maatstaaf vir die handhawing van regte en verpligtinge in die menslike samelewing.**[988]

**8.1.3 Volgens Rosmini is die vryheid van die menslike samelewingsvorme slegs in die verskeidenheid van gedifferensieerde samelewings realiseerbaar.**[989] **As uitvloeisel hiervan stel Rosmini dat die samelewingsvorme nie slegs tot die burgerlike *societas* reduseerbaar is nie. Die samelewing is nie 'n mensgemaakte instelling nie. Soos Aquinas, glo Rosmini dat die menslike samelewing in die Skeppingsorde van God gefundeer is. Wat dìt betref, is Rosmini 'n Thomis. In lyn met die neo-Thomiste soos Maritain en Gény, fokus Rosmini nie net op die ontologiese en kosmologiese problematiek van die filosofie nie, maar veral ook op die rol en struktuur van die samelewing en die individu se rol daarin. Net soos die regte**

---

988 Sien Hoofstuk 2: Sosiale Filosofie.
Sien ook Hoofstuk 3: Politieke Filosofie.

989 Sien Hoofstuk 7: Sosiale Filosofie.

**van die burgerlike *societas* gestipuleer word, moet die regte van die huislike *societas* en die kerklike *societas* ook geformuleer en gehandhaaf word.[990]**

**Wat die burgerlike *societas* in die besonder aanbetref, glo Rosmini dat die mens 'n behoefte ervaar om in 'n burgerlike samelewing met ander te verenig. Die mens glo dat die burgerlike *societas* noodsaaklik vir die handhawing van regte en verpligtinge is. Elke persoon begeer dat die regte van ander met wie hy in kontak kom, beperk word. Die mens meen dat in die burgerlike *societas* sy regte beskerm sal word. Die burgerlike *societas* soek na 'n gesagselement waardeur die mens se regte en verpligtinge gehandhaaf kan word. Daar moet dus 'n politieke regeergesag in die burgerlike *societas* aanwesig wees, omdat daar soms onreg in die burgerlike samelewing voorkom.[991]**

**Die mense wat nie self hul regte kan beskerm nie, wend hulle vir beskerming tot die burgerlike gesag. Die burgerlike *societas* se primêre doelwit is die waarborg en beskerming van die regte van die burgers. Dié waarborge dien as sade vir die ontstaan van die burgerlike *societas*, omdat die regte van almal daarin gehandhaaf moet word. Rosmini se politieke filosofie impliseer dat die burgerlike *societas* die regte van almal moet handhaaf. Die beskerming van die burgers se regte moet dus die eerste doelwit van die burgerlike *societas* wees.[992]**

---

990 Sien Hoofstuk 7: Sosiale Filosofie.
991 Sien Hoofstuk 3: Politieke Filosofie.
Sien Hoofstuk 6: Individuele Regte.
992 Sien Hoofstuk 2: Sosiale Filosofie; Hoofstuk 3: Politieke Filosofie en Hoofstuk 6: Individuele Regte en Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**Volgens Rosmini moet niemand van private of openbare ampte uitgesluit word nie. Die burgerlike *societas* staan vry om enige gepaste kandidaat vir 'n amp te kies. Die gekose kandidaat se vryheid bestaan daarin dat hy nie moet doen wat nadelig vir die mense en vir die burgerlike *societas* is nie. Hy sê dat die burgerlike gesag byvoorbeeld die vryheid van die pers in politieke aangeleenthede tot 'n sekere mate kan beperk. Volgens hom stel die burgerlike *societas* sodoende 'n gematigde uitoefening van sodanige vryheid voor. Die burgerlike *societas* kan byvoorbeeld, deur middel van sy amptenare, beperkings op publikasies van sekere materiaal beveel. Die burgerlike *societas* kan voorts deur middel van voorkomende wette misbruik van die pers voorkom. Onder bepaalde omstandighede kan die burgerlike owerheid die publikasie van aanstootgewende materiaal beperk.[993]**

**Rosmini meen dat juridiese gelykheid behels dat die burgerlike *societas* menseregte moet erken en respekteer. Hy meen dit is 'n groot taak om die menings van die massas oor sosiale geregtigheid te reguleer. Eenvormigheid van menings lei die burgerlike *societas* tot sy hoogste vervolmaking en sodoende geniet die burgers onvervreembare regte. Rosmini meen dat een van die vernaamste pligte van die burgerlike regering in die handhawing van die ooreenstemming tussen die regeergesag en die openbare mening lê.[994]**

**Rosmini meen 'n wyse burgerlike regering se magte skiet nooit tekort om al sy burgerlike pligte en die regte van die burgers te akkommodeer nie. So 'n burgerlike regering sal enige onreg teen die openbare orde of private regte teengaan.[995]**

---

[993] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Filosofie.
[994] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Filosofie.
[995] Sien Hoofstuk 6: Individuele Regte en Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**Burgerlike gesag is van God afkomstig soos uitgedruk deur die spreuk "*omnis potestas a Deo.*" Legitieme gesag en regte is van God deur middel van die reg afkomstig. Die burgery moet hulle aan die burgerlike owerheid of regering onderwerp. Rosmini meen die burgers mag nie geweld teen die regeerder gebruik nie. Indien hulle dit vanweë onreg aan die kant van die regeerder sou doen, sal sodanige burgers medepligtig wees en met net soveel blaam as die onbillike regeerder verwyt kan word.[996]**

**Rosmini meen die burgerlike *societas* kan die beste gevorm word deur die uitoefening van twee deugde, naamlik geregtigheid en wysheid. Die juridiese plig van die burgerlike regering moet die handhawing van geregtigheid as doelwit hê. Rosmini verklaar dat die burgerlike samelewing floreer, indien geregtigheid universeel gehandhaaf word. Die geregtigheidsbeginsel, wat 'n uitvloeisel van die morele reg is, kulmineer in die toepassing van die Skriftuurlike liefdesbeginsel. Rosmini meen ter wille van die goddelike aard van geregtigheid beskik die mens oor regskape eienskappe en weet hy om die goeie na te volg. Die mens sal deur middel van geregtigheid verplig wees om moreel goed in die burgerlike *societas* te handel. Hy verklaar sodoende dat die burgerlike *societas* nie deur onreg in stand gehou kan word nie. Die primêre plig van die regeerder is dus die handhawing en behoud van die burgerlike *societas*. Volgens hom dra geregtigheid, moraliteit en godsdiens by tot die bereiking van die einddoel van die burgerlike *societas*. Die einddoel van die burgerlike *societas* is die verkryging van voordele en die bevrediging van behoeftes. Rosmini verklaar dat die hervorming van die burgerlike *societas* volmaaktheid bereik, indien dit die gevolg van 'n optimale verspreiding van voordele behels.**

---

[996] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**Rosmini meen voorts dat onreg deur die burgerlike *societas* ontstaan, indien die burgerlike samelewing meen dat dit oor enigiets kan beskik soos dit goed dink en dat alles ten koste van die burgerlike *societas* opgeoffer moet word. Onreg deur die burgerlike *societas* lê ook in die versuim om juridiese gelykheid tussen regering en burger te erken. Rosmini meen die stelreël "*Salus reipublicae suprema lex*" behels die weiering van juridiese gelykheid tussen die burgerlike *societas* en die individu. Dié stelreël skend ongetwyfeld die individuele regte van die burger. By die handhawing van staatsveiligheid (*Salus reipublicae*...) enersyds en die beskerming van menseregte andersyds het 'n mens te doen met 'n oënskynlike botsing van regsbeginsels. Die reg poog om die grootste moontlike beskerming aan menseregte te verleen, byvoorbeeld om daardie regte in grondwette of handveste van menseregte te verskans, sodat hulle nie maklik opgehef of afgeskaf kan word nie. Verder word remedies verleen vir die onregmatige inbreukmaking op daardie regte. Basiese menseregte word selfs as onaantasbaar beskryf. Tog geld die beginsel dat die owerheidsgesag al die middels tot sy beskikking kan aanwend om enige bedreiging van die veiligheid van die staat die hoof te bied, al word individuele menseregte daardeur ingeboet.[997] Die beginsel in *Krohn v Minister for Defence and Others*[998], word treffend deur regter Rose Innes uitgedruk: "... but there is an inherent right in every state, as in every individual, to use all means at its disposal to defend itself when its existence is at stake; when the force upon which the courts depend and upon which the constitution is based, is itself challenged. Under such circumstances the state may be compelled by necessity to disregard for a time the ordinary safeguards of liberty in defence of liberty itself, and to**

---

997 Sien Hoofstuk 6: Individuele Regte en Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

998 1915 AD 191.

**substitute for the careful and deliberate procedure of the law a machinery more drastic and speedy in order to cope with an urgent danger."**

**Inderdaad het 'n mens nie net te doen met 'n botsing van regsbeginsels nie, maar met 'n opweging en afbakening van belange. Die reg van die individu is baie belangrik en word daarom beskerm tot op daardie punt waar die belang van die gemeenskap oorheersend word, omdat sy voorbestaan bedreig word. Volgens Rosmini sou die individu se reg immers nie kon voortbestaan as die gemeenskap waarin hy daardie reg uitoefen, ondergaan nie. Rosmini stel dit soos volg: "... society must prefer not to do harm to a private individual even for the sake of obtaining the safety of all the others. Conversely, it cannot do some good to the individual unless this good comes about without any damage or diminution of public good."[999]**

**Rosmini veronderstel dat dat daar 'n gebalanseerde verhouding tussen menseregte en staatsveiligheid moet wees. Dit is die mate waarin staatsveiligheid bedreig of in gevaar gestel word, wat bepaal in hoeverre basiese menseregte ingekort moet word. Dit is alleen wanneer die voortbestaan van die staat op die spel is, dat die buitengewone masjinerie waarvan in die *Krohn*-saak melding gemaak word, in werking gestel behoort te word.**

**Onreg aan die kant van die individu (byvoorbeeld die amptenaar wat namens die burgerlike *societas* ageer) sluit arbitrêre beslissings, magsmisbruik en nepotisme in. Indien persone hul legitieme gesag oorskry en dit vir 'n heel ander doel aanwend as waarvoor dit**

---

999 Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte; Rosmini 1996: 39.

**gereserveer is, sal die verhouding tussen die burgerlike *societas* en die burgery nadelig geaffekteer word.**[1000]

**Rosmini meen die burgerlike *societas* begaan ook 'n onreg, indien dit die grense van die reg oorskry en ook indien dit die regte van die individu en kollektiwiteit aantas. Rosmini meen indien die regering beslag lê op eiendom van ander, sonder die belofte van kompensasie, sal dit 'n onreg deur die regering wees. Dit sal ook 'n misbruik van gesag deur die regering veronderstel.**

**Rosmini meen die burgers beskik oor 'n reg van protes teen 'n regering wat sy gesag misbruik. Die reg tot protes moet egter goed deurdink en deeglik oorweeg word. Dié reg moet egter in die openbaar uitgeoefen word. Rosmini meen as die bindende kontrak tussen die regeergesag en die burgery aangetas word, kan die burgery hul reg tot protes gebruik, deur hulle van die voorwaardes van die kontrak te bevry.**[1001]

**Rosmini meen ook persone wat met burgerlike gesag beklee is, maar wat nie oor ooreenstemmende vergoeding beskik nie, sal geneig wees om hul gesag te misbruik ten einde hulself te verryk. Hulle sal derhalwe nie waak oor die belange van andere, of hulle sal nie die openbare welsyn handhaaf nie. Volgens Rosmini moet burgerlike gesag proporsioneel tot rykdom staan. Dieselfde geld met betrekking tot militêre mag en burgerlike gesag.**[1002]

---

[1000] Sien Hoofstuk 6: Individuele Regte en hoofstuk 7: Sosiale Regte.
[1001] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.
[1002] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**8.1.4 Binne die menslike samelewing kan drie selfstandige manifestasies van die *societas* geïdentifiseer word: die huislike *societas*, die kerklike *societas* en die burgerlike *societas*. Dié samelewingstrukture behels die menslike sosiale samesyn. Die een samelewingsvorm lei nie gesag van die volgende samelewingsvorm af nie. Op grond hiervan kwalifiseer Rosmini hom steeds as 'n Thomis. Anders as Aquinas, wat hoofsaaklik die subsidiariteitsbeginsel oor die boeg van die beginsels van hiërargie, outonomiteit en intervensie skoei, beklemtoon Rosmini die selfstandigheid van elke samelewingsvorm.[1003]**

**8.1.5 Deur Rosmini se beklemtoning van die eiestandigheid van elke samelewingsvorm bereik Rosmini, anders as Aquinas, 'n afgeronde leer oor die menslike samelewing en samelewingsvorme. Rosmini beklemtoon die eiestandige aard van die gedifferensieerde samelewingsvorm sterker as Aquinas. Daar is bepaalde funderingsgronde tussen dié samelewingsvorme. Daardie funderingsgronde besorg aan hulle hul eiestandige aard, naamlik as huislike *societas*, kerklike *societas* en burgerlike *societas*. Al die ander samelewingsvorme spruit uit die huislike samelewingsvorm voort. Gesamentlik behou elk van die samelewingsvorme steeds hul eiesoortigheid.**

**Vir die vervolmaking van die menslike samelewing sal die kerklike *societas* deurslaggewend wees. Rosmini beskou die kerklike *societas* of samelewingsvorm as absoluut onontbeerlik vir die menslike samelewing. In daardie opsig is die ander samelewingsvorme van die kerk afhanklik. Op sy beurt is die kerk weer van die huislike samelewingsvorm afhanklik. Op grond hiervan beklemtoon Rosmini die interafhanklikheid van samelewingsvorme.[1004]**

---

[1003] Sien Hoofstuk 3: Antonio Rosmini se Politieke Filosofie; Sien hoofstuk 7: Sosiale Regte.
[1004] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**Die belang van die kerklike samelewing bestaan ook daarin dat dit die mens tot vervolmaking moet bring, deurdat dit hom met geestelike dinge en met God verenig.**
**Op grond hiervan sal die mens se handelinge sodoende deur goddelike liefde beïnvloed word. Die Christendom moet juis menslike gedrag verbeter, sodat die mens deugsaam word. Deur middel van deug en weens die invloed van Christendom word drie elemente in die mens herstel en bevorder, naamlik handelinge, begrip en moraliteit.[1005] Dié elemente vorm die onderwerp van regte, omdat in elke menslike samelewingsterrein die mens met regte en pligte beklee is. Die Christendom poog om sodoende die mens in alle samelewingsvorme met menseregte te beklee. Dit vereis dat die mens se regte in alle sosiale verhoudings gerespekteer moet word.[1006]**

**Rosmini meen die huislike *societas* bestaan natuurlik tot die mens en is verantwoordelik vir die mens se welsyn. Die vereniging van die man en vrou in die huwelik vorm die huislike *societas* en bevat as voorbeeld die wedersydse belofte wat die basis van die man en vrou se regte en pligte teenoor mekaar in die burgerlike *societas* word.[1007] Dié huweliksbelofte is permanent van aard en geniet ook 'n sakramentele status. Dié belofte kan nie aangetas word, sonder aantasting van die regte van die ander gade nie. Die status van die huwelik**

---

[1005] Rosmini 1995 (b): 10. "This divine religion has restored and increased in human beings the three constitutive elements, activity, understanding and morality, which form the subject of rights."

[1006] Rosmini 1995 (b): 11. "Christianity compelled human beings to respect rights in the best and efficacious way by making people want to respect them…Christianity bettered the human will, and from that moment rights were respected."
Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

[1007] Rosmini 1995 (c): vii.

met eienskappe van permanensie, eenheid en getrouheid verhef die aansprake van regte en verpligtinge in beide gades.[1008]

Rosmini meen dié eenheid van die man en vrou in die huislike *societas* vorm sodoende die huweliksgemeenskap. Uit die huweliksgemeenskap, waarin kinders verwek word, word vervolgens die ouerlike gemeenskap of samelewing gevorm: "... conjugal society, which originates with the conception of children."[1009] Hierin versorg die ouers hul kinders. Rosmini verklaar dat in dié ouerlike samelewingskring daar onvervreembare regte en verpligtinge ten opsigte van al die lede van dié samelewingskring bestaan.[1010] Hulle regte moet as einddoel beskou word en dienooreenkomstig gerespekteer word. Die regte van die kinders sal mettertyd verander soos wat hulle opgroei en as meer verantwoordelike lede ageer. Mettertyd, soos die kind ontwikkel en beheer oor sy natuurlike vermoëns vorm, sal die ouerlike uitoefening van reg oor die kind afneem en sal dit uiteindelik staak.[1011]

Rosmini beskou die burgerlike *societas* as die ideale samelewing. Op grond hiervan vind hy aansluiting by die Thomisme. Die burgerlike samelewingskring dien as die gevolg van die geleidelike ontwikkelling van die regte en verpligtinge van die mens. Rosmini verklaar dat die einddoel van die burgerlike *societas* in die uitoefening van die mens se regte en verpligtinge geleë is, sowel as in die welsyn en vooruitgang van die burgerlike *societas*.

---

1008 Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.
1009 Rosmini 1995 ( c):s
1010 Rosmini 1995 (c): viii. "… Parental society, in which father, mother and children all have a part to play, give rise to inalienable rights and duties on the part of spouses and their offspring."
1011 Rosmini 1992: 41-2.
Sien Rosmini 1996: vii-viii.
Sien hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**Op grond hiervan verwerp Rosmini die teorie van die burgerlike *societas* as 'n totalitêre staat, sowel as die feit dat regte uitgeoefen kan word sonder dat die welsyn van die burgery in ag geem word.[1012] Die burgerlike *societas* moet toesien dat die uitoefening van regte van die individu gehandhaaf word: "... the exercise of rights may be regulated, given certain conditions, by civil society which exists for that very purpose."[1013] Dit beteken dat die burgerlike *societas* nie die individu of burger se regte moet aantas nie en dat dit ook moet toesien dat die vryheid en regte van die kerklike en huislike *societas* nie aangetas word nie.[1014] Volgens Rosmini moet die individu, sowel as die kerklike en huislike samelewingskring se onskendbare regte deur die burgerlike *societas* gehandhaaf word.[1015]**

**Rosmini kom tot die slotsom dat die burgerlike *societas* ten spyte van sy besondere verhouding tot ander samelewingsvorme nie oor die reg beskik om die natuurlike regte van die burgers aan te tas nie. Dit is juis die plig van die burgerlike *societas* om die burgers se natuurlike regte te beskerm. Die burgerlike *societas* moet die algemene belang (belange van almal) en die openbare belang (die belange van die sosiale liggame) en privaatbelange bevorder.[1016] Dit is die doelwit, of einddoel van die burgerlike *societas*.**

---

1012 Rosmini 1996: vi.
1013 Rosmini 1996; vi.
Hoofstuk 7: Sosiale Regte.
1014 Rosmini 1996: vi. "Rights, whether vested in an individual, in the true Church or in the family, are inviolable…"
1015 Rosmini 1996: vi.
Hoofstuk 7: Sosiale Regte.
1016 Rosmini 1992: 42-44.
Rosmini 1996: 34, 37.
Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**8.1.6 Rosmini meen dié onderskeie samelewingsvorme is onderling heg verenig. Daar kan nie van 'n menslike samelewing gepraat word, as daar nie van 'n huislike *societas*, kerklike *societas* en burgerlike *societas* sprake is nie.**

**8.1.7 Elke samelewingsvorm is 'n selfstandige vryheid deelagtig. Sodanige samelewingsvorme moet elk verantwoordelikheid teenoor God vervul.[1017] Hiervolgens onderskryf Rosmini die Thomistiese subsidiariteitsbeginsel dat die burgerlike *societas* slegs hulp en bystand verleen aan byvoorbeeld die huislike *societas*, indien laasgenoemde gemeenskap nie in staat sal wees om sy belange te handhaaf nie. Op grond hiervan is dit duidelik dat die burgerlike *societas* nie in die belange van die ander twee samelewingsvorme moet inmeng nie. Rosmini verklaar: "This society, therefore, does not have as its end the personal and natural rights of theocratic and conjugal society, but exists simply to oversee the exercise or modality of these rights…"[1018]**

**8.1.8 Volgens Rosmini het elke samelewingvorm 'n morele onderbou. Daar bestaan 'n bepaalde morele grondslag waarop samelewingsvorme moet funksioneer. Elke samelewingsvorm moet wanneer dit handel telkens die liefdesgebod in ag neem.[1019]**

**8.1.9 Rosmini verklaar dat die morele onderbou van die samelewing 'n basis vir regte en verpligtinge en vir natuurlike geregtigheid bied. Pligte en regte is korrelate begrippe. Die plig om lewe te beskerm impliseer dat die mens 'n reg op lewe het. Die plig om nie te steel**

---

[1017] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.
[1018] Cleary 1992: 42.
[1019] Sien Hoofstuk 7: Sosiale Regte.

**nie, veronderstel die reg op eiendom. Die een mens se plig vestig die ander mense se reg. God gee nie óf pligte óf regte nie, maar wel pligte én regte.[1020]**

**Die antropologiese onderbou van Rosmini se filosofie is wesenlik vir sy samelewingsleer. Sy antropologie dien as basis vir morele handelinge en dui op die oorsprong van regte en verpligtinge in die menslike samelewing. Deur die siel, wat die goddelike eienskappe in die mens verteenwoordig, word die menslike handelinge sodoende die onderwerp van morele handelinge. Op grond hiervan sal die mens respek vir ander betoon en sal die handhawing van regte en verpligtinge, wat die onderwerp van menseregte uitmaak, suksesvol in die menslike samelewing geïmplementeer word.**

**Die beginsels van die morele reg sal nie sonder 'n deeglike kennis van die mens toegepas kan word nie. Die mens handel noodwendig moreel. Rosmini veronderstel dat die mens homself deur die natuurregbeginsels *suum cuique tribuere* (gee aan elkeen wat hom toekom) en *neminem laedere* (doen 'n ander geen leed aan nie) moet laat lei. Rosmini meen dié natuurregbeginsel dien as basis vir menseregte. Vanuit hierdie denkraamwerk gaan Rosmini van die benadering uit dat die mens 'n redelike en sedelike wese is en sodoende draer van menseregte is. Sy antropologiese grondslae voorsien sodoende 'n basis vir 'n Christelike menseregte-teorie. Rosmini verklaar dat die mens oor onvervreembare menseregte beskik. Hy meen op grond van die antropologiese raakpunte tussen God en mens, beskik die mens sodoende oor onvervreembare menseregte, wat deur almal en selfs deur die burgerlike owerheid gerespekteer moet word.[1021]**

---

[1020] Sien Hoofstuk 4: Regsfilosfie; Hoofstuk 6: Individuele Regte.
[1021] Sien Hoofstuk 2: Sosiale Filosofie.

**8.1.10 Sosiale geregtigheid in die samelewing vind uiting deur middel van die beginsels van sosiale welwillendheid. Morele beginsels bied riglyne waarvolgens geregtigheid in die samelewing tot uitdrukking kom.[1022]**

**8.1.11 Rosmini vind aansluiting by die klassieke standpunte ingevolge waarvan samelewings as kollektief sowel as individueel aan die fundamentele morele beginsels van die sentrale liefdesgebod gebonde geag word omdat alle menseregte in fundamentele pligte gefundeer is. Op grond hiervan moet 'n aanspraak-kultuur deur 'n pligte-kultuur vervang word.[1023]**

**8.1.12 In die lig van die voorgaande bied Rosmini 'n platvorm vir kulturele diskoers en etiese betrokkenheid oor ideologiese grense heen vir sover hy meen dat die hele samelewing onder die algemene openbaring van God staan.[1024]**

**Die regsimplikasie van die morele standpunte van Rosmini oor die menslike samelewing word onder sy siening oor aborsie behandel. In die lig van sy morele standpunte staan Rosmini se regsfilosofie binne die konteks van die Thomisme. Met betrekking tot die verband tussen moraliteit en die reg vind Rosmini derhalwe aansluiting by die Pauliniese tradisie. Aquinas onderskryf die Pauliniese standpunte oor die etiek, terwyl Rosmini ook oplossings vir morele vraagstukke in die burgerlike *societas* langs die lyne van die Pauliniese etiek bied. Rosmini se standpunt oor die morele vraagstuk van aborsie in die burgerlike *societas* is van besondere belang vir sy Pauliniese perspektiewe vir die etiek.**

---

[1022] Sien Hoofstuk 4: Regsfilosofie; Hoofstuk 6: Individuele Regte; Hoofstuk 7: Sosiale Regte.
[1023] Sien Hoofstuk 4: Regsfilosfie; Hoofstuk 6: Individuele Regte.
[1024] Sien Hoofstuk 4: Regsfilosofie.

**Die Christendom beklemtoon die natuurreg as ‘n universele reg gemanifesteer in die harte van alle mense. Rosmini handhaaf dat die natuurreg ook op nie-Christene betrekking het: “ The law is not laid down for the just but for the lawless.”[1025] Dié gedagte berus op die Skriftuur: “Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulself ‘n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig…”[1026]**

**In die vroeë Christelike tradisie is, met betrekking tot die status van fetale lewe, verklaar dat die fetus of embrio in die baarmoeder deur die goddelike wil beheer word. Volgens Tertullianus is dié embrio of fetus in die baarmoeder ‘n mens. Op grond hiervan beskou hy aborsie as moord: “The law of Moses, indeed, punishes with due penalties the man who shall cause abortion, inasmuch as there exists already the rudiment of a human being, which has imputed to it even now the condition of life and death, since it is already liable to the issue of both, although, by living still in the mother, it for the most part shares its own state with the mother.”[1027]**

**Athenagoras toon ooreenkomste met Tertullianus waar hy verklaar dat moord die praktyk van vroue is: “… who use drugs to bring on abortion” en vervolgens:“… (they) will have to give an account to God for the abortion.”[1028] Hiervolgens sal die fetus as mens beskou**

---

[1025] Rosmini 2004: 54.
[1026] Romeine 2: 14-15.
[1027] Raath et. al. 2006: 151.
Tertullianus. *Apology* (1966): 394, in Raath et. al. 2006: 151.
[1028] Raath et. al. 2006: 151.
Athenagoras. *A Plea for the Christians* (1997): 284, in Raath et.al. 2006: 151.

**word: "… and therefore an object of God's care…"[1029] Dit beteken dat die fetus nie gedood mag word nie.[1030]**

**In die vroeë Christelike tradisie is aborsie onder daardie growwe sondes gereken wat deur die gebod van liefde teenoor God en die naaste verbied word. Aborsie is beskou as synde direk in stryd met liefde wat die mens teenoor God en die naaste verskuldig is. Johannes Chrysostomus vermaan vanuit die perspektief van naasteliefde dat die Christen 'n matige leefwyse moet voer. Hy meen dat daar teen dronkenskap gewaak moet word, omdat dit die "moeder van ontug is." Die implikasie van dronkenskap is dat die een sonde tot die ander lei en uiteindelik kulmineer in 'n praktyk erger as moord, naamlik aborsie: "You see how drunkenness leads to whoredom, whoredom to adultery, adultery to murder; or rather to something worse than murder. For I have no name to give it, since it does not take off the thing born, but prevents its being born. Why then dost thou abuse the gift of God, and fight with His laws, and follow after what is a curse as if a blessing, and make the chamber of procreation a chamber for murder, and to arm the woman that was given for childbearing unto slaughter."[1031]**

**Rosmini se standpunt oor die beskerming van fetale lewe stem ooreen met dié van die vroeë Christelike tradisie.**

---

1029 Raath et. al. 2006: 151.
Sien Athenagoras 1997: 284.

1030 Raath et. al. 2006: 151.
Athenagoras 1997: 284, in Raath et. al. 2006: 151.

1031 Raath et. al. 2006: 153.

**Rosmini vind ook aansluiting by die Pauliniese etiek, wat behels dat die goddelike wil deur middel van die rede toeganklik is.[1032] Die idee van die natuurreg, afgelei van God se soewereine wil en toeganklik vir die menslike rede, staan sentraal in Rosmini se denke oor geregtigheid in die samelewing. Die Pauliniese etiek verwerp enigiets wat die Wil van God teengaan: naamlik die verering van afgode, die beoefening van seksuele ongerymdhede en die verkondiging van die rede bo die geloof.[1033]**

**Die Wil van God veronderstel die vermyding van seksuele ongerymdhede soos byvoorbeeld aborsie. Volgens Paulus is die mens se liggaam nie sy eie nie, maar is dit van God afkomstig en is dit as sodanig die tempel van God. Die mens moet dus 'n vrome leefwyse voer en volgens die gebooie van God lewe. Rosmini poog om die voorskrifte van die gebooie oor die boeg van die natuurreg te gooi. Hy verklaar: "… those things to which human beings are naturally inclined pertain to the law of nature."[1034] Rosmini verklaar: "Both duty and right presuppose moral obligation, moreover, it is true that reason, by indicating what is good and bad, also produces in us a kind of feeling and inclination directing us to good and away from evil."[1035]**

---

1032 Rosmini 2004: 72. Rosmini haal Aquinas aan: "It is well known that things naturally implanted in reason are true in such a way that it is quite impossible to think of them as false." Hy verklaar verder deur Aquinas aan te haal: "Knowledge of principles naturally known is implanted in us by God who created us. It would follow, therefore, that Christian faith would not come from God if it contracted the principles of natural reason and their consequences. He also infers that from the absurdity that would arise if God, after giving us reason, were to impose upon us a faith in conflict with it. In this way would ruin his own work by preventing our intellect from performing its natural operations, since as St. Thomas never ceases to say: *intellectus noster ligatur ut ad veri cognitionem procedere nequeat* (when faced with contradictory propositions our intellect is fettered, and prevented from attaining the knowledge of truth.)

1033 Raath et. al. 2006: 143-4.
Nóg Rosmini nóg Aquinas het die rede bo die geloof verabsoluteer. Die propagering van die rede bo die geloof dien as uitlopers vir die Verligtingdenkers. Rosmini en Aquinas het deurgaans die Pauliniese etiek gehandhaaf.

1034 Rosmini 1993 (b): 2.

1035 Rosmini 1993 (b): 3.

**Die geneigdheid tot die moreel-goeie verplig die mens sodoende om die voorbeeld van Christus na te volg.[1036] Op grond van die antropologie van Rosmini beskik die mens weens die rede oor die vermoë om tussen moreel-goeie en moreel-slegte handelinge te onderskei.[1037]**

**Volgens Paulus stel Christus die voorbeeld van liefde. Liefde is die vervolmaking van die reg: "… if you love your fellow men you have carried out your obligations."[1038] Die mens se naaste is sy medemens. Die mens se naaste is ook die ongebore fetus: ".. because God entrusts us to one another."[1039] Op grond hiervan is die mens verplig om in vrede met ander en selfs met die ongebore fetus te lewe. In soortgelyke trant veroordeel Rosmini die pleeg van geweld teenoor ongebore vorme van lewe omdat: "… in acting against another's will and therefore with resentment on the part of the one suffering the action."[1040] Ingevolge die Pauliniese etiek is die beroep om jou naaste lief te hê nie net tot Christene beperk nie: "God revealed His will in the hearts of non-believers too because the 'works of the law' were also inscribed in the hearts of the pagans."[1041]**

**Volgens Rosmini pas ook Cicero in by die Paulinies-Thomistiese gedagtegang wat deur homself onderskryf word. Hy stel Cicero aan die woord: "… 'doing harm to another in order**

---

1036 Raath et. al. 2006: 144.

1037 Rosmini 1993 (b): 4. "… natural inclination to moral good arises from the preceding obligation revealed to us by reason. We are inclined to moral good because we know it; knowing moral good and evil means knowing something in such a way that we are obliged to follow good and avoid evil."

1038 Raath et. al. 2006: 145

1039 John Paul II 1995: 34.

1040 Rosmini 1993 (b): 551.

1041 Raath et. al. 2006: 146.
Romeine 2: 14, 15.

**to help oneself is more contrary to human nature than death itself.'"[1042] Hy sê voorts dat indien enige benadeling van een persoon deur 'n ander (en by implikasie ook aborsie) toegelaat sou word, sal: "The society of mankind (*humani generis societatem*)… would be destroyed if we were formed in such a way that each individual could despoil and violate another for his own advantage."[1043]**

**Rosmini argumenteer dat nie net die natuurreg nie, maar ook die positiewe reg van die burgerlike *societas* sodanige situasie as onregmatig sal beskou.[1044] Dit behels dus dat die burgerlike *societas* aborsie wat die benadeling van een persoon aan 'n ander is, oor dieselfde boeg moet hanteer. Elkeen moet tot die voordeel van sy naaste lewe en nie net tot sy eie voordeel nie: hy moet tot die voordeel van die naaste se welsyn handel net soos Christus nie vir Homself gelewe het nie. Die beginsel van naasteliefde impliseer liefde teenoor God en die naaste. Die beginsel van welwillendheid teenoor die naaste impliseer dat daar nie strydig met die belange van jou naaste opgetree moet word nie. In terme van die beginsel van naasteliefde word die mens verbied om ander skade te berokken. Rosmini, in afkeuring van doodslag van enige aard, verklaar: "… everyone knows how severely the Almighty forbade the shedding of blood…"[1045] Dit sluit aborsiepraktyke in.**

**Die implikasies van Rosmini se standpunte stel Christen-gelowiges voor die uitdaging om 'n Skriftuurlike basis te vind vir kulturele gesprek met nie-Christene oor aangeleenthede wat spesifiek met die etiek van aborsie te doen het. Sodanige basis is die Pauliniese**

---

[1042] Rosmini 1993 (b): 555.

[1043] Rosmini 1993 (b): 555.

[1044] Rosmini 1993 (b): 556. "Not only nature, that is, the Right of the peoples, but the laws governing peoples and the State together, have established that it is not lawful to seek one's own advantage by damaging that of others."

[1045] Rosmini 1996: 461.

**benadering van die natuurreg, gebaseer op die eise van liefde en sosiale welwillendheid. Rosmini gebruik juis die Pauliniese etiek as basis vir kulturele en godsdienstige gesprekvoering met alle denkstrominge in die menslike samelewing. Die bloudruk vir gesprekvoering ontleen Rosmini aan die voorskrifte van die natuurreg.[1046] Hiervolgens ontwikkel Rosmini sodoende Pauliniese perspektiewe oor die etiek. Die eise van die liefdesgebod en sosiale welwillendheid as die essensie van die etiek en die regte van die mens bied ook waardevolle aanknopingspunte vir diskoers met nie-Christene oor aangeleenthede wat met aborsie en ander etiese samelewingsvraagstukke verband hou.**

**Rosmini volg die Pauliniese benadering oor die natuurreg. Hy is van mening dat die natuurreg die wyse waarop God die wêreld geskep het, reflekteer en dat God se algemene openbaring van die etiek as model vir die natuurreg dien. Die kulturele diskoers aangaande die etiek van aborsie met betrekking tot nie-Christene word verwesenlik op grond van die natuurreg, wat in die harte van alle mens afgeprent is. Op grond hiervan sal nie-Christene natuurlikerwys daardie dinge doen wat deur die natuurreg gebied word. Rosmini verklaar: "Even St. Paul says that the Gentiles, deprived of written law, 'are a law for themselves, meaning the natural law."[1047]**

**Rosmini verklaar dat die Goddelike Wil deur middel van die menslike rede toeganklik is. Dié Goddelike Wil kan slegs geestelik begryp word in die sin dat God sy Wil aan ons bekend maak. Volgens Rosmini sal die mens die wil van God gehoorsaam, vir sover sodanige Wil aan alle mense geopenbaar is. 'n Geestelike begrip van die Wil van God verplig die mens**

---

1046 Rosmini 1988: 14.
1047 Rosmini 1988: 14, voetnoot 14
Romeine 2: 14-5.

om sodanige Wil te gehoorsaam. Die afdwinging van die verpligting om God se Wil te gehoorsaam noop die vermyding van seksuele immoraliteit, oneerlikheid, dronkenskap, afpersing ensovoorts. Die natuurreg verskaf die morele gesag waartoe die mens in staat gestel word om oor immorele handelinge te seëvier.[1048] Rosmini noem dié natuurregvoorskrifte, die "lig van die rede," wat nie uit die empiriese of die sintuiglike waarneminge voortspruit nie, maar wat eerder deur God in die mens ingeprent is: "The light of reason by which God enlightens everyone coming into the world, is simply a first idea; it does not come from our senses but is breathed into human beings, it also gauges what is right and what is wayward…"[1049]

Die mens se liggaam behoort nie aan hom nie, maar aan God.[1050] Hierdie siening dien as apokaliptiese perspektief om aan die bevele van vroomheid en volgens God se voorskrifte te leef.[1051] Dié siening dien ook as wekroep om volgens etiese beginsels te leef en sodoende Christus se voorbeeld van liefde teenoor God en die naaste te volg.[1052]

Rosmini beweer dat om God te ken dieselfde is as om Hom lief te hê. Om God nie te ken nie, beteken ook om Hom nie te vrees nie. Hy haal gevolglik Skriftuurlike tekste as gesag daarvoor aan. In Psalms berispe die profeet, Jesaja, die volk van Israel omdat hulle nie God ken nie.[1053] Op Jeremia se vraag waarom die mense vir die oorlog vlug, het God geantwoord: "… my volk is dwaas; My ken hulle nie…"[1054] Rosmini meen in die Skrif behels nie-kennis van 'n oorsaak, straf. Hy verklaar met verwysing na Jeremia: "… Kyk, Ek bring

---

1048 1 Korinthiërs 5.
1049 Rosmini 1988: 11.
1050 1 Korinthiërs 6: 19, 20.
1051 Rosmini 1993 (a): 109.
1052 2 Korinthiërs 8: 9.
1053 Rosmini 1993 (a): 110.
Psalms 32: 9.
Jesaja 1: 3.
1054 Jeremia 4: 22.

onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; want na my woorde het hulle nie geluister nie, en my wet, dié het hulle verwerp."[1055]

Christus is die verpersoonliking van liefde en die liefde dien as die vervulling van die reg. Indien die mens sy naaste liefhet, sal hy sy verpligtinge nakom. Rosmini meen al dié bevele of gebooie, naamlik dat jy nie owerspel moet pleeg nie, dat jy nie mag doodmaak nie, dat jy nie mag steel nie, dat jy nie mag begeer nie, ensovoorts kan in 'n enkele bevel saamgevat word: naamlik dat jy God en die naaste soos jouself moet liefhê. Rosmini verklaar: "You shall love the Lord your God with all your heart, and with all your soul, and with all your mind. – You shall love your neighbour as yourself."[1056]

Deur die nakoming van dié liefdesgebod kan die mens nie sy naaste benadeel nie. Liefde sluit vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, waarheid, inskiklikheid en self-beheer in. Daar kan geen reg teen dié deugde of eienskappe wees nie.[1057] Liefde is die leidende beginsel wat die mens teenoor sy naaste en selfs ook teenoor die vyand moet bewys. Rosmini beweer wanneer nie-Christene die plig van welwillendheid teenoor ander mense demonstreer, neem hulle sodoende toevlug tot God as die gemeenskaplike vader van alle moreel goeie handelinge.[1058] Op grond hiervan moet die mense in vrede met mekaar lewe en aan andere goed doen.[1059]

---

1055 Rosmini 1993 (a): 112.
Jeremia 6: 19.
1056 Rosmini 1993 (a): 122.
1057 Galasiërs 5: 22-3.
1058 Rosmini 1993 (a): 122, voetnoot 145.
Cicero. *De Offic*., Boek. 3, Hoofstuk 6, In Rosmini 1993 (a): 122.
1059 Romeine 12: 18.

**Indien die mens uit die geloof lewe, sal hy volgens die Wil van God lewe.[1060] Op grond van die geloof sal die mens sodoende in staat wees om goeie werke te doen. Dié goeie werke wat deur die heilige Gees aangevuur word, is vir alle gelowiges toeganklik, ongeag of hulle Christene is of nie.[1061]**

**Die liefdesbenadering dien as basis vir 'n stelsel van etiese voorskrifte wat universele toepassing moet vind. Hierdie voorskrifte wat uit die liefdesgebod spruit, is deur die menslike rede kenbaar en dien ook as praktiese standaarde vir die evaluering van menslike gedraging. Hieruit vloei belangrike etiese implikasies, byvoorbeeld dat die mens sowel God as sy naaste in liefde moet dien.[1062] Rosmini beweer die etiek het beide God en mens as objek: "Ethics has for its sole aim the good of intelligent beings; hence God and humans are its objects."[1063]**

**Die mens moet deur sy leefwyse sy naaste bevoordeel en moet nie tot sy eie voordeel leef nie. Hy moet vir die welsyn van sy naaste optree. Rosmini verklaar: "Ethics tells me I must desire the good of human nature, whether the nature is in me or elsewhere. This is a law common to all, without exception or special privilege, and applies to myself as much as to all human beings."[1064] Rosmini verduidelik dat die plig teenoor my naaste in wie 'n korrelate reg vervat is, in die volgende stelling uitgedruk word: "Do not harm your fellow human**

---

1060 Romeine 8: 1-4.
1061 Rosmini 1988: 14.
Galasiërs 3: 6-9, 14.
1062 Rosmini 1988: 99.
Romeine 6: 11-22.
Romeine 7: 6, 14.
Galasiërs 5: 13.
1063 Rosmini 1988: 99.
1064 Rosmini 1988: 99.

**being."[1065] Uit hoofde van die feit dat 'n mens oor 'n *reg* beskik, word geïmpliseer dat die mens homself met *mag* kan verdedig teen diegene wat hom wil benadeel: "Although this love includes our moral duties towards our neighbour, it does not necessarily mean that our neighbour has a strict right to our love, claiming it as their own… My love is not their property, nor do I belong to them. It is the force of law that imposes the duty on me."[1066] Rosmini meld dus dat pligte hul oorsprong in die reg het en nie in menseregte nie.[1067]**

**Die beginsel van naasteliefde wat as basis vir die Pauliniese etiek dien, word deur Rosmini in die praktyk toegepas. Met betrekking tot die praktyke van aborsie vind Rosmini ook aanknopingspunte by ander denkers. Hiervolgens lê Rosmini die grondslag of basis vir 'n Christelik-etiese fundering van menseregte en die implikasies wat dit vir aborsie het. Hy beweer dat op grond van die liefdesgebod dié beginsel dus behels dat die handhawing van liefde teenoor God en die naaste essensieël is. Die beginsel van welwillendheid behels dat daar nie onregmatig teenoor jou naaste gehandel moet word nie. Rosmini meen vir sover as wat die natuurreg toepassing vind, staan die mens onder die verpligting om die morele reg te handhaaf en nie om dit aan te tas nie: "As far as the law applies to me, I have an inclination, a great interest and need to carry out the law or at least not to violate it."[1068] In terme van die liefdesgebod word die mens verbied om 'n kind, hetsy vóór of ná geboorte, te dood.**

---

1065 Rosmini 1988: 98.
1066 Rosmini 1988: 98.
1067 Rosmini 1988: 98-9. "Some duties then forbid us to harm our neighbour, while the law itself permits our neighbour to redress any harm done to him, and gives him a right to do so. Duties towards human beings in whom there are corresponding rights are called duties of justice, other duties are duties of charity."
1068 Rosmini 1988: 101.

**Die Goddelike verordeninge wat in die mens se aard ingeprent is en as uitlopers vir die natuurreg dien, behels dat die mens sy roeping en plig teenoor God en sy naaste moet vervul. Die mens moet sodoende in vrede en harmonie met sy naaste leef. Die essensie van die natuurreg behels die nakoming van die liefdesgebod teenoor die naaste en die bevordering van vrede en geregtigheid in die menslike samelewing. Die essensie van welwillendheid in sosiale verhoudinge is gebaseer op die voorskrifte van die liefdesgebod of die beginsel van naasteliefde. Rosmini se standpunt stem ooreen met dié van Luther wat ook meen dat jy jou naaste soos jouself moet liefhê: "This, to Luther, is the better interpretation, because man with his natural sinfulness does love himself above all others, seeks his own in all matters, loves everything for his own sake, even when he love his neighbour or his friend, 'for he seeks his own in him.'"[1069]**

**Die direkte implikasie van liefde teenoor die naaste kulmineer in vryheid en gelykheid van alle mense. In dié sin poog sosiale welwillendheid om die algemene welsyn van die menslike samelewing te bevorder. Sosiale welwillendheid streef ook tot die bereiking van die hoogste deug in die samelewing, naamlik die bereiking van geregtigheid.[1070] Die beoefenaar van die liefdesgebod bevorder sodoende geregtigheid in die menslike samelewing. Welwillendheid en vriendskap word dus deur Christus verkondig: "That you love one another as I have loved you."[1071] Dit is dieselfde met betrekking tot volmaakte vriendskap en sosiale welwillendheid.**

---

[1069] Luther. *Works* (*LW*) (1958-1976): 457ff, in Raath et.al. 2006: 158-9.
[1070] Raath et. al. 2006: 159.
[1071] Raath et. al. 2006: 160.

Geregtigheid is hiervolgens die voorwaarde vir en legitieme oorsprong van alles wat goed is. Die menslike samelewing sal sodoende 'n geneigdheid tot liefde as die "hoogste goed" en oorsprong van "alle goed" betoon. Sodanige welwillendheid sal veroorsaak dat lede van die samelewing morele volmaaktheid deur hul liefde teenoor God en vir mekaar, begeer: "Therefore societies should strive towards benevolence which is purely a love of virtue, an essentially objective, unselfish expression of love."[1072]

Op grond hiervan is dit duidelik dat sosiale welwillendheid alle regte en verpligtinge onderskryf. Indien respek vir die Goddelike verordening verloor word, sal respek vir menseregte ook wegkwyn, insluitend die fetus se reg op lewe.

Die mees fundamentele reg is die mens se plig om God en die naaste lief te hê. Die mens moet ook sosiale welwillendheid in die medemens se tydelike bestaan in die menslike samelewing bewerkstellig. Rosmini meen die plig tot welwillendheid is van die ewige reg (*lex aeterna*) van God afkomstig.[1073] Die mens se plig om ongebore menslike lewe te beskerm, beteken dat die mens nie net die bestaan van ongebore lewe moet beskerm nie, maar ook dat hy dié ongebore lewe soos sy eie sal liefhê. Die reg om ongebore lewe te respekteer vereis die nakoming van geregtigheid.

Veral wat huidige praktyke met betrekking tot aborsie in Suid-Afrika betref, het Rosmini véél te sê. Daar bestaan 'n sterk behoefte aan sosiale welwillendheid en die liefdesgebod ten einde die dood van baie ongebore fetusse meer daadwerklik te beskerm. Huidige aborsie-

---

1072 Raath et. al. 2006: 160.

1073 Rosmini 1993 (b): 557. "… the duty obliging me to beneficence comes from the eternal law and from the supreme Being…"

**praktyke in Suid-Afrika is aanduidend van die hoë vlakke van geweld teenoor weerloses in die land.**

**Rosmini se regsteoretiese standpunte oor reg, geregtigheid, plig en deug bied waardevolle perspektiewe op regsetiese problematiek (insluitende aborsie) in Suid-Afrika en elders in die wêreld.**

## 8.2 Rosmini se bydrae aangaande die natuurreg

**8.2.1 Rosmini onderskryf en handhaaf eksplisiet 'n natuurregstandpunt. In sy natuurregstudie handhaaf hy primêr 'n Thomistiese siening. Aquinas se denke oor die natuurreg dien as klankbord vir die meeste natuurregstandpunte en Rosmini onderskryf Aquinas se morele teorie van die natuurreg.[1074]**

**Hy handhaaf twee eienskappe van die Thomistiese natuurregstradisie: eerstens, dat die natuurreg slegs één aspek van die Goddelike Voorsienigheid uitmaak en tweedens, dat die natuurreg die beginsel van praktiese rasionaliteit by die mens vestig. Op grond van dié beginsel word menslike handelinge as redelik of onredelik beskou.[1075]**

**Rosmini waarsku egter teen die oormatige beklemtoning van die menslike rede. Hy beklemtoon die onvolmaaktheid van die menslike rede, omdat dit subjektief van aard is. Hy sê: "Subjectivity, however, affords no solid basis on which to found a consistent way of life and fulfil human longing for freedom and dignity."[1076]**

**Hy plaas dus die kenbaarheid van die natuurreg in die objektiewe "lig" van die rede en nie in die rede self nie. Op grond van die "lig" van die rede het die mens deel aan die Goddelike Syn. Die Goddelike Syn dien as die bron van die mens se waardigheid, sowel as die**

---

1074 Rosmini 1998: 11. Rosmini vertoon ooreenkomste met Aquinas se natuurregdenke, byvoorbeeld wanneer hy verklaar: "The light of reason by which God enlightens everyone coming into the world… it does not come from our senses but is breathed into human beings by their creator…" *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (2). Aquinas meen ook dat die naturreg in die menslike rede afgeprent is.

1075 *Summa Theologiae* 1-2, q. (94). "*Secundum… ordinem inclinationum naturalium, est ordo praeceptorum legis naturae. Inest enim primo inclinatio homini ad bonum secundum naturam in qua communicat cum omnibus substantis: prout scilicet quaelibet substantia appetit conservationem sui esse secundum suam naturam…*" (Die voorskrifte van die natuurreg korrespondeer met die mens se natuurlike geneigdhede. Daar is in die mens 'n natuurlike en aanvanklike geneigdheid tot die goeie wat hy in gemeen met ander substansies het in so ver elke substansie sy eie behoud soek volgens sy aard."

1076 Rosmini 2001: xi.

nakoming van die mens se regte en verpligtinge: "And it draws all human beings to rise above themselves, inviting them to search for that of which human nature is an image."[1077]

8.2.2 Rosmini se natuurregstandpunt spruit voort uit sy siening van die Goddelike Voorsienigheid. Hy beweer enige stelsel wat die ewige reg (*lex aeterna*) van God ontken, sal die mens tot die sintuiglike of empiriese degradeer. Hy verklaar: "… such a system of thought, which denies any eternal and immutable principle, abandons mankind and its new offspring to the flux of the senses, and inevitably leads to such an outcome."[1078]
Die mens het, volgens Rosmini, ewige en vaste beginsels nodig wat sy lewe in die samelewing kan rig. Hy meen egter dat die ewige beginsels van die ewige reg soos vergestalt in die natuurreg die mens as't ware sal ophef. Hy verklaar: "… the eternal principle which constitutes human nobility and, by raising it above mineral, vegetable and merely sentient being, transforms us into kings of the earth and the ultimate purpose of creation."[1079]

Die ewige reg is, volgens Rosmini, nie van die sintuiglike afhanklik nie. Die mens vorm deur middel van die rede en natuurreg 'n begrip van die ewige reg van God.[1080] Die grondslag vir dié standpunt word deur Aquinas gestel met verwysing na die beginsel dat alle ander wette *via* die ewige reg gestalte kry.[1081]

---

1077 Rosmini 2001: xi.
1078 Rosmini 2004: 31.
1079 Rosmini 2004: 31.
1080 Rosmini 2004: 31. "This principle, which is unrelated to and independent of the bodily senses, is indicated by epistemology in the idea apprehended by the mind as the first manifestation of necessary being."
1081 *Summa Theologiae* 1-2, q. (93), a. (3).

**Volgens Rosmini sal die Goddelike Voorsienigheid by wyse van die ewige reg behels dat reg heerskappy oor die wil voer. Rosmini verklaar soos volg: "Religion reveals God himself as the ultimate, perfect manifestation and mysterious source both of this ideal light, and all legislation. It is God who satisfies every desire of humanity, which is immortalized, absorbed, enthralled and deified in infinite Being."[1082]**

**Volgens Rosmini het die mens die ewige reg van God nodig indien hy die grense van die natuurorde wil transendeer: "… the eternal principle… which constitutes human nobility… which is unrelated to and independent of the bodily senses,… reveals God himself as the ultimate, perfect manifestation… reach out to this sublime end, transcending the confines of created being."[1083]**

**Die omvang van Rosmini se bydrae binne die konteks van die Thomistiese natuurregtradisie is van besondere belang. Met betrekking tot die Goddelike Voorsienigheid kom Rosmini ooreen met Aquinas. Volgens Aquinas behels die natuurreg die praktiese beginsels van rasionaliteit. Alle handelinge waarvoor die mens 'n aandrif toon, dui op die natuurreg. Hiervolgens is dit geoorloof dat die mens op grond van die rede moet handel.[1084]**

---

[1082] Rosmini 2004: 31-2.

[1083] Rosmini 2004: 31-2.

[1084] *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (4). "*Respondeo dicendum quod, sicut supra dictum est, ad legem naturae pertinent ea ad quae homo naturaliter inclinatur; inter quae homini proprium est ut inclinetur ad agendum secundum rationem… Sed ratio practica negotiator circa contingentia, in quibus sunt operations humanae: et ideo, etsi in communibus sit aliqua necessitas, quanto magis ad propria descenditur, tanto magis invenitur defectus…*" (Soos reeds gesê, behoort al daardie handelinge waartoe die mens 'n natuurlike geneigdheid het, tot die natuurreg. Onder die handelinge sal dit gepas wees vir die mens om volgens die rede te handel… Maar die praktiese rede word aangaande kontingente aangeleenthede, waardeur menslike handelinge toetree, aangewend. Daar bestaan nagenoeg 'n sekere noodsaaklikheid in die algemene beginsels. Hoe verder daar van die algemene weg beweeg word, hoe meer sal die einde vir uitsondering oop is.)

Die natuurreg is ‘n aspek van die Goddelike Voorsienigheid, omdat dit deelname aan die ewige reg van God veronderstel.[1085] Die ewige reg dien dus as raamwerk van die goddelike skeppingsorde.[1086] Deur middel van die mens se rede en die natuurreg deel die mens sodoende in die skeppingsorde van God. Die mens het dus op grond van sy rede deel aan die ewige reg van God.[1087] Hiervolgens word die natuurreg as reg in die konvensionele sin van die woord beskou: “For law, as Aquinas defines it, is a rule of action put into place by one who has care of the community; and as God has care of the entire universe, God’s choosing to bring into existence beings who can act freely and in accordance with principles of reason is enough to justify our thinking of those principles of reason as law.”[1088]

8.2.3 Die natuurreg is ‘n manifestasie van praktiese rasionaliteit. Rosmini meen om tot ‘n kennis oor byvoorbeeld menseregte te kom, moet die menslike natuur en die rede as riglyne gebruik word. Dié twee elemente moet in samehang gebruik word, omdat die menslike natuur op sy eie nie tot ‘n oplossing oor die vraag wat menseregte is, kan kom nie: “However, although nature and reason are the founts of Right and are both capable of constituting two distinct methods of discovering Right, nature will never lead us to all rights nor unveil their formal element.”[1089]

Die menslike natuur veronderstel dat ons van die natuur tot die menslike subjek moet beweeg om sodoende tot ‘n studie of begrip van menseregte te kom.

---

1085 *Summa Theologiae* 1-2, q. (91), a.(1).
1086 *Summa Theologiae* 1-2, q. (91), a.(1).
1087 *Summa Theologiae* 1-2, q. (91), a. (2).
1088 *Summa Theologiae* 1-2, q. (90), a. (4).
1089 Rosmini 1993 (b): 2.

**Rosmini verklaar: "Setting out from nature to uncover human rights means moving from the subject, that is, starting from the propensities and inclinations natural to human beings."[1090] Hy vind hiervolgens aansluiting by Aquinas wat sê: "… those things to which human beings are naturally inclined pertain to the law of nature."[1091] Rosmini onderskryf dus die natuurregsvoorskrifte van Aquinas. Dié natuurregvoorskrifte wat in die menslike rede afgeprent is, behels die volgende neigings by die mens: die neiging tot die goeie, wat wesenlik 'n soeke na selfbehoud is; 'n neiging tot die bereiking van 'n aantal meer besondere doeleindes "*quae natura omnia animalia docuit*" (wat die natuur aan alle lewende wesens geleer het), byvoorbeeld vleeslike gemeenskap, die verwekking van 'n nageslag, ensovoorts.; 'n neiging (uitsluitlik by die mens) om die waarheid omtrent God te weet en om in gemeenskap te lewe.[1092]**

**Rosmini meen rasionaliteit is beperk tot die mens: "… rationality constitutes the nature proper to human beings…"[1093] Die rede verskaf aan die mens 'n aanduiding van wat goed of sleg is. Dit verskaf vervolgens aan die mens 'n gevoel of neiging om die goeie te doen en om van die slegte weg te skram. Die mens se natuurlike geneigdheid tot die moreel goeie**

---

1090 Rosmini 1993 (b): 2.

1091 *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (4).
Rosmini 1993 (b): 2.

1092 *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (2). "The order of the precepts of the natural law corresponds to the order of our natural inclinations. For there is in man a natural and initial inclination to good which he has in common with all substances; in so far as every substance seeks its own preservation according to its own nature. Corresponding to this inclination, the natural law contains all that makes for the preservation of human life, and all that is opposed to its dissolution. Secondly, there is to be found in man a further inclination to certain more specific ends, according to the nature which man shares with other animals. In virtue of this inclination there pertains to the natural law all those instincts 'which nature has taught all animals,' such as sexual relationship, the rearing of offspring, and the like. Thirdly, there is in man a certain inclination to good, corresponding to his rational nature: and this inclination is proper to man alone. So man has a natural inclination to know the truth about God and to live in society. In this respect there come under the natural law, all actions connected with such inclinations: namely, that a man should avoid ignorance, that he must not give offence to others with whom he must associate and all actions of like nature."
Rosmini 1993 (b): 2-3.

1093 Rosmini 1993 (b): 3.

**ontspring van die voorafgaande verpligting wat deur die rede aan die mens geopenbaar word. Rosmini verklaar: "We are inclined to moral good because we know it; knowing moral good and evil means knowing something in such a way that we are obliged to follow good and avoid evil."[1094]**

**Hy meen dit is die oorsaak waarom Aquinas geneigdheid aan die rede onderworpe gestel het. Rosmini meen die natuureg is nie in geneigdheid gesetel nie, maar eerder in die verpligting soos deur die rede aangedui.[1095] Die rede dien dus as grondslag vir die kenbaarheid van die reg. Hy meen dus op grond hiervan dat die reg eerder rasioneel as natuurlik beskou moet word: "… because it comes from the objects of intelligence, not from subjective nature (the complex of our inclinations)."[1096]**

**Op grond hiervan is die voorskrifte van die natuurreg universeel bindend op die mens en is dié voorskrifte universeel deur die mens kenbaar. Rosmini verklaar: "… we… possess it by nature."[1097] Deur middel van dié voorskrifte van die natuurreg word die mens se handelinge in 'n goeie en morele rigting gestuur.**

**Soos vermeld, het ons reeds aangetoon dat Rosmini die Thomistiese natuurregtradisie volg. Op grond hiervan is dit duidelik dat hy ook 'n paradigmatiese natuurregposisie handhaaf in die sin dat hy die natuurreg vanuit die beginsels van die Goddelike Voorsienigheid benader. Vanuit 'n menslike hoek behels die natuurreg 'n stel bindende en erkende voorskrifte van die praktiese rede. 'n Natuurregtradisie wat die bestaan van God**

---

1094 Rosmini 1993 (b): 4.

1095 Rosmini 1993 (b): 5. "He shows that law is posited not in inclination, which is consequent to knowledge, but in the obligation indicated by reason."

1096 Rosmini 1993 (b): 6.

1097 Rosmini 1988: 10.

**handhaaf, sal dus ontkennend teenoor sowel die ateïsme as die agnostisisme staan: "… one cannot have a theory of divine providence without a divine being… Nor can one be an agnostic while affirming the paradigmatic natural law view: for agnosticism is the refusal to commit either to God's existence or nonexistence, whereas the paradigmatic natural law view involves a commitment to God's existence."[1098]**

**Met betrekking tot die morele filosofie van Rosmini sal die natuurreg ook strydig met nihilisme, relativisme en skeptisisme wees. [1099]**

**8.2.4 As sodanig handhaaf Rosmini 'n paradigmatiese natuurregbeskouing. Sy natuurregbekouing spruit voort uit sy beskouing van die Goddelike Voorsienigheid en as sodanig bring hy die menslike intellek in verhouding met die idee van die universele Syn: "… which is innate in the human spirit as the form of intelligence."[1100] Universele Syn sal dus, volgens Rosmini, God wees, waardeur ons alle morele oordele vel. Hy stel ook die "lig" van die rede gelyk met God. Op grond hiervan bedoel Rosmini dat ons die "lig" van die rede in al ons handelinge navolg: "In all that you do, follow the light of reason."[1101] Met ander woorde volg die Goddelike Openbaring. Rosmini meen die "lig" van die rede kan nie dwaal nie, omdat dit nie van menslike oorsprong afkomstig is nie. Die rede, daarenteen, is feilbaar: "… because it is the power of a limited, fallible spirit."[1102]**

---

1098 Rosmini 1992: 16.

1099 Cleary 1992: 16. "... Thus the value of philosophy according to Rosmini depends upon respect for reason... He rejects any understanding of philosophy which reduces it to a simple analysis of language (positivism), to a subjective search for unattainable truth (scepticism), or to the expression of an individual existence caught up in some unforeseeable journey towards annihilation (existentialism).

1100 Rosmini 1988: 6.

1101 Rosmini 1998: 8.

1102 Rosmini 1988: 8.

Hy verklaar: "When reason adheres to the light, it is accurate, when it abandons the light, it errs."[1103]

Rosmini meen dat, ondanks die feilbaarheid van die menslike rede, die goddelikheid daarvan egter nie ontken moet word nie. Indien dit die geval sou wees, sal die mens verlaag word en sal hy vervolgens nie in staat wees om die natuurreg, geregtigheid en morele handelinge te kan handhaaf nie.

Rosmini verklaar dat die siel (rede) van die mens wat deur God in die mens ingeskape is, die oorsprong van moraliteit is. Hy meen dat die mens nie oor die eienskappe van moraliteit sou beskik het, indien die siel nie by die mens ingeskape was nie: "We should never acquire the principle of morality if it were not innate."[1104]

Op grond hiervan is die mens uit hoofde van die "lig" van die rede (of natuurreg) in staat om tussen goed en sleg te onderskei.[1105]

Rosmini bied waardevolle aanknopingspunte vir diskoers met nie-Christene oor aangeleenthede wat met die (paradigmatiese) natuurregbeskouing verband hou. Rosmini haal in die verband Cicero aan: "… Wise men taught that… (natural law)… does not originate with the learned, nor with a decree of the peoples. It is something eternal, a wisdom with authority to command and forbid, governing the whole world."[1106] Hy bedoel dat juis die woorde van Cicero as bloudruk vir sy paradigmatiese natuurregbeskouing dien. Die paradigmatiese natuurregbeskouing beskik oor die kenmerke van ewigdurendheid en

---

1103 Rosmini 1988: 8.
1104 Rosmini 1988: 9.
1105 Rosmini 1988: 9.
1106 Rosmini 1988: 9-10.

**die kenbaarheid daarvan deur alle mense. In aansluiting by Cicero verklaar hy dat die eienskappe van die natuurreg die volgende behels: "… (natural law) is endowed with divine characteristics such as immutability, eternity, universality, necessity. All these characteristicts are mistakenly attributed to the human subject, who was thus divinized."[1107]**

**Hiervolgens bied Rosmini 'n alternatief vir utilitariese etiek, die stelsels van Kant en Aristoteles. Die fundamentele beginsel van die natuurreg wat deur sowel Rosmini as Aquinas voorgestaan word, lui soos volg: "Do what is morally good, and avoid moral evil."[1108] Op grond hiervan doen Rosmini en Aquinas 'n beroep op die rede. Aquinas beweer dat daar 'n spesifieke voordeel (goed) nagevolg moet word, omdat daar 'n veelheid daarvan is: "… life, procreation, knowledge, society, and reasonable conduct…" is onder dié verskeidenheid.[1109] Aquinas meen dat dié voordele (goed) fundamenteel is, omdat dit reg voorafgaan. Hy ontken egter die benadering wat veronderstel dat daar geen beginsel is, wat orals en vir altyd en absoluut geld nie. Net soos die vertel van leuens, owerspel, sodomie en godslastering, sal die doodmaak van 'n onskuldige persoon ook onregmatig wees, op grond van die natuurreg.[1110]**

**'n Paradigmatiese natuurregsbeskouing handhaaf dat die natuurreg 'n Godgegewe entiteit is en dat dit ook natuurlike gesag oor alle mense het. Dit is ook deur alle mense kenbaar. Gevolglik behels die paradigmatiese natuurregbeskouing dat voordele (goed) die reg voorafgaan en dat moreel goeie handelinge nagestreef moet word.**

---

1107 Rosmini 1988: 13.

1108 Rosmini 1988: xiii.

1109 *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (2). "… there is in man a certain inclination to good…" *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (2) *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (3).

1110 *Summa Theologiae* 1-2, q. (95), a. (4).

**Net soos ander paradigmatiese natuurregteoretici, beskou Rosmini die siening van Aquinas as belangrike bron van die natuurregdenke. Sodanige natuurregteoretici handhaaf dat die natuurreg van goddelike aard is, dat almal daardeur gebind word en dat die basiese beginsels van die natuurreg menslik kenbaar is: "… human nature, posited and enjoyed (it) in communion… Human nature longs for and tends towards (natural law) as its end… As justice, it respects equally all human beings because they have the same nature, and consequently wants the supreme goods of this nature to be common to all the individuals possessing it."[1111]**

**8.2.5 Daar is 'n noue korrelasie tussen die natuurreg en die handhawing van geregtigheid in die menslike samelewing. Daar bestaan korrelate pligte tussen die natuurreg en die handhawing van geregtigheid. Dié korrelasie moet ook in die menslike samelewing waargeneem word. Rosmini glo dat die natuurreg en geregtigheid sodoende in die verhouding tussen regte en verpligtinge kulmineer. Hy verklaar dat slegs kennis van regte en verpligtinge as vaste basis vir die handhawing van die natuurreg en geregtigheid dien. Op grond hiervan dien geregtigheid as die hoeksteen en essensie van moraliteit.[1112]**

**Rosmini meen geregtigheid en die natuurreg, wat moreel van aard is, is vir praktiese doeleindes noodsaaklik vir 'n goeie lewe in die burgerlike *societas*. Die voorskrifte van geregtigheid is soos volg: daar moet 'n handeling deur die mens as intellektuele wese wees,**

---

1111 Rosmini 1995 (b): 50-1.

1112 Cleary 1992: 37. "In his study of right as the basis of all human rights he throws the net wider as he examines the relationships that must exist between human beings as such. These relationships are constituted by duties and rights which must be situated in their source in order to be understood. Only the knowledge of the essence of duty and rights can provide a solid foundation for the philosophy of right and the adequate study of human rights."

**die handeling moet moreel goed vir die persoon wees, dit moet 'n regmatige handeling in ooreenstemming met die morele reg wees en dié handeling moet *per se* deur die morele reg beskerm word.**[1113]

**Dié kenmerke vorm die basis van natuurreg en geregtigheid, wat Rosmini soos volg verwoord: "A faculty to act as one pleases, protected by the moral law which demands respect for this faculty from others."**[1114]

**Die individu se verpligting om regverdig te handel waarborg aan hom 'n reg om binne die grense van geregtigheid op te tree.**[1115] **Sy plig om in ooreenstemming met geregtigheid op te tree lê aan ander mense 'n verpligting op om sodanige verhouding te respekteer. Reg en plig is korrelate in dié sin dat daar nie 'n reg in een persoon bestaan sonder 'n plig in 'n ander om sodanige reg te respekteer nie, byvoorbeeld: "My duty, for example, to worship God gives rise to my right to worship God, a right which others have a duty to respect."**[1116] **Op grond hiervan vorm die korrelate verhouding tussen reg en plig die beginsel van geregtigheid as onderbou van die natuurreg.**

1113 Cleary 1992: 37. "Rosmini turns, therefore, to justice as the root and essence of all morality, and expresses its self-evident obligation as follows: 'Acknowledge in practice every being in its order.' A careful analysis of this precept reveals its presuppositions: 1) the activity of an intelligent subject, in so far as the subject is capable of acknowledging in practice what he knows; 2) the activity of a person, that is of the supreme active force within an intelligent subject; 3) good activity, that is, good for the person exercising it; 4) lawful activity, that is, action in harmony with the moral law; 5) activity self-evidently protected by the moral law itself."

1114 Cleary 1992: 37.

1115 Cleary 1992: 37-8.

1116 Cleary 1992: 38.

**Volgens Rosmini moet die burgerlike *societas* die mens tot vervolmaking en geluk lei, wat in die algemene welsyn gesetel is.[1117] Die burgerlike *societas* moet die burgery beskerm en hulle regte verdedig.[1118] Die burgerlike gesag moet dus die bystand van die natuurreg en geregtigheid inspan vir die bereiking van dié einddoel.**

**Rosmini tref ooreenkomste met die Aristoteles-Thomistiese siening vir sover laasgenoemde die idee van subjektivisme met betrekking tot geregtigheid verwerp. Volgens die Aristotelies-Thomisme moet die natuurreg en geregtigheid eerder in die vervolmaking van die mens, naamlik in die liefde gerealiseer word. Op grond hiervan meen Rosmini dat die eise van liefde aangaande die natuurreg nie met verwysing na subjektiewe begeertes bevredig kan word nie.[1119]**

**8.2.6 Die natuurreg en geregtigheid is gerig op die handhawing van belangrike morele waardes. Rosmini meen moraliteit is met persoonlike aktiwiteit gemoeid. Wat die mens as persoon doen, het 'n belangrike effek op sy persoon-wees. Op grond hiervan het morele waardes belangrike konstitutiewe implikasies. Bevele en verpligtinge spruit voort uit moraliteit. Ingevolge moraliteit word daar beveel en verplig. Volgens Rosmini is bevele in die eerste instansie nie gemoeid met die rede nie, maar eerder met die "lig" van die rede of Goddelike Openbaring. Hy sê: "… Only the light itself is objective and immune from error; reason, a subjective activity, can and does err."[1120] Rosmini beweer dat die morele waardes**

---

1117 Rosmini 1996: 39-40. "Indeed, civil society has a special office in this regard relative to the end for which it was instituted because, 1. the common good results from the good of the individuals and 2. the good of the individuals has a useful influence on the common good."

1118 Rosmini 1996: 427.

1119 Rosmini 1995 (c): 19. "… those whose only love is humanity, have such a miserable object that their affections cannot legitimately find satisfaction in it…"

1120 Cleary 1992: 28.

**of reg van God afhanklik is. Morele waardes sal dus hiervolgens aan alle mense gemeenskaplik wees, ongeag hul ras, geslag, kultuur, nasie en godsdiens, ensovoorts. Op grond hiervan handhaaf Rosmini ‘n genuanseerde etiese teorie. Met betrekking tot die handhawing van natuurreg en geregtigheid en uit hoofde van sy sondige aard staan die mens onder die verpligting om die morele reg na te kom: “The limitation and mutability of the human subject provide for the possibility of moral error on the part of the subject; the necessity and immutability of the idea of being furnish morality with its undeniable sense of obligation.”[1121]**

**Rosmini meen die mens hunker na die goeie of voordelige wat die bevrediging van behoeftes behels. Die morele reg skryf voor dat die mens nie egosentries sy eie behoeftes bevredig nie, maar sy plek in die skeppingsorde dienooreenkomstig moet inneem. Rosmini tref ‘n onderskeid tussen mense en “dinge.” Hy stel dat die mens homself eers moet ken, voordat hy ‘n begrip van “dinge” rondom hom kan vorm. Op grond hiervan sal die mens in die skeppinsorde leer dat ander mense oor dieselfde menswees beskik en dat sodanige mense waardig is om met dieselfde respek behandel te word. Hiervolgens moet elke persoon as einddoel beskou word en nie as middel nie. Dié inherente waardigheid wat die mens op grond van sy intellektuele aard geniet, veroorsaak dus dat die mens oor fundamentele en onvervreembare regte beskik.[1122] Die mens geniet dié waardigheid na aanleiding van sy verhouding met God. Geen morele waarde bestaan buite die grense van die intelligente wesens nie: “What is said about human beings is *a fortiori* true of the**

[1121] Cleary 1992: 28.

[1122] Cleary 1992: 29. “… a major difference exists between persons and things. This difference depends on what I come to know about myself first of all, and the things that surround me. Knowing what I am, I then come to know other persons as possessing the same grade of being as myself, and thus worthy of the same respect as myself. In particular, I see that every person is to be treated as an end, not as a means.”

**Absolute which confers upon them the light of being. All moral good is found in the acknowledgement of the classes of intelligent beings at their level of relationship with Absolute Being; no moral good can be found outside the ranks of intelligent beings."[1123]**

**Die praktiese erkenning van morele waardes bestaan in elke handeling van die mens relatief tot wat aan hom bekend is. Ek aanvaar byvoorbeeld, my ouers vir wie hulle is en sal dankbaar wees dat hulle die lewe aan my geskenk en my opgevoed het. Andersins mag dit wees dat ek met my vriend se eggenote 'n intieme verhouding aangaan. Hierdie kwaadwillige handeling van my rig ek teen wat aan my ingevolge die natuurreg bekend is. Vervolgens plaas ek myself vrywilliglik in 'n immorele toestand: "I do good or I do evil." [1124]**

**Volgens Aquinas is daar op grond van die paradigmatiese natuurregsposisie sommige dinge of entiteite voordelig of goed vir die mens. Die primêre voorskrifte van die natuurreg gebied ons om dié goeie dinge na te jaag: "The order of the precepts of the natural law corresponds to the order of our natural inclinations. For there is in man a natural and initial inclination to good which he has in common with all substances; in so far as every substance seeks its own preservation according to its own nature…"[1125] Op grond hiervan meen Rosmini dat 'n samelewing nie op immorele handelinge gevorm kan word nie. Hy**

---

1123 Cleary 1992: 29.
*Summa Theologiae* 1-2, q. (91), a. (2). "… *quasi lumen naturalis rationis, quo discernimus quid sit bonum et malum, quod pertinet ad naturalem legem, nihil aliud sit quam impressio divini luminis in nobis*. (Die "lig" van die natuurlike rede, waardeur ons tussen goed en kwaad onderskei, is die ewige reg wat die versinnebeelding van die goddelike lig in die mens is.."

1124 Cleary 1992: 30.

1125 *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (2). "*Secundum… ordinem inclinationum naturalium, est ordo praeceptorum legis naturae. Inest enim primo inclination homini ad bonum secundum naturam in qua communicat cum omnibus substantis: prout scilicet quaelibet substantia appetite conservationem sui esse secundum suam naturam*…" (Die voorskrifte van die natuurreg staan in verhouding tot die mens se natuurlike geneigdheid. In die mens bestaan daar 'n natuurlike geneigdheid, wat hy met ander wesens deel in sover hy sy eie behoud nastreef volgens sy natuur.)

**skryf: "As Roman law states: 'Clearly there is no society if society is formed for the sake of wrong-doing. Generally speaking, it is agreed that there is no society in the case of immoral activity."[1126]**

**Die burgerlike *societas* wat op die bereiking van die algemene welsyn gerig word, moet uit hoofde van die beginsel van welwillendheid vriendskap insluit. Volgens Rosmini behels vriendskap twee elemente: "… a desire that the other have all that is good (love); and a longing that the other desire the same for us (being loved).[1127] Die eerste element vorm die beginsel van welwillendheid, terwyl die tweede konsep die beginsel van vriendskap behels. Hy verduidelik die implikasie van welwilllendheid en vriendskap: "However, one person can befriend another even if the second does not respond. In this case, the other, who does not love in return, would not be a friend. It is not absurd, therefore, to find friendship in one of the two, and not in the other."[1128]**

**Indien daar 'n wedersydse reaksie is, sal hulle vriende wees en sal hulle slegs die bereiking van goeie dinge vir die ander nastreef. Hy stel dit só: "If I desire all good for another, it is natural for me to want all that I have to be of assistance to him; if I desire that the other desire all good for me, and rejoice in this desire or love from the other, I also desire that the other help me with what he has. This explains why things belonging to friends are said to be held in common… and give rise, as a proximate effect of friendship, to community in goods and society."[1129]**

---

[1126] Rosmini 1995 (a): 20.
*Dig*., bk. 57, tit. 2,1.57, in Rosmini 1995 (a): 20.

[1127] Rosmini 1995 (a): 19-20.

[1128] Rosmini 1995 (a): 20.

[1129] Rosmini 1995 (a): 20.

Hiervolgens fundeer Rosmini die voorskrifte van die natuurreg in die handhawing van die goeie, naamlik vriendskap, as basis vir welwillendheid. Hy vind ook aansluiting by Aquinas wat die deug van vriendskap besing en meen dat daar niks is wat bo ware vriendskap gestel kan word nie. Hy beweer vriendskap verenig diegene wat deugdelik is en help hom sodoende om daardie deug te versterk. Die mens het 'n behoefte aan vriendskap in goeie en slegte tye. Vriendskap dien as uitloper vir die liefdesbeginsel. Aquinas verduidelik soos volg: "… nor was there ever a tyrant so cruel that he did not delight in friendship. When Dionysius, the tyrant of Syracuse, was about to slay one of the two friends, Damon and Pythias, the one who had been condemned asked for a few days' grace to enable him to go home and put his affairs in order; and the other of the friends offered himself as a hostage against his return. But when the day of execution drew near, and the other did not return, every one laughed at the stupidity of the hostage. But he declared himself sure of his friend's fidelity: and, in fact, at the appointed hour of execution, his friend returned. The tyrant greatly admired the fortitude of spirit shown by both, and in recognition of such steadfast friendship revoked the sentence, asking moreover, that he might be admitted as a third within the bonds of such friendship…"[1130]

8.2.7 Die natuurreg vorm die grondslag van menseregte. Rosmini bring in sy natuurregbehandeling (van menseregte) die individu sowel as die burgerlike *societas* met

---

[1130] D'Entréves 1965: 54.
*De Regimine Principum*, Caput x. "*Quaelibet autem aspera facilia et prope nulla facit amor; nec est alicuius tyrannis tanta crudelitas, ut amicitia non delectetur. Dionysius enim quondam Syracusanorum tyrannus cum duorum amicorum, qui Damon et Pythias dicebantur, alterum occidere vellet, is, qui, occidendus erat, inducias impetravit, ut domum profectus res suas ordinaret: alter vero amocorum sese tyranno ob fidem pro eius reditu dedit. Appropinquante autem promisso die, nec illo redeunte, unusquisque fideiussorem stultitiae arguebat. At ille nihil se metuere de amici Constantia praedicabat. Eadem autem hora, qua fuerat occidendus, rediit. Admirans autem amborum animum, tyrannus supplicium propter fidem amicitiae remisit, insuper rogans ut eum tertium reciperent in amicitiae gradu…*"

mekaar in verband. Hy meen die burgerlike *societas* moet al sy reëls van geregtigheid aflei: "... Civil government, familiar with the three-fold teaching on justice (commutative, distributive and penal), and perfectly consistent in its reasoning, can and must deduce all the rules of political prudence from justice alone."[1131] Hy beweer dat sosiale geregtigheid dikteer dat burgerlike owerhede nie die natuurlike grense van hul gesag moet oorskry nie.[1132] Indien daar nie 'n soewerein aanvaar is nie, sal daar ook nie 'n perk op die uitoefening van gesag wees nie. Utiliteit sal gevolglik seëvier: "... Utility which is of its nature variable, depends on the judgement of the person who carries out the evaluation."[1133]

Rosmini meen regeerders wat uit hoofde van utiliteit regeer, sal die welsyn van die burgery vir eie gewin minder ag.[1134] Sodoende sal moraliteit, of die natuurreg en geregtigheid verwerp word: "When the principle of public good is substituted for that of the common good, utility is substituted for justice. Politics, having taken Right into its bullying hands, now governs it as it pleases."[1135] Die burgery sal derhalwe nie weet wanneer daar 'n perk op die misbruik van burgerlike gesag is nie. Rosmini verklaar: "... subjects will never foresee where government will stop, nor be able to prescribe a limit to its powers, nor

1131 Rosmini 2004: 27.

1132 Rosmini 1996: 427. "Government does not exceed the limits of its power..."
Rosmini 1996: 33-4. "Because civil society… extends such protection to all rights, its aim is the common good… The civil State is instituted to protect and improve all the rights of its members. It acts against its natural function, the function for which it exists, if it harms rather than helps a single one of its members for the sake even of benefiting all the others,.."
Rosmini 1996: 297. "Government… must not obstruct the means or suppress the speech of those who wish to discuss these questions freely…"

1133 Rosmini 2004: 27.

1134 Rosmini 1996: 34-5.
Rosmini 1996: 295.

1135 Rosmini 1996: 34.

**reasonably insist on guarantees which, even if conceded, would be worth no more than the force subjects might previously have employed."[1136]**

**Indien die aard en doel van die burgerlike owerheid vaag is, sal die regeerders meen dat hulle kan doen soos hulle dit goed vind. Die benadering sal vir die burgerlike owerheid voordelig wees, maar vir die burgery nadelig. Solank dié vraagstuk nie opgelos is nie, meen Rosmini, sal die regering nie seker wees wanneer dit buite sy gesagsposisie handel nie. Die onderdane kan dus ook nie aansprake teenoor hul regeerders maak nie.[1137]**

**Rosmini meen ook dat die burgerlike *societas* nie universeel is nie. Dit is 'n spesifieke samelewing, omdat dit saam met ander samelewingsvorme en individue bestaan.[1138] Rosmini meen die burgerlike *societas* moet die regte van die ander samelewingsvorme, sowel as dié van die individu beskerm, in plaas van ondermyn. Hy sê: "Not a single right of individual citizens… can be sacrificed for the sake of the public good."[1139] Die burgerlike *societas* is gebaseer op die respek van ander se regte. Sodanige respek is sy primêre, essensiële en universele verpligting. Alle ander pligte ontstaan uit dié verpligting van die burgerlike *societas*.**

**Rosmini glo dat in die natuurstaat, waar daar nie 'n soewerein of die beginsel van geregtigheid teenwoordig is nie, daar ook geen perke of grense vir uitoefening van**

---

1136 Rosmini 2004: 27-8.

1137 Rosmini 2004: 28. "As long as this question is not resolved, government cannot be sure of remaining within its limits, nor can subjects make demands upon their rulers without incurring the same risk."

1138 Rosmini 2004: 28. "… civil society is not a universal society in the sense that it embraces all other societies and their rights. It is a particular society which exists alongside others, as it does alongside everything individual which cannot be absorbed by civil society without losing individuality…"

1139 Rosmini 1996: 37.

owerheidsgesag sal wees nie. Rosmini verklaar: "In the state of nature, the modality of rights was and is regulated by each individual. With it they possessed the means of governing or harming, of diminishing or increasing the good coming from their right…"[1140] Die beginsel van moraliteit en die rede dikteer dus dat menseregte nie in die natuurstaat haalbaar is nie, maar eerder in die burgerlike *societas* tot uitdrukking kom: "… the existence of human rights is sought in the institution of society… 'every right must come from public authority.'"[1141]

Aquinas meen 'n ontwikkelde natuurregteorie behoort 'n lys van fundamentele waardes te bevat, aan die hand waarvan regte beskerm kan word.[1142] Dié fundamentele waardes moet tot die beskikking van almal wees. Die fundamentele waardes vind vergestalting in die reg op lewe, die reg op kennis (inligting) en die reg om met respek behandel te word. Dié regte of morele waardes vorm die onderwerp van geregtigheid, godsdiens, lewe, gesondheid en familie, ensovoorts. Rosmini meen waar die owerheid die burgery van dié fundamentele regte ontsê, sal sodanige handeling van die owerheid onregmatig wees.[1143] Hy beklemtoon dat die beginsels van natuurlike geregtigheid en gelykheid nagekom moet word: "This will be done… according to the rules of justice and equity."[1144]

Morele waardes gee uitdrukking aan die universele liefdesbeginsel: "…. 'anyone who does not love God does not love himself.[1145] Rosmini meen op grond van die bonatuurlike deug van die rede, deel die mens aan die volmaakte waardigheid van God. Die mens word

---

1140 Rosmini 1996: 49.
1141 Rosmini 1996: 74-5.
1142 *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (2).
1143 Rosmini 1996: 433.
1144 Rosmini 1996: 429.
1145 Rosmini 1995 (c): 19.

vervolgens waardig aan die goddelike liefde. Rosmini verklaar: "Those who love God have within themselves an object worthy of true love, because it is not a means to another love; they can love God in themselves with ultimate love. On the other hand, those whose only love is humanity, have such a miserable object that their affections cannot legitimately find satisfaction in it; they are compelled to search elsewhere for a more worthy end. Hence those who do not love God do not love themselves, precisely because their affection cannot, according to reason, find satisfaction in themselves. They love their fellows still less therefore, because they are accustomed to loving them simply as they love themselves."[1146]

Rosmini meen ook dat welwillendheid sy ontstaan vanuit die liefdesbeginsel vorm. Hiervolgens word die mens tot vervolmaking gebring.[1147]

Die mens vorm op grond van die liefdesbeginsel 'n natuurlike gemeenskap met ander mense.[1148] Rosmini meen dat die spesifieke gemeenskap se liefde vir sy lede nie die universele liefde wat die mens vir sy naaste moet koester, beperk nie. Hy glo dié liefde moet egter in diens van die universele liefde van die mensdom wees.[1149] Hy beweer dat die mens uit hoofde van sy liefde vir die spesifieke gemeenskap waarin hy deel het, ook in 'n besondere verhouding tot God verkeer: "… this natural society involves a kind of society

---

1146 Rosmini 1995 (c): 19.

1147 Rosmini 1995 (c): 20. "… benevolence… derive their power from this source… Because we naturally love every being, we naturally love that a being, or the essence we love in the being, attain the final state to which it is destined, without defect and with all its endowments."

1148 Rosmini 1995 (b): 56-7.

1149 Rosmini 1995 (b): 56. "All love of family, country or any other society whatsoever is to be founded in common love, and is to be at the service of the universal love of humanity embarcing every human individual."

**with God himself."[1150] Die universele liefdesbeginsel wat as een van die belangrikste hoekstene van menseregte dien, staan ook in ooreenstemming met die integrale menslike vervolmaking.[1151] Die liefdesbeginsel dien as loopplank vir 'n morele goeie lewe in die samelewing. Aantasting van die sentrale liefdesgebod sou dus die ondermyning van die natuurregsbeginsels behels.**

**Rosmini verklaar dat die universele liefdesbeginsel wat alle mense insluit, as verhewe bo die spesifieke gemeenskap van die gesin, kerk of burgerlike *societas* moet wees, omdat : "… every time special love expands and seeks absolute status, it excludes universal love. Particular societies thus become inhuman and as such hostile to universal love amongst human beings, and adversaries of their own natural society."[1152]**

**Rosmini gaan selfs so ver deur die universele liefdesbeginsel in die rede te fundeer om sodoende die menslike samelewing met teosentriese eienskappe te omvang. Hiervolgens vind Rosmini aansluiting by Cicero. Hulle is van mening dat die rede in sowel God as die mens teenwoordig is. Die rede kulmineer sodoende in die reg. Die mens is deur middel van die reg met God verenig. Rosmini stel dit só: "Having these things in common means existing as members of the same city. Because it obeys the same laws and authorities, and especially when it obeys the heavenly rules of the all-powerful, divine mind, the entire world has to be thought of as a single city common to God and human beings. What happens in civil society, where agnation is the rule for distinguishing states, occurs also, but at a much**

[1150] Rosmini 1995 (b): 57.
[1151] Rosmini 1995 (c): 20.
[1152] Rosmini 1995 (b): 56.

**higher level, in the nature of things: human beings consider themselves agnate descendants of the gods."[1153]**

**Daar bestaan parallelle tussen Rosmini en Aquinas se natuurregteorie. Volgens albei vestig die natuurreg die beginsels van praktiese rasionaliteit by die mens. Beide hul standpunte oor die natuurreg spruit voort uit die Goddelike Voorsienigheid. Rosmini fundeer die Goddelike Voorsienigheid in die ewige reg. Volgens Aquinas kry alle wette daarvolgens gestalte. Rosmini sowel as Aquinas beklemtoon die besondere aard van die ewige reg. Hulle meen dat die grense van die natuurorde op grond daarvan getransendeer word. Rosmini onderskryf ook die natuurregvoorskrifte van Aquinas, naamlik die mens se neiging tot die goeie, sy soeke na selfbehoud, sy neiging om die waarheid omtrent God te weet en om in gemeenskap met Hom te lewe. Beide Rosmini en Aquinas benadruk die kenbaarheid van die reg. Die reg is op grond hiervan rasioneel, eerder as natuurlik. Volgens hulle behoort die reg weens die praktiese rasionaliteit universeel toepassing te vind. Rosmini handhaaf net soos Aquinas ook 'n paradigmatiese natuurregposisie. Hulle benader die natuurorde vanuit die beginsel van die Goddelike Voorsienigheid. Op grond van die paradigmatiese natuurregsbeskouing is die natuurreg deur alle mense kenbaar. Gevolglik sien hulle ook 'n korrelatiewe verhouding tussen die natuurreg en geregtigheid. Op grond hiervan dien regte en pligte as vaste basis vir die handhawing van natuurreg en geregtigheid. Rosmini, sowel as Aquinas, meen 'n ontwikkelende natuurregstandpunt bevat daardie fundamentele waardes waaraan regte beskerm kan word. Dié fundamentele waardes gee uitdrukking aan die universele liefdesbeginsel. Op grond van die liefdesbeginsel vorm die mens 'n natuurlike gemeenskap met ander.**

---

[1153] Rosmini 1995 (b): 57.

**Rosmini waarsku egter teen die oormatige beklemtoning van die rede. Hy plaas die kenbaarheid van die natuurreg in die objektiewe "lig" van die rede en nie in die rede *per se* nie. Op grond van die "lig" van die rede verkry die mens sodoende deel aan die Goddelike Syn.**

**Rosmini bou Aquinas se natuurregdenke dus verder uit. Hy bied sodoende aanknopingspunte vir diskoers met nie-Christene oor aangeleenthede wat met die paradigmatiese natuurregbeskouing verband hou.**

**Op grond van dié waarneming is dit duidelik dat Rosmini die Thomisme handhaaf, met die verskil dat hy Aquinas se siening van die natuurreg help uitbou deur dit op die praktiese samelewing diensbaar te maak. In hierdie opsig is Rosmini 'n neo-Thomis.**

**8.2.8 Die mate waarin Rosmini aansluiting by Maritain vind, plaas hom sodoende in dieselfde kader as dié neo-Thomis. Nou moet vasgestel word tot watter mate Rosmini die natuurreg help uitgebou het in die konteks van die Thomisme.**

**Die filosofiese basis vir die regte van die mens vind vergestalting in die natuurreg. Die geskiedenis van die regte van die mens gaan gepaard met die geskiedenis van die natuurreg. Die natuurreg is 'n ideale vorm van reg, wat vir alle mense geld en is as maatstaaf vir alle positiewe reg dienlik. Dit stel die norme van menslike gedrag vas deur die verordeninge van die rede en die natuurorde. Rosmini verklaar soos volg: "All the powers**

**forming part of an individual constitute the individual's nature, but the individual's person is constituted by the most noble power and highest active principle, that is, the rational power."[1154]**

**Volgens hom is God die oorsprong van die natuurreg.[1155] Maritain verklaar op soortgelyke wyse as Rosmini: "God (is the) supreme source and origin of Natural Law."[1156] Die mens is beelddraer van God: "The worth of the person, his liberty, his rights, arise from the order of naturally sacred things, which bear upon them the imprint of the Father of Being, and which have in Him the goal of their movement. A person possesses absolute dignity because he is in direct relationship with the absolute, in which alone he can find his complete fulfillment."[1157]**

**In 'n religieuse sin transendeer die mens alle tydelike gemeenskappe of samelewing en is sodoende verhewe bokant sodanige samelewingsvorme. Rosmini verklaar dat die mens dié eienskappe uit hoofde van: "… a superiority of person over all the other powers of human nature," besit. Dié morele uitnemendheid en verhewendheid van die mens oor die natuurorde, geniet hy uit hoofde van die siel. Hiervolgens is die menslike siel belangriker as die ganse skepping, 'n benadering wat ook deur Maritain gedeel word: "There is nothing above the human soul except God."[1158]**

---

1154 Rosmini 1991 (a): 457.

1155 Rosmini 1993 (a): 3. "And we must indeed conclude that the first, most simple and important element in moral and jural disciplines is inserted in all human souls by divine Providence because everyone stands in need of it…"

1156 Maritain 1951: 83.

1157 Maritain. 1945: 6.

1158 Maritain 1945: 11.

**Op grond van die fundamentele waardigheid van die siel moet die samelewing tot diens van elke persoon wees en aan elke persoon onderworpe wees.[1159] Rosmini verduidelik dat die regte van die individu sodoende onvervreembaar is. Hiervolgens mag die burgerlike *societas* nie die individuele persoon se regte aantas nie. Rosmini verklaar: "The form, laws and activity of civil society serve solely to ensure the good of these persons…"[1160] In soortgelyke trant verklaar Aquinas: "Every individual person bears the same relationship to the whole community as the part bears to the whole."[1161]**

**Die persoon wat op grond hiervan tot deel van die samelewing geroep word, word nou genoop om tot voordeel van die algemene welsyn van die samelewing te handel. Rosmini meen dat die burgerlike *societas* ingestel is om die burgers se regte te beskerm en te bevorder. Hy meen die burgerlike *societas* sal teen sy natuurlike funksie gaan, indien dit die regte van één van sy burgers ter wille van die voordeel van al die ander burgers aantas.[1162] Indien dit die geval sou wees, meen Rosmini, sal die burgerlike *societas* die algemene welsyn (common good) vir die openbare welsyn (public good) inboet. Dit is onregverdig of onbillik en vergestalt sodoende tirannie van die meerderheid oor die minderheid.[1163] Hy beweer: "When the principle of public good is substituted for that of the common good, utility is substituted for justice. Politics, having taken Rights into its bullying hands, now governs it as it pleases."[1164] Maritain dink ook soos Rosmini as hy sê: "The entire human person is a part of political society, but not by virtue of all that is in it nor of all that pertains to it. By virtue of still other things which are in it, the entire human person is also above political society. There are in it things – and the most important and**

---

1159 Maritain 1945: 11.
1160 Rosmini 1996: vii-viii.
1161 *Summa Theologiae* 2-2, q. (64), a. (2).
1162 Rosmini 1996: 34.
1163 Rosmini 1996: 34-5.
1164 Rosmini 1996: 34.

the most sacred – which transcend political society and which raise the entire man to a position above political society – the same 'entire man' who is part of political society by virtue of still another category of things. I am part of the State by reason of certain relationships to common life which call my whole being into play; but by reason of other relationships… to things more important than common life, there are in me gifts, rights and values which exist neither by the State nor for the State and which are outside the sphere of the State."[1165]

Die einddoel van die menslike samelewing is nie die individuele welsyn nie: "… such a formula would dissolve society as such for the benefit of its parts, and would lead to an 'anarchy of atoms.'"[1166] Rosmini stem saam en meen dat die einddoel van die menslike samelewing die algemene welsyn is: "… from amongst the just activities of the society those which are most beneficial to the common good, that is, to the end of the society itself."[1167]

Indien dit die geval sou wees dat die einddoel van die menslike samelewing die algemene welsyn van die individu sou wees, sal so 'n toedrag van sake veroorsaak dat die sterkere in die samelewing die weerlose sal onderdruk. Rosmini meen dit sal lei tot onregverdige praktyke soos byvoorbeeld die verabsolutering van die beginsel van utiliteit, ***Salus Reipublicae summa lex***, ***Expedit… ut unus moriatur homo pro populo, et non tota gens***

1165 Maritain 1945: 12.
1166 Maritain 1945: 8.
1167 Rosmini 1996: 47.

***pereat*, “Reasons of State,” en die meerderheidstem.[1168] Die einddoel van die menslike samelewing moet egter sy eie welsyn - die welsyn van die sosiale liggaam, wees. Rosmini verskil egter van Maritain as hy die einddoel van die burgerlike *societas* in die kader van sowel die individuele as die sosiale welsyn plaas. Hy verduidelik dat indien egter nie begryp kan word dat die welsyn van die sosiale liggaam ook dié van die individuele persoon veronderstel nie, sal dié benadering tot ‘n tipe staatsdespotisme aanleiding gee. Rosmini verklaar: “Indeed, civil society has a special office in this regard relative to the end for which it was instituted because 1. the common good results from the good of the individuals and 2. the good of the individuals has a useful influence on the common good.”[1169]**

**Die algemene welsyn vereis dat daar ‘n gesagselement in die menslike samelewing teenwoordig moet wees: “… (it), requires that certain individuals be charged with this guidance, and that the directions which they determine… be followed or obeyed by the other members of the community. Such an authority, aimed at the good of the whole, applies to free men.”[1170]**

**Die natuurreg dui ook op die intrinsieke moraliteit van die algemene welsyn. Geregtigheid en morele onkreukbaarheid is essensieël vir die algemene welsyn in die samelewing. Dit is**

---

1168 Rosmini 1996: 34. “The following false principles, which tore humanity apart in every age while pretending to help and save it, result from this profoundly unjust principle: 1. Rights is nothing more than utility; 2. *Salus Reipublicae summa lex* (the preservation of the State is the supreme law). The absolute right of preservation. 3. *Expedit… ut unus moriatur homo pro populo et non tota gens pereat* (It is expedient… that one man should die for the people, and that the whole nation should not perish… 3. Reasons of State justify any violation. 5. Everything must be decided by majority vote…”

1169 Rosmini 1996: 40.

1170 Maritain 1945: 9.

**waarom die algemene welsyn deugsaamheid van die burgers vereis. Rosmini meen die menslike instink vir vervolmaking behels dat hy moet handel. Die mens handel met 'n neiging wat op die goeie gerig is. Hy moet volgens die waarheid en geregtigheid handel. Hy skryf: "The being of actions therefore arises from the tendency to perfection, but the manner of their being must arise from the principle of justice. We are not obliged to act by nature – it is instinct that causes action. But when we do act, we are obliged by the moral force of justice to act correctly."[1171]**

**Volgens Rosmini oefen die wil invloed uit oor die kennis. Hiervolgens vorm die mens 'n oordeel oor die goeie of slegte "dinge" wat hy deur middel van die kennis waargeneem het. Hy noem sodanige handeling praktiese oordeel, omdat die kennis deur die wil beweeg word.[1172]**

**Die mense se fisieke handelinge kan nie vry wees, tensy dit die gevolg van 'n verordening van die wil is nie. Die wilshandeling poog om handelinge goed en vry te hê. Die wilshandeling wil dus seëvier oor die laer menslike geneigdhede.[1173] Die mens wil in gemeenskap met ander leef. Aangaande die wil om 'n gemeenskap met ander mense te vorm sê Rosmini: "This object is beautiful, good, worth and precious."[1174]**

**Op grond van die persoonlike wil en vryheid neig die mens natuurlikerwys tot 'n sosiale en gemeenskaplike lewe. Maritain meen, net soos Rosmini dat die mens 'n politieke wese is nie net ten opsigte van die huislike *societas* nie, maar ook ten opsigte van die burgerlike**

---

1171 Rosmini 1993 (a): 99.
1172 Rosmini 1993 (a): 71.
1173 Rosmini 1993 (a): 71-2.
1174 Rosmini 1993 (a): 125.

**_societas_: "… and the commonwealth, in so far as it deserves the name, is a society of human persons."[1175]**

**Maritain beweer dat daar ander gemeenskappe bestaan wat in 'n sekere rangorde hoër as die burgerlike _societas_ is, naamlik die kerklike _societas_ en die internasionale gemeenskap.[1176] Rosmini vermeld net één sodanige gemeenskap, naamlik die kerk. Hy verklaar: "Only religious society has as its end the supreme, unique, true and final good of mankind. The aim of every other, lesser society is only a part of this end and, as such, necessarily fragmented."[1177] Rosmini verklaar dus: "Theocratic or divine society…. is the first society, and as such the basis and foundation of the others."[1178]**

**Die ander samelewingsfere het die plig om die vryheid en broederskap wat in die evangelie verkondig word te erken en toe te pas. Die evangeliese boodskap besing die deugde van geregtigheid en vriendskap en die respek vir alle mense.[1179] Die Christendom beweeg 'n persoon om in die waardigheid van die mens te glo, in geregtigheid, vryheid, naasteliefde en in die samewerking ten opsigte van die algemene welsyn.[1180]**

**Maritain meen dat die natuurlike regte van die mens in terme van 'n ontologiese perspektief op die natuurreg gebaseer is. Die natuurreg het sy ontstaan in Griekse en Christelike denke. Dit strek sover as vanaf Aquinas en die kerkvaders en verder terug tot by Paulus wat die volgende woorde geuiter het: "When the Gentiles who have not the Law, do by**

---

[1175] Maritain 1945: 7-8.
[1176] Maritain 1945: 15.
[1177] Rosmini 1995 (b): viii.
[1178] Cleary 1992: 40.
[1179] Maritain 1945: 15.
[1180] Maritain 1945: 15.

**nature the things contained in the Law, these, having not the Law, are a law unto themselves."[1181]**

**Dit strek selfs terug tot by Cicero, die Stoïsyne en tot by die beroemde drama van Sophocles, genaamd "Antigone." Antigone wat die ongeskrewe en onveranderde aard van die natuurreg beklemtoon, beweer dat die oorsprong van die natuurreg onbekend aan die mens is: "… and no man knows from where they have risen."[1182]**

**Die natuurreg ontspring uit God.[1183] Die mens is beelddraer van God: "The worth of the person, his liberty, his rights, arise from the order of naturally sacred things, which bear upon them the imprint of the Father of Being, and which have in Him the goal of their movement. A person possess absolute dignity because he is in direct relationship with the absolute, in which alone he can find his complete fulfillment."[1184]**

**Die natuurreg beskik oor 'n ontologiese en gnoseologiese element. In terme van die ontologiese element word die normale funksionering van die mens in sy essensie gerealiseer. Hiervolgens is die natuurreg die ideale medium vir die ontwikkeling van die mens. Weens die eksistensiële aard van die mens kan die regulering van elke moontlike situasie nie in die menslike essensie gevind word nie. Die verbod op moord is in die essensie van die mens gefundeer. Die voorskrif dat jy nie moet doodmaak nie, is ook 'n voorskrif van die natuurreg. Maritain verklaar: "…because a primordeal and most general end of human nature is to preserve being – the being of that existent who is a person, and a**

[1181] Maritain 1951: 85. Romeine 2: 14.
[1182] Maritain 1951: 85.
[1183] Maritain 1945: 35.
[1184] Maritain. 1945: 6

**universe unto himself; and because man insofar as he is man has a right to live."[1185] Hy meen natuurreg is ontologies in die sin dat dit nie 'n afsonderlik bestaan voer nie, maar in elke mens teenwoordig is. Die natuurreg bestaan binne die kader van natuurlike morele verpligtinge.**

**Volgens die gnoseologiese element is die natuurreg, wat ongeskrewe reg is op grond van die praktiese rede van die mens, kenbaar. Hiervolgens is die mens, ondanks sy praktiese kennis, nie in staat om die natuurreg volmaak te ken nie en is hy gevolglik aan foute onderworpe. Op grond van die praktiese rede van die mens en uit hoofde van deug is die mens in staat om die goeie te doen en slegte handelinge te vermy. Dìt is die beginsel van die natuurreg: "Natural law is the ensemble of things to do and not to do which follow therefrom in *necessary* fashion."[1186]**

**Die natuurreg is ongekrewe reg. Die mens se kennis van die natuurreg vermeerder na gelang sy morele bewuswording ontwikkel: "… this proves merely that the knowledge men have had of the unwritten law has passed through more diverse forms and stages than certain philosophers or theologians have believed. The knowledge which our moral conscience has of this law is doubtless still imperfect, and very likely it will continue to develop and to become more refined as long as humanity exists. Only when the Gospel has penetrated to the very depth of human substance will natural law appear in its flower and its perfection."[1187]**

---

[1185] Maritain 1951: 88.
[1186] Maritain 1951: 90.
[1187] Maritain 1951: 90.

**Maritain steun op Aquinas as hy meen dat die natuurreg nie soseer deur die rede begryp kan word nie. Hulle meen dat die menslike rede die natuurreg ken deur middel van die geneigdheid van die menslike aard. Maritain verklaar: "When one has clearly seen this basic fact, and when, moreover, one has realized that St. Thomas' views on the matter call for an historical approach and a philosophical enforcement of the idea of development that the Middle Ages were not equipped to carry into effect, then at last one is enabled to get a completely comprehensive concept of Natural Law…"[1188]**

**Rosmini meen dat die natuurreg op grond hiervan 'n dinamiese ontwikkeling benodig. Hy word juis as voorloper vir die uitbouing van die Thomistiese natuurregtradisie beskou. In die Middeleeue het die natuurreg meer verpligtinge as regte behels. Eers gedurende die 18de eeu het die regte van die mens meer op die voorgrond begin tree.[1189] Op grond hiervan is die hoeksteen van 'n menseregte-teorie gelê.**

**'n Kennis van die natuurreg waardeur die mens se fundamentele regte en verpligtinge gelê word, dien as basis vir fundamentele menseregte. Rosmini meen hiervolgens dat die menslike samelewing, wat 'n akkumulasie van regte en verpligtinge is wat mekaar in geregtigheid ontmoet, in die beginsel van geregtigheid tot afsluiting kom. Op grond van die geregtigheidsbeginsel oefen die samelewing gesag oor die burgers uit. Die geregtigheidsbeginsel wat vir die behoud van die menslike samelewing verantwoordelik is, moet derhalwe ook individuele en sosiale regte handhaaf. Rosmini meen dié regte vorm die**

---

1188 Maritain 1951: 92.

1189 Maritain 1951: 94. "Thus it is that in ancient and medieval times attention was paid, in natural law, to the obligations of man more than to his rights. The proper achievement – a great achievement indeed – of the XVIII th Century has been to bring out in full light the rights of man as also required by natural law."

einddoel van die menslike samelewing: "These rights form the end of government. If government has to promote the moral good, it must consequently persuade all those who are governed to respect the rights of others; if government has to promote the eudaimonological good, it must defend with force all the rights of every person who is governed so that no one will dare violate them. These are the two great duties of government."[1190] Op grond van die geregtigheidsbeginsel, wat 'n uitloper van die natuurreg is, beskik die mens oor regte *vis-á-vis* ander mense. Die natuurreg is reg uit hoofde van sy deelname aan die ewige reg of Goddelike Rede.[1191]

Die natuurreg behels die nakoming van regte en verpligtinge, wat 'n uitvloeisel is van die beginsel: "Do good and avoid evil." Die verbod teen moord is van hierdie natuurregbeginsel afgelei en dit word ook vergestalt in die Dekaloog. Dit is uit hoofde van die natuurreg dat positiewe reg die gesag van reg verkry en derhalwe die gewete beïnvloed: "For it is natural law itself which requires that whatever it leaves undetermined shall subsequently be determined, either as a right or a duty existing for all men, and of which they are made aware, not by knowledge through inclination, but by conceptual reason – that's for *jus gentium* – or – this is for positive law – as a right or a duty existing for certain men by reason of the human and contingent regulations proper to the social group of which they are part…"[1192]

Die ongeskrewe reg wat tot uitdrukking in die positiewe reg kom, vervolmaak sodoende die positiewe reg. Hiervolgens vertoon die regte van die mens in die burgerlike *societas* 'n politieke en sosiale aard. Die mense se reg op bestaan, sy reg op persoonlike vryheid en sy

1190 Rosmini 1993 (a): 22.
1191 Maritain 1951: 96.
1192 Maritain 1951: 99-100.

**reg op die nastrewing vir die vervolmaking van sy morele lewe, behoort tot die natuurreg.[1193]**

**Die natuurreg is gerig op die algemene welsyn en fundamentele regte en vertoon 'n intrinsieke verhouding met die algemene welsyn. Die mens se reg tot bestaan en sy reg tot die soeke tot geluk is van so 'n aard dat die algemene welsyn bedreig word, indien die burgerlike owerheid die mens se natuurlike reg daartoe verhinder of beperk. Rosmini meen dié regte is daarom fundamenteel en onvervreembaar: "… not a single right of individual citizens… can be sacrificed for the sake of the public good."[1194] Die mens beskik oor natuurlike regte uit hoofde van die feit dat hy mens is. Uit hoofde van die natuurreg beskik die mens oor die reg om met respek behandel te word en is die mens onderwerp van regte en beskik hy sodoende oor bepaalde regte. Die begrip van reg en plig is korrelatief van aard. Dit kom tot uitdrukking in die beginsel: "Do good and avoid evil."[1195] Op grond hiervan verklaar Maritain: "They are both founded on the freedom proper to spiritual agents. If man is morally bound to the things which are necessary to the fulfillment of his destiny, obviously, then, he has the right to fulfil his destiny; and if he has the right to fulfil his destiny he has the right to the things necessary for this purpose…"[1196]**

**Die natuurreg lê die mees fundamentele pligte van die mens neer en elke wet is op grond hiervan aan die natuurreg onderworpe. Elke mens het die reg om sy eie keuse te maak met betrekking tot sy persoonlike doelwitte. Rosmini meen die burgerlike *societas* kan egter**

---

1193 Maritain 1951: 100.
1194 Rosmini 1996: 37.
1195 Maritain 1945: 39.
1196 Maritain 1945: 37.

**weens groot gevaar en ter wille van die veiligheid van die menslike samelewing vereis dat die burgers hul lewe in oorlog moet opoffer.[1197] Soortgelyk as Rosmini se waarneming meen Maritain dat die burgerlike *societas* tiranniek optree: "… if it claims to base the functioning of civil life on forced labour, or if it tries to violate the rights of the family in order to become master of men's souls. For just as man is constituted a person, made for God and for a life superior to time, before being constituted a part of the political community, so too man is constituted a part of family society before being constituted a part of political society. The end for which the family exists is to produce and bring up human persons and prepare them to fulfil their total destiny. And if the State too has an educative function, if education is not outside its sphere, this function is to help the family fulfil its mission, and to complement this mission, not to efface in the child his vocation as a human person and replace it by that of a living tool and material for the State."[1198]**

**Die reg op 'n gesin, die reg van die persoon om vader of moeder te wees, ensovoorts behoort tot die natuurreg. Dieselfde kan ten opsigte van die regte en vryhede van die geestelike gemeenskap gesê word.**

**Ander regte soos die reg op assosiasie of die reg op vryheid van spraak, wat uit die positiewe reg ontspring, sal egter bedreig word indien die burgerlike owerheid die uitoefening van sodanige regte nie kan beperk nie. Rosmini meen indien dit die geval is, sal die burgers die behoefte vir beperking op persvryheid steun en sal hulle ten gunste van pro-**

---

1197 Rosmini 1996: 104. "It follows that whenever savage, immoral hordes and large gangs of robbers cannot otherwise be brought to a human state, every ruler has the right to go to war…"

1198 Maritain 1945: 44.

**aktiewe wette wees om misbruik te voorkom.[1199] Die regte is indirek van die natuurreg afhanklik.**

**Die negentiende eeu kom voor die problematiek van sosiale, ekonomiese en kulturele regte te staan. Hieronder kom die regte wat met die gesin gemoeid is, sowel as die regte van die mens in die arbeidsektor ter sprake. Die regte behels die reg op arbeid en die reg om vrywillig die keuse van jou beroep te maak. Die reg van die werker behels sy reg om ekonomiese groeperings - soos byvoorbeeld unies - te vorm, sowel as die reg op 'n billike salaris wat vir die behoud van die gesin voldoende is.[1200]**

**Daar kan dus met groot stelligheid gesê word dat Rosmini in dieselfde kader as Maritain met betrekking tot hul siening oor die natuurreg en menseregte geplaas kan word. Die klein verskille tussen hulle word deur die groter ooreenstemming in standpunte tussen hulle oorheers. Op grond hiervan kan Rosmini as sowel Thomis as neo-Thomis beskou word. Met betrekking tot eersgenoemde handhaaf Rosmini die klassieke denke van die Middeleeuse Thomisme en ten opsigte van laasgenoemde brei Rosmini die Thomisme uit om sodoende oplossings vir die hedendaagse problematiek van fundamentele menseregte te bied. Rosmini se denke dien dus as brugbouer tussen die klassieke natuurregdenke en die moderne fundamentele menseregte-standpunte.**

---

1199 Rosmini 1996: 228.
1200 Maritain 1951: 104.

### 8.3 Rosmini se bydrae aangaande menseregte

#### 8.3.1 Rosmini se standpunt oor menseregte berus grootliks op sy natuurregsleer.

**Die natuurreg-begronding van Rosmini se menseregte-leer spruit uit die etiek. Hy meen die etiek handel nie net oor die praktiese hantering van menseregte in die algemeen nie, maar is ook gemoeid met hoe die mens self handel.[1201] Hy skryf: "… and all activity, of course, in so far as it is exercised by human beings, lies within human power."[1202] Die handeling van die mens is dus hier van deurslaggewende belang.**

**Rosmini se volgende stap is om die aard van die mens vas te stel. Dit het Rosmini bereik deur 'n analise van die elemente van sy antropologie.[1203] Op grond hiervan beskou hy die mens dus as 'n menslike wese, wat die natuurorde om hom waarneem.[1204] Hierdeur word twee elemente, wat die onderwerp van menslike subjektiwiteit is, beklemtoon, naamlik syn en gevoel: "… two elements are to hand as undeniable factors of our experience; being as intuited and known, the basis of all knowledge, and feeling, the foundation of human subjectivity."[1205] Dit vorm die grondslag van die rasionele element van die mens as persoon, wat ook 'n geestelike dimensie vertoon.[1206] Rosmini verklaar: "… the very word**

1201 Rosmini 1988: viii. "Ethics is not only theory about practice in general; it is concerned with how we ourselves act…"

1202 Rosmini 1988: viii.

1203 Cleary 1992: 21. "Having established the basis of a theory of knowledge through consideration of the essential, known object (being), Rosmini's next step is to consider the nature of the human subject. This, in turn, requires an analysis of the constitutive animal and intellective elements of the human being as a means towards presenting an adequate anthropology... of human nature."

1204 Cleary 1992: 22. "Rosmini, while requiring us to look at and observed adequately the whole of nature, draws us beyond the phenomena to what sustains them, and in particular to the human person, the individual, the unquantifiable mystery which each one of us senses himself to be."

1205 Cleary 1992: 22.

1206 Cleary 1992: 23. "The rational element is discovered as we meditate on 'myself.'"

**'myself' describes our essential self, and indicates something unique, separate and altogether distinct from everything else. The incorporeal, immaterial feeling to which we refer, whose reality cannot be denied despite its total lack of extension and its imperviousness to space of any kind, is spiritual in nature…"[1207] Volgens Rosmini kulmineer die geestelike sowel as die liggaamlike element dus in die mens as persoon. As rasionele wese word die mens gevolglik as draer van menseregte beskou. Die eenheid van die siel (of geestelike) en die liggaamlike (sintuiglike) is beide voordelig en noodsaaklik vir die welsyn van die mens as persoon.[1208]**

**Nadat Rosmini 'n idee oor die mens as persoon gevorm het, besin hy vervolgens oor die verhouding tussen mense. Hy meen dié verhouding kulmineer in onderlinge regte en verpligtinge.[1209] Hy sê dat 'n kennis van regte en verpligtinge 'n vaste basis vir 'n diepgaande studie oor menseregte sal voorsien: "Only the knowledge of the essence of duty and rights can provide a solid foundation for the philosophy of right and the adequate study of human rights."[1210]**

**Rosmini meen sodanige studie benodig geregtigheid as basis en essensie van die natuurreg. Hy definieer die essensie van die natuurreg soos volg: "A faculty to act as one pleases, protected by the moral law which demands respect for this faculty from others."[1211] Ingevolge dié definisie sal die individu as persoon se plig om regverdig op te tree aan hom die reg waarborg om binne die grense van geregtigheid te handel. Rosmini verklaar: "His**

1207 Cleary 1992: 24.
1208 Cleary 1992: 26.
1209 Cleary 1992: 37.
1210 Cleary 1992: 37.
1211 Cleary 1992: 37.

**duty to act in accordance with justice imposes on others the duty to respect this obligation."[1212] Hy meen reg en plig veronderstel 'n ooreenstemmende verhouding in die sin dat daar nie 'n reg in een persoon sonder 'n korresponderende plig om sodanige reg te respekteer in ander 'n ander persoon bestaan nie.[1213]**

**Op grond hiervan, meen Rosmini, moet die individu as persoon as 'n onskendbare einddoel beskou word, wat nie tot "middel" gedegradeer mag word nie.**

**8.3.2 Rosmini se fokus op geregtigheid in die menslike samelewing onderskraag sy standpunt oor menseregte.**

**Sy geregtigheid-standpunt ontspring uit die natuurreg wat universeel toepassing vind. Op grond van die beginsel van geregtigheid en die voorskrifte van die natuurreg moet die mens in die samelewing onderskei tussen billike en onbillike wetgewing. Hy meen daar moet aan billike wette gevolg gegee word: "Laws should be just; there is nothing new or strange in requiring laws characterized by justice."[1214] Hy is dus van mening dat geregtigheid as primêre faktor in wetgewing moet dien. Billike wette bring tevredenheid mee. Hy glo dat**

---

1212 Cleary 1992: 38.

1213 Cleary 1992: 38. "Duty and right are thus co-related in the sense that there can be no right in one person without a corresponding duty in others to respect that right. My duty, for example, to worship God gives rise to my right to worship God, a right which others have a duty to respect. On the other hand, the concept of duty is anterior to that of right and as such does not necessarily give rise to rights in others. For example, my duty to worship God does not necessarily imply that other's rights are violated if I do not worship God as I should."

1214 Rosmini 1993 (a): 2.

geregtigheid enersyds vernuwende en ontwikkelde omstandighede moet akkommodeer. Andersyds moet dit ook aan die tradisionele handhawing van die natuurreg getrou bly.[1215]

Volgens Rosmini moet die beginsel van geregtigheid in die menslike samelewing bo sekerheid, definitiwiteit en universele toepassing verhef word: "… it is more important for the laws imposed upon nations, or chosen by them, to be just, or to be certain, definitive and universal? There is no doubt that justice is required above all else, but it is equally true that if laws are just, no other quality is required."[1216]
Hy meen hulle is voorwaardes vir geregtigheid. Die geregtigheidsbeginsel veronderstel dat wette oor dié eienskappe moet beskik. Hy sê: "In other words, all the qualities desired for good laws, whatever these qualities may be, are already contained in the basic quality of justice; on the other hand, such qualities do not, of themselves, contain justice."[1217]

Rosmini meen die reg kan nie geregtigheid ontbeer nie. Met betrekking tot geregtigheid is die morele en juridiese beginsels deur die Goddelike Voorsienigheid in die harte van die mens ingeprent. Die geregtigheidsbeginsel dien sodoende as uitloper vir die natuurreg, omdat dit aan almal gemeenskaplik is.[1218] Rosmini betreur die feit dat geregtigheid nie in wetgewing beliggaam word soos deur die natuurreg vereis word nie.

Die nie-handhawing van geregtigheid het tot gevolg gehad dat morele beginsels in die 17de eeu verval het. Die mens se aandag was gerig op entiteite anders as geregtigheid: "… a

---

1215 Rosmini 1993 (a): 2. "People whose sole desire is to say something new and recondite may perhaps be ashamed to repeat what has been maintained throughout the ages as a part of ordinary common sense, but this surely is an unsatisfactory attitude."
1216 Rosmini 1993 (a): 2.
1217 Rosmini 1993 (a): 3.
1218 Rosmini 1993 (a): 3.

**period when human attention was concentrated on accessories, ceremony, verbal altercations and capricious, extraordinary novelties."[1219] Die mens het vervolgens in sedeloosheid verval. Anargie het ontstaan en die gevolglike vernietiging van die openbare orde was die resultaat daarvan.[1220] Teen die einde van die 18de eeu het die mens 'n poging aangewend om die beginsel van geregtigheid te herstel. Gedurende die 19de eeu is die belangrikheid van die geregtigheidsbeginsel, volgens Rosmini, besef.[1221] Hy sê dat geregtigheid 'n terugkeer na die eenvoudige beginsels van kennis, deug, geluk in die menslike samelewing veronderstel.[1222] Dié beginsels dui op die menslike natuur, waaraan almal uit hoofde van die Goddelike skeppingsorde deel het.[1223]**

**Volgens Rosmini ontstaan die positiewe reg uit die geregtigheidsbeginsel van die natuurreg. Hy verklaar: "I became convinced that the most simple, basic, and therefore most noble idea is that of justice. All solid attempts at reasoning about positive laws had to begin here. Every other value possessed by positive law appeared accidental, accessory and derivative; the essence of the perfection of laws consisted in justice alone…"[1224]**

**Hy glo daar moet daarteen gewaak word dat geregtigheid nie tot 'n beginsel van utiliteit verlaag word nie: "… utilitarians spend so much effort and care speaking about the beautiful qualities that laws should have, but take very little notice of justice. For them, the**

---

1219 Rosmini 1993 (a): 5.
1220 Rosmini 1993 (a): 5.
1221 Rosmini 1993 (a): 5. "The 19th century is destined by Providence to re-establish the importance of true principles, and to make known to future generations the simplicity, supreme importance and incomparable beauty of these principles… I became convinced that the most simple, basic, and therefore most noble idea is that of justice."
1222 Rosmini 1993 (a): 5. "… (justice) seek to return to the simplest principles and use them as the cornerstone of the edifice of human knowledge, virtue, happiness and society…"
1223 Rosmini 1993 (a): 5-6.
1224 Rosmini 1993 (a): 6.

**word has no content; 'justice' can be taken for granted because it has become a mere synonym for utility."[1225] Hy verwerp dus die utilitariese beklemtoning van doelmatigheid bo die besondere aanspraak van die natuurreg as 'n hoër orde van waardes. In die lig hiervan word die Thomisties-Rosminiaanse paradigmatiese natuurregsposisie sodoende bevestig. Volgens Rosmini sal die utilitariese model in teenstelling met die paradigmatiese natuurregwaardes tot anargie in die samelewing lei: "… utility alone attracts… anarchy in society."[1226]**

**Volgens Rosmini is geregtigheid as uitvloeisel van die natuurreg, nie van menslike oorsprong nie; dit het 'n Goddelike oorsprong.[1227] Daarom geniet geregtigheid uit hoofde van die toepassing van die natuurreg universele en ewigdurende gelding. Uit hoofde van die eienskappe van universaliteit en ewigdurendheid vereis die nastrewing van geregtigheid dat die natuurreg eenvoudige en billike toepassing moet geniet, wat deur almal begryp kan word: "What remains always and everywhere,… is the teaching of natural Right… But whenever the universal law of justice is applied to cases, it cannot be other than itself, simple and definitive."[1228]**

**Rosmini beweer dat positiviste wat onkundig hieromtrent is, die handhawing van die openbare orde sodoende in gevaar bring. Hy beklemtoon dat, weens geregtigheid en die behoud van die menslike samelewing, daar kennis van die natuurreg geneem behoort te**

---

[1225] Rosmini 1993 (a): 7.

[1226] Rosmini 1993 (a): 7

[1227] Rosmini 1993 (a): 8-9. "Justice is not manufactured by human beings, nor can human hands dismantle it. It is prior to laws made by human beings; such laws can only be expressions of justice. Justice is the essence of all laws to such an extent that St. Augustine had no hesitation in refusing to name as 'law' anything which lacked justice. Nor does authority exist except as a servant of justice. Justice is the very essence of authority itself…"

[1228] Rosmini 1993 (a): 10.

word: "It would be ignorance to think otherwise and a public calamity to imagine that rational Right can be dismissed contemptuously."[1229]

Rosmini spreek sy waardering uit vir sommige regslui wat in die geval waar die positiewe reg nie duidelike riglyne bied nie, hulle tot die natuurreg wend. Hy skryf: "The Austrian civil code, generated in the heart of Germanic philosophy, wisely refers judges to natural Right in doubtful cases. Consequently natural Right, the enduring and immense receptacle of all good laws, was finally recognised in our century as national law…"[1230]

Rosmini meen menslike wette is feilbaar en onvolmaak[1231] en sê: "… 'The only law of the State, to which we ourselves are subject, is justice as declared by reason enlightened by the Gospel."[1232] Hy glo nie dat die menslike wette deur die natuurreg in beslag geneem sal word nie, maar dat dit eerder die menslike wette sal help vervolmaak deur dit met goddelike eienskappe te beklee. Weens die goddelike aard van die natuurreg sal die mens homself en sy wette aan God moet onderwerp, sê hy. Die evangelie dikteer dat menslike wette deur die ewige reg van God gereguleer word;[1233] met ander woorde, die positiewe reg moet aan die rasionele wette van die natuurreg onderhewig wees. Dié rasionele wette moet, volgens hom, vrye uiting in die menslike samelewing vind. Hy verklaar: "Every authority must take its stand only on what is good and true, not on what is evil and false. As St. Paul said in those divine words: 'For we cannot do anything against the truth, but only for the truth.'"[1234]

---

1229 Rosmini 1993 (a): 10.
1230 Rosmini 1993 (a): 10.
1231 Rosmini 1993 (a): 11. "… human laws… are… fallible, imperfect…"
1232 Rosmini 1993 (a): 12.
1233 Rosmini 1993 (a): 13.
1234 Rosmini 1993 (a): 14.

**8.3.3 Rosmini se menseregteleer vloei voort uit die Skriftuurlike beginsel van liefde tot God en die naaste.**

**Volgens Rosmini se antropologie beskik die menslike siel oor goddelike eienskappe. Uit hoofde hiervan sal die mens oor rede beskik en dus in staat wees om tussen reg en verkeerd te onderskei.[1235] Die goddelike eienskappe van die siel vra dat die mens eerder die "lig van die rede" as die rede self moet volg. Volgens Ivo sal die idee oor wat reg is, deur God in die mens se gedagte geplaas word.[1236] Rosmini bevestig dat daar in die mens 'n ingebore idee bestaan, wat nie van die menslike sintuie afkomstig is nie, maar van God. Dié ingebore idee is die "lig van die rede."[1237]**

**Op grond hiervan kan die intellektuele en morele toestand van die mens drasties verbeter. Hiervolgens is die Goddelike Voorsienigheid bepalend vir die natuurreg en menseregte soos deur Rosmini gevisualiseer. Die beginsel van die natuurreg wat as uivloeisel vir die morele reg dien behels: "'You must not harm your fellow human being…'"[1238] Die liefde vir die waarheid en deug is juis wat Christus vir sy dissipels geleer het. Hiervolgens moedig Hy sy dissipels aan om die goeie te doen.[1239] God waarborg aan die reggesindes: "If you continue in my word, you are truly my disciples and you will know the truth, and the truth will make you free."[1240]**

---

1235 Rosmini 1988: 10. "St. Jerome says, 'There is a natural holiness impressed on our souls by God. It resides in the highest part of the spirit, where it judges between what is right and what is wayward."

1236 Rosmini 1988: 10.

1237 Rosmini 1988: 11.

1238 Rosmini 1988: 4.

1239 Rosmini 2004: 15.

1240 Rosmini 2004: 54.

Die beginsels van die waarheid en die liefde is twee eienskappe van dieselfde Goddelike Syn. Liefde wat in God tot uitdrukking kom, behels dat die mens welwillendheid en dade van liefde met groter ywer moet verrig.[1241] Rosmini verklaar: "Charity can clearly be exercised by any individual but is more productive when undertaken by a group of associated individuals working together in harmony like a kind of peace-loving, well-organised, well-informed and disciplined army engaged in the same campaign…"[1242]

Hy sê dat liefdesdade 'n individuele sowel as 'n sosiale dimensie het. Dit word altyd tussen persone gemanifesteer: "Charity, therefore, is exercised by the disciples either as individuals or as united in societies. It is also exercised on behalf of individuals and societies, although its ultimate human term is always the individual."[1243] Liefdesdade kulmineer nie in die mens nie, maar in God. Volgens Rosmini dien God as die waarheid, wat Hom sodoende oor alle mense laat geld. Hy haal die woorde van Augustinus aan: "… love finally loves itself and all is love; God-love is principle and God-love is end."[1244]

8.3.4 Rosmini se menseregtestandpunt is nóú verwant aan sy teosentriese gedagte oor die mens as persoon se verhouding tot God.

Hy verwys hier na die kerklike (teokratiese) *societas* wat tussen God en mens gevorm word. Dié samelewing word *de facto* en *de jure* deur God self geregeer. Hy verduidelik dat die

---

1241 Rosmini 2004: 202-3. "He is drawn to them in the degree to which he co-operates with charity, and charity itself, through external cognitions and gifts, unfolds in him. This explains all those religious associations which aim to practice charity and beneficence to their neighbour with greater, more extensive and more organized zeal."

1242 Rosmini 2004: 203.

1243 Rosmini 2004: 204.

1244 Rosmini 2004: 205.

**aardse regeerders van sodanige samelewing as verteenwoordigers van God hier op aarde dien: "… the rulers on earth of this society will necessarily be the representatives of God…"[1245]**

**Die afwesigheid van belangstelling in die goddelike belange behels die agteruitgang van die huislike en burgerlike *societas,* sê hy. Op grond hiervan meen Rosmini moet godsdientige gemeenskappe waarop alle ander samelewings gebaseer is, as grondslag daar gestel word.[1246]**

**Rosmini beweer dat die mens se finale welsyn (goed) in die einddoel van die kerklike (teosentriese) *societas* gesetel is. Hy glo alle ander samelewingsvorme se doelwit is gerig op dié einddoel.[1247] Die kerklike *societas* is, vanweë sy einddoel, in staat om die mensdom in een groot familie te verenig: "No other society, therefore, is capable of drawing the human race into one, great family."[1248] Hy sê dat sonder godsdiens, eenheid nie moontlik is nie. Met godsdiens kan die mens die einddoel wat hy begeer, bereik.[1249]**

**Rosmini glo dat die mens op aarde nie 'n bestaan kan voer, of dat hy nie tot die vorming van aardse vervolmaking kan gedy, indien hy nie deur die natuurreg, morele verhoudings en behoeftes daartoe gestimuleer word nie.[1250]**

---

1245 Rosmini 1995 (b): vii.

1246 Rosmini 1995 (b): viii. "This alone should make us wary of rejecting out of hand any attempt at re-instating religious society as the foundation on which all other societies must rest."

1247 Rosmini 1995 (b): viii. "Only religious society has as its end the supreme, unique, true and final good of mankind. The aim of every other, lesser society is only a part of this end and, as such necessarily fragmented."

1248 Rosmini 1995 (b): viii.

1249 Rosmini 1995 (b): viii. "Without religion, there can be no unity amongst mankind, mankind may not at any given moment achieve the unity to which it is called…"

1250 Rosmini 1995 (b): 5. "Mankind, this multitude of individuals, could not exist on earth nor develop towards its earthly perfection and immortal destiny unless it were ordered and bound together in accord with the stimuli provided by nature, moral relationship, and needs."

**Rosmini se kerklike *societas* vereis vir die welsyn van sy burgers die nakoming van die voorskrifte van die natuurreg.**

**Rosmini meen die voorskrifte van fatsoenlikheid, geregtigheid en godsdiens sal die kerklike (teokratiese) *societas* bevry. Hy glo andersyds dat ongeregtigheid, goddeloosheid of onvroomheid die teokrasie sal ondermyn.[1251]**
**Die regte van die individue, die regte van die burgerlike *societas* en die regte van die regeerders sal volgens hom gewaarborg word deur die vervulling van geregtigheid teenoor God. 'n Persoon wat byvoorbeeld onder skyn die eer van God verkondig en hom daardeur onregmatig verryk, sal sy verhouding met God versteur: "How could a truly religious person ever believe he was giving due honour to God if, under cover of religion, he tried to enrich and ennoble himself unduly? He would inevitably sense that he was dishonouring and offending God by depriving him of the worship of human hearts."[1252] Hy meen ook dat 'n opregte persoon nie sal neem wat nie aan hom behoort nie: "A person truly desiring to give God what is due to God will never take as his own what belongs to society, to rulers, or to the least of mankind."[1253]**

**Rosmini beskryf die kerklike (teokrasie) *societas*, waardeur God 'n eenheid met die mens bewerkstellig, onder twee hoofde. Volgens hom behels die kerklike *societas* eerstens dat die Goddelike reg nie verwaarloos moet word nie; tweedens, dien sodanige samelewing as**

---

1251 Rosmini 1995 (b): 6. On the contrary, the dictates of decency, justice and religion have willingly been emphasized in order to free human society from such extreme danger which, however, cannot be avoided when injustice, irreligion or impiety set out to subvert the city of the Lord…"
1252 Rosmini 1995 (b): 6.
1253 Rosmini 1995 (b): 6.

**vaste basis vir elke ander gemeenskap.[1254] Op grond van die invloed van die kerklike *societas* sal die invloed van die evangelie die mens in die regte rigting stuur. Die evangelie sal ook die positiewe reg korrigeer en waar nodig hervorm.[1255]**

**Rosmini meen dat die Christendom die natuurreg aan die hoof van elke nasie plaas. Die Christendom streef vir die voordeel van die mensdom in die kerklike *societas.* Hy meen die kerklike *societas* word deur die Christendom tot vervolmaking gebring.[1256]**

**Rosmini meen dat die Christelike geloof vir die handhawing van menseregte essensieel is. Die Christelike geloof vereis dat menseregte gerespekteer moet word. Rosmini glo die Christelike geloof sal nie die uitoefening van respek deur middel van geweld probeer afdwing nie. Rosmini verklaar: "Respect imposed by force is no longer respect…"[1257] Volgens Rosmini verplig die Christelike geloof die mens om ander se regte te beskerm. Dit hervorm sodoende die menslike wil: "… and from this moment rights were respected."[1258] Hy meen ook dat die Christendom sodanige mense oplewer wat die regte van ander vrywilliglik respekteer. Rosmini verklaar: "In this way, the realization of human rights was made possible, and their worth ensured. Domestic and civil society exist in strict dependency upon religious society, which provides for their very essence as well as their perfection…"[1259]**

**8.3.5 Rosmini se menseregte-teorie omvat sowel individuele as sosiale regte.**

---

[1254] Rosmini 1995 (b): 6-7.
[1255] Rosmini 1995 (b): 7-8.
[1256] Rosmini 1995 (b): 9.
[1257] Rosmini 1995 (b): 11.
[1258] Rosmini 1995 (b): 11.
[1259] Rosmini 1995 (b): 11.

**Rosmini meen die essensie van die reg is die aktiwiteit van 'n persoon of persone relatief tot ander persone: "He shows how one person intervenes in the life of another in order to assist with the great work of primary formation (the formation of the person),… In his study of right as the basis of all human rights he throws the net wider as he examines the relationships that must exist between human beings as such. These relationships are constituted by duties and rights… Only the knowledge of the essence of duty and rights can provide a solid foundation for the philosophy of right and the adequate study of human rights."[1260] Hy glo dié aktiwiteit kan óf deur individue óf deur persone wat as lede van 'n gemeenskap handel, uitgeoefen word. Die essensie van die reg kulmineer in individuele en sosiale regte.[1261]**

**Met betrekking tot individuele reg verkry die persoon heerskappy oor 'n saak, omdat dit sy eiendom is. Hy geniet uit hoofde van juridiese vryheid die reg om met die saak te maak soos hy wil: "… the state of juridical freedom within which the person is free and must be left free."[1262]**

**Die wyse waarop 'n persoon 'n saak verkry, gee ook aanleiding tot die basis vir die onderskeid tussen aktiwiteite, naamlik die vorming van natuurlike regte en positiewe regte: "… if what he possesses is his by nature (innate, inborn), his rights are natural, or rational**

---

1260 Rosmini 1992: 37.

1261 Cleary 1992: 38. "The personal activity constituting the essence of right can be exercised in various ways: a human being can act as an individual or as a member of different societies. These two great divisions of personal activity give rise to two divisions of right made by Rosmini: individual and social right."

1262 Cleary 1992: 38.

**(they are his because he is what he is); if personal ownership is acquired during the course of life, rights are called positive (they are his because of what he does)."[1263]**

**Volgens die individuele reg sal die natuurlike individuele reg die persoon veronderstel. Rosmini beweer dat die persoon nie oor regte beskik nie, maar dat hyself reg is; hy besit nie vryheid nie, maar is self vryheid. Enige handeling waardeur die verhouding tussen die mens en sy saak versteur word, behels 'n kwaadwillige handeling teenoor die persoon.[1264] Rosmini beweer die mens se natuur waarborg aan hom die reg om nie in die ontwikkeling van sy natuurlike vermoëns versteur te word nie: "… the person has the right not to be impeded in the decent development of his natural faculties…"[1265] Op grond van die ontwikkeling van die mens se natuurlike vermoëns verkry persone sake regmatig deur eiendomsreg wat hy tot sy eie voordeel mag aanwend. Die genieting van eiendomsreg is vervat in die natuurreg en enige inbreukmaking hierop sal 'n morele onreg uitmaak.[1266]**

**Volgens Rosmini resorteer gemeenskappe of samelewings onder drie hoofde, naamlik die kerklike (teokrastiese) *societas,* die huislike *societas* en die burgerlike *societas*.[1267]**
**Dié drie samelewingsvorme is noodsaaklik, indien die mens etiese deugsaamheid op aarde wil manifesteer en uiteindelik onsterflikheid wil bereik: "Amongst the infinite number of**

---

1263 Cleary 1992: 38.
1264 Cleary 1992: 39. "Every attempt to deprive a person of his supreme activity and thus interrupt the relationship between the human subject and the object which enlightens him intellectually, is an act of violence against the person and consequently an attempt to damage his right as person…"
1265 Cleary 1992: 39.
1266 Cleary 1992: 39.
1267 Cleary 1992: 40.

possible societies, three are necessary if human beings are to arrive at perfection on earth and attain their immortal destiny."[1268]

Rosmini meen die kerklike *societas* veronderstel gemeenskap tussen God en die mens: "Theocracy or divine society is that which God wishes to establish with the human race…;"[1269] die huislike *societas* word in die huweliksgemeenskap en die ouerlike gemeenskap onderverdeel;[1270] en in die burgerlike *societas* vertrou die mense die behoud en regulering van hulle regte aan 'n individu of kollektiwiteit, wat as die regering bekend staan, toe.[1271]

8.3.6 Die sosiale regte in die samelewing word gereflekteer in die burgerlike *societas*, kerklike *societas* en die huislike *societas*.

Rosmini beweer die kerklike *societas* vorm die basis van die ander samelewingsvorme. Die kerklike *societas* verenig die mens met God: "… divine society… draws its life from the relationships which necessarily unite the creature to God, the supreme Being and absolute Lord of his creatures."[1272] Hy meen dat God die einddoel van elke mens is. God stel Homself in gemeenskap met die mens, sodat die mens sy eie etiese welsyn mag najaag. Die kerklike *societas* word tot vervolmaking gebring, hoe meer God homself aan die mens openbaar.[1273]

---

1268 Cleary 1992: 40.
1269 Cleary 1992: 40.
1270 Cleary 1992: 41.
1271 Cleary 1992: 42-3.
1272 Cleary 1992: 40.
1273 Cleary 1992: 41. "Gradually this society is brought to perfection as God reveals himself more and more clearly."

**Rosmini beweer die kerklike *societas* bereik vervolmaking deur die Inkarnasie van Christus, wat sodoende die kerk word. Die kerk beskik oor die eienskappe van eenheid, heiligheid en universaliteit. Rosmini verklaar: "… the Church is destined to realize the design of God who wishes all human beings to be united under a single Pastor."[1274]**

**Rosmini verdeel die huislike *societas* in die huweliksgemeenskap en die ouerlike gemeenskap.[1275] In die huweliksgemeenskap word die bates gemeenskaplik deur die gades gehou. Rosmini verklaar: "… the complementary good that man and woman can offer one another for their mutual enjoyment as a result of their psychological and somatic structure…"[1276] By die verwekking van kinders kom ook 'n ouerlike gemeenskap tot stand. Die ouers se regte is beperk. Rosmini meen ouerlike regte strek nie sover as tot die persoon van hul kinders se regte nie: "As a result, parents' rights extend to the nature of their children, but not to their persons, whose rights are inalienable…"[1277]**

**In die burgerlike *societas* vertrou die mense die behoud en regulering van hulle regte toe aan 'n individu of kollektiwiteit wat die regering is. Dié samelewing sal uit hoofde van sy besondere aard die uitoefening van die modaliteite van die reg van die ander twee samelewingsvorme kontroleer. Relatief tot die ander twee samelewingsvorme is die burgerlike *societas* middel tot 'n doel en nie doel sigself nie.[1278]**

---

[1274] Cleary 1992: 41.
[1275] Cleary 1992: 41.
[1276] Cleary 1992: 41.
[1277] Cleary 1992: 42.
[1278] Cleary 1992: 42.

**Volgens Rosmini, sê Cleary, moet die burgerlike *societas* vanweë sy besondere aard nie menseregte aantas nie: "According to Rosmini, the State, despite its universal regulation of the modality of rights, its supremacy over more particular societies, and its stability, has no power to create or destroy human rights."[1279]**

**8.3.7 Sosiale geregtigheid kan, volgens Rosmini, slegs verseker word deur die ewewigtige handhawing van alle natuurlike regte op sowel individuele as sosiale vlak.**

**Rosmini meen die ewewigtige handhawing van natuurlike regte op individuele sowel as op sosiale vlak moet deur die beginsel van geregtigheid getemper word. Die burgerlike *societas* kom ter wille van die behoud van geregtigheid tot stand. Dit floreer, indien geregtigheid universeel gehandhaaf word.[1280]**

**Rosmini meen die elementêre plig van die regeerder is die behoud van die menslike samelewing deur middel van die toepassing van geregtigheid. Hy skryf: "… civil societies are located in respect for justice in all the extension and sublimity of this word."[1281]**
**Volgens hom is geregtigheid, moraliteit en godsdiens konstitutiewe elemente vir die bereiking van die einddoel van die burgerlike *societas*. Hiervolgens moet die burgerlike owerheid die verkryging van individuele en sosiale welsyn bevredig.[1282]**

---

[1279] Cleary 1992: 42.
[1280] Rosmini 1996: 404. "… civil society comes about in the first place for the maintenance of justice… civil society flourishes when justice is universally maintained…"
[1281] Rosmini 1996: 406.
[1282] Rosmini 1996: 406. "We recognized with total evidence that justice, morality, religion… constitute the final end to which governments must direct and make serve the proximate end of civl society, that is, the acquisition of social goods and pleasures."

Die politieke filosofie van Rosmini veronderstel dat die natuurlike konstruering van die burgerlike *societas* die gevolg is van die instemming van die burgery, wat wyse en etiese deugsame manne kies om te regeer: “This will become more clear if we imagine a nation that has decided to give itself the best possible form of government and, with the consent of all who are interested in the public good, chooses a commission of wise, just men whose duty it is to compose the new constitution.”[1283] Hy meen dat onreg nie teenwoordig kan wees, indien alle belanghebbendes hulle toestemming verleen het nie. Indien dit die geval is, sal daar ‘n legitieme burgerlike *societas* tot stand kom.[1284]

Rosmini meen die ewewigtige handhawing van natuurlike regte kan deur die volgende elemente, naamlik die bevolking, rykdom, burgerlike owerheid, militêre mag, kennis en deug bereik word. Hy beweer bevolking en rykdom is wesenlik noodsaaklik vir ‘n goeie samelewing.[1285]

Die aantal kinders is as die bron van rykdom van die huislike *societas* beskou: “In other words, numerous children constituted the family force which in turn attracted wealth. Servitude was a substitute for the scarcity of children.”[1286] Rosmini verklaar: “As a result, families whose wealth was not in proportion to family force (children and bond-servants), were subject to impoverishment and incapable of resisting the prevalent family force of other families.”[1287]

---

1283 Rosmini 1996: 406.
1284 Rosmini 1996: 409.
1285 Rosmini 1996: 410. “If we consider the relationship between population and wealth in domestic society, we find that their balance provides the law by which the family is constituted in a regular, tranquil mode. This is the first balance necessary for the perfect constitution of humanity.”
1286 Rosmini 1996: 410.
1287 Rosmini 1996: 411.

**Hy sê dat, indien die proporsionele balans tussen die familie-getal en rykdom byvoorbeeld ontbreek, die sosiale samestelling billik, maar ongeoorloof sal wees. Met ander woorde, dit sal nie ooreenkomstig die natuurreg wees nie.**[1288]

**8.3.8 Die natuurlike regte van individue in sosiale entiteite spruit ten diepste voort uit die menslike roeping teenoor God.**

**Rosmini meen elke reg verkry sy gesag van God. Dié gesag is aan die mens deur middel van die rede en die Goddelike Openbaring bekend gemaak. Die rede ontleen sy goddelike oorsprong op direkte en indirekte wyse. Hy sê: "Directly, in the self-evident principle of the moral law, that is, being as manifestative of essences, to which we can assent (moral good) or from which we can dissent (moral evil); indirectly, when we first know through reason that the essence itself of Being is alive in the fullest sense of the word, and wills itself eternally, and then, second, know that assenting to manifestative Being means assenting to the supreme will, just as assenting to the supreme will means assenting to manifestative Being."**[1289]

**Daardie natuurlike regte wat aan ons op 'n direkte wyse bekend is, is daarom goddelik van aard. In die geval van indirekte gevolge van die mens se natuurlike regte deel hy ook in dié goddelikheid: "… The (natural law) which we know directly is, therefore, divine; its indirect consequences share in divine authority itself (with the result that every right is divine)…"**[1290]

---

1288 Rosmini 1996: 411.
1289 Rosmini 1996: 438.
1290 Rosmini 1996: 438.

**Rosmini prys gevolglik die wysheid van antieke Rome, wat as voorbeeld gedien het vir die historiese handhawing van die Christendom: "A city is bounded more securely by religion than by its own walls."[1291]**

**Regeerders verkry hul gesag van God.[1292] Rosmini waarsku dat sommige regeerders dié konsep vir eie gewin uitbuit en hul gesag sodoende op onregmatige wyse uitoefen.[1293] Op grond hiervan sal die aansprake op fundamentele regte in die menslike natuur op die goddelike aard gefundeer wees. Die fundamentele regte is individueel, sowel as sosiaal van aard. Die menslike natuur is juridies, sowel as sosiaal. Rosmini verklaar: "… now it cannot be denied that the reason for every human society has to be found finally in the fact that many human beings are a single species subsisting in many individuals."[1294]**

**Volgens Rosmini word die burgerlike *societas* sodoende die terrein van geregtigheid: "… because all justice was reduced to the human justice included in human society."[1295] Dit verduidelik hoekom Plato en Aristoteles die burgerlike lewe tot die hoogste deug verhef het. Die invloed van die Christendom veroorsaak dat die grense van die natuurlike menslike samelewing getransendeer kan word en dat die mens sodoende 'n gemeenskap met God wil vorm.[1296]**

---

1291 Rosmini 1996: 439.

1292 Rosmini 1996: 439, 441. Volgens Rosmini erken selfs nie-Christelike nasies soos China dat burgerlike gesag van God, wat hulle "hemel" noem, afkomstig is. Hulle noem hul keiser "the son of heaven." Die goddelike reg van regeerders word, volgens Rosmini, ook onder nie-Christelike nasies beklemtoon, omdat: "God, the author of nature and reason, speaks and manifests his will."

1293 Rosmini 1996: 439.

1294 Rosmini 1996: 441.

1295 Rosmini 1996: 442.

1296 Rosmini 1996: 442. "For us, enlightened by Christ, these are extremely limited, narrow concepts. Our mind goes out beyond the finite and human to associate with pure intelligences and enjoy the bliss of true society with God."

**8.3.9 Rosmini se menseregte-leer kan met verwysing na sy standpunte oor menswaardigheid toegelig word.**

**Rosmini fundeer die aard van die moreel-goeie en die natuurreg as wesenlike komponente vir elke morele handeling in geregtigheid. Op grond hiervan moet die mens sy rede en instink met sy wil ooreenkomstig die voorskrifte van geregtigheid en die natuurreg reguleer. Uit hoofde van sy menseregte-leer en op grond van sy antropologie het Rosmini tot die volgende definisie van die mens as persoon gekom: "… (as) an animal subject endowed with the intuition of indeterminate, ideal being and with the perception of its own corporeal, fundamental feeling, and operating in accordance with animality and intelligence."[1297]**
**Op grond hiervan het Rosmini die konstitutiewe elemente van die menslike natuur soos volg geïdentifiseer: dat die mens oor liggaamlikheid, intellek, rede, instink en die wil beskik.[1298] Uit hoofde van dié elemente kan die mens as persoon as entiteit wat oor waardigheid beskik, beskou word. Die mens beskik oor waardigheid uit hoofde van die siel.**

**Die intellek en rede enersyds en die wil en vryheid andersyds is konstitutief vir die waardigheid van die mens: "Intellect and reason on the one hand, and will and freedom on the other, are respectively the active and passive faculties that constitute the human (dignity)."[1299]**
**Hy meen dat die mens op grond van sy ontologiese elemente 'n konsep oor menswaardigheid vorm: "It is clear that… 'person,' as the fount of moral, human action, is**

---

1297 Rosmini 1991 (a): viii.
1298 Rosmini 1991 (a): viii.
1299 Rosmini 1991 (a): ix.

the foundation of all right in human relationships because its very own worth is drawn from that which ultimately forms the human, intellective subject. 'This moral excellence and superiority by right, which elevates the human person above the whole of nature, must have the same source as all morality and right. This source is the light of reason, the source of right and of moral good and evil."[1300]

Rosmini glo die "lig van die rede" wat eksklusief tot die mens is, vorm die inherente kern van die menslike natuur, omdat die menslike natuur aan dié Goddelike vonk (lig van die rede) deel het. Die mens moet dus op grond van die "lig van die rede" as einddoel en nie as middel nie behandel word.[1301]

Op grond van Rosmini se evangeliese perspektiewe beskik elke mens oor 'n fundamentele waardigheid, wat nie aangetas mag word nie. Hy sê: "The State, for example, cannot absorb the inalienable rights proper to persons, nor can it be considered as more than its individual members in such a way that persons can be sacrificed for the sake of society: 'Let civil society perish… or be dissolved if this is needed for the salvation of individuals." Hy verklaar vervolgens: "… not a single right of individual citizens… can be sacrificed for the sake of the public good…"[1302]

Menseregte kan Christelik gefundeer word in die sin dat elke mens beeld van God is. Vir sover die mens beeld van God is, is die Christelike liefdesbeginsel van toepassing. Voorts

---

1300 Rosmini 1991 (a): x.
1301 Rosmini 1991 (a): x.
1302 Rosmini 1996: 37.

**is die mens beelddraer van God uit hoofde van die Skrifopenbaring en beskik hy sodoende oor menswaardigheid.[1303]**

**Menseregte geld ook in besonder uit hoofde van die tweede deel van die sentrale liefdesgebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."[1304] Dit beteken dat jy nie aan 'n ander moet doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie.[1305] Die mens moet daarom ook die regte en aansprake van ander mense eerbiedig. Rosmini meen die benadering onderskryf die geheel van die etiek, wat behels dat die nakoming van die natuurreg gehandhaaf moet word.[1306]**

**Uit hoofde van die aanspraak op menseregte ingevolge bepaalde Ou Testamentiese tekste, kan 'n menseregte-leer gebaseer word op die feit dat Christelike liefde "nie onwelvoegllik handel nie,"[1307] "nie sy eie belang soek nie"[1308] en "nie bly is oor die ongeregtigheid nie."[1309] Volgens Rosmini kan dié Skriftuurlike voorskrifte onder een enkele gedagte tuisgebring word, naamlik: "Do not harm your neighbour."[1310]**

**Die bekerming van menseregte is dus 'n fundamentele vraagstuk aangaande menslike etiek. Universele basiese menseregte en fundamentele vryhede is daarom onvervreembaar. Die natuurreg het 'n belangrike rol as filosofiese grondslag van Rosmini se menseregte-leer**

---

1303 Rosmini 1991 (a): 7. "... humans become like God."
2 Korinthiërs 3: 18. "En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is."
Efésiërs 4: 24. "… en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid."
Kolossense 3: 10. "… en julle met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper."

1304 Deutoronium 5, 6.

1305 Rosmini 1988: xiii. "Do what is morally good, and avoid moral evil…For instance, when I say: 'Do not harm your neighbour,' I am stating an application or consequence of the universal law, 'Flee moral evil.'"

1306 Rosmini 1988: xiii.

1307 1 Korinthiërs 13: 5.

1308 1 Korinthiërs 13: 5.

1309 1 Korinthiërs 13: 5.

1310 Rosmini 1988: xiii.

gespeel. Rosmini het die natuurreg vanuit die Skolastiek of Thomisme oorgeneem en verder help uitbou. Uit dié Skolastiese of Thomistiese uitbouing het Rosmini dus 'n evangeliese fundering vir die idee van menseregte gelewer. Op grond hiervan kan Rosmini as neo-Thomis beskryf word.

Menswaardigheid vorm die basis vir morele vryheid. Vryheid van die mens se roeping en die handhawing van morele verpligtinge is belangrike voorvereistes vir die vestiging van vrede en geregtigheid in die menslike samelewing. Sodanige vryheid moet vir alle mense se regte geld. Indien dit nie die geval sou wees nie, sal sodanige vryheid onvoldoende ten opsigte van die mens se regte in die samelewing wees. Rosmini meen sodanige vryheid moet ook aan morele verpligtinge onderworpe wees. Wette wat die samelewing bind en wat op die gelyke status van alle burgers in die samelewing dui, lei tot die morele vryheid van die mens. Die regte van die burgery moet gelyk wees, omdat die burgerlike *societas* 'n assosiasie van mense met gelyke regte behels. Gelykheid van morele vryheid dien as basis vir gelyke regte.

Aquinas meld dat morele vryheid wat vryheid van keuse insluit, die "gietvorm" bied waarin menslike verantwoording oor die goeie tot uitdrukking kom. Aquinas beweer dat, weens die geskapenheid van die mens na die beeld van God, die mens morele handelinge kan verrig.[1311] Op grond van die "lig van die rede" wat die gevolg van die Goddelike gesag en wil is, geniet die mens vryheid van oordeel oor sy eie handelinge. As sodanig is die mens

---

[1311] Rickaby 1950: 22. "Thus also God gives to creatures all their perfections; and thereby He has with all creatures a likeness, and an unlikeness at the same time. For this point of likeness, however, it is more proper to say that the creature is like God than that God is like the creature…"

dus uit hoofde van die "lig van die rede" vir sy eie handelinge verantwoordelik: "… (this) light impressed in human nature… discern good from evil."[1312]

Die morele vryheid van die mens is nóú aan die geestelike vryheid van die liefde van God verbind. Die mens se vryheid kulmineer in liefdeshandelinge. Rosmini verklaar: "We call this love… because it is an affection carried over from the act of esteem with which we judge some thing favourably and willingly."[1313] Dié Goddelike liefde spruit uit die natuurreg, wat die mens tot onderwerping en gehoorsaamheid aan die Goddelike reg beweeg. Hiervolgens word die mens se liefde vir homself teengestaan en moet hy sodoende sy naaste in nederigheid dien. Die menslike rede moet, weens sy onvolmaaktheid, aan die Christelike liefdesgebod onderwerp word: "Reason therefore is fallible because it is power of a limited, fallible spirit. On the other hand, the light of reason cannot err because it does not depend on the human spirit… Duties towards my neighbour, therefore, is whom there is a corresponding right, are contained in the formula: 'Do not harm your fellow human being.' This explains why the subject, 'myself,' is found in the divine precepts, and why there are two precepts, not three: 'You will love the Lord your God with your whole heart, your whole soul, and all your mind; this is the first and greatest commandment. The second is like to this: you will love your neighbour as yourself.' And in case anyone should think there might be other commandments, the divine lawgiver immediately added: 'On these two commandments depend the whole law and the prophets.'"[1314]

---

[1312] Rosmini 1988: 9.
[1313] Rosmini 1993 (a): 126.
[1314] Rosmini 1988: 8, 100.

**Die liefde teenoor God sowel as die naaste is 'n Godgegewe roeping, wat uit die aard van sy vrye aktiwiteit nie deur die morele reg verbied word nie. Die mens beskik sodoende oor die fundamentele regte om sodanige roeping te vervul en om die algemene welsyn te bevorder: "Ethics tell me I must desire the good of human nature, whether the nature is in me or elsewhere."[1315]**

**Die hoogste beginsel van reg is in persoonlike vryheid gesetel, waardeur die mens sy handelinge reguleer en sy roeping vervul: "… the concept of right supposes in the first place a person, the author of his own actions."[1316] Uit hoofde van die vryheid van keuse kan die mens se handelinge ten gunste van of teen die natuurreg wees. Enige handeling strydig met die voorskrifte van die natuurreg sal veroorsaak dat die mens moreel sleg handel. Die mens handel moreel goed, indien hy ooreenskomstig die bepalings van die natuurreg handel. Op grond hiervan kan die mens begryp welke handeling moreel-goed of moreel-sleg sal wees.[1317] Rosmini verklaar dus: "Although we possess freedom, by means of which we can determine our actions in favour of, or against the law, we act badly every time we make use of freedom to determine actions in opposition to law, and we act well every time we make use of it to determine them according to the law. This is what we call moral good and evil."[1318]**

---

1315 Rosmini 1988: 98-9. "We must love human beings according to order… My love… is the force of law that imposes the duty on me Duties towards my neighbour, therefore, in whom there is a corresponding right, are contained in the formula: 'Do not harm your fellow human being…"

1316 Rosmini 1993 (a): 128.

1317 Rosmini 1993 (a): 128. "We are the authors, therefore, of what we do, and of the praise or blame, the merit or demerit, of our actions…"

1318 Rosmini 1993 (a): 128.

**In die mens se uitoefening van morele vryheid sal hy sodoende 'n begrip vorm van wat die reg behels. Die mens kan nie 'n reg uitoefen wat moreel afkeurenswaardig is nie. Wat verkeerd is, kan nie reg gemaak word nie.[1319] Wat reg is, dui op regmatige handelinge. Sodanige regmatige handeling dui nie net op vryheid van handeling nie, maar dui ook op daardie gesag wat sekere handelinge onder die mense fasiliteer. Sodanige handelinge moet deur die morele reg gefasiliteer wees.[1320] Op grond hiervan meen Rosmini: "Right is a moral governance or authority to act, or: right is a faculty to do what we please, protected by the moral law which obliges others to respect that faculty."[1321]**

**Die sosiale konteks van morele vryheid staan op twee bene. Eerstens, moet die morele vryheid die gesag van die burgerlike owerheid beperk, sodat die verordeninge van die burgerlike *societas* nie die individu verhoed om sy vryheid te gebruik nie. Tweedens, dien die lede van die burgerlike *societas* as einddoel, waardeur die voordeel van deug van menslike assosiasie bereik kan word. Op grond hiervan voorveronderstel die menslike samelewing die bestaan van vryheid. Hiervolgens ontwikkel sosiale welwillendheid en geregtigheid soos die menslike samelewing uitbrei.**

**Rosmini meen die mees fundamentele reg van die persoon is die reg om nie benadeel te word nie: "Human beings have (a)… right: not to be harmed, not to be despoiled of what belongs to them."[1322] Die reg het sy oorspong in plig.[1323] Die morele voorskrifte van regte**

---

1319 Rosmini 1993 (a): 129.

1320 Rosmini 1993 (a): 129. "It indicates not simple freedom, but a certain authority or governance to act, which of its nature involves a relationship with other people. This relationship is formed by the moral law itself which simultaneously grants freedom of action to a person and prohibits others from interfering with that action."

1321 Rosmini 1993 (a): 129.

1322 Rosmini 1988: 98.

**en pligte het die natuurreg as basis. Dié natuurregvoorskrifte onderskryf ook die Justiniaanse beginsels: "The precepts commanded by right are these: to live uprightly, not to harm others, and to grant each his due."[1324]**

**Die tweede fundamentele reg behels die reg om die waarheid te praat, die reg om moreel-slegte handelinge teen te staan, die reg om geregtigheid te handhaaf, ensovoorts. Rosmini meen dit beteken: "… live according to the instincts and stimuli of our nature… live according to the exigencies and indications of the natures of things."[1325]**

**Derdens behels die reg op persoonlike vryheid dat, indien daar nie voldoende morele regverdiging bestaan nie, daar inbreuk op die vryheid van die persoon gemaak kan word. Aangesien persoonlike vryheid in die fundamentele beginsel van die menslike persoon gesetel is, sal enige poging om die mens van waarheid, deug en geluk te ontsê 'n aantasting van sy persoonlike vryheid wees: "… all violence against the person as right consists in efforts made to divide the person from truth, virtue and happiness."[1326]**
**Vyfdens, kan benadeling van die persoonlike vryheid slegs deur 'n mens veroorsaak word: "Law was given to humankind by Jove, the supreme; beasts fishes, and birds that fly above eat one another because they lack that best of things, law, which extends no further than us."[1327] Op grond hiervan beskik die mens ook oor die vermoë om sy eie persoonlike**

---

1323 Rosmini 1988: 98. "Duties towards my neighbour, therefore, in whom there is a corresponding right, are contained in the formula: 'Do not harm your fellow human being."

1324 Rosmini 1993 (a): 198.
Justinian's *Insitutes*, bk. 1, *De just. et jure*, tit. 1, in Rosmini 1993 (a): 198.

1325 Rosmini 1993 (a): 137.

1326 Cleary 1992: 39.

1327 Rosmini 1993 (a): 132.

**vryheid aan te tas: "… person is the supreme, active principle of an intelligent subject… Intelligence must be present, together with will… Only will has the power to determine actions in accordance with intelligence and thus give to human beings the supreme prerogative of being and of calling themselves the authors and, therefore, masters of what they do."[1328]**

**Sesdens, is die sintese (die redelike mens) tussen morele reg (tese) en morele vryheid (antitese) in die onvervreembare regte (waardigheid) van die persoon gesetel. Rosmini verklaar: "… The essential, connatural individual right is the human person because person is the 'supreme principle of activity in an intellective being'… It is important to notice that 'person' does not possess right, but – because formed by the light of being – is right itself; does not possess freedom, but is freedom itself. Every attempt to deprive a person of his supreme activity and thus interrupt the relationship between the human subject and the object which enlightens him intellectually, is an act of violence against the person and consequently an attempt to damage his right as person."[1329]**

**Rosmini vind ook aansluiting by Cicero wat die term "*dignita*s" gebruik om waardigheid aan te dui. Volgens Cicero sinspeel *dignitas* op die manifestasie van waardige gedrag.[1330] Dié term dui ook op meriete of waardigheid verdienstelik vir verering van mense van goeie gedrag. In aansluiting hierby beskou Augustinus *dignitas* as 'n belangrike waarde in die**

---

Rosmini 1993 (a): 132. "At the time of Hesiod, for example, it was seen and taught without equivocation that justice and law, right and duty, were proper to human beings alone… It is sufficient for the action to belong of its nature to human dominion."

1328 Rosmini 1993 (a): 131.

Rosmini 1993 (a): 130. "… we observe that the subject's de facto dominion of its actions is that which determines it to omit actions which could impede, remove or disturb pleasurable feelings."

1329 Cleary 1992: 39.

1330 Cicero. *Pro Lege Agraria*., 2.2.3 "… *sed dignitate impetratus esse videatur*."

bevordering van deug en om rasioneel te handel.[1331] Volgens die Skriftuurlike perspektief van Aquinas verduidelik hy aangaande *dignitas*: "… it appears that whatever is contained in the notion of dignitas must be attributed to God because creation is universally subject to God, and God has the governance of the whole universe in His hands. Therefore all virtue must finally be attributed to divine intervention."[1332]

Ware deug bestaan in welwillendheid. Welwillendheid veronderstel deug of die handhawing van moreel-goeie handelinge. Die primêre objek van deugdelike liefde is God. Die einddoel van die mens is om God te vereer. Om God se skepsels lief te hê beteken ook om God deur middel van sy skepping te vereer. Die deugsame liefde in die mens is afhanklik en is van die Goddelike liefde afgelei. Rosmini verklaar: "… Human dignity, therefore, which exalts us above the entire feelable universe, springs from absolute, infinite being towards which we, as intelligent subjects, are ordered. When we consider ourselves from this point of view, we become cognisant of our divine excellence, and realise where our end and ultimate aim lies… We realise that human nature possesses finality only in the sense that it contains in itself the beginning of the supreme end. When we love this better part of human nature, the apex of what is, love is perfectly good, perfectly moral. Then being is loved, and loved completely in its order as we reach out towards the very source of order, and towards the being in which and through which all beings are and remain."[1333]

---

1331 Augustine. *De Civitate Dei*. Bk. 3, hfstk. 17. "In the 'true city' (of God) citizenship is an everlasting dignity.

1332 *Summa Theologiae* 1, q. (22), a. (3).

1333 Rosmini 1988: 60-1.

**God skenk sy seëninge aan die mens vir die verheerliking van die mens en vir die welsyn van die mens se naaste. Die mens se deugsame handelinge in die huwelik-gemeenskap en in die burgerlike *societas* is 'n manifestasie van die menslike einddoel, naamlik God.[1334] Op grond van dié waarneming vertoon Rosmini sodoende ooreenkomste met Aquinas, wat soos volg verduidelik: "Now the man who lives virtuously is destined to a higher end, which consists, as we have already said, in the enjoyment of God: and the final object of human association can be no different from that of the individual man. Thus the final aim of social life will be, not merely to live in virtue, but rather through virtuous life to attain to the enjoyment of God… Only a divine rule, then, and not human government, can lead us to this end. Such government belongs only to that King who is both man, and also God: that is to Jesus Christ, our Lord, Who, making men to be Sons of God has led them to the glory of heaven."[1335] Die einddoel van menslike handelinge in die huwelik is die verwekking van 'n nageslag en in die burgerlike *societas* sal die einddoel die behoud van vrede wees.[1336]**

---

1334 Rosmini 1995 (a): 30. "Absolute good is God and everything that finds its roots in God (truth, moral virtue, full enjoyment, which are the formal cause of contentment, happiness, bliss)."

1335 *De Regimine Principum*: Caput xiv. "*Si vero propter acquirendas divitias, omnes simul negotiantes ad unam civitatem pertinerent: sicut videmus eos solos sub una multitudine computari, qui sub eisdem legibus et eodem regimine diriguntur ad bene vivendum. Sed quia homo vivendo secundum virtutem ad alteriorem finem ordinatur, qui consistit in fruitione divina, ut supra iam diximus, oportet eumdem finem esse multitudinis humanae, qui est hominis unius. Non est ergo ultimus finis multitudinis congregatae vivere secundum virtutem, sed per virtuosam vitam pervenire ad fruitionem divinam… Ad illum igitur regem huiusmodi regimen pertinet, qui non est solum homo, sed etiam Deus, scilicet ad Dominum nostrum Jesum Christum, qui homines filios Dei faciens in coelestem gloriam introduxit.*" (Vir doeleindes van die vermenigvuldiging van rykdom, sal almal wat gemeenskaplike kommersiële bande met ander het in een stad behoort. Dit is egter diegene wat dieselfde wette gehoorsaam en deur 'n enkele regering beheer word, wat 'n sosiale eenheid vorm. Die man wat deugdelik lewe is vir 'n hoër einddoel, naamlik die genieting van God, bestem. Dié einddoel van die menslike assosiasie is nie van dié van die individu verskillend nie. Die finale doelwit van sosiale lewe, sal dus nie bloot wees om deugdelike te lewe nie, maar eerder deur duegdelik te lewe die genot van God sal behaal… So 'n bestel of regering behoort tot 'n Koning wat sowel mens as God is. Dit is Jesus Christus, ons Heer, wat die mens as seuns van God maak en wat hulle sodoende tot die glorie van die hemele bring.)

1336 Rosmini 1995 (c): viii. "Conjugal society, which originates with the conception of children."
Rosmini 1996: 14-6. "The object of rights is that which is good… In fact civil societiy is the union of families brought about for the sole purpose of suitably regulating the relationship of their rights in such a way that no family is a nuisance and inconvenience for any other. The aim is to make their co-existence peaceful, secure and mutually helpful… If the modality of rights were not wisely

Aquinas fundeer sodanige handelinge in die voorskrifte van die natuurreg.[1337] Die mees fundamentele reg van die mens is die bereiking van die hoogste goed. Indien die burgerlike *societas* dit vir die burgers onmoontlik maak om God te aanbid, sal dit 'n ernstige inbreuk op hul menswaardigheid behels. Rosmini verklaar: "… the person has the right not to be impeded in the decent development of his natural faculties…"[1338] Indien die tiran in die burgerlike *societas* strydig met die Wil van God optree en die hoogste goed van die burgers verontagsaam en dit derhalwe vir die burgers onmoontlik maak om die welsyn van hul naaste te bevorder, sal sodanige handeling nie net strydig met die wet van God wees nie, maar sal dit ook aanleiding gee tot verontagsaming van menslike waardigheid.

Die einddoel van die burgerlike *societas* kan bereik word deur die handhawing van sosiale welwillendheid. Dít sal die geval wees, indien die mens God bo alles lief het en sy naaste soos homself.[1339] Dit impliseer dat enige persoon wat die einddoel van die burgerlike *societas* begeer, terselfdertyd die welsyn van diegene wat die sosiale liggaam vorm, ook sal begeer. Rosmini verklaar: "… government is simply 'a means of obtaining and increasing the good and perfection of the individuals who make the social body'… If government has to promote the moral good, it must consequently persuade all those who are governed to respect the rights of others; if government has to promote the eudaimonological good, it

---

exercised to avoid collisions and protect this harmonious exercise which leaves each one with the greatest possible freedom to develop, the few, when multiplied throughout the earth, would have been unable to preserve intact the goods and rights of their families, or to increase and enjoy them peacefully…"

1337 *Summa Theologiae* 1-2, q. (94), a. (2). "*Et secundum hoc, dicuntur ea esse de lege naturali 'quae natura omnia animalia docuit, ut est coniunctio maris et feminae, et educatio liberorum, et similia*." (Uit hoofde van die geneigdheid het die natuurreg betrekking op al daardie instinkte wat die natuur alle wesens geleer het, soos seksuele verkeer, die grootmaak van 'n nageslag, ensovoorts.)

1338 Cleary 1992: 39.

1339 Rosmini 1988: 100. "… you will love your neighbour as yourself."

must defend with force all the rights of every person who is governed so that no one will dare violate them."[1340]

Vir Rosmini behels menswaardige optrede die mens se deugsame handelinge. Sosiale welwillendheid wat vanuit 'n subjektiewe bron spruit, bring objektiewe deug te voorskyn. Op grond hiervan is daar 'n kwalitatiewe vermeerdering in waardigheid soos byvoorbeeld liefde, vrede en geregtigheid, wat die hoeksteen van die burgerlike *societas* vorm. 'n Burgerlike *societas* wat geregtigheid tot uidrukking bring, sal derhalwe 'n neiging tot liefde as hoogste bron van elke goed wees. God se wette soos uitgedruk in die Dekaloog en in die voorskrifte van die natuurreg, sal die basis vir die bereiking van die hoogste goed in die burgerlike *societas* vorm. Die bereiking van die hoogste goed in die burgerlike *societas* is slegs moontlik deur God te verheerlik en om die mens te respekteer en sodoende sy waardigheid te bevorder. Die mens moet derhalwe as 'n morele entiteit, geskape na die beeld van God, behandel word. Enige handeling in stryd met die morele reg sal sodoende aantasting van die waardigheid van die mens behels.

Die praktiese implikasies van Rosmini se Christelike beskouing van menslike waardigheid kan, met verwysing na die Amerikaanse howe se interpretasie daarvan in die 8ste en 14de Amendement tot die Amerikaanse Grondwet, toegelig word.

Daar bestaan 'n tweeledige gedagtegang oor fundamentele regte, naamlik die reg op morele persoonskap en die reg op morele deug korrelatief tot waardes en pligte soos deur die morele reg voorgeskryf. Die gemeenskaplike deler tussen die Koninkryk van God en die wêreld, is geregtigheid wat alle regte onderskraag en wat daardie waardes wat die mens in

[1340] Rosmini 1993 (a): 22.

**staat stel om 'n deugdelike lewe te lei, beskerm. Die reg tot sosiale welwillendheid is van Goddelike oorsprong en is nie 'n menslike meganisme nie. Die reg op menslike liefde moet daarom alle eksterne verhoudings tussen persone reguleer.**

**Indien 'n persoon op my reg om God te aanbid inbreuk maak, sal my menswaardigheid aangetas word en sal my plig sowel as my reg as persoon benadeel word.**

**Seksuele integriteit bied een aspek waar waardes deur die morele reg beskerm word. In die Amerikaanse hofsaak van *Boxer v Harris*[1341], is 'n manlike gevangene deur 'n vroulike tronkbewaarder gedwing om dade van masturbasie te pleeg. Indien die gevangene, Boxer, sou weier sou die bewaarder, Harris, disiplinêre klagtes teen Boxer lê. Op appél het die meerderheidsbeslissing gehandhaaf dat die mishandeling wat Boxer gely het, nie 'n aantasting van die 8ste Amendement was nie, in sover gedwonge masturbasie slegs 'n "*de minimis* harm" uitmaak. Die paneel het beslis dat Boxer slegs minimale seksuele mishandeling gely het: "… not constituting 'the unnecessary and wanton infliction of pain' as demanded for constituting 'cruel and unusual punishment forbidden by the Eighth Amendment.'"[1342]**

**Die paneel is ook daarvan oortuig dat die gedwonge masturbasie nie 'n konstitusionele aantasting "objectively 'harmful enough'" veronderstel nie. In 'n minderheidsuitspraak beweer Hoofregter Barkett, dat die beslissing van die appélhof die "broad and idealistic concepts of dignity, civilized standards, humanity, and mercy" wat in die 8ste Amendement verskans is, ontsê het. Barkett verduidelik dat, ingevolge die voorskrifte van die 8ste**

---

1341 437 F.3d 1107 (11th Cir. 2006).

1342 437 F.3d 1107 (11th Cir. 2006).
Sien Whitley v Alberts 475 U.S. 312, 106 S.Ct. 1078, 89 L.Ed.2d 251, 54 U.S.L.W. 4236.

**Amendement, die gevangene, Boxer, se beweerde benadeling gesetel sal wees in die aantasting van sy menswaardigheid en ook in die standaarde wat vir welvoeglikheid daargestel is. Barkett meen dat die hoofoorsaak van Boxer se beswaar die aantasting van sy menswaardigheid is. Barkett beweer dat die Hoërhof gehandhaaf het dat seksualiteit sentraal tot menswaardigheid is: "… and even to the very meaning of human existence."[1343] Barkett konkludeer dat gedwonge masturbasie derhalwe seksuele misbruik is en sodoende 'n mees basiese aspek van menswaardigheid aangetas het.**

**Die minderheidsuitspraak van Barkett neig om meer sensitief oor die aard, waarde en status van seksuele integriteit wat op menswaardigheid gerig is, te wees. Boxer se morele status as mens en sy behandeling as morele objek (middel) vir die selfbevrediging van Harris is, volgens Barkett, nie voldoende deur die Hoërhof oorweeg nie. Barkett meen vervolgens dat Harris se inbreukmaking op Boxer se plig om morele kwaad te ontwyk, bygedra het tot die erns van Harris se ontkenning van Boxer se waardigheid as morele persoon.**

**Die ingeskape waardigheid van die mens vanweë die mens as morele wese, word 'n fundamentele onvervreembare reg, wat orals erkenning behoort te geniet. In die konstitusionele regspreking van die V.S.A. het die morele waarde van die mens se fisieke integriteit groot belangstelling binne die konteks van 8ste Amendement ontlok. Die betrokke formulering lui: "… the right not to be subject to cruel and unusual punishment and the corollary measure in the Fourteenth Amendment due process clause, regarding the**

---

1343 Vir doeleindes van die hofuitspraak het Barkett op die gesag van ander hofsake gesteun, byvoorbeeld Laurence v Texas (539 U.S. 558, 123 S. Ct. 2472, 156 L. Ed.2d 508, 71 U.S.L.W. 4574, 03 Cal. Daily Op. Serv. 5559, 2003 Daily Journal D.A.R. 7036, 16 Fla. L. Weekly Fed. S. 427).

**right to liberty, containing the right to be secure in one's person." Die gedagte toon ooreenkomste met sommige voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Grondwet 108 van 1996. Die erns van die reg tot menswaardigheid word in Artikel 1 beklemtoon, wat behels dat die Republiek van Suid-Afrika op die waardes van: "… human dignity, the achievement of equality and the advancement of human rights and freedoms," geskoei is. Ingevolge artikel 7 (1) van die Grondwet word die Handves van Regte as 'n instrument beskryf: "… which enshrines the rights of all the people in our country and affirms the democratic values of human dignity, equality and freedom." Ingevolge artikel 10 van die Grondwet van Suid-Afrika is die reg tot menswaardigheid een van die fundamentele konstitusionele regte. Op grond hiervan handhaaf Regter Chaskalson in *S v Makwanyane*[1344] dat die reg op menswaardigheid behels om nie gemartel, of om op 'n wrede, onmenslike wyse of degraderende wyse behandel te word nie. Ingevolge dié uitspraak sou Harris se onmenslike of degraderende handelinge inbreuk op die waardigheid van Boxer gemaak het. Dít staan véél nader aan Rosmini se Christelike regsetiese standpunt as die uitspraak in die *Boxer*-saak hierbo.**

**In die Amerikaanse hofsaak van *Meredith v State of Arizona*[1345] is 'n gevangene met 'n mediese geskiedenis van emfiseem sonder rede deur 'n tronkbewaarder op sy buikvlies geslaan, sodat hy vervolgens "totally handicapped" geraak het. Suurstof is vir vier ure lank aan die gevangene, Meredith, toegedien: "… to counteract the damage that had been done." Die feite van dié saak bring Meredith binne die omvang van die Civil Rights Act,[1346] wat aan elke persoon die reg op waardigheid waarborg: "… under color of any statute, ordinance,**

---

1344 1995 3 SA 391 (CC).
1345 523 F.2d 481.
1346 42 U.S.C. $ 1983.

**regulation, custom or usage, of any State or Territory, subjects, or causes to be subjected, any citizen of the United States or other person within the jurisdiction thereof to the deprivation of any rights, privileges, or immunities secured by the Constitution and laws, shall be liable to the party injured in any action of law, suit in equity, or other proper proceeding for redress."**

**Die hof beslis dat 'n reg wat op grond van 'n aanval en aanranding aangetas is, veronderstel "… the right to be secure in one's person, and is grounded in the due process clause of the Fourteenth Amendment," wat 'n aspek van die reg op vryheid is. Die hof handhaaf met verwysing na *Rochin v California,*[1347] dat die aanval en aanranding in die *Meredith*-saak: "shocks the conscience…,"[1348] en tot gedrag wat mag insluit, wat "brutal" en "offensive to human dignity" is, lei.[1349] Die hof beslis dat die tronkbewaarder se gedrag teenoor Meredith bewustelik, onbillik, brutaal en afkeurenswaardig met die oog op menswaardigheid is. Die vereiste dat fisieke mag brutaal en skokkend vir die gewete moet wees, stel die vereiste vir inbreukmaking op 'n persoon se waardigheid te hoog. In hierdie verband skyn die benadering van Rosmini veel meer aanvaarbaar te wees.**

**In die Amerikaanse hofsaak van *Schy v State of Vermont* [1350] bevind die hof dat 'n eiser wat vir meer as twee uur met sy hande agter sy rug aan 'n ketting wat aan 'n muur vasgeheg was, nie voldoende feite opgelewer het wat uitmaak dat die handboeie brutaal en**

---

[1347] 342 U.S. 833.
[1348] 342 U.S. at 172.
[1349] 342 U.S. at 174.
[1350] 2 Fed.Appx. 101 C.A.2 (N.Y.), 2001.

vernederend vir menswaardigheid was nie. Soos reeds hierbo opgemerk, sou sodanige optrede,volgens Rosmini, reeds 'n skending van die slagoffer se menswaardighed behels.

Die behandeling van persone as morele objekte behels die aantasting van hul morele vryheid. Die saak van *Felix v McCarthy* [1351] beklemtoon dat die morele konteks van menswaardigheid nie ondermyn moet word nie. In dié geval het Felix, 'n gevangene te San Quentin, 'n burgerreg-aksie teen tronkbewaarders gebring, wat oordrewe mag teen hom gebruik het en gevolglik op sy konstitusionele regte, byvoorbeeld die reg om nie aan wrede en ongehoorde straf onderwerp te word nie, soos verskans in die 8ste Amendment, inbreuk gemaak het. Felix is gehandboei deur tronkbewaarders en teen 'n muur geslinger waardeur hy kneusplekke, beserings en emosionele wroeging gely het. Regter Canby, wat op die *Meredith*-saak gesteun het, het verklaar: "It is not the degree of injury which makes out a violation of the Eigth Amendment, but rather it is the use of official force or authority, that is 'intentional, unjustified, brutal and offensive to human dignity.'"[1352] Hierdie standpunt blyk meer in ooreenstemming met die omvattende benadering van Rosmini te wees.

Die morele konteks van menseregte vra om 'n waardering van geregtigheid. Geregtigheid is die hoogste waarheid in die menslike samelewing en vorm die essensie van alle morele handelinge. Die mens se plig om regverdig of billik op te tree waarborg aan hom die reg om binne die grense van geregtigheid te handel.[1353] Sy plig om in ooreenstemming met geregtigheid te handel lê aan ander die plig op om sodanige handeling te respekteer. Die reg-plig korrelasie impliseer dat daar nie 'n reg in een persoon sonder 'n korresponderende

[1351] 939 F.2d 699 Jul. 10, 1991.
[1352] 523 F.2d at 484.
[1353] Cleary 1992: 37-8.

plig in ander om sodanige reg te respekteer, bestaan nie. My plig, byvoorbeeld: "… to worship God gives rise to my right to worship God, a right which others have a duty to respect. On the other hand, the concept of duty is anterior to that of right and as such does not necessarily give rise to rights in others. For example, my duty to worship God does not necessarily imply that others' rights are violated if I do not worship God as I should."[1354]

Die toepassing van fundamentele regte op menswaardigheid vereis 'n ernstige diskoers en verstandhouding aangaande moreel-slegte handelinge. Die natuurlike individuele regte op morele persoonskap is daardie reg wat ingevolge die morele reg verskans is. Aantasting van sodanuige regte sal moreel-afkeurenswaardig wees.

Die waardigheid van die mens in die burgerlike *societas* vorm twee kategorieë: persoonskap en die reg om deugdelik te handel. Met betrekking tot die eerste kategorie regte moet die persoon as 'n morele subjek en nie as morele objek nie behandel word. Met betrekking tot die tweede kategorie regte moet die persoon poog om die hoogste goed te bereik. Gevolglik moet hy 'n reg tot sosiale welwillendheid geniet. Op grond van sosiale welwillendheid word morele deug in die burgerlike *societas* bevorder. Dié waardes verskaf die basis vir geregtigheid in die burgerlike *societas.* Waardigheid as waarde vir morele deug dien as morele basis vir menseregte.

Fundamentele regte, wat die fundamentele morele konteks waarin dit figureer, buite rekening laat, laat 'n deur oop vir 'n relativistiese en positivistiese toepassing op natuurlike regte. Die onwilligheid om menswaardigheid in samehang met die 8ste en 14de

---

[1354] Cleary 1992: 38.

**Amendement van die V.S.A. Grondwet te behandel, is 'n tipiese a-normatiewe kontekstuele hantering van menswaardigheid, wat neig om die fundamentele reg op waardigheid tot 'n blote cliché in konstitusionele regspleging te relativeer.**

## 9. Bibliografie

Aquinas, St. Thomas. 1965. *Summa Theologiae*. In: Aquinas. Selected Political Writings by A.P. D'Entréves. Basil Blackwell: Oxford.

Aquinas, St. Thomas. 1965. *De Regimine Principum*. In: Aquinas. Selected Political Writings by A.P. D'Entréves. Basil Blackwell: Oxford.

Aubrey, E. 1934. Review. *Scriti autobiografici inediti*. (Collected by Enrico Castelli). Rome: Anonima Romana Editoriale. *The Journal of Religion,* vol. 15, no. 3: 369.

Augustine. *De Civitate Dei*. (In Schaff, P. Ed. Master Christian Library. Albany, O.R., Books for the Ages).

Avitabile, G. 1968. Review. *Il pensiero di Hallo e Rosmini.* By Mario Sancipriano. Centre di Ricerca del C.N.R., Instituto di Magestero. Universita di Genova. Studi sul pensiero filosofico e religioso dei secoli ixi e xx, no. ii. Milan: Marzorati Editore. *The American Historical Review*, vol. 75, no. 3: 840.

Basore, J.W. 1928. Seneca. *De Providentia* (*Moral Essays*). *L. Annaei Senecae Dialogorum. Liber II. Ad Lucilium.* Loeb Classical Library. London: William Heinemann Ltd., New York. G.P. Putnam's Sons.

Beales, A. C. F. 1957. Review. Rosmini: Priest, Philosopher and Patriot. By Claude Leetham. London: Longman. *British Journal of Educational Studies,* vol. 6, no. 1: 91.

Blau, J.L. 1955. Review. Rosmini, Domodossola, and Thomas Davidson. *Journal of the History of Ideas,* vol. 18, no. 4, 1957 : 522-525.

Boelaars, H. 1948. Z.H. Paus Leo XIII van 4 Augustus 1879 over: *Het Herstel van de Christelijke Wijsbegeerte naar den Geest van den H. Thomas van Aquino*. Tweede druk. N.V. Gooi & Sticht – Hilversum.

Burns-Gibson, J. 1882. Review. *The Philosophical System of Antonio Rosmini-Serbati*. Translated with a sketch of the Author's life, bibliography, introduction and notes, by Thomas Davidson. London: Kegan Paul. *Mind*, vol. 7. no. 27: 389-409.

Burke, R. 1977. Review. Catholic Theology in the Nineteenth Century: The Quest for a Unitary Method by Gerald A. McCool. New York: The Seabury Press. *Journal of the American Academy of Religion,* vol. 46, no. 4, 1978: 600-601.

Bybel, Die. 1972. *Ou en Nuwe Testament.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Carozza P.G. 2003. Subsidiarity as a Structural Principle of International Human Rights Law. *American Journal of International Law,* vol. 97, no. 1: 38-80.

Cicero, M.T. *De lege agraria*. London: William Heinemann.

Cleary, D. 1992. *Antonio Rosmini: Introduction to His Life and Teaching*. Rosmini House: Durham.

Copleston, F. 1952. *Medieval Philosophy*. London: Methuen and Co.

Davidson, T. 1882. *The Philosophical System of Antonio Rosmini-Serbati*. Translated with a sketch of the author's life, bibliography, introduction, and notes. London: Kegan Paul, Trench & Co., 1, Paternoster Square.

Davidson, T. 1883. Review. *Sancti Thomae Aquinatis, Doctoris Angelici. Opera Omnia. Mind,* vol. 8, no. 32: 610-616.

**Davidson, T. 1892. Review. On the notion of virtue in the dialogues of Plato, with particular reference to those of the first period and to the third and fourth books of the Republic. Inaugural dissertation presented to the University of Leibzig for the degree of Doctor of Philosophy by William A. Hammond. Boston: Gin & Co., *The Philosophical Review,* vol. 1, no. 6: 665-668.**

**D'Entréves, A.P. (ed). 1965. *Aquinas. Selected Political Writings*. Oxford: Basil Blackwell.**

**De Waal, J. 2001. *The Bill of Rights Handbook*. Cape Town: Juta & Co., Ltd.**

***Encyclopaedia Brittannica*. 1768. Vol. 19. London: William Benton Publishers.**

**Faure A.M. et al. 1987. *Die Westerse Politieke Tradisie*. Tweede hersiene uitgawe. Kaapstad: Academica.**

**Gaurino, T. 2003. Review. Rosmini, Ratzinger and Kuhn: observation on a note by the Doctrinal Congegration. *Theological Studies,* vol. 64: 43-68.**

**John-Stevas, N. St. 1953. Philosophy of Law. By Giorgio Del Vecchio. Translated from the 8th edition by Thomas Owen Martin. Washington: The Catholic University of America Press. *The Modern Law Review,* vol. 18, no. 1, 1955: 82-84.**

**Leetham, C. 1982. *Rosmini. Priest and Philopher*. With an introduction by Giuseppe Bozzetti. New York: New City Press.**

**Neethling, J. et al. 1996. *Deliktereg*. Derde Uitgawe. Butterworths: Durban.**

Maritain, J. 1945. *The Rights of Man and Natural Law*. London: Geoffrey Bless. The Centenary Press.

Maritain, J. 1951. *Man and the State*. The University of Chicago Press.

McDonald, L.C. 1968. *Western Political Theory*. New York: Harcourt, Brace, Jovanovich, Inc.

John Paul II. Encyclical. 1998. *Fides et Ratio*. Rome: Vatican Press.

Pasnau, R. 2002. *Aquinas on Human Nature*. United Kingdom: Cambridge University Press.

Pesch S.J., T. 1880. Review. *Institutiones Philosophiae Naturalis secundum Principia S. Thomae Aquinatus ad usum Scholasticum accomodavit*. Critical Notices. Friburgi Brisgoviae: Herder Press. *Mind* : 424-427.

Raath et. al. 2006. Benevolence and Tiny Human Life: A Pauline Platform for Ecumenical and Cultural Engagement on Abortion Ethics. *Journal for Juridical Scholarship*. 42ste Jaargang. Spesiale Uitgawe 2: 141-167.

Rickaby, J. 1950. *Of God and His Creatures.* Maryland, Westminster: The Carroll Press.

The Roman Family. 2001. *Study Guide*. Open University.

Rommen, H.A. 1945. *The State in Catholic Thought.* London: B. Herder Book Co.

Ross, W.D. 1924. *Aristotle's Metaphysics*. London: Oxford University Press.

Rosmini, A. 1861. *Church Reformation in Italy*. Torino.

Rosmini, A. 1882. *The Philosophical System of Antonio Rosmini-Serbati.* London: Kegan Paul, Trench & Co., 1 Paternoster Square.

Rosmini, A. 1912. *Theodicy.* London: Longmans, Green and Co., Paternoster.

**Rosmini, A. 1988. *Principles of Ethics*. England: Rosmini House, Durham. Fowler Wright Books. Leominster.**

**Rosmini, A. 1991 (a). *Anthropoloy as an Aid to Moral Science*. England: Rosmini House. Durham.**

**Rosmini, A. 1991 (b). *Certainty.* England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1992. *Introduction to His Life and Teaching*. England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1993 (a). *The Philosophy of Right. The Essence of Right*. England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1993 (b). *Philosophy of Right. Rights of the Inidividual.* England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1994 (a). *The Philosophy of Politics. The Summary Cause for the Stability or Downfall of Human Societies*. Milan: Bell & Bain Limited, Glasgow.**

**Rosmini, A. 1994 (b). *The Philosophy of Politics. Society and its Purpose.* England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1995 (a). *The Philosophy of Right. Universal Social Right.* England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1995 (b). *The Philosophy of Right. Rights in God's Church*. England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1995 (c). *The Philosophy of Right. Rights in the Family*. England: Rosmini House, Durham.**

**Rosmini, A. 1996. *The Philosophy of Right. Rights in Civil Society*. England: Rosmini House, Durham.**

Rosmini, A. 1998. *Della Missione a Roma di Antonio Rosmini-Serbati Negli Anni 1848-49. Commentario.* A cura di Luciano Malusa. Stresa: Edizione Rosminiane.

Rosmini, A. 1999. *Psychology. Development of the Human Soul*. England: Bell & Bain Limited, Glasgow.

Rosmini, A. 2001. *A New Essay Concerning the Origin of Ideas*. England: Bell & Bain Limited, Glasgow.

Rosmini, A. 2004. *Introduction to Philosophy. About the Author's Studies.* England: Bell & Bain Limited, Glasgow.

Suid-Afrikaanse Regskommissie. 1989. *Werkstuk 25. Projek 58: Groeps- en Menseregte*. Pretoria.

Schlumpe, H. and Schorn, J. 2001. Review. Rome rehabilitates Rosmini. *United States Catholic*: 11

Sheldon, H.C. 1905. Review. Rosmini interpreted and defended. *The American Journal of Theology,* vol. 9, no. 3: 538-585.

Strauss et al. 1978. *Kompendium vir Studente in die Wysbegeerte*. Durban: Butterworth.

Van der Vyver, J.D. 1974. Hedendaagse Calvinistiese en Rooms-Katolieke natuurregsteorieë. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg.* Band xxxviii, no. 1: 380.

Van der Vyver, J.D. 1975. Hedendaagse Calvinistiese en Rooms-Katolieke natuurregsteorieë. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg.* Band xxxviii, no. 1: 66.

Van Zyl, D.H. 1989. *Justice and Equity in Cicero. A Critical evaluation in Contextual Perspective.* LL.D. - proefskrif In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Van Zyl, D.H. 1994. The growth of natural law from Cicero to Calvyn. *De Jure* : 94-115.

Winterton, F. 1888. Review. Papal Condemnation of Rosmini. Notes. *Mind,* vol. 13, no. 52: 622-626.

W.J. 1885. Review. Rosmini's Psychology. Vol. 11. London: Kegan Paul, Trench & Co., *Science,* vol. 8, no. 183, 1886: 130.

Hofsake:

*Air-Kel Merkel Motors v Bodenstein* 1980 3 SA 917 (A)

*Boxer v Harris* 437 F.3d 1107(11th Cir. 2006)

*Felix v McCarthy* 939 F.2d 699 Jul. 10, 1991

*Krohn v Minister for Defence and others* 1915 AD 191

*Meredith v State of Arizona* 523 F.2d 481

*Rochin v California* 342 U.S. 833

*S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (CC)

*S.A.U.K. v O'Mally* 1977 (3) S.A. 394 (A)

*Schy v State of Vermont* 2 Fed.Appx. 101 C.A. 2 (N.Y.), 2001

Wette:

*Suid-Afrikaanse Grondwet* 108 van 1996

*Civil Rights Act* 42 U.S.C. $ 1983

**Internet-bronne:**

denis.cleary@rosmini-in-english.org

http://plato.stanford.edu/entries//antonio-rosmini/2005

http://www.jstor.org/view

http://web3.epnet.com

http://mb-soft.com/believe/txoneothomi.htm

**Opsomming**

**'n Kritiese ondersoek na *societas,* natuurreg en menseregte in die post-Thomistiese regsleer van Antonio Rosmini (1797-1955).**

***Societas***

**Volgens Rosmini is die samelewing nie 'n mensgemaakte entiteit of skepping nie. Dit is eerder 'n teïstiese instelling, omdat dit uit die wil van God voortspruit. Hiervolgens is die menslike samelewing in die Skeppingsorde van God gegrondves. Die vryheid van die menslike samelewingsvorm is in 'n verskeidenheid van gedifferensieerde samelewingsvorme, naamlik die burgerlike *societas*, die huislike *societas* en die kerklike *societas*, realiseerbaar. As uitvloeisel hiervan stel Rosmini dat samelewingsvorme nie slegs tot die burgerlike *societas* reduseerbaar is nie. Die samelewingsvorme behels die menslike sosiale samesyn. Die een samelewingsvorm lei nie gesag van die volgende af nie. Anders as Thomas Aquinas, wat hoofsaaklik die subsidiariteitsbeginsel oor die boeg van die beginsels van hiërargie, outonomiteit en intervensie skoei, beklemtoon Rosmini die selfstandigheid van elke samelewingsvorm. Deur sy beklemtoning van die eiestandigheid van elke samelewingsvorm bereik Rosmini, anders as Thomas Aquinas, 'n afgeronde leer oor die menslike samelewing en samelewingsvorme. Rosmini meen dié onderskeie samelewingsvorme is heg verenig. Daar kan nie van 'n menslike samelewing gepraat word as daar nie van 'n huislike *societas*, kerklike *societas* en burgerlike *societas* sprake is nie. Elke samelewingsvorm is 'n selfstandige vryheid deelagtig. Sodanige samelewingsvorm moet elk verantwoordelikheid teenoor God vervul. Rosmini onderskryf die Thomistiese**

subsidiariteitsbeginsel vir sover die burgerlike *societas* slegs hulp en bystand verleen aan byvoorbeeld die huislike *societas*, indien laasgenoemde gemeenskap nie in staat sal wees om sy belange te handhaaf nie. Op grond hiervan mag die burgerlike *societas* nie in die belange van die ander twee samelewingsvorme inmeng nie.

Volgens Rosmini het elke samelewing ‘n morele onderbou. Die morele onderbou van die samelewing dien as basis vir regte en verpligtinge en vir die handhawing van natuurlike geregtigheid. Sosiale geregtigheid vind uiting in die samelewing deur middel van die beginsels van welwillendheid. Rosmini vind aansluiting by die klassieke standpunte ingevolge waarvan samelewings as kollektief sowel as individueel aan die fundamentele morele beginsels van die sentrale liefdesgebod gebonde geag word omdat alle menseregte in fundamentele pligte gefundeer is. Op grond hiervan bied Rosmini ‘n platvorm vir kulturele diskoers en etiese betrokkenheid oor ideologiese grense heen vir sover hy meen dat die hele samelewing onder die algemene openbaring van God staan.

Natuurreg

In Rosmini se eksplisiete natuurregstandpunt handhaaf hy primêr ‘n Thomistiese siening. Sy natuurregstandpunt spruit voort uit sy siening van die Goddelike Voorsienigheid. Die natuurreg is ‘n manifestasie van die praktiese rasionaliteit. Om byvoorbeeld tot ‘n kennis van menseregte te kom, moet die menslike natuur en die rede as riglyne gebruik word. As sodanig handhaaf Rosmini ‘n paradigmatiese natuurregbeskouing.

Volgens Rosmini bestaan daar ‘n noue korrelasie tussen die natuurreg en die handhawing van geregtigheid in die menslike samelewing. Die natuurreg en geregtigheid kulmineer sodoende in die verhouding tussen regte en pligte. Rosmini beweer dat die natuurreg en

**geregtigheid op die handhawing van belangrike morele waardes gerig is. Op grond hiervan het morele waardes belangrike konstitutiewe implikasies. Hy meen dat morele waardes ook uitdrukking gee aan die universele liefdesbeginsel. Hiervolgens vorm die natuurreg die grondslag van menseregte.**

**Menseregte**

**Rosmini se standpunt oor menseregte berus grootliks op sy natuurregsleer. Sy fokus op geregtigheid in die menslike samelewing onderskraag sy standpunt oor menseregte. Rosmini se menseregteleer vloei voort uit die Skriftuurlike beginsel van liefde tot God en die naaste. Op grond hiervan is Rosmini se menseregtestandpunt nóú verwant aan sy teosentriese gedagte oor die mens as persoon se verhouding tot God.**

**Rosmini se menseregteleer omvat sowel individuele as sosiale regte. Die sosiale regte in die samelewing word gereflekteer in die burgerlike *societas*, kerklike *societas* en die huislike *societas*. Rosmini meen dat sosiale geregtigheid slegs verseker kan word deur die ewewigtige handhawing van alle natuurlike regte op sowel individuele as sosiale vlak. Hy meen die natuurlike regte van individue in sosiale entiteite spruit ten diepste voort uit die menslike roeping teenoor God. Hiervolgens kan Rosmini se menseregteleer met verwysing na sy standpunte oor menswaardigheid toegelig word.**

**Summary**

**A critical investigation of *societas*, natural law and human rights in the post-Thomistic jurisprudence of Antonio Rosmini (1797-1955).**

***Societas***

**According to Rosmini, society is not a man-made entity or creation, but rather a theistic institution, since it originates from the will of God. Accordingly, human society is founded in the order of God's Creation. The freedom of the form of human society is realised in a variety of differentiated social forms, namely civil *societas,* domestic *societas* and ecclesiastical *societas.* Rosmini states that social forms are not reducable to simply civil *societas,* but include human social togetherness. Neither can one social form derive authority from the next. Unlike Thomas Aquinas who models the principles subsidiarity on the principles of hierarchy, autonomy and intervention, Rosmini emphasises the independence of each social form and in doing so he achieves a well-rounded doctrine of human society and social forms. He is of the opinion that the various social forms are closely bound, which means that a human society cannot be discussed without taking domestic *societas,* ecclesiastical *societas* and civil *societas* into account. Each social form forms part of an independent freedom and fulfils a responsibility before God. Rosmini endorses the Thomistic subsidiary principle to the extent that civil *societas* merely lends assistance and support to, for instance, domestic societas, should the latter community be unable to preserve its interests. On this basis, civil *societas* may not interfere with the interests of the other two forms.**

According to Rosmini, every society has a moral substructure which serves as a basis for the rights and obligations necessary for the maintenance of natural law. Social justice is expressed in society by means of the principles of goodwill. Rosmini relates to classical viewpoints where societies are bound to the fundamental moral principles of the central commandment of love, since all human rights are based on fundamental duty. On these grounds, Rosmini presents a platform for cultural discourse and ethical involvement across ideological boundaries insomuch as he is of the opinion that society as a whole stands beneath the general revelation of God.

## Natural law

In Rosmini's explicit stance on natural law he maintains a primarily Thomistic opinion which originates from his perspective of Divine Providence. Natural law is a manifestation of practical rationality. For example, to come to the knowledge of human rights, human nature and reasoning must be used as guidelines. As such, Rosmini upholds a paradigmatic perspective of natural law where there is a close correlation between natural law and the maintenance of justice in human society. Natural law and justice culminate in the relationship between rights and duties. Rosmini holds that natural law and justice are built upon the maintenance of important moral duties. On this basis, moral values have significant constitutional implications which give expression to the universal principle of love. In this way, natural law forms the foundation of human rights.

**Human Rights**

**Rosmini's point of view regarding human rights rests principally on his natural jurisprudence. His focus on justice in human society supports his standpoint on human rights, the jurisprudence of which originates from the Scriptural principle of love towards God and one's neighbour. On this basis, Rosmini's stance regarding human rights is closely linked to his theocentric idea of man's personal relationship with God. His human rights teachings embrace both individual and social rights, the latter being reflected in social, ecclesiastical and domestic *societas*. Rosmini holds that social justice can only be ensured by the balanced maintenance of all natural rights on both individual and social levels. He is of the opinion that the natural rights of individuals in social entities originate most deeply in the human cry to God. Accordingly, Rosmini's human rights teachings can be illustrated by his points of view regarding human dignity.**

**Key terms**

***Societas***

**Natural law**

**Human rights**

**Subsidiarity**

**Social justice**

**Commandment of love**

**Fundamental duty**

**God**

**Neighbour**

**Theosentric**

**Human dignity**